Op politieke terrein was Engelssprekende witmense in die verlede oorwegend in die opposisiepolitiek bedrywig en het die grootste proporsie van die (wit) kritici van Apartheid uitgemaak. Hulle houding teenoor die regering van die dag het dus ook verskil van dié van Afrikaanssprekendes (Gagiano, 1986:9). Om hierdie redes fokus die studie nie op witmense as geheel nie, maar spesifiek op Afrikaanssprekende

witmense. Dit sou uiteraard ook 'n ongegronde veralgemening wees om te beweer dat daar nie ook in Afrikanergeledere ernstige teenstand teen Apartheid was nie. Daar is egter op grond van navorsingsbevindinge rede om te vermoed dat die meerderheid wit Afrikaanssprekendes binne hierdie ideologie gesosialiseer is. Vir die doeleindes van hierdie studie sal "Afrikaner" dus verwys na Afrikaanssprekende witmense. Respondente sal egter ook die geleentheid kry om aan te dui tot watter mate hulle hulself met hierdie term vereenselwig.

## 1.2 AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING

Die behoefte aan hierdie studie het ontstaan vanuit beide praktiese en teoretiese oorwegings. Teoreties fokus die Sosiale Sielkunde, onder andere, op die invloed van groeplidmaatskappe op individue. Verskeie teorieë het oor tyd hierrondom ontstaan, waarvan die Sosiale Identiteitsteorie (SIT) van Tajfel een van die mees bekende is. Volgens dié teorie (Tajfel, 1978b:63) word 'n substantiewe deel van individue se selfkonsep bepaal deur hul groeplidmaatskappe en die waarde wat aan dié lidmaatskappe geheg word. Verder streef die individu daarna om 'n positiewe selfkonsep en dus, by implikasie, positiewe groepaffiliasies te handhaaf. Wanneer 'n groeplidmaatskap dus 'n negatiewe valensie verkry, het dit implikasies vir die selfkonsep van die individu. Wanneer relatief omvattende sosio-strukturele verandering in 'n samelewing plaasvind, soos wat in Suid-Afrika die geval was, en die posisie van 'n groep in die sosiale omgewing verander, het dit implikasies vir die sosiale identiteit van die individue binne daardie groep. Volgens Campbell (1995:151) is een van die vernaamste punte van kritiek teen die SIT egter die feit dat die ekologiese geldigheid van die aannames van die teorie nie voldoende getoets is nie. Navorsing wat die teorie ondersteun, is hoofsaaklik gebaseer op laboratoriumstudies en eksperimentele ontwerpe in die vorm van minimalegroepnavorsing. Volgens Abrams en Emler (1992:281) kan die spesiale omstandighede wat geskep word in minimalegroepnavorsing nie die dinamika van sosiale identifikasie met werklike sosiale

kategorieë en groepe akkommodeer nie. Hierdie studie sal dus poog om by te dra tot die toetsing van sommige van die aspekte van die SIT in 'n werklike sosiale omgewing.

Die bedreiging van identiteite is 'n verdere aspek wat gebrekkige aandag geniet in die SIT. Die SIT verwys wel na wyses waarop individue op 'n negatiewe sosiale identiteit sou kon reageer, maar brei nie uit oor die faktore wat bepaal watter strategieë verkies word nie. Bornman (1995:326) het gevind dat 'n bedreiging vir identiteit spesifiek in 'n Suid-Afrikaanse steekproef ervaar is en stel voor dat hierdie dimensie verder ondersoek word. Daar is dus bepaalde teoretiese leemtes wat verdere ondersoek en verifikasie verg. Die studie het gevolglik ten doel om by te dra tot teorievorming in hierdie opsig.

Praktiese oorwegings behels dat 'n uitsonderlike situasie in wêreldpolitiek vir 'n tydperk van bykans driehonderd jaar in Suid-Afrika geheers het, naamlik dat 'n numeriese minderheid oor 'n meerderheid regeer het. Met verloop van tyd is hierdie heerskappy by wyse van toenemend omvattende wetgewing geformaliseer. Verskeie geslagte Suid-Afrikaners het grootgeword in hierdie bedeling, met die noodwendig gepaardgaande invloed daarvan op die persepsies van die self, ander individue en die verhoudings tussen groepe.

Volgens Bornman (1995:316) sal gebeure wat die omstandighede van 'n etniese groep raak, 'n invloed hê op die sielkundige welsyn, houdings en gedrag van die individu binne die groep. Sosio-strukturele veranderinge soos dié wat sedert 1994 in Suid-Afrika plaasgevind het, verg aanpassing en stel besondere eise aan die individu. Met die oorgang van 'n minderheids- na 'n meerderheidsregering in Suid-Afrika het veral Afrikaanssprekende witmense as groep ook 'n oorgang beleef van 'n politieke meerderheid na 'n minderheid. Die regerende Nasionale Party in Suid-Afrika vanaf 1948 tot 1994 het hoofsaaklik, alhoewel nie uitsluitlik nie, uit wit Afrikaanssprekendes bestaan (Le May, 1995:9; Louw-Potgieter, 1988:2). In die verlede kon wit Afrikaanssprekendes dus (teoreties gesproke) uit hoofde van hul status en mag in die samelewing 'n oorwegend positiewe sosiale identiteit handhaaf. Hierdie groep, wat

ongeveer agt persent van die Suid-Afrikaanse bevolking uitmaak, het die dominante posisies in die kabinet, staatsdiens, uitsaaiwese en veiligheidsmagte beklee (Giliomee, 1992a:339). Breakwell (1986:37) beweer dat, wanneer die binnegroep 'n dominante magsposisie beklee het, 'n nuwe sosio-politieke orde die status van die binnegroep kan bedreig en tot stres aanleiding kan gee. Le May (1995:262) beskryf die effek van die nuwe politieke bedeling op Afrikaners soos volg: "The election of 1994 demoted the Afrikaner Volk, at a stroke, to a permanent political minority". Teen hierdie agtergrond ontstaan 'n aantal vrae rondom die identiteitsbelewing van Afrikaanssprekende witmense in 'n post-Apartheid Suid-Afrika:

- Tot watter mate identifiseer hulle steeds met die Afrikaner as sosiale verwysingsgroep ?

- Hoe beoordeel hulle die status en mag van die Afrikaner in die "nuwe" Suid-Afrika?

- Ervaar hulle 'n bedreiging vir hul sosiale identiteit as Afrikaners, en, indien wel, in watter opsigte voel hulle bedreig ?

- Watter strategieë gebruik hulle om waargenome bedreigings vir hul identiteit te hanteer ?

- Watter faktore hou verband met hul keuse van hanteringstrategieë?

Die onderhawige studie sal poog om antwoorde op bostaande vrae te verskaf, ten einde by te dra tot die studie van sosiale verandering, sosiale identiteit, en hanteringstrategieë vir die bedreiging van identiteit.

## 1.3 KLIMAAT TEN TYE VAN DIE STUDIE

Simon, Kulla en Zobel (1995:338) maan dat die sosiale konteks waarbinne 'n studie plaasvind, 'n belangrike invloed daarop kan uitoefen. Gebeure soos 'n nasionale verkiesing kan byvoorbeeld bevindinge ten opsigte van groepidentifikasie beïnvloed. Ook Bornman (1995:309) is van mening dat die oorgangstydperk waarbinne haar studie plaasgevind het 'n besondere lig op haar bevindinge werp. Dit is dus nodig om ook hierdie studie in konteks te plaas. Die veldwerk vir hierdie studie is uitgevoer vanaf November 1996 tot Februarie 1997, sowat twee-en-'n-half jaar ná die inwerkingtreding van die post-Apartheid politieke bedeling. Dit plaas die studie binne 'n bepaalde ekonomiese, politieke en sosiale konteks, wat vervolgens kortliks toegelig word.

### 1.3.1 Ekonomiese klimaat

Die daling van die rand se waarde was een van die uitstaande ekonomiese kenmerke van die jaar 1996. Vanaf Februarie 1996 tot Januarie 1997 het die rand se waarde met 21% verminder. Hierdie daling het uiteraard druk op finansiële markte geplaas en gelei tot 'n verhoging in rentekoerse, wat in 1996 van 18,5% tot 20,25% gestyg het (Jammine, 1997:16). Teen Oktober 1996 het die rand egter relatief stabiel begin vertoon en was daar tekens dat stabiliteit en beleggersvertroue na Suid-Afrika begin terugkeer (Leuvennink, 1996:19). Benewens die daling van die rand, noem De Bruyn (1996:25) nog 'n aantal negatiewe ekonomiese aanwysers wat in Augustus 1996 in die land teenwoordig was. Verbruikersinflasie het naamlik gestyg tot 7,1 %, korttermyn rentekoerse was gemiddeld hoër, minder nuwe passasiersmotors is verkoop en daar was meer insolvensies onder individue en vennootskappe. Verder het die gemiddelde prys van aandele op die Johannesburgse Effektebeurs gedaal.

Die ekonomie van die pas verkose plaaslike regerings het min vertroue ingeboesem. Verskeie plaaslike owerhede se skuldlas het aansienlik toegeneem met die herindeling van plaaslike owerheidsgrense, hoofsaaklik weens die kultuur van nie-betaling vir

dienste in tradisioneel swart woongebiede. Veral witmense het begin opstandig raak omdat hulle van mening was dat hulle die munisipale dienste van hierdie woongebiede subsidieer.

In die werksomgewing is sommige witmense blootgestel aan regstellende aksie, wat hul ekonomiese omstandighede laat verswak het. Sommige van diegene wat nie direk hierdeur geraak is nie, het 'n afname in werksekuriteit beleef. Wit Afrikaanssprekende mans se werksvooruitsigte is in die besonder hierdeur belemmer. Die ekonomiese omgewing waarbinne die studie uitgevoer is, was dus nie besonder rooskleurig nie.

### 1.3.2 Politieke klimaat

In die tyd waarin die studie onderneem is, was die Waarheids- en Versoeningskommissie in sitting met die doel om die skending van menseregte in die Apartheidsera te ondersoek. Dit het gelei tot onthullings van menseregteskendings wat baie witmense ontnugter gelaat het met die regering waarna hulle voorheen opgesien het. Ander het die proses op hul beurt as 'n heksejag ervaar. Hoe dit ook al sy, was die negatiewe aspekte van die wit Apartheidsregering tot 'n groot mate in die kalklig gedurende hierdie tyd.

Die herstrukturering van die uitsaaiwese het meegebring dat die tyd wat aan Afrikaanse programme op televisie toegeken is, aansienlik verminder het. Hierdie stap het aanvanklik groot protes by Afrikaanse organisasies en individue uitgelok en het daartoe gelei dat sommige Afrikaners geweier het om hul televisielisensies te betaal.

Een van die mees belangrike politieke gebeure van die tyd was die finale fases van die skryf van 'n nuwe grondwet vir die land. Hierdeur sou die handves van menseregte in werking tree wat alle diskriminerende aksies veroordeel.

Ongeveer 'n jaar voor die studie uitgevoer is, het munisipale verkiesings plaasgevind. Dit het die samestelling van plaaslike regerings onherroeplik verander weens die

herindeling van munisipale grense waardeur tradisionele "wit" en "swart" woongebiede geïntegreer is. Witmense se inspraak in die meeste plaaslike regerings het gevolglik afgeneem weens die getalleoorwig van oorwegend swart kiesafdelings in die meeste plaaslike besture. Die Nasionale Party het in hierdie tyd uit die Regering van Nasionale Eenheid onttrek en só die amptelike opposisie in die parlement geword. Hierdeur het Afrikaners se inspraak in die nasionale regering ook verminder.

Polities was wit Afrikaanssprekendes dus besig om te akklimatiseer in die post-Apartheid politieke bedeling. Hulle is op vele terreine gekonfronteer met die negatiewe gevolge van die Apartheidsbeleid, wat vir baie van hulle die vormende ideologiese invloed in hulle lewe was.

### 1.3.3 Sosiale klimaat

Misdaad was 'n uitstaande kenmerk van die sosiale omgewing ten tye van die studie. Aan die einde van 1996 berig Du Plessis: "Misdaad en geweld tref wittes nou op 'n skaal wat tien jaar gelede net in die townships en op die slagvelde van Zoeloeland denkbaar was" (1996:12). Amptelike syfers het wel getoon dat gevalle van motorkaping, gewapende roof, aanval in woonhuise, motordiefstal en huisbraak in hierdie tyd afgeneem het, terwyl moord, verkragtings, aanranding en rooftogte by sake-ondernemings toegeneem het. Witmense het egter tot 'n groot mate gevoel dat hulle die teikens van misdaad was. 'n Sogenaamde "brain drain" was aan die toeneem in die land, wat verwys na veral professionele persone wat die land in groot getalle verlaat. Die meeste witmense wat die land verlaat het, het die hoë misdaadsyfer en gebrek aan persoonlike veiligheid as redes aangevoer.

Onderwys was in hierdie tyd in die soeklig en 'n bron van kommer by veral witmense. In Oktober en November 1996 is daar vir die eerste keer 'n eenvormige matriekeksamen in al die provinsies afgelê. Die eksamen is egter gekenmerk deur amptenare wat vraestelle verkoop het, vraestelle wat uitgelek het, en 'n gebrek aan sekuriteit ten opsigte van die eksamen in die algemeen (Du Plessis, 1996:12). Hierdie

toedrag van sake het vrese vir die toekoms van die onderwys opnuut laat opvlam. Die aantal Afrikaanse privaatskole het in die lig van hierdie omstandighede toegeneem.

'n Nuwe Afrikaanse organisasie is teen einde November 1996 deur bekende Afrikaanssprekendes in die vooruitsig gestel wat oor politieke grense heen samewerking tussen alle Afrikaanse organisasies en tussen wit, bruin en swart Afrikaanssprekendes sou nastreef om in die belang van die Afrikaanse taal op te tree. Volgens waarnemers kan die steun vir hierdie organisasie beskou word as 'n weerspieëling van die druk op Afrikaans in die algemene omgang (Jackson, 1997:4).

Die politieke, ekonomiese en sosiale klimaat ten tye van die studie was dus, vanuit die perspektief van wit Afrikaanssprekendes, nie besonder positief nie. Dit word bevestig deur meningsopnames wat gedurende die post-Apartheid politieke bedeling uitgevoer is. Dit toon deurgaans dat witmense as geheel, en Afrikaanssprekendes spesifiek, van mening was dat hulle slegter af was as vantevore ten opsigte van aspekte soos finansiële status, werksgeleenthede, veiligheid en onderwys (Anon., 1998:54; Ehlers, Hirschfeld & Schutte, 1996; Research Surveys, 1998). Die konteks waarbinne die studie uitgevoer is, word meer breedvoerig in hoofstuk 2 bespreek.

## 1.4 DOEL VAN DIE STUDIE

Die oorkoepelende doel van die studie is om aspekte van die sosiale identiteit van 'n stedelike groep Afrikaanssprekende witmense in 'n post-Apartheid Suid-Afrika te ondersoek. Meer spesifiek, is die doel van die studie tweeledig van aard. Die eerste doelstelling is ondersoekend en beskrywend, naamlik om vas te stel wat die stand van bepaalde veranderlikes wat verband hou met identiteit, bedreiging en hantering, in die steekproef is. Die tweede doelstelling is verbandsoekend en teorievormend, en wel om die sterkte en rigting van die verband tussen hierdie veranderlikes te bepaal, en teoretiese modelle te ontwikkel wat die veranderlikes sinvol integreer by wyse van statistiese roeteontleding. Daar sal spesifiek gepoog word om voorspellingsmodelle

vir die keuse van bepaalde hanteringstrategieë in reaksie op 'n bedreiging vir identiteit daar te stel.

## 1.5 TEORETIESE VERTREKPUNTE

Die studie word hoofsaaklik vanuit twee teoretiese raamwerke benader, naamlik die SIT en Breakwell (1983;1986) se teorie van identiteit, bedreiging en hantering. Die SIT berus op bepaalde metateoretiese aannames omtrent die aard van mense, die samelewing, en die verhouding tussen hulle. Dit beweer naamlik dat die samelewing uit kategorieë bestaan wat in bepaalde mag- en status verhoudings tot mekaar staan. Hierdie kategorieë berus op eienskappe soos geslag, nasionaliteit, klas, beroep en dies meer. 'n Kategorie bestaan nie in isolasie nie, maar slegs in verhouding tot ander kategorieë, en elke individu is tegelykertyd lid van verskeie sosiale kategorieë. Die aard van sosiale kategorieë en hul verhouding tot mekaar verleen aan 'n samelewing 'n onderskeibare struktuur. Hierdie struktuur is egter nie staties nie, maar verander saam met kategorieë, hul definiërende kriteria en onderlinge verhoudings (Hogg & Abrams, 1988:15). Wanneer lidmaatskap van 'n bepaalde sosiale groep om die een of ander rede nie meer bydra tot positiewe selfagting nie, is daar bepaalde strategieë tot die individu se beskikking, waaronder sosiale verandering en sosiale mobiliteit. Foster en Louw-Potgieter (1991:18) kritiseer egter die SIT, aangesien die teorie nie uitbrei oor watter hanteringstrategieë vir 'n negatiewe sosiale identiteit onder watter omstandighede verkies word nie. Hierdie is een van die aspekte wat in die onderhawige studie aangespreek sal word.

Ten einde die aspek van 'n bedreigde identiteit, asook die aard en omvang van hanteringstrategieë te ondersoek, word Breakwell (1983;1986) se model van identiteit, bedreiging en hantering gebruik. Die basiese aannames van dié model is dat identiteit 'n bepaalde struktuur, inhoud en operatiewe beginsels het. Bedreigings bestaan hoofsaaklik uit 'n uitdaging vir die mag van die groep, maar kan op verskeie vlakke ervaar word. Beide die SIT en Breakwell brei egter nie uit oor watter veranderlikes

daartoe aanleiding gee dat sommige individue bedreiging ervaar in bepaalde omstandighede en ander nie. Daar sal gepoog word om ook hierdie leemte aan te spreek.

Dit is egter belangrik om kennis te neem dat intergroepstrategieë soos diskriminasie, rassisme en bevoordeling van die binnegroep ten koste van buitegroepe buite die raamwerk van hierdie studie val. Die fokus is die intrapersoonlike belewenis van individue, eerder as intergroepgedrag.

## 1.6 RAAMWERK

In die tweede hoofstuk sal die studie in historiese perspektief geplaas word deur die agtergrond tot en omvang van die sosio-politieke veranderinge in die land kortliks toe te lig. Ten einde die ondersoekgroep van die studie beter te begryp, word hoofstuk 3 gewy aan die bespreking van die Afrikaner as etniese groep. Die teoretiese begronding van die studie word in hoofstukke 4 en 5 aangebied, waarin sosiale identiteit, asook die bedreiging van sosiale identiteit en die hantering van sodanige bedreiging onderskeidelik bespreek word. Hoofstuk 6 beskryf die navorsingsontwerp van die studie, terwyl die empiriese resultate in hoofstuk 7 gerapporteer word. In hoofstuk 8 word die resultate geïnterpreteer en bepaalde gevolgtrekkings ten opsigte van die navorsingsonderwerp gemaak.

# HOOFSTUK 2
# KONTEKSTUALISERING VAN DIE STUDIE

## 2.1 INLEIDENDE OPMERKINGS

Hierdie studie is uitgevoer net meer as twee jaar ná 'n ingrypende bewindsverandering in Suid-Afrika. Ten einde die studie in historiese perspektief te plaas, is dit nodig om kortliks te verwys na die historiese konteks van die sosio-politieke veranderinge in die land. Daar word veral gefokus op die rol van Afrikaners in dié konteks ten einde die omvang van aanpassing wat dié groep in 'n nuwe politieke bedeling in die gesig staar, te begryp.

## 2.2 HISTORIESE OORSIG VAN DIE AFRIKANER SE ROL IN SUID-AFRIKAANSE POLITIEK

Aan die begin van die eeu was die moraal van wit Afrikaanssprekendes in Suid-Afrika op 'n laagtepunt. Hulle was pas deur die Britte verslaan in die Anglo-Boereoorlog. Hulle moes veg teen 'n getalle-oormag en het nie naastenby die hulpbronne en rykdom van hul Engelssprekende landgenote gehad nie. In die ekonomiese arena is hulle gekonfronteer met kompetisie van goedkoop swart arbeid nie, en was dikwels nie veel beter opgelei as swartmense nie. Van Jaarsveld (1978:26) beskryf die Afrikaner aan die begin van die twintigste eeu as 'n "verslane en verarmde volk". Deur middel van, onder meer, etniese mobilisering het daar teen die 1920's en 1930's 'n Afrikanermiddelklas tot stand gekom (Adam, 1986:37). Hierdie kulturele, ekonomiese en politieke elite groep het gepoog om die posisie van die Afrikaner in die ekonomie te verbeter deur werkreservering vir Afrikaners, die ondersteuning van Afrikanerbesighede en die verkryging van beheer oor stede. Groot getalle sogenaamde "armblankes" is deur die staat in diens geneem. Vanaf die vroeë twintigerjare is die poste van

witmense in die mynbou- en vervaardigingsektore deur wetgewing beskerm. Die staat het ook die oorwegend wit landbousektor op omvattende wyse ondersteun. Hierdie aanvanklike ekonomiese mobilisering en opheffing van die groep het 'n belangrike bydrae gelewer tot die instelling van die beleid van Apartheid.

Afrikaners as groep is waarskynlik wêreldwyd berug as die skeppers en instandhouers van die beleid van Apartheid in Suid-Afrika. Die konsep "Apartheid" spruit deels uit 'n nasionalistiese ideologie dat rasse-, taal- en kulturele verskille die fundamentele organiserende beginsels in 'n samelewing behoort te wees. Verskillende etniese groepe moet apart gehou word en elke groep behoort hul eie grondgebied en infrastruktuur te hê. Apartheid as staatkundige beleid het dertien "nasies" in Suid-Afrika geïdentifiseer wat elk afsonderlik moes ontwikkel (Louw, 1994:26). Dié sisteem het by implikasie dus ook die kulturele onderskeibaarheid en gemeenskaplike belange van Afrikaners ten doel gehad. Witmense, en Afrikaners spesifiek, was egter in 'n bevoorregte posisie binne die sisteem en het hulself die reg toegeëien om oor die posisie van ander groepe te besluit. Waar die beleid aanvanklik veral in die arbeidsbehoeftes van wit boere moes voorsien en "armblankes" in die stede moes beskerm (Posel, 1991:7), is dit mettertyd uitgebou tot 'n omvattende sisteem van sosiale beheer waarin Afrikaneridentiteit, die Nasionale Party (NP) en die staat onlosmaaklik vervleg was. Volgens Van Jaarsveld (1978:87) het Afrikanerdenke in die veertigerjare primêr 'n konserwatiewe basis gehad. Enkele meer liberale denkers binne Afrikanergeledere wat Apartheid in hierdie tyd gekritiseer het, word deur Brits (1994:44) uitgesonder, maar hulle het egter weinig steun onder hul tydgenote geniet.

Die beleid van Apartheid moes twee behoeftes gelyktydig bevredig, naamlik Afrikaners se behoefte aan wit superioriteit en wit ekonomiese welvaart. Laasgenoemde sou hoofsaaklik bevredig kon word deur goedkoop swart arbeid. Dit sou egter ook impliseer dat die swart stedelike bevolking sou moes toeneem om in industriële arbeidsbehoeftes te voorsien, wat weer 'n bedreiging vir wit superioriteit sou inhou, asook goedkoop swart arbeid van wit boere sou ontneem. Daar was dus 'n inherente

spanning tussen die twee vernaamste aanvanklike doelstellings van Apartheid (Posel, 1991:8).

Die doelstellings van, regverdiging vir en toepassing van Apartheid het egter oor tyd heelwat verandering ondergaan. Sommige teoretici identifiseer duidelik onderskeibare fases in die politieke geskiedenis van die land (Posel,1991:7; Van Jaarsveld, 1979:1), terwyl ander van mening is dat daar eintlik slegs kosmetiese en semantiese veranderinge plaasgevind het tot en met die politieke hervormings in die vroeë negentigerjare (Beinart, 1994:230; Le May, 1995:241; Louw, 1994:28).

Onder Britse oorheersing was die Suid-Afrikaanse samelewing in die eerste helfte van die twintigste eeu gestratifiseerd en tot 'n groot mate gesegregeerd op grond van ras, kultuur, geslag en klas. 'n Komplekse sosio-ekonomiese hiërargie het so ontstaan met wit Engelssprekendes bo-aan en swartmense onderaan. Hierdie sosio-ekonomiese struktuur het tot 'n groot mate die grondslag vir Apartheid gelê. Met die oorname van politieke mag in 1948 het die NP dié sosio-ekonomiese hiërargie behou, en die rassebasis daarvan statutêr bevestig en verskans, terwyl Afrikaners se posisie in die sosio-ekonomiese hiërargie versterk en verbeter is.

Volgens Louw (1994:27) het die NP in die 1948-verkiesing 'n verkiesingstrategie gebruik wat moes kapitaliseer op die vrees van Afrikaners dat hulle oorweldig gaan word deur die Engelse kultuur en hul ekonomiese stelsel aan die een kant, en goedkoop swart arbeid aan die ander. Hierdie strategie het gesteun op die Afrikaner se behoefte aan kulturele outonomiteit, asook 'n behoefte om hul swak ekonomiese posisie te beëindig. Die doel van hierdie strategie was om 'n samelewing te skep waarin wit Afrikaanssprekendes eerstens hul eie "kulturele ruimte" sou hê (byvoorbeeld skole, universiteite, media) wat onafhanklik sou wees van dié van wit Engelssprekendes. Tweedens wou hulle afgesonder wees van swart Suid-Afrikaners en derdens geleenthede vir ekonomiese ontwikkeling hê. In die vroeë jare van Apartheid sou laasgenoemde voortgesette werkreservering vir ongeskoolde Afrikaners beteken. Die NP het by wyse van verskeie programme van opheffing van Afrikaners in effek 'n vorm

van nasionale sosialisme aangehang - 'n sosialisme vir 'n spesifieke groep. Hierdie programme is befonds deur die belasting van die meer welvarende Engelse gemeenskap en die gebruik van goedkoop swart arbeid. 'n Illustrasie van die sukses van hierdie programme is dat Afrikaners in witboordjieberoepe toegeneem het van 29 % in 1946 tot 65 % in 1977 (Adam & Giliomee, 1979:169; Le May, 1995:239). Louw (1994:28) sê in dié verband: "Ultimately, white Afrikaners did to black South Africans what the British had done to them".

Posel (1991:3) sê egter dat dit 'n miskonsepsie is dat Afrikaners teen die laat veertigerjare verenig was in hul steun vir 'n eenvormige, goed-gedefinieerde Apartheidsbeleid. Afrikaners was op die vooraand van die 1948-verkiesing nog verdeeld oor die aard van die beleid. Hierdie verdeling het volgens Posel (1991:5) grootliks ooreengekom met klasseverdelings binne dié groep en hulle het hoofsaaklik verskil oor die mate waartoe die groei van wit welvaart behoort staat te maak op swart arbeid. Giliomee (1992a:363) meen egter dat die verdeeldheid meer op simboliese vraagstukke gegrond was. Hoe dit ook al sy, was daar nie op hierdie stadium 'n bloudruk vir dié beleid nie, en geen "meesterplan" daaragter nie. Le May (1995:224) beweer selfs dat D.F. Malan Apartheid in teorie ondersteun het, maar getwyfel het of dit in die praktyk sou werk. Hy was egter deeglik bewus van die effektiwiteit daarvan as verkiesingslagspreuk.

Malan se opvolger, J.G. Strijdom, het 'n redelik eenvoudige siening van Apartheid gehad. Vir hom moes wit baasskap ten alle koste behou word. Hy was veral besorg oor die instroming van swartes na die stede, en het die beskerming van arm Afrikaners in die stede ten doel gehad. In hierdie tyd was Apartheid openlik rassisties, anti-Engels en, volgens Le May (1995:225), "unapologetically defensive".

Ná bewindname in 1948 tot in die middel-sestigerjare het die NP gekonsentreer op die bevordering van Afrikaner belange deur die politisering van 'n onderskeibare herkoms, godsdiens, kultuur en taal. Volgens Adam (1986:41) was dit veral taal en godsdiens wat gebruik is om Afrikaner nasionalisme te mobiliseer. Posel (1991:4) sê egter dat,

alhoewel Apartheid teen die sestigerjare 'n kragtige en bykans alles-omvattende politieke sisteem geword het, daar ook op hierdie tydstip steeds geen "meesterplan" agter die beleid was nie. Sy meen dat liberale teoretici die mate van langtermyn beplanning wat met Apartheid gepaard gegaan het, grootliks oorskat. Die wysiging van die beleid oor tyd was volgens Posel hoofsaaklik die gevolg van die reaksie wat die implementering van die beleid uitgelok het, en nie 'n inisiatief van die regering nie. Teen die laat vyftigerjare het die omvang van swart weerstand teen Apartheid byvoorbeeld tot so 'n mate toegeneem dat die metodes waardeur Apartheid toegepas is, hersien moes word. Die regering het gereageer deur strenger beheer toe te pas. Tydens die premierskap van H.F. Verwoerd is Apartheidsmaatreëls dan ook aansienlik verskerp.

Verwoerd het, benewens die beginsel van wit baasskap, die segregasie van rasse- en etniese groepe tot 'n groter mate gepropageer as sy voorgangers (Rex, 1981:13). Apartheid is gevolglik getransformeer na "afsonderlike ontwikkeling" (Van Jaarsveld, 1979:1). Apartheid het vir Verwoerd egter verder gegaan as politiek - dit was 'n visie van 'n Suid-Afrikaanse samelewing wat later 'n ideologie sou word wat die oorlewing van die Afrikaner sou waarborg (Le May,1995:225). Teen die laat sestigerjare het die NP 'n politieke sisteem geskep wat volgens waarnemers betreklik stabiel, maar oorwegend outoritêr was. Volgens Munro (1995:10) was een van die implikasies van dié politieke sisteem dat die kulturele identiteit van die Afrikaner in hierdie tyd grootliks 'n rasidentiteit was. Aangesien Afrikaner leiers die politieke arena gebruik het om 'n kultuur te versterk, het politieke en kulturele oorwegings onlosmaaklik verweef geraak. Volgens Giliomee en Schlemmer (1989:118) het Afrikaner Nasionalisme, benewens kulturele oorwegings, ook 'n noue emosionele verbintenis met die staat, nasionale instellings soos die parlement en die weermag, asook nasionale simbole en waardes behels. Van Jaarsveld (1978:23) beweer dat "party" en "Afrikaner" in hierdie tyd bykans sinoniem was.

Verwoerd se opvolger as Eerste Minister, B.J. Vorster, het nie dieselfde charismatiese persoonlikheid as sy voorganger gehad nie. Hy het 'n betekenisvolle verandering in

regeringsdenke ingelei toe hy in 1966 aan 'n groep NP parlementslede gesê het dat Apartheid nie langer 'n doel op sigself is nie. Dit was slegs 'n middel tot 'n doel, naamlik om die Afrikaner se identiteit en posisie te beskerm (Giliomee, 1992a:346; Le May, 1995:231). Konserwatiewe Afrikaners het egter steeds vasgehou aan die ideaal van Afrikaner heerskappy, en die Herstigte Nasionale Party het gevolglik in 1969 van die NP weggebreek (Giliomee, 1992a:343).

Die regering het veral vanaf 1970 Apartheid regverdig deur te sê dat Afrikaners aan ander "nasies" gee wat hulle vir hulself wil hê. Hierdie benadering het volgens Le May daarop neergekom dat ander nasies "gedwing was om vry te wees" (1995:230). Die institusionalisering van rasseskeiding het deel geword van die nuwe sisteem (Giliomee, 1992a:346).

Giliomee (1992a:343) en Van Jaarsveld (1978:123) beweer dat daar 'n afwesigheid van 'n duidelik gedefinieerde Afrikaneridentiteit in die sewentigerjare was. Aan die een kant het die Afrikaner nie 'n direkte aanval op die groep beleef nie. Weens die afwesigheid van 'n eksplisiete bedreiging, was daar dus nie 'n behoefte om as groep te konsolideer en 'n gemeenskaplike ideaal na te streef nie. Verder het die NP se verkiesingstrategieë dit raadsaam gemaak om die Afrikaner as deel van die groter wit groep voor te hou en die NP as die party wat wit mag en voorregte kan waarborg. Alhoewel dit vir die Apartheidsregering nodig was om bondgenote in veral die Engelse sakesektor te vind, was daar egter min twyfel dat die ware klem gelê het op Afrikaneridentiteit en -oorlewing (Le May, 1995:225).

Waar Apartheid in die vyftiger- en sestigerjare berus het op 'n sisteem van wit baasskap, het daar ná die 1976 Soweto opstande 'n verskuiwing begin plaasvind. Vanaf die laat sewentigerjare is die beleid van Apartheid aangepas. Terme soos "afsonderlike groepidentiteite", "kulturele verskille" en "minderheidsregte" is gebruik. Die rigiede ideologiese model van Apartheid het plek gemaak vir 'n meer pragmatiese benadering tot politieke bestuur (Gagiano, 1986:3). Ras-gebaseerde instromingsbeheerwette, wat die migrasie van swartmense na tradisioneel blanke

gebiede gereguleer het, is geskrap ten gunste van wette wat nie op ras gebaseer was nie, en "ordelike verstedeliking" ten doel gehad het. Die kategoriese implikasies van groepregte is dus stelselmatig versag (Humphries, Schlemmer & Stack, 1990:13). Die "hervormde" Apartheidsisteem het Suid-Afrika as 'n "land van minderhede" voorgehou waarin een groep nie 'n bevoorregte posisie in 'n hiërargiese sisteem beklee nie, maar waarin groepe geskei is sodat hulle parallel kon ontwikkel sonder dat een groep 'n ander oorheers.

Aan die einde van die sewentigerjare het P.W. Botha as Eerste Minister oorgeneem. Hy het gepoog om groter inklusiwiteit van die staatsbestel te bewerkstellig. Die term "Apartheid" het uitgedien geraak, in elk geval in regeringskringe (Rex, 1981:13). Terme soos multinasionalisme en 'n "konstellasie van Suid-Afrikaanse state", wat tuislande sou insluit, is gebruik om Botha se toekomsvisie vir die land te beskryf (Giliomee, 1992a:353; Le May, 1995:241). Een van die vernaamste stappe om hierdie visie te laat realiseer, was die goedkeuring van die driekamerparlement in 1983 by wyse van 'n referendum onder witmense. Alhoewel dit 'n betekenisvolle verandering in die politieke bedeling sou inlei (Posel,1991:7; Van Jaarsveld, 1978:87), meen sommige teoretici dat dit slegs wit dominansie in 'n nuwe baadjie verteenwoordig het (Beinart, 1994:230; Louw, 1994:28; Murray, 1994:9; Rex, 1981:15). Volgens laasgenoemde standpunt kon baie van die hervormingsinisiatiewe van die vroeë tagtigs steeds geakkommodeer word binne die beleid van "afsonderlike ontwikkeling". Tog was dit omvattend genoeg om Afrikaners te verdeel. In die algemene verkiesing van 1981 het die steun vir regse groeperinge reeds aansienlik toegeneem. In 1982 het Dr. A.P. Treurnicht saam met vyftien lede van die parlement die NP verlaat om die Konserwatiewe Party (KP) te stig wat onbeskaamd teruggekeer het na die retoriek van rasseverdelings en die behoud van die "volk". Die regering het die steun van veral die landbousektor hierdeur verloor (Beinart, 1994:230).

Die tagtigerjare is gekenmerk deur veranderende wit politieke oriëntasies, en veral 'n swaai na regs (Humphries *et al.*, 1990:12). In 1981 het die NP byvoorbeeld 'n rekord meerderheid van 98 setels in die parlement verwerf. In 1987 het die party se

Afrikanersteun afgeneem van meer as 80% in 1981 tot minder as 60% (Giliomee, 1992a:348). Die KP het in hul eerste verkiesing 22 setels ingepalm en sowat 26% van die Afrikanerstemme op hulle verenig (Le May, 1995:247). In 1989 het die NP 'n verdere 27 setels verloor en vir die eerste keer sedert die vyftigerjare die steun van minder as 50% van die burgers wat gestem het, geniet. Hulle meerderheid was toe slegs 22 setels. Die ondersteuning vir die liberale opposisie het oor die ooreenstemmende tydperk feitlik konstant gebly, met die uitsondering van 1987, toe hul ondersteuning merkbaar afgeneem het.

Humphries *et al.* (1990:18) beweer dat die groter konserwatiewe steun in 1987 toegeskryf kan word aan die landswye opstande tussen 1984 en 1986 wat vrees by witmense ingeboesem het. Hy sien dit as aanduidend van 'n latente kohesie onder die wit kieserskorps wanneer hulle bedreig voel. Namate wit vrese besweer is deur, onder andere, die afkondiging van 'n noodtoestand, het die ondersteuning vir politieke hervorming weer gegroei. Humphries *et al.* (1990:19) is van mening dat 'n reaksie op waargenome bedreiging, tesame met etniese en klassebelange, gelei het tot die groei in konserwatiewe steun in die tagtigerjare.

Die stryd tussen konserwatiewe en liberale Afrikaners het hom egter ook op ander terreine as die partypolitiek uitgespeel. Die verdeeldheid tussen die Kaapse en Transvaalse takke van die NP het byvoorbeeld gemanifesteer in die stigting van die Nasionale Pers en die Voortrekker Pers, wat die Die Burger en Die Transvaler onderskeidelik uitgegee het. In 1981 het die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede 'n nuwe konserwatiewe "think-tank" - Aksie Eie Toekoms - gestig, terwyl die meer liberale Afrikaners in die Kaap geantwoord het met 'n nuwe publikasie, "Die Suid-Afrikaan". Op 'n meer populêre vlak het die Vrye Weekblad as mondstuk van linksgesinde Afrikaners in Transvaal verskyn. Hierdie verdeeldheid het ook uitgebrei na kerklike kringe. Waar die NG Kerk tradisioneel die status van "volkskerk" gehad het, (Brits, 1994:94) was daar ook binne dié kerk ernstige verdeeldheid oor politieke vraagstukke wat gelei het tot die afstigting van die meer konserwatiewe Afrikaanse Protestante Kerk in 1987. Sommige teoretici beweer dat die verlig /

verkramp konflik hom ook op ekonomiese terrein uitgespeel het. Die belange van Afrikaner konglomerate soos Sanlam en Rembrandt word teenoor dié van die meer konserwatiewe landbousektor gestel. Giliomee (1992a:344) beweer egter dat die invloed van veral Sanlam in die politieke arena grootliks oorskat word en dat die verdeeldheid tussen Afrikaners eerder die gevolg was van simboliese en statusoorwegings as ekonomiese konflik.

In die laat tagtigerjare het verskeie regse groepe tot stand gekom, wat deur sommige kommentators gesien is as die ontwikkeling van 'n breë sosiale beweging met Afrikaner Nasionalisme as gemeenskaplike element. Ander meen egter dat dit juis die verdeeldheid van Afrikaners gereflekteer het. Murry (1994:135) verwys byvoorbeeld na die "kaleidoskopiese regtervleuel". Die KP en die Afrikaner Weerstandsbeweging (AWB) was die vernaamste verteenwoordigers van meer konserwatiewe Afrikaners wat die NP se hervormings as verraad teen Afrikaners gesien het (Munro, 1995:16). Hulle het toenemend gevoel dat hul politieke aspirasies nie binne die parameters van die institusionele politieke arena bevredig sou kon word nie (Munro, 1995:6). Die verdeeldheid van Afrikaners, tesame met 'n afname in ekonomiese beskerming van witmense, het volgens Beinart (1994:251) die opkoms van paramilitêre regse aktiwiteite bevorder. Beinart meen egter dat, alhoewel die regse vleuel getoon het dat hulle die potensiaal het om politieke verandering te ontwrig, hulle nie in staat was om die regering oor te neem nie.

Teen die laat tagtigerjare het Apartheid, as 'n "regstellende aksie" program, Afrikaners suksesvol opgehef. Die staat het werk verskaf aan meer as 40 % van witmense in die land en aan drie uit elke vier Afrikaners (Munro, 1995:8). Die jonger geslag Afrikaner was 'n stedelike bourgeoisie wat nie langer ekonomiese beskerming nodig gehad het nie. Nasionale sosialisme was dus nie langer vir hulle aantreklik nie, en hulle het nie meer aanklank gevind by die wit baasskap en anti-Engelse sentimente wat hulle grootouers so effektief gemobiliseer het nie. Die NP het ook wegbeweeg van Afrikaner Nasionalisme om nie-Afrikaners in te sluit, en die leierskap van die party was op hierdie stadium bereid om die mees opsigtelike voorregte prys te gee by wyse van

onderhandeling, maar het ook daarop aangedring dat daar geen kompromieë aangegaan sal word oor sommige aspekte van Afrikanerskap nie.

Die NP het reeds in 1986 die beginsel van algemene burgerskap vir alle Suid-Afrikaners aanvaar en modelle voorgestel waarvan groepe steeds die boustene was, alhoewel sodanige groepe nie langer deur die regering gedefinieer sou word nie. Die regering sou groepe naamlik beskerm nadat hulle op 'n vrywillige basis gevorm is. Volgens Giliomee het die NP-regering steeds rassegroepe, en nie etniese of godsdienstige groepe nie, in gedagte gehad (1992b:113). Teen 1989 het die NP egter besef dat hul voorstelle nie sal byval vind by swart leiers nie (Murray, 1994:8). Volgens liberale teoretici het F.W. de Klerk se hervormings neergekom op 'n erkenning dat die NP se beleid van Apartheid onwerkbaar was en afgebreek moes word (Louw, 1994:26). Hierdie skuiwe het egter nie die goedkeuring van meer konserwatiewe Afrikaners weggedra nie. Hulle het gevolglik die onderhandelingsproses rondom politieke hervorming geboikot. Die regse politieke partye kon egter nooit genoeg steun mobiliseer om die proses van politieke verandering te stuit nie. Die steun van die linkse vleuel van die wit kieserskorps het daartoe gelei dat De Klerk kon staatmaak op die steun van twee derdes van witmense vir die proses van politieke hervorming.

In Februarie 1989 het De Klerk die vernaamste opposisiegroepe en bewegings ontban en sy regering verbind tot die vrylating van Nelson Mandela en ander politieke gevangenes. Ná Nelson Mandela se vrylating het die NP sy intensie te kenne gegee om 'n onderhandelde skikking te bereik met swart leiers. Die klem in NP beleid het verskuif vanaf groepe en minderhede na gemeenskapsregte. Alhoewel oortreders van ras-gebaseerde wetgewing reeds vanaf die laat tagtigerjare minder aktief vervolg is, is die vernaamste oorblywende Apartheidswette, waaronder die Bevolkingsregistrasie- en Groepsgebiedewet, van die wetboek geskrap (Beinart, 1994:254). Die NP het die regering verbind tot die politiek van onderhandeling vir 'n "nuwe Suid-Afrika". 'n Nuwe grondwet vir Suid-Afrika sou uit dié onderhandelingsproses gebore word. Manzo en McGowan (1992:2) merk egter op dat die NP waarskynlik geglo het dat wit beheer oor die ekonomie behoue sou bly.

De Klerk het onderneem dat verandering sou plaasvind sonder om die waardes en prestasies van gemeenskappe en individue in die verlede, sowel as hul toekomsdrome in gevaar te stel. As 'n simbool van kontinuïteit het die NP se partyleierskap gekies om aan te dring op die behoud van Afrikaans as amptelike taal as ononderhandelbaar, eerder as 'n simbool soos die volkslied of die vlag. Hierdie keuse onderskryf die belangrikheid van taal as 'n kragtige simbool in politieke aansprake en een van die vernaamste dimensies van etniese identiteit (Louw-Potgieter, 1988:50; Giles, Taylor, Wallace & Albert, 1976:11). Die NP het verder geweier om eenvoudige meerderheidsregering te aanvaar, enersyds omdat dit die "einde van Afrikaner geskiedenis" sou beteken, en andersyds omdat hulle van mening was dat daar nie 'n party was wat bekwaam of ervare genoeg sou wees om sonder meer die regering oor te neem nie (Beinart, 1994:325; Giliomee, 1992a:361; Giliomee, 1992b:117).

Teen hierdie agtergrond het die politieke hervormings in die land in werklikheid 'n massiewe ommekeer in NP beleid beteken. Vanaf 1990 het die NP in terme van nie-rassigheid begin praat en ook swartmense as partylede begin werf. Die NP het die sogenaamde identiteitspolitiek van Afrikanerdom verruil vir 'n meer klas-gebaseerde politieke platform (Munro, 1995: 26).

Dit is duidelik dat daar in die loop van die geskiedenis deurentyd verdeeldheid binne Afrikanergeledere was. Die meeste wit Afrikaanse politieke leiers van dié eeu moes poog om 'n balans te vind tussen die verkryging van meer liberale, dikwels Engelse, steun, sonder om die meer konserwatiewe, regse element te vervreem. Hierdie verdeeldheid het ook in die aanloop tot die 1994-verkiesing gemanifesteer, toe sommige AWB-lede hulle tot geweld gewend het, die KP geweier het om aan die verkiesing deel te neem, en die Vryheidsfront gestig is om konserwatiewe Afrikaners wat wel aan die verkiesing wou deelneem te akkommodeer.

By wyse van verskeie toepassingsvariante van Apartheid het Afrikaners deur die loop van die eeu 'n groot mate van ekonomiese vooruitgang bewerkstellig. Polities het hulle 'n groot mate van mag geniet. Teen die agtergrond van die Afrikaner se bevoorregte

ekonomiese en politieke rol in die Apartheidsbedeling, ontstaan die vraag waarom hernuwing en hervorming die NP se strategie geword het teen 1989. Daar was verskeie motiverende faktore agter hierdie inisiatief, beide teoreties en pragmaties van aard, wat vervolgens toegelig word.

## 2.3 FAKTORE WAT TOT POLITIEKE VERANDERING GELEI HET

### 2.3.1 Interne faktore

Daar was in die eerste plek faktore binne die landsgrense wat druk vir politieke hervorming meegebring het. Hierdie faktore was 'n toenemende besef binne regeringsgeledere dat die sisteem van Apartheid onwerkbaar was, weerstand teen Apartheid vanuit veral swart geledere, asook binnelandse ekonomiese faktore.

#### 2.3.1.1 Onwerkbaarheid van die sisteem

Daar is waarnemers wat meen dat faktore binne Afrikanergeledere die grootste rol gespeel het in die inisiëring van politieke verandering. Hierdie faktore hou hoofsaaklik verband met die persepsie dat Apartheid as ideologie nie langer werkbaar was nie. Vanuit hierdie perspektief het Afrikaners, alreeds ná die sluipmoord op Verwoerd in 1966, stadigaan vertroue in die Apartheidsisteem begin verloor. Dit was ook kort na die sluipmoord dat die eerste breuk in Afrikanergeledere tussen "verligtes" en "verkramptes" plaasgevind het met die wegbreek van Albert Hertzog en die Herstigte Nasionale Party in 1969 (Giliomee, 1992a:343). Die Afrikaner se toegewydheid aan Apartheid het volgens dié siening sedert die sestigerjare stadig maar seker verweer. Hierdie perspektief word deur De Villiers (1987:326) saamgevat: "After 1966 the tribe began - but slowly - to lose faith in the vision; some of them began to see what they have done".

Beinart (1994: 225) noem dat selfs verligte Afrikaners tot in die vroeë sewentigerjare die positiewe elemente van "afsonderlike ontwikkeling" beklemtoon het. Slegs 'n klein minderheid het egter die moraliteit van die stelsel bevraagteken. Ná die Soweto opstande is daar egter meer vrae binne regeringsgeledere gevra oor die uitvoerbaarheid van Apartheid, die werkbaarheid van die tuislandstelsel en die moraliteit van die gedwonge verskuiwings van mense. Volgens Beinart (1994:232) het die gebeure in 1976 egter ook bygedra tot die ontwikkeling van 'n onversetlike regse wit groepering, wat die weerstand teen Apartheid met groter geweld wou onderdruk.

Ohlson en Stedman (1994:132) is van mening dat dit teen die laat tagtigerjare duidelik was dat die NP se beleid van beperkte hervorming en onderdrukking 'n dooiepunt bereik het. Teen die middel van 1988 was die meerderheid van die Afrikaner leierskap oortuig dat Suid-Afrika in 'n krisis verkeer het. Meer liberale Afrikaners het begin besef dat Apartheid onaanvaarbaar was vir die meerderheid van Suid-Afrikaners en die internasionale gemeenskap, en dat dié beleid deel van die probleem was, eerder as die oplossing. Die groep het verder bewus geraak van 'n magsbalans waarin eksklusiewe Afrikaner- en wit dominansie op die medium- en langtermyn nie haalbaar was nie. Demografiese faktore het hierdie feit die duidelikste onderstreep. In 1996 het witmense slegs 10,9% van die totale bevolking uitgemaak (Sentrale Statistiekdiens, 1998), teenoor 15 % in 1985 en 20 % in 1960. Swartmense het op hul beurt in 1965 15% van middelvlak poste in die arbeidsmark gevul, teenoor 35 % in 1981 (Giliomee 1992b:111). Afrikaners kon nie langer hierdie realiteite ontken nie.

In 1991 het 'n landswye meningsopname van die RGN onder witmense getoon dat slegs 15% verwag het dat hulle beter daaraan toe sal wees in die "nuwe Suid-Afrika" (Giliomee, 1992a:364). Giliomee vra dus die vraag waarom onderhandelinge voortgegaan het in die lig van hierdie negatiewe verwagtinge. Sy verklaring is dat daar aan die een kant die behoefte was om deel te bly van die Westerse wêreld en die waardes daarvan te handhaaf. Daar sou ongetwyfeld aanpassings gemaak moes word om hieraan te voldoen. Aan die ander kant was dit ook 'n kwessie van oorlewing vir die Afrikaner spesifiek en minderheidsgroepe in die algemeen. Daar is gehoop dat

minderhede sal baat vind by die groter inklusiwiteit van die staat. In die lig hiervan was die deelname van die NP aan die onderhandelingsproses vanaf 1990 en die sosio-politieke veranderinge wat daarop gevolg het, 'n paradoksale oorlewingsmeganisme vir Afrikaners (Le May, 1995:262). 'n Bekende voormalige kabinetsminister, Dr. Gerrit Viljoen, het in die laat tagtigerjare gesê: "[We] who want change want it exactly because we realise that our survival depends upon orderly change" (Giliomee, 1992b:114). Adam stel dit so: "In its self-perception, the NP negotiated itself *into* power, not *out* of power" (1995:461). Afrikaners het besef dat hoe langer onderhandeling uitgestel word, hoe minder seggenskap mag die Afrikaner uiteindelik oor hê.

Daar het verder wanhoop in regeringsgeledere ingetree oor die waarskynlikheid dat die Apartheidstelsel ooit aan swartmense verkoop sou kon word. Toekomstige Afrikanerbelange kon slegs behartig word indien swart Suid-Afrikaners hul arbeid, koopkrag, en politieke en ekonomiese samewerking verskaf. Hulle sou dit uiteraard nie binne die Apartheidsisteem doen nie.

Uit bostaande blyk dit dat daar 'n toenemende besef binne NP-geledere was dat Apartheid 'n onwerkbare beleid was en hervormings noodsaaklik was. Daar was egter steeds 'n konserwatiewe element wat die politieke hervormings as kulturele verraad ervaar het (Munro, 1995:7). Druk vir verandering het egter ook van die ander kant van die politieke spektrum gekom.

### 2.3.1.2 Weerstand teen Apartheid

Terwyl die NP-regering oor 'n tydperk van bykans 40 jaar Apartheid met toenemende onderdrukking in stand probeer hou het, het protes teen die beleid skerp toegeneem. Die African National Congres (ANC) is reeds in 1912 gestig, en het aanvanklik passiewe strategieë van protes soos petisies en lydelike verset gebruik om hul misnoeë met Apartheid te kenne te gee. Dit het egter oënskynlik geen effek gehad nie. Die Sharpeville konflik in 1960 was een van die eerste vonke by die kruitvat, maar dit was

die Soweto skoolopstande in 1976 wat overte massa-opstand teen Apartheid geïnisieer het. Verbruikersboikotte het hierna algemeen voorgekom en skoolgeboue is afgebrand (Beinart, 1994:232). Die jare vanaf 1983 was besonder onstuimig. Veral twee gebeure het in 1984 die politieke terrein in Suid-Afrika oorheers. Aan die een kant het die nuwe grondwet van die Republiek in werking getree (Rhoodie & Couper, 1986:95). Aan die ander kant het grootskaalse anti-Apartheid protes gelei tot chroniese politieke geweld, soveel so dat 'n noodtoestand afgekondig is wat met enkele kort onderbrekings tot in 1990 van krag was. Teen 1990 het gemiddeld tien mense daagliks in politieke geweld gesterf (Manzo, McGowan & Van Wyk, 1990: 24). Die Suid-Afrikaanse regering het egter persvryheid sodanig beperk dat baie witmense nie geweet het wat die toestand in swart woongebiede was nie (Manzo & McGowan, 1992:9). Die opstand teen Apartheid kon egter nie *ad infinitum* onderdruk word nie en die regering van die dag het dit besef.

Manzo en McGowan (1992:22) en Posel (1991:13) beweer in die lig van bostaande dat een van die vernaamste beweegredes vir die politieke verandering in Suid-Afrika eerder lê in die swart bevrydingstryd en teenstand teen Apartheid, as in ekonomiese oorwegings, soos wat moderniseringsteoretici sou beweer. Ook Giliomee meen dat die De Klerk-regering nie die wil of die hulpbronne gehad om onderdrukking verder vol te hou in die lig van toenemende teenstand nie. Verder kon statutêre etniese identiteite nie langer die onderdrukte groepe verdeel nie. Al hoe meer Kleurlinge het hulself byvoorbeeld in die eerste instansie as Suid-Afrikaners beskryf en nie as Kleurlinge nie (Giliomee, 1992a:359). Die meerderheid Kleurlinge wou ook nie deelneem aan die driekamerparlement nie. Die verkiesing van 1989 het dan ook getoon dat slegs die wit huis van die parlement werklik legitimiteit geniet. Waar 69 % van die wit kiesers gestem het, het slegs 25 % van Kleurlinge en 15 % van Indiërs by die stembus opgedaag (Giliomee 1992b:112).

Manzo en McGowan (1992:22) beweer dat die stryd teen Apartheid gelei het tot vrees by witmense vir hul sekuriteit. Hierdie vrees kon nie deur brute krag alleen besweer

word nie. Die swart bevrydingstryd het dus die impetus vir politieke verandering verhoog.

### 2.3.1.3 Ekonomiese faktore

'n Verdere interne faktor wat druk meegebring het vir politieke verandering is die ekonomiese omstandighede in die land. Die toenemende leweloosheid van die Suid-Afrikaanse ekonomie in die sewentigerjare het 'n ernstige politieke vraagstuk geword aangesien dit die regering van die dag gedwing het om die sosiale verspreiding van bronne te heroorweeg. Net soos in die geval van ander ontwikkelende lande het Suid-Afrika die spanning van die 1970 olieprys-skokke, die fluktuerende pryse van primêre kommoditeitsuitvoere en hoër invoerpryse, veral van kapitale toerusting, gevoel. Die groei van plaaslike markte is verder beperk deur swart armoede en 'n toenemende gebrek aan vaardighede in die arbeidsmark weens werkreservering. Die heersende onderwysbeleid wat daartoe gelei het dat daar oorwegend onderwys van minderwaardige gehalte in swart skole gegee is, het verder bygedra tot 'n gebrek aan opgeleide mannekrag (Munro: 1995:10; Rex, 1981:12). Le May (1995:240) beweer gevolglik dat die swart onderwysbeleid toenemend 'n bedreiging geword het vir die waardes wat dit veronderstel was om te beskerm.

Munro (1995:11-12) wys daarop dat daar teen die sewentigerjare 'n groep aggressiewe en onafhanklike Afrikaner kapitaliste na vore getree het, veral in die kommersiële en finansiële sektore. Afrikaner konglomerate soos Sanlam en Rembrandt het magsposisies in die korporatiewe wêreld beklee, en het druk op die regering geplaas om aan hul materiële belange aandag te gee. Afrikaner besigheidslui het begin om die beperkinge op die arbeidsmark, asook staatsmonopolieë te kritiseer (Beinart, 1994:228).

Binnelandse ekonomiese stabiliteit het toenemend afgehang van die regering se vermoë om buitelandse skuld te bestuur. Geweld en opstand teen Apartheid, waaronder die Soweto opstande, het egter die uitvloei van kapitaal uit die land gestimuleer en

toegang tot buitelandse finansiering ernstig belemmer. Die goudprys het in 1983 drasties gedaal, en duur invoere het regeringsbronne verder uitgeput. Stygende inflasie, toenemende insolvensies en 'n daling in die *per capita* inkomste van witmense was tekenend van hierdie periode. Die ekonomiese probleme het werkloosheid van ongekende omvang meegebring, wat weer politieke onrus aangewakker het (Beinart, 1994:240). Die regering het op die afwaartse ekonomiese tendense reageer deur onder andere rentekoerse te verhoog. Hierdie stap het veral op die reeds groot skuldlas van die landbousektor impakteer, wat verdere vervreemding tussen dié groep en die regering tot gevolg gehad het (Beinart, 1994:241).

Aansprake van swartmense op gelyke burgerskap het baie middelklas witmense verder ontstel. Namate staatsbeheer oor die mobiliteit van swartmense verslap het, het die grense wat Apartheid rondom die stedelike Afrikaner in stand gehou het, verkrummel. Intergroepkontak tussen wit en swart het toegeneem, en so ook wit vrese oor ekonomiese en fisiese sekuriteit (Munro, 1995:13). Die verswakking in die ekonomie het druk van sakelui om met die ANC te onderhandel meegebring (Ohlson & Stedman, 1994:133), en dit was duidelik dat Apartheid as ekonomiese beleid nie op die lang duur volgehou kon word nie. Bogenoemde omstandighede het ook die eksterne druk vir ekonomiese sanksies teen die land laat toeneem. Volgens Giliomee (1992b:112) het internasionale druk 'n kleiner invloed uitgeoefen as interne kragte, maar was nogtans 'n konstante krag waarmee rekening gehou moes word.

### 2.3.2 Eksterne faktore

Dit was veral ekonomiese druk vanuit die buiteland, asook die internasionale klimaat van politieke verandering wat die sosio-politieke verandering van buite die landsgrense gefasiliteer het.

#### 2.3.2.1 Ekonomiese druk

Waar die Afrikaner aanvanklik skynbaar onverskillig gestaan het teenoor eksterne kritiek, het hulle volgens Van Jaarsveld (1978:85) ná 1966 'n nuwe houding openbaar. Hulle het begin besef dat hulle veral die ekonomiese ondersteuning van die Westerse wêreld nodig het. Teen 1985 het Westerse finansiële instellings druk op P.W. Botha begin uitoefen om die pas van hervorming te versnel. Sy Rubicon toespraak het egter nie aan verwagtinge voldoen nie (Beinart, 1994:242) en internasionale finansiële ondersteuning het bykans opgedroog. Die regering was vasgevang tussen 'n baie duur ekonomiese stelsel en vyandig gesinde internasionale krediteure en moes noodgedwonge volgehoue begrotingstekorte in die gesig staar. Hulle was onder toenemende druk om finansiële stabiliteit te handhaaf, selfs ten koste van die handhawing van die materiële welstand van sommige Afrikaners (Munro:1995:11). Internasionale sanksies het hul tol begin eis en 'n ekonomiese oplossing moes gevind word. Le May (1995:248) meen egter dat dit nie sanksies alleen was wat druk op die regering uitgeoefen het nie, maar eerder die tekort aan kapitaal en die bykans onmoontlike taak om buitelandse lenings te bekom, met 'n gevolglike verlies aan vertroue in die stabiliteit van Suid-Afrika. Teen 1989 was meer as 60% van die Afrikanerelite van mening dat die kombinasie van internasionale druk en sanksies op die ou end opponerende partye sou noop om te begin onderhandel (Giliomee, 1992a:358).

#### 2.3.2.2 Internasionale politieke verandering

Politieke verandering in Suid-Afrika het nie in isolasie plaasgevind nie, maar was deel van 'n internasionale transformasie van politieke stelsels, wat 'n klimaat van politieke hervorming teweeg gebring het. F.W. De Klerk se oorname van leierskap in 1989 het saamgeval met 'n aantal veranderinge in die plaaslike en internasionale arena wat hom aangespoor het om 'n nuwe rigting in te slaan. Die ineenstorting van kommunistiese regerings in Oos-Europa en die Sowjet Unie het die persepsie van die "Rooi gevaar" onder Afrikaners ietwat getemper. In die regering se persepsie was die ANC sonder

die ondersteuning van die Sowjet Unie ook 'n meer hanteerbare opponent. Die onttrekking van Suid-Afrikaanse militêre magte uit Angola en Namibië het sommige van die elemente in die regering wat die grootste weerstand teen verandering gebied het, verswak. Teen die einde van 1989 het die regering van die VSA 'n verklaring uitgereik waarin hulle die versekering gegee het dat hulle op alle partye in die onderhandelingsproses ewe veel druk sal uitoefen om te bly onderhandel. Hierdie uitspraak het die regering verder moed gegee (Giliomee, 1992a:359). Die internasionale politieke klimaat was dus een van verandering en vernuwing, en het sodoende hervorming in Suid-Afrika gefasiliteer.

### 2.3.3 Teoretiese perspektiewe

Daar is benewens bostaande faktore ook verskeie teoretiese perspektiewe op die motivering agter politieke verandering. Moderniserings- en Marxistiese perspektiewe op, en die rol van die staat in politieke verandering word vervolgens bespreek.

#### 2.3.3.1 Moderniseringsteorie

Die moderniseringsteorie beweer dat kapitalistiese ontwikkeling noodwendig tot politieke verandering lei. Moderniseringsteoretici glo dat modernisering etniese identiteite en lojaliteite ondermyn. Namate die doelstellings van etniese mobilisering bereik is, word oer-oue identifikasies disfunksioneel en fokus individue toenemend op klassebelange. Moderne oorkoepelende identiteite en 'n verbruikerskultuur vervang gevolglik die ou en uitgediende etniese identiteite (Giliomee,1992a:340).

In teenstelling met die siening dat Afrikaners 'n verlies aan selfvertroue beleef het met betrekking tot hul politieke skepping, soos hierbo bespreek, word daar binne die moderniseringsperspektief beweer dat Afrikaner selfvertroue juis toegeneem het. Apartheid word gesien as die produk van 'n groepminderwaardigheidskompleks onder Afrikaners. Toe die struktuur wat Apartheid veronderstel was om te ondersteun, sterk genoeg was om alleen te staan, kon dit soos takelwerk verwyder word. Harrison

(1981:271) beweer: "The Afrikaner 'identity', nurtured by the Broederbond, was no longer under the threat it had been before 1948. The Republic had been won and endured. The country was prosperous and the Afrikaners' place in it secure".

Apartheid word binne die moderniseringsteorie beskou as 'n pre-moderne stelsel, en die produk van 'n tradisionele ekonomiese elite wat hoofsaaklik bestaan het uit Afrikaanse boere, Engelse mynbase en blanke werkers, of uit 'n "wit stam" wat afhanklik was van staatsbeheer om Afrikaner kapitaal te mobiliseer en 'n Afrikaanse bourgeoisie te skep. Die motivering vir Apartheid het binne hierdie teorie op ideologiese oorwegings berus, eerder as die behoeftes aan die akkumulasie van kapitaal of klassebelange.

Een van die aannames van die moderniseringsbenadering se ontleding van sosiale en politieke verandering, is dat ekonomiese ontwikkeling die sosiale mag van 'n bourgeoisie sal versterk en verseker, en dat hul behoefte aan groter ekonomiese effektiwiteit en die behoud van kapitalisme 'n meer "moderne" regeringstelsel onontbeerlik sal maak. Die verband tussen kapitalistiese ontwikkeling en politieke verandering in Suid-Afrika word deur Alister Sparks (1990:16) soos volg opgesom: "The spread of capitalism was doing its corroding, corrupting work. The ethnic fire in the Afrikaner cracker's belly was going out, to be replaced by the acquisitiveness and consumer culture of an urban bourgeoisie." Binne hierdie benadering het die lewenstandaard wat Apartheid vir die Afrikaner meegebring het daartoe gelei dat Afrikaneridentiteit minder belangrik geword het. Die welvaart van die Afrikaner het hul bekrompe houdings verswak, hul godsdienstige fundamentalisme getemper en hul rassisme verminder. Hulle sou dus hul lewenstandaard wou behou, selfs al sou dit beteken dat hulle hul kulturele identiteit moet prysgee (Ohlson & Stedman, 1994:141). Adam (1990:236) som hierdie standpunt soos volg op: "It has yet to be proven anywhere that a BMW-owning bureaucratic bourgeoisie with swimmimg pools and servants readiliy sacrifices the good life for psychologically gratifying ethnic affinities". Die voordele van ekonomiese groei en deelname aan die internasionale ekonomie het stelselmatig in konflik begin kom met die waarde van 'n nasionalistiese

identiteit. Die Afrikaneralliansie het dus op toenemend uiteenlopende ekonomiese belange berus, wat tot konflik binne Afrikanergeledere aanleiding gegee het. Die aanname van die moderniseringsperspektief dat kapitalistiese ontwikkeling tot politieke verandering lei, impliseer dat die ekonomiese belange van witmense, en veral Afrikaners, die enkele belangrikste faktor is wat tot politieke verandering in Suid-Afrika aanleiding gegee het.

### 2.3.3.2 Marxistiese perspektief

Waar moderniseringsteoretici Apartheid en kapitalistiese ontwikkeling teenoor mekaar stel en Apartheid as ekonomies irrasioneel bestempel, beklemtoon Marxistiese ontleders die funksionele versoenbaarheid van kapitalisme met die praktyke van Apartheid. Die hoofdoel van Apartheid binne hierdie beskouing was die voorsiening van goedkoop swart arbeid aan stedelike nywerhede. Apartheid word dus beskou as 'n uitdrukking van klassebelange en 'n behoefte aan die akkumulasie van kapitaal, eerder as 'n ideologies-gebaseerde sisteem (Beinart, 1994:165; Posel,1991:9; Rex, 1981:193).

Vanuit die Marxistiese perspektief het georganiseerde ekonomiese klasse binne Afrikanergeledere, onder die vaandel van die NP, aanvanklik 'n alliansie gevorm om die Apartheidstaat daar te stel. Teen die vroeë tagtigerjare het dié alliansie toenemend disfunksioneel geword. Die implikasies van Apartheid vir arbeidsvoorsiening het in die weg gestaan van die ekonomiese vooruitgang van Afrikaners. Afrikanereenheid het 'n struikelblok geword vir die akkumulasie van kapitaal deur die Afrikanerelite en gevolglik is dit (Afrikanereenheid) geoffer op die altaar van die "totale aanslag" en die eenheid van die kapitalistiese klas (Giliomee, 1992a:340; Le May, 1995:232). "Liberale" Afrikaners het dus politieke verandering geïnisieer, nie omdat hulle met die beleid van Apartheid *per se* verskil het nie, maar omdat die implikasies daarvan vir arbeid nie langer hul belange gedien het nie (Beinart, 1994:235).

### 2.3.3.3 Kritiek teen die moderniserings- en Marxistiese perspektiewe

Beide die Marxistiese en moderniseringsteorieë se sienings van politieke verandering word gekritiseer as synde 'n oorbeklemtoning van materiële belange ten koste van ander faktore te verteenwoordig. Verskeie teoretici beklemtoon dat 'n aantal kenmerke uniek aan die Suid-Afrikaanse situasie die soms simplistiese argumente van beide hierdie teorieë aansienlik kompliseer.

Volgens Beinart (1994:234) was ekonomiese en industriële groei onder Apartheid aanvanklik indrukwekkend. Multinasionale korporasies, mynhuise, die staat en die landbousektor het in die besonder bygedra tot die akkumulasie van kapitaal. Hierdie aspek van die Marxistiese argument is volgens hom geregverdig. 'n Tekort aan geskoolde mannekrag, tegnologiese afhanklikheid en 'n gebrek aan ekonomiese kompetisie het egter teen die laat sewentigerjare steun verleen aan die moderniseringsargument dat Apartheid ekonomiese groei inhibeer en dat die ekonomiese groeikoers meer indrukwekkend sou gewees het daarsonder. Rex (1981:194) merk op dat ondersteuners van die Marxistiese teorieë nie altyd insien dat daar groot sosiale en politieke verskille is tussen 'n kapitalistiese stelsel wat funksioneer in omstandighede van wit superioriteit en 'n nie-rassige kapitalisme nie. Le May stel dit soos volg (1995:232): "...the Afrikaner Nationalist does not fit easily into the confinement of Marxist man...".

Volgens Manzo en McGowan (1992:22) klink die moderniseringsargument ook oënskynlik aanvaarbaar, maar is daar 'n aantal veranderlikes wat die verband tussen kapitalistiese ontwikkeling en politieke verandering in die Suid-Afrikaanse konteks minder vanselfsprekend maak. In die eerste plek is politieke stelsels nie net uitdrukkings van klassebelange nie. Hulle voortbestaan is eerder afhanklik van hul "tegnieke van legitimering", asook brute krag en onderdrukking. Hierdie tegnieke manifesteer in die vorm van politieke ideologieë, wat, wanneer dit algemeen aanvaar word, geïnternaliseer word as die oortuigingsisteme van individuele lede van die samelewing. Ideaal gesproke, word hierdie oortuigingsisteme ook deur onderdrukte

groepe geïnternaliseer, wat dus grootskaalse onderdrukking onnodig maak. Dié stelsels is egter dikwels meer geneig om die heersersklas saam te bind, sodat 'n dominante elite kan voortgaan om in die regverdigheid, geregtigheid en natuurlikheid van hul oorheersing te glo, selfs al sou eenvoudige ekonomiese logika so 'n stelsel irrasioneel maak. Vir kapitalistiese ontwikkeling om betekenisvolle politieke veranderinge in SA teweeg te bring, sou dit dus eers die tegnieke van legitimering moes afbreek. Dit is egter juis in die ekonomiese bloeitydperk van die vyftiger- en sestigerjare, dat die ideologie van Apartheid deur burgers van die land geïnternaliseer is. Een aspek van dié ideologie wat duidelik op Afrikaners gemik was, was die verwagting dat slegs Apartheid die fisiese en kulturele oorlewing van die "volk" sou kon waarborg. Hulle het begin glo dat integrasie die einde van alles wat eie is aan die "volk", sou beteken.

Giliomee (1992a:341) beweer dat moderniseringsteoretici die invloed van materialisme op individue se doen en late grootliks oordryf, en sodoende die invloed van etniese kragte ignoreer. Volgens hom is etniese groepe dikwels bereid om groot materiële opofferings te maak ter wille van etniese outonomie en ander kulturele oorwegings. Die kollektiewe strewe na mag en status word eweneens deur moderniseringsteoretici onderskat. Hierdie strewe is volgens Horowitz (1985:187) besonder sterk in samelewings soos Suid-Afrika, waar individue se status bykans onlosmaaklik verbind is aan die status van hul etniese groep.

Verder is die ideologie van swart biologiese of rasse-minderwaardigheid soms gebruik om wit oorheersing te regverdig. Die nasionale verskeidenheid binne die Suid-Afrikaanse bevolking as geheel is gebruik om sosiale en politieke skeiding tussen wit en swart te regverdig. Hierdie idees het reeds in die dertiger- en veertigerjare begin vorm aanneem, en is deur Afrikanergeledere versprei deur middel van organisasies soos die Afrikaner Broederbond (AB), die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasseaangeleenthede (SABRA) en die affiliate van die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) (Posel, 1991:50).

Manzo en McGowan (1992:22) kom gevolglik tot die slotsom dat, alhoewel kapitalistiese ontwikkeling praktyke soos rassediskriminasie en onderdrukking irrasioneel mag laat lyk, modernisering nie noodwendig lojaliteite aan 'n sisteem van wit oorheersing uit die weg sou ruim wat geregverdig is op grond van Afrikaneridentiteit, swart minderwaardigheid en sosio-kulturele pluralisme nie. Hulle het dan ook empiries bevind dat die sosio-politieke verandering in Suid-Afrika nie alleen toegeskryf kan word aan ekonomiese oorwegings nie. Hulle beweer dat, in plaas daarvan dat kapitalistiese ontwikkeling moderne mense geskep het wat verandering inisieer op grond van rasionele ekonomiese belange, die swart bevrydingstryd bang mense geskep het wat besef het hulle gaan nie ander oortuig van die politieke stelsel wat hulle steun nie. De Villiers (1987:320) beskryf in dié lig Apartheid as die "politiek van vrees" sowel as die "politiek van voorreg".

Waar Posel (1991:6) beweer dat die Afrikaner se afhanklikheid van swart arbeid, asook die kwessie van swart verstedeliking histories die vernaamste geskilpunte in Afrikanergeledere was, argumenteer Giliomee (1992a:363) dat ook die politieke breuk *binne* Afrikanergeledere nie in die eerste instansie deur materiële en klassekonflik teweeg gebring is nie, maar deur simboliese vraagstukke oor die beste manier om Afrikaner oorlewing te waarborg. Hierdie debat het gelei tot intra-Afrikaner konflik op verskeie terreine.

Giliomee stem egter wel saam dat modernisering tot 'n verandering in waardes gelei het. In die geval van Afrikaners het dit die aanvaarding van die norm van nie-diskriminasie en die verwerping van overte rassisme meegebring, ten minste in die geledere van die regerende party. Die besluit om te onderhandel is egter volgens hom meer deur politieke as deur materiële oorwegings beïnvloed. Ook Manzo en McGowan (1992:23) argumenteer in die lig van hul bevindinge téén die sogenaamde "Oppenheimer-hipotese", naamlik dat kapitalistiese ontwikkeling *noodwendig* die einde van Apartheid sou beteken. Hulle stem saam dat die ekonomiese realiteite wel aan alle Suid-Afrikaners 'n sterk materiële belang in politieke hervorming gegee het *mits* die uitkoms daarvan wit en swart sekuriteit en identiteitsbehoeftes in ag sou neem.

Die moderniserings- en Marxistiese teorieë bied dus nie een 'n bevredigende verklaring vir die politieke verandering in Suid-Afrika nie. Beide Munro (1995:7) en Giliomee (1992a:342) stel gevolglik 'n alternatiewe perspektief op sosiale verandering aan die orde. Hierdie perspektief kyk verby klassestryd en ekonomiese konflik en inkorporeer die rol van die staat.

### 2.3.3.4 Die rol van die staat

Giliomee en Munro beweer dat daar 'n aantal state is waar rasse- en etniese verdelings in stand gehou is lank nadat hulle nie meer funksioneel was vir die klasse wat aanvanklik die statutêre beskerming daarvan genoodsaak het nie. In Suid-Afrika was die behoud van Afrikanereenheid een van die sterkste motiverende faktore vir die Apartheidstaat, en die verhouding tussen Afrikanerkultuur en die mag van die staat 'n sentrale vraagstuk in Afrikaner politiek. Namate kompeterende politieke aansprake egter toegeneem het, het die staat 'n belang daarby gekry om die noue verbintenis tussen die staat en die Afrikaner as groep te transendeer. Die depolitisering van die sosiale orde en die gevolglike groter samewerking tussen die staat en sakelui het by baie Afrikaners 'n gevoel van verwerping gewek. Die beëindiging van die beginsel van eksklusiewe wit toegang tot die staat by wyse van die driekamerparlement het konserwatiewe Afrikaners verder vervreem (Munro, 1995:12). Die wegbreek van die KP in 1982 het opnuut die vraag laat ontstaan oor hoe eksplisiet die mag van die staat gebruik kan word om Afrikaneridentiteit en belange te beskerm, en het aanleiding gegee tot skerp kontrasterende sienings van Afrikaneridentiteit en belange (Giliomee, 1992a:342). Die regering het besef dat 'n ander roete gevolg sou moes word om oorlewing van die groep te bewerkstellig. Politieke hervorming in Suid-Afrika word dus binne hierdie perspektief gesien as die gevolg van 'n verswakking van die eksplisiete verband tussen die staat en Afrikaneridentiteit.

## 2.4 Samevatting

Uit die oorsig oor die rol van die Afrikaner in die politiek van Suid-Afrika blyk dit dat daar histories 'n noue verbintenis was tussen Afrikaneridentiteit en politiek. Apartheid is aanvanklik gebruik om Afrikaners se ekonomiese posisie te verbeter en kulturele oorlewing te waarborg. Afrikanereenheid is egter grootliks 'n mite en verdeeldheid oor die toepassing van Apartheid en die aard van die verbintenis tussen die staat en die groep was 'n sentrale kenmerk van die geskiedenis van die groep. Aangesien die NP egter deurgaans die steun van die meerderheid Afrikaners geniet het, kon dié party politieke verandering inisieer, alhoewel dit nie die goedkeuring van meer konserwatiewe Afrikaners weggedra het nie.

Die vernaamste beweegredes vir die politieke verandering in die land is ook bespreek. Al die faktore wat in die hoofstuk bespreek is, het waarskynlik tot 'n mindere of meerdere mate bygedra tot die politieke veranderinge in Suid-Afrika. Ongeag of hulle die politieke verandering gesteun het, het die oorgang na 'n demokratiese bestel besondere implikasies vir die Afrikaner gehad. Hulle het die *status quo* verruil vir 'n onsekere toekoms, deels weens lojaliteit aan hul leiers (Booysen & Kotzé, 1985:23; Le May,1995:262) en deels weens hul oortuiging dat hul verteenwoordigers 'n regverdige posisie in die nuwe orde sou geniet (Adam, 1995:461). Waar hulle in die voorafgaande halfeeu berug was as die skeppers van Apartheid, was die groep in meer resente tye volgens Le May (1995:9) "celebrated for abandoning their creation, voting themselves out of power and submitting themselves to the uncertainties of democracy in a multiracial society". Binne Afrikanergeledere het die besluit om Apartheid op te hef en onderhandelings te betree, 'n herevaluering van Afrikaneridentiteit ontketen (Giliomee, 1992a:361). Giliomee beweer dat die sukses van die nuwe politieke bestel tot 'n groot mate afhang van Afrikaners se vermoë om hul etniese identiteit en aansprake te herdefinieer (1992a:339). Die kontras tussen die posisie van politieke mag en beheer voor die oorgang, en dié van gestigmatiseerde minderheidsgroep daarna, stel besondere eise aan die groep en die individue binne die groep. Die aard

en omvang van hul aanpassing by hierdie veranderde omstandighede is een van die fokuspunte van hierdie studie.

Die agtergrond wat in hierdie hoofstuk geskets is, is nodig ten einde die omvang van die emosionele aanpassing wat nodig was vir Afrikaners in 'n post-Apartheid Suid-Afrika te begryp. In die volgende hoofstuk word dié groep in groter besonderhede bespreek.

# HOOFSTUK 3

# DIE AFRIKANER AS ETNIESE GROEP

## 3.1 INLEIDENDE OPMERKINGS

In hierdie hoofstuk word die ondersoekgroep van die studie van naderby beskou. Die "Afrikaner" is 'n groep wat nie maklik gedefinieer kan word nie. Woordeboekdefinisies van die term verwys hoofsaaklik na eienskappe soos 'n Suid-Afrikaanse herkoms (met Europese afkoms), en die Afrikaanse taal as definiërende kenmerke van 'n "Afrikaner". Louw-Potgieter (1988:50) voeg by dat 'n "tipiese" Afrikaner ook waarskynlik vir die NP sou stem en aan een van die drie susterskerke behoort. Waar sommige waarnemers van mening is dat almal wat Afrikaans as moedertaal het, in dié groep tuishoort, sluit ander die addisionele afbakening in terme van ras in. Reeds in 1970 het die meerderheid van wit Afrikaanssprekendes aangedui dat hulle Afrikaanssprekende Kleurlinge as Afrikaners beskou. Die politieke en kulturele Afrikanerelite het egter in die verlede 'n inklusiewe definisie teengestaan, terwyl kleurling intellektuele enige assosiasie met die Afrikaner verwerp het (Giliomee, 1992a:361). Die debat rondom die definisie van 'n "Afrikaner" is nog lank nie afgehandel nie, en die grense van die term nie besonder duidelik nie. Die afbakening van die groep vir die doeleindes van die onderhawige studie is reeds in hoofstuk een bespreek.

Ongeag hoe die grense van die groep afgebaken word, word dié groep nietemin binne die meeste teoretiese en praktiese beskouings as 'n etniese groep beskou. Ter agtergrond tot die bestudering van die groep is dit dus nodig om kortliks na etnisiteit en etniese identifikasie as konstrukte te verwys ten einde die aard van die groep beter te begryp. Ná hierdie oorsig word die Afrikaner as groep bespreek met verwysing na die aard van die groep, asook navorsing wat tot op hede oor die groep gedoen is.

## 3.2 ETNISITEIT

### 3.2.1 Etnisiteit in sosiaal-sielkundige navorsing

Yinger (1985:152) meld dat daar in die vroeë tagtigerjare 'n groot toename in navorsing oor etnisiteit was. In 'n oorsig oor navorsing in dié veld rapporteer hy teenstrydige reaksies op die verhoogde belangstelling in die konsep. Die oorgrote meerderheid van navorsers verwelkom die verwikkeling, aangesien etniese affiniteite gesien word as een manier om 'n kulturele erfenis te bewaar, klasgrense te versag, politieke en ekonomiese voordele vir groepe te beding, 'n meer intieme skakeling in groot, onpersoonlike samelewings te bewerkstellig, en die oordrag van mag na die staat te vertraag. Hierdie siening word ondersteun deur Nicholson (1994:51) wat van mening is dat etnisiteit beantwoord aan 'n basiese menslike behoefte om te behoort. Om te behoort, beteken egter om uit te sluit en grense te trek. Dit is waarskynlik hierdie eienskap van etnisiteit wat 'n minderheid waarnemers aan die ander kant laat opmerk dat etniese verskille oorbeklemtoon en verabsoluteer word. Hulle sien etnisiteit as 'n bron van verdeeldheid en ongelykheid, en iets wat 'n mens verblind vir die strukture van diskriminasie (Yinger, 1985:153). Etnisiteit kan dus gebruik word om voorregte en mag in die hande van die dominante groep te hou (Nicholson, 1994:51). Daar is dan ook navorsers wat beweer dat 'n klem op etnisiteit 'n inherente konserwatisme weerspieël.

Die verskuiwing van klem in Suid-Afrika in die nuwe politieke bedeling na inklusiwiteit, versoening tussen rasse en kleurblindheid, is volgens Adam (1995:460) in kontras met die herlewing van etnisiteit wêreldwyd. In die res van Afrika het pogings tot nasiebou grootliks misluk (Adam, 1995: 460). Die pogings tot nasiebou in Suid-Afrika speel hul af teen 'n agtergrond waarin etniese verskille lank deur wetgewing in stand gehou is. 'n Sterk motiverende faktor vir die Apartheidsbeleid was trouens die behoud van die Afrikaner se etniese grense, eenheid en identiteit (Giliomee, 1992a:342; Le May, 1995:200; Louw-Potgieter & Giles, 1987:284). Volgens Adam (1995: 462) het etnisiteit in Suid-Afrika bloot ras vervang as 'n meer legitieme term in navorsing toe

laasgenoemde té kras begin voorkom het. Die skaduwee van Apartheid het egter altyd oor die term gehang wat die bykans uitgeworpe status daarvan in Suid-Afrikaanse navorsing verklaar. Hierdie stigma is egter nie nuut of uniek aan Suid-Afrika nie. Gleason (1983:924) beweer dat die oortuiging dat verskillende groepe individue gekenmerk word deur onderskeie eienskappe vanaf die vroegste tye reeds bestaan, maar in die dertigerjare 'n ongewilde standpunt geword het vanweë die assosiasie daarvan met rassisme. In Suid-Afrika was dit soveel te meer die geval as gevolg van die statutêre instandhouding van groepgrense. Bornman merk op dat dit in Suid-Afrika as polities inkorrek beskou is om erkenning te gee aan etnisiteit as sosiale verskynsel (1995:18) en verklaar só die gebrek aan navorsing oor die onderwerp. Benewens die studie van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN, 1985) oor tussengroepverhoudings en Bornman (1995) se studie is daar min resente navorsing oor etnisiteit in Suid-Afrika beskikbaar.

### 3.2.2 Omskrywing van etnisiteit

Daar is nie eenstemmigheid onder navorsers oor die definisie van etnisiteit nie. Rhoodie (1985:43) meen egter dat die feit dat sosiaal-wetenskaplikes onderling oor die konsep verskil, nie die realiteit van etnisiteit as 'n primêre modus van sosiale organisasie en groep-differensiasie negeer nie. Verder, alhoewel individue hulself nie formeel 'n etniese groep noem nie, beteken dit nie dat hulle nie die sosiale gedrag van 'n etniese groep kan manifesteer nie. Dit is dus individuele reële sosiale gedrag en die oorsake daarvan wat van deurslaggewende belang is, en nie akademiese meningsverskille oor vakkundige semantiek nie.

In die mees elementêre vorm verwys etnisiteit na die objektiewe lidmaatskap van 'n etniese groep. Dit is egter 'n multidimensionele konstruk. 'n Etniese groep word deur Smith (1991:181) soos volg omskryf: "An ethnic group [is a] reference group called upon by people who share a common history and culture, who may be indentifiable because they share similar physical features and values and who, through the process of interacting with each other and establishing boundaries with others, identify

themselves as being a member of that group". Hierdie definisie verteenwoordig 'n aantal van die dimensies van etnisiteit wat deur Bornman (1996:23) geïdentifiseer word. Hierdie dimensies word vervolgens bespreek. Louw-Potgieter en Giles (1987:283) maan egter dat die dimensies nie vir alle groepe ewe belangrik is nie en dus kan wissel van een konteks na die volgende.

Die eerste dimensie van etnisiteit is die persepsie van verwantskap, of, anders gestel, 'n gemeenskaplike biogenetiese afkoms. Hierdie persepsie is dikwels slegs 'n mite, maar solank dié mite 'n mate van geldigheid onder groeplede besit, kan dit dien as een van die fondamente van etniese samehorigheid (Yinger,1983:395). Die noodwendige gevolg van dié persepsie van gemeenskaplike herkoms, is een van 'n gedeelde geskiedenis. Hierdie aspek sluit aan by die volgende dimensie van etnisiteit, naamlik 'n kulturele dimensie.

Die kulturele dimensie behels 'n gemeenskaplike kulturele agtergrond wat bykans as definiërende eienskap van etnisiteit beskou word (Liebkind, 1992:149; Yinger, 1983:395). Phinney (1990:503) noem veral taal, waardes en geskiedenis as aspekte van kultuur wat in die besonder relevant is vir etnisiteit. Volgens Bornman is daar twee kardinale aspekte verbonde aan die kulturele dimensie naamlik simbole en taal. Simbole dien as verwysingspunte vir die individu en vorm riglyne vir selfdefinisie, terwyl taal volgens Bornman (1995:34) en Phinney (1990:507) as een van die betroubaarste kenmerke van etnisiteit beskryf kan word.

Die konsep van grense is 'n verdere dimensie wat met etnisiteit geassosieer word, in dié sin dat etniese grense sekere individue in- en ander uitsluit as lede van die etniese groep.

Historiese kontinuïteit kan ook as 'n dimensie van etnisiteit beskou word. Hierdie dimensie lei daartoe dat etniese groepe voortbestaan ten spyte van veranderinge in die sosiale omgewing (Bornman, 1995:40). Een van die belangrike funksies van die etniese

groep is trouens om 'n sin van historiese kontinuïteit te verskaf (Bornman, 1995:85; Smith, 1991:182).

Teenoor die dimensie van kontinuïteit staan die situasionele of kontekstuele aard van etnisiteit. Die uiterste vorm van hierdie dimensie word verteenwoordig deur die standpunt dat etnisiteit bloot die reaksie op bedreiging, of 'n vorm van verset teen inmenging is. Dit is dus slegs in bepaalde kontekste relevant en die kontinue aard daarvan word ontken (Bornman, 1995:46). Waar sommige teoretici óf die kontinue óf die situasionele aard van identiteit beklemtoon, beweer Giliomee (1992a:342) dat etniese identiteit beide 'n kontinue en situasionele aard het. Etniese identiteite pas aan die een kant aan by veranderende omstandighede en word in dié proses herskep. Deur die prosesse van assimilasie en akkommodasie word nuwe komponente in die identiteitstruktuur opgeneem en aanpassings in die bestaande struktuur gemaak om plek te maak vir nuwe elemente. Aan die ander kant kan 'n individu nie bloot van etniese identiteit verwissel nie, enersyds omdat dit nie slegs aan 'n wilsbesluit onderworpe is nie, en andersyds omdat etniese identiteit ook deur buitegroepe gedefinieer word (Babad *et al.*, 1983:18; Smith, 1981:182).

Laasgenoemde aspek maak van etniese groeplidmaatskap 'n besondere tipe groeplidmaatskap in dié sin dat dit ook deur buitegroeplede gedefinieer en geëvalueer word (Yinger, 1983:395). Indien die dominante groep in die samelewing die eienskappe van 'n etniese groep negatief evalueer, word lede van die groep met 'n potensieel negatiewe sosiale identiteit gekonfronteer (Phinney, 1990:501; Yinger, 1985:159). Lau (1989:222) sê in dié verband: "The more strongly other people treat a person as part of a group, the more strongly will that group become a part of the person's social identity". Dit word bevestig deur Adam (1995:463) wat beweer dat etniese identiteit nie net verander in reaksie op die behoeftes van binnegroeplede nie, maar ook in reaksie op die aard van die toegeskrewe identiteit soos bepaal deur buitegroeplede. Groepe bepaal dus nie die inhoud van hul etniese identiteit op hul eie nie, maar word beperk deur die stereotipes en persepsies wat deur buitegroeplede gehuldig word. Apartheid en 'n geskiedenis van onderdrukking het byvoorbeeld by

swartmense in Suid-Afrika 'n besonder negatiewe beeld van wit Afrikaanssprekendes geskep (Horowitz, 1991:69; Morsbach & Morsbach, 1967:290; Morsbach, 1973:322; Nieuwoudt & Plug, 1983). Hulle sal dus moeilik oortuig word deur 'n herdefiniëring van Afrikanerskap deur Afrikaners self. Die proses van etniese identiteitsvorming is 'n kontinue, dinamiese interaksie tussen die self en ander. Dit lei tot 'n konstante definiëring en herdefiniëring, evaluering en herevaluering van die self op grond van ervarings in die verlede en die hede, en 'n internalisering of verwerping van die definisies en evaluerings wat deur ander voorgestel of afgedwing word (Liebkind, 1992:163). Terwyl etnisiteit dus nie gereduseer kan word tot 'n kontekstuele verskynsel nie, moet die invloed van kontekstuele faktore op die dimensies van etnisiteit nie onderskat word nie.

Bornman verwys voorts na 'n "willekeurige dimensie" van etnisiteit. Alhoewel individue nie altyd kan kies aan watter etniese groep hulle behoort nie, het hulle altyd 'n keuse ten opsigte van die mate waartoe hulle met die groep identifiseer en die waarde wat aan die lidmaatskap geheg word. Die beginsel van selfidentifikasie en selfkategorisering as groeplid kom trouens sterk na vore in die meeste sienings van etnisiteit (Lau, 1989:220; Phinney, 1990:500). Baie klem word dan ook in navorsing oor etnisiteit gelê op die feit dat objektiewe groeplidmaatskap nie as voldoende aanduiding van etnisiteit gesien kan word nie, maar dat subjektiewe identifikasie met 'n etniese groep die maatstaf behoort te wees.

Etnisiteit het ook 'n politieke dimensie, aangesien etniese groepe as belangegroepe in die samelewing funksioneer in kompetisie met ander groepe (Babad *et al.*, 1983:147; Bornman, 1995:41). Hierdie dimensie is veral in die verlede in Suid-Afrika beklemtoon deur die statutêre instandhouding van etniese grense. Rodriguez en Gurin (1990:241), Christian, Gadfield, Giles, en Taylor (1976:281), asook White en Burke (1987:320) stel die politieke dimensie van etnisiteit teenoor die kulturele dimensie en beweer dat individue gewoonlik een van hierdie aspekte beklemtoon ten koste van die ander.

'n Laaste dimensie van etnisiteit is die sielkundige dimensie daarvan. Hierna kan verwys word as etniese identiteit.

### 3.2.3 Etniese identiteit

Etniese identiteit kan beskou word as die sielkundige komponent van etnisiteit. Dit is veral hierdie komponent van etnisiteit wat sosiale en politieke gedrag beïnvloed. Alhoewel die term soms as sinoniem vir etnisiteit gebruik word, meen verskeie teoretici (Bornman, 1995: 38; Keefe, 1992:35; Phinney 1992:156) dat dit spesifiek verwys na die sielkundige dimensie van etnisiteit. Alba en Chamlin deel dié siening deur etniese identiteit te beskryf as "the felt significance of ethnicity" (1983:241), terwyl White en Burke (1987:313) daarna verwys as die individu se internalisering van die trekke of betekenis wat geassosieer word met die identiteit en alter-identiteit van die etniese groep. Bornman (1995:316) onderskei in haar Suid-Afrikaanse steekproef 'n duidelike sielkundige komponent van etniese identiteit, wat deur haar as bevestiging beskou word dat etnisiteit nie slegs 'n sosiale, politieke of kulturele verskynsel is nie, maar ook implikasies het vir die sielkunde van die individu.

Binne die SIT kan etniese identiteit gedefinieer word as daardie deel van sosiale identiteit wat spesifiek handel oor die bydrae van individue se lidmaatskap van 'n etniese groep tot hul selfkonsep. Volgens Smith (1991:182) is een van die funksies van die etniese groep om te dien as die individu se verwysingspunt ten opsigte van status of selfkonsep. Wanneer individue hul etniese groep as 'n positiewe verwysingsgroep beskou, lei dit tot 'n positiewe selfkonsep, en omgekeerd.

Etniese identiteit word hoofsaaklik vanuit twee paradigmas bestudeer. Die een is 'n stand-van-sake of dwarssnit model wat etniese identiteit op 'n gegewe tydstip bepaal (bv. Phinney, 1992). Die ander is 'n fase-model wat 'n bepaalde ontwikkeling in etniese identiteit suggereer (Marcia, 1966; Helms, 1990). Laasgenoemde modelle het dikwels 'n meer psigodinamiese fokus, wat identiteit hoofsaaklik as 'n interne proses sien. Ongeag watter model gebruik word, is dit belangrik om kennis te neem dat, in

terme van die ontwikkeling van identiteit, die totaliteit van selfvoorstellings as lid van 'n etniese groep hoogstens 'n dwarssnit van die totale identiteitsproses is.

Verskeie dimensies van etniese identiteit is geïdentifiseer in navorsing oor die onderwerp. Dit sluit in selfidentifikasie of selfkategorisering as groeplid (Phinney, 1990:503), wat 'n manifestasie is van die "willekeurige dimensie" van etnisiteit soos deur Bornman beskryf (1995:39). Hierdie dimensie dra daartoe by dat etniese identiteit 'n dinamiese produk is wat nie bloot gegewe is nie. Die aktiewe rol van die individu in die ontwikkeling van etniese identiteit word dus beklemtoon (Phinney,1990:500). Phinney beklemtoon dat selfkategorisering as lid van 'n etniese groep 'n voorvereiste is vir etniese identiteit en dat hierdie aspek eksplisiet gemeet moet word ten einde 'n verwarring van etniese identiteit met etnisiteit te voorkom. Kitzinger en Stainton Rogers (1985:167) asook Keefe (1992:38) het bevind dat selfs individue wat hulself in dieselfde etniese kategorie plaas, wyd uiteenlopende betekenisse aan hierdie identifikasie mag heg.

'n Gevoel van gebondenheid aan, trots op en lojaliteit teenoor die binnegroep word deur verskeie teoretici genoem as 'n aspek van etniese identiteit (Phinney, 1990:503; Keefe, 1992:35). Smith (1991:182) noem dat die etniese groep gewoonlik 'n groep is waarvan die individu graag aanvaarding wil verkry of behou. Sodanige aanvaarding lei dan tot 'n gevoel van geborgenheid, wat gedefinieer kan word in terme van 'n kontras met ander groepe, dit wil sê die gevoel van eksklusiwiteit of onderskeibaarheid van lede van ander groepe. Individue het 'n behoefte om hulself as soortgelyk aan ander lede van 'n kategorie te beskou. Die persepsie van onderskeibaarheid is 'n belangrike dimensie van etniese identiteit (Breakwell, 1986:24; Bornman, 1995:49; Keefe, 1992:35) en sluit aan by die teoretiese dimensie van grense wat hierbo genoem is.

'n Sin van gedeelde waardes en houdings, asook houdings teenoor die groep word as 'n verdere dimensie van etniese identiteit beskou (Phinney, 1990:500). Individue kan beide positiewe en negatiewe houdings teenoor hulle eie groep hê. Positiewe houdings

word dikwels as "bevestiging" en negatiewe houdings as "ontkenning" van etniese identiteit beskryf (Driedger,1976:135; Phinney, 1990:505). Hierdie onderskeid berus op die onderliggende teorie dat individue 'n duidelike sin van identifikasie met die erfenis en kultuur van hul binnegroep moet hê ten einde 'n vaste basis vir 'n gevoel van welstand te vorm. 'n Gebrek aan sekuriteit in die groep lei egter tot die ontkenning van groeplidmaatskap.

Soos hierbo genoem, is dit 'n besondere kenmerk van etnisiteit dat dit ook deur buitegroepe gedefinieer en in stand gehou word. Die manifestasie hiervan in die etniese identiteit van die individu is 'n bewustheid van diskriminasie en vooroordeel teenoor die binnegroep (Keefe, 1992:38). Hierdie dimensie het nie noodwendig 'n basis in die realiteit nie, maar die persepsie verteenwoordig 'n belangrike element van etniese identiteit (Keefe, 1992:41).

Bornman het in 'n Suid-Afrikaanse steekproef 'n aantal dimensies van etniese identiteit onderskei. Die eerste is 'n sielkundige komponent wat 'n emosionele verbondenheid aan die groep verteenwoordig. Aspekte soos trou, gebondenheid en verbondenheid aan die etniese groep; respek vir en trots op die groep en die emosionele bevrediging wat uit lidmaatskap van die groep geput word, word hieronder gereken. Die volgende dimensie verwys na die eksplorasie van groeplidmaatskap, identiteitsverwerwing en betrokkenheid by die groep (1995:319). Hierdie dimensie sluit aan by die gevoel van geborgenheid in die etniese groep. Eksplorasie verwys na 'n ondersoek na die aard van die betrokke groeplidmaatskap. Die lidmaatskap word dus nie slegs passief as toegeskrewe aanvaar nie, maar aktief en krities ondersoek. Identiteitsverwerwing verwys na die internalisering van groeplidmaatskap, terwyl betrokkenheid dui op deelname aan groepaktiwiteite en toewyding aan die groep. Die volgende dimensie noem Bornman "ambivalensie versus beskerming" (1995:319), wat verwys na die aanwesigheid al dan nie van ambivalente gevoelens oor lidmaatskap van die etniese groep, asook houdings teenoor die beskerming en bewaring van die tradisies, kultuur en identiteit van die binnegroep. Laasgenoemde twee aspekte vorm twee pole wat impliseer dat die bereidheid om bostaande aspekte te beskerm, saamhang met die

afwesigheid van ambivalente gevoelens ten opsigte van die lidmaatskap van die groep en andersom.

Etniese identiteit kan in die lig van bostaande omskrywings saamgevat word as die implikasies van individue se etniese groeplidmaatskap vir hulle lewe. Hierdie implikasies het verskeie dimensies, waaronder betrokkenheid by, geborgenheid in en toewyding aan die etniese groep, die beskerming van die groep se tradisies en waardes, eksplorasie ten opsigte van groeplidmaatskap, die afwesigheid van ambivalente gevoelens teenoor groeplidmaatskap, selfdefinisie as groeplid, en die persepsie van diskriminasie teenoor die binnegroep. Hierbenewens verskaf etniese identiteit 'n gevoel van historiese kontinuïteit aan die individu, maar dit beteken nie dat die identiteit staties is nie. Dit is ook onderworpe aan hersiening van tyd tot tyd.

Etniese identiteit is veral in multi-etniese samelewings 'n belangrike komponent van 'n individu se sosiale identiteit (Ethier & Deaux, 1990:428). Babad, Birnbaum en Benne (1983:150) meen dat, in samelewings waar 'n individu se etniese lidmaatskap besonder belangrik is, dit in `n groot mate bydra tot die posisie wat 'n individu bereik op die samelewing se leer van klas, status en mag. Wanneer die posisie van 'n groep op dié leer van status en mag dus verander, kan dit implikasies hê vir die mate waartoe die individu met die groep identifiseer. Hierna word verwys as etniese identifikasie, wat vervolgens in groter detail bespreek word.

### 3.2.4 Die sterkte van etniese identifikasie

Etniese identifikasie kan beskryf word as die mate waartoe die individue met hul etniese groep identifiseer. Daar is verskeie faktore, beide intern en ekstern tot die individu wat die sterkte van hierdie identifikasie kan beïnvloed. Individuele faktore verwys hoofsaaklik na die belangrikheid van groeplidmaatskap vir die individu. Die sosiale faktore wat 'n invloed op die sterkte van etniese identifikasie uitoefen, behels die sosiale konteks waarin groeplede hulself bevind, die posisie van die groep in die samelewing, en die persepsie van bedreiging.

### 3.2.5 Faktore wat die sterkte van etniese identifikasie beïnvloed

#### 3.2.5.1 Belangrikheid van groeplidmaatskap

Die vernaamste individuele faktor wat die sterkte van etniese identifikasie beïnvloed is die belangrikheid wat aan etniese groeplidmaatskap geheg word. Groeplidmaatskap *per se* bepaal dus nie die mate van identifikasie met die groep nie, maar wel die betekenis wat die groep vir die individu het (Branscombe & Wann, 1994:643). Individue sal op logiese gronde nie sterk met groepe identifiseer wat nie vir hulle van belang is nie. Uys (1997:70) het in ooreenstemming hiermee bevind dat die belang wat geheg word aan kultuurbehoud een van die vernaamste voorspellers van etniese identifikasie onder Afrikaners in haar studie was. Daar is egter ook persoonlike verskille in die mate waartoe individue met hul groepe identifiseer. Sommige individue is bloot meer geneig om sterker te identifiseer met al die groepe waarvan hulle lede is (Robbins, 1992:124).

#### 3.2.5.2 Sosiale konteks

Wat sosiale faktore betref, toon Lau (1989:221) aan dat die sosiale konteks waarbinne 'n groep leef een van die belangrikste voorspellers van etniese identifikasie is en identifiseer 'n aantal omgewingsfaktore wat verband hou met die mate waartoe individue met hul groepe identifiseer. Hierdie faktore is naamlik die sigbaarheid van groeplidmaatskap (hipotese van eendersheid), die prominensie van 'n groep (hipotese van prominensie) en die proporsie van groeplede in die onmiddellike omgewing (hipotese van sosiale digtheid). Eersgenoemde hipotese voorspel dat individue sterker sal identifiseer met groepe waarvan hulle objektief lede is en as sulks geïdentifiseer kan word, beide deur hulself en ander. Deaux (1991:79) beweer in aansluiting hierby dat, alhoewel sosiale kategorieë tot 'n groot mate gelykwaardig behandel word in besprekings van sosiale identiteit, die kategorieë tog op sielkundig betekenisvolle dimensies verskil. So is sommige kategorieë bloot meer sigbaar as ander, byvoorbeeld

ouderdom, geslag en ras, en is Lau se argument dat individue sterker met hierdie groepe sal identifiseer as groepe waarvan hulle hul lidmaatskap kan verbloem.

Die hipotese van prominensie voorspel dat enige faktor wat die prominensie van die groep verhoog, hetsy chronies (byvoorbeeld minderheidstatus of diskriminasie) of akuut, (byvoorbeeld politieke deelname tydens 'n verkiesing), die waarskynlikheid van identifikasie met die groep sal verhoog. Dit kon een van die redes wees vir Bornman (1995:309) se bevinding van sterk etniese identifikasie onder Afrikaanssprekende witmense in haar studie. Dit is moontlik dat gebeure gedurende die oorgangsperiode, soos die diskoers oor amptelike tale en nasionale simbole, gedien het om etniese groeplidmaatskap in haar studie te beklemtoon, en, in ooreenstemming met die SIT (Van Knippenberg, 1978:193) en Lau (1989:222) se hipoteses, het die prominensie van hul etniese groeplidmaatskap identifikasie met die groep versterk. Deaux (1991:85) beweer egter dat beide interne en eksterne faktore die prominensie van 'n bepaalde identiteit kan beïnvloed. Bostaande sou na eksterne faktore verwys, wat kontekstuele invloede, situasies waarin 'n bepaalde identiteit relevant word, en die demografiese eienskappe van die omgewing insluit. Interne faktore behels aspekte soos die sterkte van die kulturele agtergrond, en die mate waartoe die betrokke identiteit in die gesin beklemtoon is. Al hierdie faktore kan in wisselende mates bydra tot die prominensie van 'n bepaalde identiteit op 'n gegewe tydstip.

Lau se hipotese van sosiale digtheid beweer dat daar 'n positiewe verband tussen sosiale digtheid en die sterkte van identifikasie sal wees by relatief lae vlakke van sosiale digtheid, en 'n negatiewe verband by hoë vlakke van digtheid. Waar daar dus 'n groot aantal groeplede in die onmiddellike omgewing teenwoordig is, sal etniese identifikasie nie baie sterk wees nie. Die rasionaal hieragter is dat, in omstandighede van hoë sosiale digtheid daar genoeg lede van die binnegroep teenwoordig is sodat die kognitiewe prominensie van die groep verminder, terwyl die omgekeerde in omstandighede van lae sosiale digtheid gebeur. Sosiale digtheid hou ook verband met die proporsionele politieke verteenwoordiging wat 'n groep op plaaslike vlak geniet.

Die beleid van Apartheid, as 'n aspek van die Suid-Afrikaanse sosiale konteks, het volgens Stones, Heaven en Bester (1997:107) 'n sterk invloed op sosiale identiteit in Suid-Afrika gehad. Een van die gevolge van dié beleid is dat daar bykans 'n afwesigheid van 'n gedeelde sosiale identiteit in Suid-Afrika is, en dat etniese identiteite hierdeur versterk is. Alhoewel die beleid nie meer formeel deel van die sosiale konteks is nie, is die vormende invloed daarvan steeds duidelik. Bloom (1994:25) beweer dat die kategoriserings van die Apartheidsera "persist almost unopposed as we limp into the newish South Africa". Die beleid van Apartheid het verder bepaalde sosiale hiërargieë tot gevolg gehad. Die posisie van 'n groep in hierdie hiërargieë kan ook 'n invloed hê op die sterkte van etniese identifikasie.

### 3.2.5.3 Posisie van die groep in die samelewing

Wat die posisie van die groep in die samelewing betref, beweer Gurin, Miller en Gurin (1980:30) dat etniese identifikasie die sterkste sal wees in ondergeskikte groepe waar sosiale mobiliteit geblokkeer is. Ellemers, Wilke en Van Knippenberg (1993:766) vind dienooreenkomstig dat lede van lae status groepe sterker met hul groep identifiseer indien sosiale mobiliteit nie moontlik is nie, as wanneer dit wel moontlik is. Die moontlikheid van alternatiewe groeplidmaatskappe kan dus etniese identifikasie verswak, terwyl 'n gebrek aan kognitiewe alternatiewe tot die heersende situasie etniese identifikasie versterk.

Gurin *et al.* (1980:30) vind ook sterk etniese identifikasie in groepe met hoë intragroep en lae intergroepkontak. Hierdie bewering stem ooreen met die bevindinge van Bornman (1995:331) ten opsigte van etniese identifikasie en intergroepkontak onder Afrikaners. Afrikaanssprekende witmense in haar studie het die sterkste etniese identifikasie, asook die minste intergroepkontak getoon.

Die posisie van die groep in die samelewing word ook deur ander teoretici as 'n bydraende faktor tot die sterkte van etniese identifikasie erken. Koch (1994:697) het bevind dat, hoe sterker die identifikasie van die individu met die groep is, hoe meer

sensitief sal die individu wees vir veranderinge in die status van die groep. Op grond van studies wat in Kanada uitgevoer is, stel Driedger (1976:131) 'n uitvoerige model van etniese identifikasie voor, gegrond op die posisie van 'n groep in die samelewing. Hy verwys na die verskynsel van "institusionele voltooidheid" wat impliseer dat die sosiale interaksiepatrone van 'n groep grootliks plaasvind binne 'n sisteem wat deur die groep ontwikkel is en waarin die groep beheer uitoefen oor baie van die instansies daarbinne. Die resultaat hiervan is die behoud van groepgrense en beheer oor die verhouding met ander groepe. Instansies soos kerke, skole en kultuurorganisasies onder die beheer van die etniese groep is kenmerkend van 'n groep wat institusionele voltooidheid bereik het. Smith (1991:184) het gevind dat etniese groepe wat 'n hoë mate van institusionele voltooidheid openbaar, neig om individue te lewer wat meer bestand is teen etniese identiteitskonflik as individue uit groepe wat minder institusionele voltooidheid openbaar. Driedger (1976:133) beweer dat etniese identifikasie sterk sal wees onder groepe wat institusionele voltooidheid bereik het, aangesien hulle etniese instellings het om hul identiteit te bevestig en min rede het om dit te ontken.

### 3.2.5.4 Bedreiging vir identiteit

'n Faktor wat die sterkte van etniese identifikasie beïnvloed wat van besondere belang vir dié studie is, is die persepsie van 'n bedreiging vir identiteit. Teoretici is dit eens dat bedreiging 'n invloed op die sterkte van etniese identifikasie het. Daar is egter teenstrydige bevindinge ten opsigte van die aard van die invloed. Milburn en Watman (1981:114) het bevind dat wanneer 'n gedragsvorm wat 'n individu vryelik beoefen, bedreig word, die individu juis hierdie gedragsvorm sal beoefen ten einde te poog om die vryelike beoefening daarvan te herstel. Die individu se behoefte aan hierdie gedrag sal ook toeneem. Hierdie bevinding op individuele vlak is analoog aan bevindinge dat wanneer groepidentiteit bedreig word, binnegroepidentifikasie versterk. Dit word dan ook ten opsigte van groepe bevestig deur Grant (1992:350; 1993:143), sowel as Lee en Ottati, (1995:610), wat bevind het dat persepsies van bedreiging direk met etnosentriese reaksies verband hou, asook dat binnegroepsolidariteit toeneem wanneer

groepe bedreig voel. Christian *et al.* (1976:283) beweer dat enige bedreiging vir 'n bepaalde identiteit lei tot verhoogde kategorisering in terme van dié identiteit wat gevolg word deur 'n herbevestiging van dié identiteit.

In Grant se studie was 'n bedreiging van die identiteit of waardes van 'n groep, in die afwesigheid van 'n eksplisiete belangekonflik, genoegsaam om aanleiding te gee tot etnosentriese gedrag. Bornman (1995:338) het ook in die oorgangstydperk na 'n nuwe politieke bedeling bevind dat persepsies dat die binnegroep in die toekomstige politieke bedeling bedreig sou word, beduidend met 'n sterk binnegroep identifikasie korreleer. Uys (1997:67) het in 'n Suid-Afrikaanse studie gevind dat die mate van toekomssekerheid van respondente een van die belangrikste voorspellers van etniese identifikasie in haar studie was. Sy het 'n negatiewe korrelasie gevind tussen etniese identifikasie en toekomssekerheid, wat impliseer dat individue wat seker voel van hulle toekoms, minder geneig was om met die etniese groep te identifiseer. Indien 'n gebrek aan toekomssekerheid as aanduidend van 'n ervaring van 'n bedreiging beskou word, ondersteun Uys se bevindinge dié van bogenoemde teoretici.

Phinney *et al.* (1993:470) het egter gevind dat die persepsie van 'n bedreiging vir identiteit verminder word deur sterk binnegroepidentifikasie. Wanneer groeplede gekonfronteer word met bedreiging, kan individue wat sterk binnegroepidentifikasie toon hulself van die negatiewe terugvoer oor hul groep isoleer deur op positiewe aspekte van die groep te konsentreer. Só word die persepsie van bedreiging verminder. Smith (1991:184) het in dieselfde trant gevind dat 'n sterk etniese identifikasie individue beskerm teen die ontwikkeling van 'n weerlose identiteit, en ook as buffer dien wanneer hul identiteit weerloos begin word. Branscombe, Wann, Noel en Coleman (1993:382) het ook 'n positiewe verband tussen bedreiging en sterkte van identifikasie met die groep gevind en verklaar dit soos volg: Wanneer 'n groep bedreig word, mag individue wat sterk met die groep identifiseer, dit moeilik vind om hulself van die groep te distansieer, aangesien die identiteit sentraal in hulle identiteitstruktuur figureer. Selfs al impliseer die bedreiging 'n potensiële verlies aan eiewaarde, reageer hulle deur hul groeplidmaatskap te herbevestig.

Die verband tussen etniese identifikasie en bedreiging kan dus nie sonder meer voorspel word nie en bevindinge sal uitwys watter een van bostaande bevindinge in die onderhawige studie ondersteun word. Samevattend kan gesê word dat daar 'n aantal veranderlikes is wat die sterkte van etniese identifikasie potensieel kan beïnvloed. Dit sluit in die belangrikheid van die betrokke groeplidmaatskap vir die individu, die sosiale konteks van groeplidmaatskap, die posisie van die groep in die samelewing, en 'n bedreiging vir identiteit. Die aard van etniese identifikasie onder Afrikaners, asook die mate waartoe bostaande veranderlikes op Afrikaners van toepassing is, word vervolgens bespreek.

### 3.2.6 Etniese identifikasie onder Afrikaners

Teenstrydige bevindinge oor etniese identifikasie onder witmense word internasionaal gerapporteer. Witmense word in navorsing gewoonlik as 'n meerderheidsgroep beskou en etniese identifikasie onder dominante groepe in die samelewing is nog min bestudeer (Phinney, 1990:500). Phinney (1992:170) het bevind dat min witmense hulself as lede van 'n etniese groep tipeer, terwyl Carter (1990:46) bevestig dat daar oor die algemeen nie van witmense in Westerse samelewings verwag word om hulself in etniese terme te beskryf nie. Die meerderheidstatus van witmense in die meeste samelewings het hulle toegelaat om hul etniese identiteit as't ware te ignoreer. Studies waar witmense wel bestudeer is, neig om op bepaalde komponente van etniese identiteit te fokus, byvoorbeeld taal, godsdiens en deelname aan etnies-gebaseerde organisasies en aktiwiteite (Phinney, 1990:507). In Phinney (1989:34) se studie was dit selfs onmoontlik om die data van wit adolessente te interpreteer. Sy kom tot die gevolgtrekking dat etnisiteit nie 'n aangeleentheid is waarmee dié groep kon identifiseer nie. Phinney (1992:168) het gevind dat lede van "tradisionele" minderheidsgroepe sterker etniese identifikasie toon as witmense, en is van mening dat die geskiedenis van sosiale benadeling lede van minderheidsgroepe meer geneig maak om etniese identiteit as 'n belangrike aspek van hul sosiale identiteit te beskou, terwyl witmense nooit genoodsaak was om daaroor te dink nie. White en Burke (1987:322) het dienooreenkomstig bevind dat die minderheidstatus van 'n groep groter

prominensie verleen aan die etniese identiteit van die individu, terwyl meerderheidstatus dit op die agtergrond skuif.

Dit wil voorkom of die situasie in Suid-Afrika ietwat anders is. Die beleid van Apartheid het die statutêre instandhouding van etniese grense behels, wat moontlik 'n groter bewustheid van ras en etnisiteit onder witmense geskep het as wat internasionaal die geval is. Wat rasidentifikasie betref, het Bornman (1995:312) bevind dat slegs klein persentasies van die witmense in haar studie hulself in terme van 'n wit rasidentiteit beskryf het of 'n wit identiteit as hul belangrikste identiteit bestempel het. Sy skryf dié verskynsel daaraan toe dat die witmense in die oorgangsperiode na 'n nuwe bedeling bewustelik daarvan weggeskram het om 'n wit identiteit te noem of te beklemtoon, omdat dit met Apartheid en rassisme geassosieer kan word en nie as polities korrek beskou is nie. Veral Afrikaanssprekende witmense in Suid-Afrika het egter 'n geskiedenis van sterk etniese identifikasie. Bornman (1995:318) het bevind dat Afrikaners sterk met die binnegroep identifiseer en dat sterker etniese identifisering by Afrikaanssprekende witmense met 'n positiewe selfkonsep verband gehou het. Bornman het verder bevind dat Afrikaanssprekende witmense, relatief tot Engelssprekende witmense en swartmense in haar studie, "meer eksplorasie ten opsigte van hulle etniese groeplidmaatskap gedoen het; 'n goed gedefinieerde identiteit verwerf het; betrokke was by die aktiwiteite van die binnegroep; min ambivalente gevoelens ten opsigte van lidmaatskap van die binnegroep ervaar het en in 'n groter mate bereid was om die kultuur en tradisies van die binnegroep te beskerm" (1995:319). Bornman kom tot die gevolgtrekking dat die wêreldwye kritiek teen Apartheid, wat van wit Afrikaanssprekendes 'n gestigmatiseerde groep gemaak het, nie etniese identifikasie by dié groep noemenswaardig verander het nie. Sy skryf haar bevindinge ten opsigte van Afrikaanssprekende witmense toe aan 'n aantal faktore. Internasionale vyandigheid het waarskynlik tot meer eksplorasie van groeplidmaatskap gelei wat tot sterker identifikasie met die groep gelei het. Die verwerping deur die internasionale gemeenskap kon ook meegebring het dat die aanvaarding en warmte van die eie groep vir dié groep besonder belangrik geword het. Dit is verder moontlik dat die oorgangsperiode, en die besprekings rondom aspekte soos die Afrikaanse taal,

Afrikaners meer bewus gemaak het van hul identiteit. Waar groeplidmaatskap dus voorheen vanselfsprekend en onbevraagtekend was, word dit nou herbeklemtoon deur die verskuiwings op politieke terrein. Verder is die groep relatief klein en duidelik onderskeibaar van die swart meerderheid. Dié onderskeibaarheid van wit Afrikaanssprekendes kon daartoe lei dat lidmaatskap van die groep genoeg differensiasie bied vir die ontwikkeling van 'n goed gedefinieerde identiteit (Bornman, 1995:320).

Keefe (1992) beweer dat etniese identiteit die produk is van 'n volgehoue interaksie tussen twee of meer etniese groepe. Sonder hierdie interaksie is daar volgens haar min bewustheid van lidmaatskap van 'n etniese groep. Dit mag dus wees dat die pluralistiese aard van die Suid-Afrikaanse samelewing meer klem geplaas het op wit etnisiteit as in die res van die wêreld. Verder was een van die vernaamste beweegredes agter die Apartheidsbeleid juis die behoud van die Afrikaner se etniese grense. Een van die strategieë vir hierdie beskerming was die instandhouding van die etniese grense van ander groepe by wyse van, onder andere, die tuislandbeleid. Giliomee (1992a:347) beweer dat 'n deel van die Afrikanergemeenskap Afrikaner heerskappy ten alle koste wou behou deur hulself te isoleer en die grense van ras, kultuur, godsdiens, morele standaarde en taal te behou. Al hierdie faktore mag daartoe bydra dat bevindinge elders ten opsigte van wit etnisiteit nie hier gedupliseer word nie.

Ten opsigte van die faktore wat die sterkte van etniese identifikasie beïnvloed en hierbo bespreek is, kan verwag word dat die sosiale konteks ten tye van die studie bevorderlik was vir sterk etniese identifikasie. In terme van Lau se hipoteses van sosiale digtheid en prominensie, is dit relevant dat die onderhawige studie uitgevoer word kort na die aanvaarding van 'n nuwe grondwet vir die land, waarin die kwessie van moedertaalonderrig (veral vir Afrikaanssprekendes) byvoorbeeld 'n twispunt was. Munisipale verkiesings het minder as 'n jaar vantevore die aangesig van munisipale owerhede verander tot dié mate dat die sosiale digtheid van Afrikaners in plaaslike bestuur afgeneem het. Die NP, eens die vernaamste verteenwoordiger van wit Afrikaanssprekendes, het uit die Regering van Nasionale Eenheid onttrek wat hul

sosiale digtheid ook op sentrale regeringsvlak verlaag het. Hierdie faktore kan dus bydra tot die groter prominensie van groeplidmaatskap in dié studie en gevolglike sterker etniese identifikasie. Die relatief beperkte sosiale mobiliteit van die groep, tesame met 'n profiel van lae intergroepkontak (Bornman, 1995:331), behoort ook by te dra tot sterk etniese identifikasie.

In terme van Driedger se tipologie toon Afrikaners histories 'n groot mate van institusionele voltooidheid en het dus rede om hul etniese identiteit te bevestig. Bornman (1995:338) het bevind dat Afrikaners verwag het dat hul groep in 'n nuwe politieke bedeling bedreig sou word, wat ook verband hou met 'n sterk binnegroep identifikasie. Hierbenewens is die Afrikaner ook histories bekend as 'n groep met sterk etniese identifikasie. Die wil dus voorkom of die aard van die groep en omstandighede tydens die studie sterk etniese identifikasie voorspel.

Benewens etniese identifikasie, is daar verskeie ander aspekte wat verband hou met die aard van die groep wat vervolgens bespreek sal word. Die eerste hiervan is die inhoud wat aan die term verleen word.

## 3.3 "DIE AFRIKANER"

Die geskiedenis van Afrikaners as groep is in verskeie bronne opgeteken en val buite die fokus van die onderhawige studie. Dit word dus slegs kortliks, en insoverre dit relevant is vir die onderhawige studie, bespreek. Die term "Afrikaner" is vir die eerste keer in 1707 gebruik deur Henry Bibault in protes teen 'n vonnis wat deur die destydse Kompanjie aan hom opgelê is (Le May, 1995:4). Van Jaarsveld (1978:7) meen dat die verset van die Nederlandse, Duitse en Franse immigrante teen W.A. van der Stel se beleidsrigtings grootliks verantwoordelik daarvoor was dat dié Europese groepe tot 'n nuwe wit samelewing ineengesmelt het. Van meet af aan is die term dus geassosieer met protes en was vraagstukke rondom Afrikanerskap histories feitlik sonder uitsondering emosioneel. Dit is gevolglik te verstane dat baie van die definisies van die groep, veral dié wat van binne die groep kom, waardebelaaid en meer breedvoerig as

woordeboekdefinisies blyk te wees en verskil na gelang van die oriëntasie van die skrywer. Volgens Louw en Foster (1991:67) het 'n emosionele verbondenheid aan die Afrikaner vir Verwoerd, wat allerweë as die outeur van Apartheid bekend staan, vóór alles gekom. Met 'n charismatiese leier met hierdie benadering aan die spits van beleidmaking, is hierdie waardebelaaide omskrywings te verstane. Die Volkstaatraad, wat die moontlikheid van selfbeskikking in 'n nuwe politieke bedeling moes ondersoek, beskryf die Afrikaner byvoorbeeld as 'n inheemse volk van Afrika met 'n eie taal, kultuur, en aard wat onderskei word van ander volke "deur hulle eiesoortige herkoms, erfenis en taal, asook deur hul opvattings oor voortbestaan, vryheid, geroepenheid, regeringswese, ontwikkeling, opvoeding en onderwys" (Volkstaatraad, 1995:10). Ten einde 'n inhoudelike omskrywing van die term te verkry, het Louw-Potgieter en Giles (1987:285) 'n groep individue wat hulself as "Afrikaners" beskryf het, gevra wat hulle hiermee bedoel. In Tabel 3.1 word die bevindinge van hierdie studie opgesom.

**TABEL 3.1 Essensiële kenmerke van die Afrikaner - Louw-Potgieter en Giles**

| NP | | AWB | |
|---|---|---|---|
| Taal | 100%* | Identiteit | 93%* |
| Kultuur | 91%* | Kultuur | 87%* |
| Noodlot | 74%* | Blank | 80%* |
| Agtergrond | 70%* | Geskiedenis | 80%* |
| Geskiedenis | 61%* | Taal | 73%* |
| Identiteit | 57%* | Agtergrond | 73%* |
| Kerkverband | 39% | Noodlot | 67%* |
| Selfdefinisie | 35% | Kerkverband | 60%* |
| Blank | 30% | Wes-Europees | 40% |
| Wes-Europees | 22% | KP | 27% |
| NP | 13% | HNP | 20% |
| HNP | 9% | Selfdefinisie | 13% |
| KP | 9% | NP | 7% |

* As essensieel beskou deur meer as die helfte van die steekproef.

(Uit: Louw-Potgieter & Giles, 1987:286)

Resultate het getoon dat, alhoewel individue dieselfde etiket vir selfkategorisering gebruik, daar duidelike verskille in die persoonlike betekenis was wat aan die etiket geheg word. Louw-Potgieter en Giles het byvoorbeeld gevind dat politieke partyvoorkeur 'n belangrike bepaler van die benoeming van essensiële eienskappe van die Afrikaner was. So het lede van die AWB méér eienskappe as essensieel tot Afrikanerskap beskou en velkleur en kerklidmaatskap heelwat hoër geag as NP-lede. NP-lede het op hul beurt taal as meer belangrik beskou as AWB-lede.

Dit blyk verder uit bostaande tabel dat 'n gemeenskaplike taal, kultuur, geskiedenis en identiteit deur ondersteuners van beide partye as redelik sentraal tot die definisie van 'n Afrikaner beskou word. Dit is egter insiggewend dat selfdefinisie as Afrikaner deur beide groepe as 'n relatief lae prioriteit geïdentifiseer is. Hierdie bevinding is in skerp kontras met die klem wat in hedendaagse navorsing oor etnisiteit op selfdefinisie geplaas word. Louw-Potgieter en Giles (1987:283) haal studies aan waarin hierdie dimensie as een van die belangrikste dimensies van etnisiteit na vore gekom het. Bornman (1995) het in haar studie gevind dat Afrikaanssprekende witmense as geheel klem geplaas het op kulturele kenmerke soos godsdiens, taal en trots op kultuurgoedere as die belangrikste faktore wat groepgrense bepaal. Ander skrywers gebruik op hul beurt analogieë om die Afrikaner te beskryf.

### 3.3.1 Die "uitverkore volk"- analogie

Die Afrikaner word in die literatuur oorwegend voorgestel as 'n relatief homogene groep. Cloete (1992:43) identifiseer veral drie sentrale oortuigings waarop hierdie homogeniteit gebaseer is. Eerstens is daar die oortuiging dat daar sedert die eerste Europese nedersetting in die Kaap nog altyd 'n sin van "behoort aan" verskillende groepe sou wees. Tweedens is hierdie bykans ingebore sin van "behoort aan" 'n aanduiding dat die Afrikaner as volk reeds 'n aantal eeue bestaan en, derdens, dat die groep bestaan omdat die natuur, die noodlot of God (dit wil sê 'n krag buite menslike geskiedenis) dit so bestem het. Verskeie teoretici (Cloete, 1992:43; Greyling, 1992:55; Le May, 1995:200) gebruik die Bybelse analogie van die "uitverkore volk"

ten opsigte van die Afrikaner en beweer dat daar 'n aantal parallelle te trek is tussen die Afrikaner en die Israeliete van ouds. Die Groot Trek word as analoog aan die reis na die beloofde land gesien. Aspekte soos "die brandende son bedags, die glinsterende naghemel snags en die stryd teen roofdiere en barbare" word as parallelle genoem (Van Jaarsveld, 1978:72). Die kerstening van ongelowiges word as 'n gemeenskaplike doel van dié twee groepe gesien. Afrikaners se gehoorsaamheid aan hul leiers word vergelyk met dié van die Israeliete, asook die persepsie van bedreiging deur gevare van buite. Volgens Hugo (1988:569) is daar by Afrikaners 'n konstante vrees vir uitwissing van die groep deur 'n swart meerderheid. Frases soos "gesag word nie bevraagteken nie", "die Afrikaner het 'n besondere verhouding met God" en "die Afrikaner het 'n godgegewe taak in Afrika" is histories gebruik om die idee van 'n gemeenskaplike tradisie en kultuur te bevestig. Volgens van Jaarsveld (1978:72) het die Israel gelykenis vir Afrikaners 'n soort "mistiek van lyding" geword.

Die Calvinistiese Protestantisme, wat ten grondslag van Afrikaneridentiteit lê, erken die bestemming van die noodlot of God in die bepaling van groeplidmaatskap (Louw-Potgieter, 1988:4; Van Jaarsveld, 1978:72) . Hierdie beginsel, asook die Afrikaner se beweerde oorwegend eksterne lokus van kontrole (Stones, 1994:852; Uys, 1997:65), mag moontlik die lae prioriteit wat aan selfdefinisie as definiërende eienskap van Afrikanerskap in Louw-Potgieter en Giles (1987: 286) se studie geheg is, verklaar. Dit is moontlik dat hulle die lidmaatskap van die binnegroep nie as 'n besluit of keuse sien nie, maar as iets wat ekstern bepaal word. Afrikaners se siening van hulself as 'n uitverkore volk het egter oor tyd verweer (Cloete, 1992:42; Van Jaarsveld, 1978:74).

Alhoewel die analogie skynbaar baie van sy trefkrag en relevansie verloor het, blyk geloof egter steeds 'n belangrike aspek van wit Afrikaanssprekendes se lewe te wees. In Bornman (1995:269) se studie was Afrikaanssprekende witmense die enigste etniese groep wat sterk klem gelê het op geloof as onderskeidende kenmerk van hul etniese groep. Geloof is dus nie net 'n persoonlike aangeleentheid nie, maar 'n onderskeidende kenmerk van die *groep*. In 'n meer populêre opname onder stedelike

Afrikaners het 81% aangedui dat hulle kerkgangers is, 96% dat hulle aan die tien gebooie glo en 90% dat hulle aan 'n hiernamaals glo (Anon., 1997: 53).

### 3.3.2 "Boereplaas" - analogie

Verskeie teoretici (Gagiano, 1986:7; Giliomee 1992b:118; Le May, 1995:238; Munro, 1995:9) verwys na die analogie van die staat as 'n "boereplaas" en beweer dat Afrikaners in die verlede 'n sin van eienaarskap ervaar het wat die staat betref, soortgelyk aan 'n boer wat eienaarskap van en gesag oor sy plaas het. Hulle sou byvoorbeeld verwys na "ons" polisiemag of "ons" minister. Volgens Gagiano het hierdie gevoel van eienaarskap bygedra om die stelsel van minderheidsregering te legitimeer en lojaliteit vir die regering en die aktiwiteite daarvan te skep. 'n Verdere uitvloeisel van dié benadering is dat enige aanval op die staat gesien is as 'n aanval op die integriteit van die Afrikaner gemeenskap en as 'n bedreiging vir die groep ervaar is. Volgens Munro (1995:9) was een van die hoekstene van die sosiale en kulturele identiteit van die Afrikaner die groep se toegang tot die staatsmasjinerie. Die staat is hierdeur as't ware deur die Afrikaner toegeëien soos wat 'n boer sy plaas besit en beheer. Hierdie beskouing was veral teen die middel tagtigerjare prominent.

In die lig van die uiteenlopende konnotasies aan die begrip, kom Le May (1995:9) tot die slotsom dat die "gemiddelde Afrikaner" eerder 'n abstraksie as 'n wese van vlees en bloed is. Uit bostaande blyk dit dat die Afrikaner vanuit verskeie hoeke beskryf kan word. Dit wil voorkom asof aspekte soos die Afrikaanse taal, 'n gemeenskaplike kultuur, geskiedenis en identiteit, asook die Christelike godsdiens as redelik sentrale eienskappe van die groep gereken kan word. Indien hierdie eienskappe vergelyk word met die teoretiese dimensies van etnisiteit (sien 3.3.2) is dit redelik duidelik dat die Afrikaner as 'n etniese groep beskou kan word. Verdere kenmerke van die groep blyk uit navorsing wat onder Afrikaners gedoen is.

## 3.4 NAVORSING ONDER AFRIKANERS

Sosiaal-sielkundige navorsing in die eerste helfte van die eeu het hoofsaaklik in opdrag van die regering van die dag plaasgevind en het uit hoofde hiervan primêr ten doel gehad om Afrikanerbelange te bevorder. Temas soos die armblankevraagstuk en die intelligensie van wit en swart kinders onderskeidelik is byvoorbeeld ondersoek. Volgens Rex (1981:17) is daar waarskynlik min lande waar die regering van die dag nie 'n mate van invloed uitoefen op die rigting waarin sosiale navorsing ontwikkel nie. In hierdie opsig is Suid-Afrika dus geen uitsondering nie. Hy beweer egter dat nie alle navorsers in Suid-Afrika die belange van die regering bevorder het nie. 'n Kontroversiële politieke beleid soos Apartheid stimuleer trouens juis opposisie uit meer liberale akademiese geledere. Wat liberale navorsers betref, het die stelsel van befondsing van navorsing volgens Rex egter akademici ontmoedig om navorsing te doen wat die regering sou ondermyn of in 'n slegte lig stel. Beperkinge in die Apartheidsera, soos die noodsaaklikheid van toestemming om 'n "swart" area te besoek, beperkte toegang tot geskrewe materiaal wat as ongewens beskou is, en die verbanning van individue en publikasies in terme van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme het die taak van hierdie navorsers verder bemoeilik (Rex, 1981:17).

Waar navorsing oor Afrikaners aanvanklik aangemoedig is, het meer konserwatiewe navorsers in die tweede helfte van die eeu eweneens weggeskram van navorsing oor etniese groepe en intergroepverhoudings in Suid-Afrika. Daar was by hierdie groep, wat die regering ondersteun het, 'n sensitiwiteit rondom hierdie aspekte, aangesien dit 'n ondersoek van hul eie lewenstyl en ideologieë sou behels. Daar is gevolglik waarnemers wat beweer dat sosiale navorsers in Suid-Afrika sedert die vyftigerjare die studie van intergroepverhoudings vermy het uit vrees vir wat moontlik na vore mag kom (Welsh, 1981:40). Namate die beleid van Apartheid tot 'n einde gekom het, is dit in meer resente tye nie as polities korrek beskou om navorsing oor aspekte wat met etniese groepe verband hou, te doen nie (Bornman, 1995:18). Toenemende teenstand teen Apartheid, beide van binne en buite landsgrense, het navorsing ten opsigte hiervan ongewild gemaak.

Weens die politisering van etnisiteit in Suid-Afrika het navorsing dus as't ware in die teenoorgestelde rigting as in die res van die wêreld beweeg. Waar daar wêreldwyd 'n herbeklemtoning van etnisiteit was, is dit hier, veral vanweë ideologiese onderstrominge onderbeklemtoon. Resente navorsing oor Afrikaners het tot 'n groot mate binne die arena van die politieke wetenskap plaasgevind wat dien as bevestiging van die verpolitisering van aspekte rondom dié groep. Aspekte soos politieke persepsies en sosialisering onder studentepopulasies (Booysen, 1989; Booysen & Kotzé, 1985; Duckitt, 1993; Gagiano, 1986), intra-Afrikaner konflik (Giliomee, 1992a) en Afrikaner vrese ten opsigte van 'n swart meerderheidsregering (Hugo, 1988; Manzo & McGowan, 1992) is ondersoek. 'n Aantal temas waarop navorsing tot op hede gefokus het, sal vervolgens bespreek word insoverre dit lig werp op die aard van die Afrikaner.

### 3.4.1 Auto- en heterostereotipes

Morsbach (1973:323) beskryf die persepsies wat groeplede van hul eie groep het en dié wat ander groepe van dié groep het, as auto- en heterostereotipes onderskeidelik. 'n Aantal navorsers het in die verlede hierdie onderwerp in Suid-Afrika bestudeer. Dit blyk dat daar groot verskille tussen die auto- en heterostereotipes van die Afrikaner is. In haar studie onder Afrikaanssprekende witmense en swart Suid-Afrikaners was daar groot verskille tussen die auto- en heterostereotipes van die Afrikaner. Morsbach (1973:320), asook Nieuwoudt en Plug (1983:168) het bevind dat Afrikaners 'n baie positiewe beeld van hul eie groep gehad het, terwyl ander groepe 'n uiters negatiewe beeld van hulle gehad het. Afrikaners het 'n besonder positiewe persoonlike selfkonsep openbaar, asook 'n sterk verband tussen hul evaluering van hulself en hul evaluering van hul groep. Swartmense, daarenteen, het Afrikaners egter veral op gevoelseienskappe (byvoorbeeld humor, opregtheid, warmte) baie negatief beoordeel.

Edelstein het die stereotipes wat Kleurlinge huldig oor ander groepe in Suid-Afrika bestudeer (1974, soos aangehaal deur Foster, 1991:495). Die stereotipes wat deur die meerderheid van respondente met die Afrikaner geassosieer is, sluit in:

"kleurbewus", "bevooroordeeld", "onderdrukkend", "materialisties", "hardwerkend" en "wreed". Hierdie resultate weerspieël die politieke klimaat waarin die studie gedoen is, asook die perspektief van 'n onderdrukte groep ten opsigte van 'n dominante groep. Dit is insiggewend dat die respondente egter Engelssprekende witmense heelwat meer positief of neutraal geëvalueer het, by wyse van beskrywings soos "intelligent", "gekultiveerd", "vredeliewend" "tolerant" en "materialisties". Ook MacCrone (1947:89) het by swartmense ambivalente gevoelens teenoor Engelssprekende witmense gevind, terwyl daar ondubbelsinnige aggressie en vyandigheid teenoor Afrikaanssprekendes bestaan het. Beskrywings soos "intelligent", energiek", "goedgeaard" en "regverdig" is met Engelssprekende witmense geassosieer. Die stereotipes wat by hierdie groep tiperend was van Afrikaanssprekende witmense, was "strydlustig, hardkoppig, wreed, superieur, lawaaierig, dominerend, en godsdienstig" (Macrone, 1947:98). In 'n studie van Nieuwoudt en Plug (1983:168) was Afrikaanssprekende witmense duidelik die mees ongewilde groep by swartmense en Kleurlinge, terwyl Engelssprekende witmense 'n positiewe verwysingsgroep vir hierdie twee groepe was.

Morsbach en Morsbach (1967:320) het hul respondente versoek om 'n verskeidenheid van groepe in die Suid-Afrikaanse samelewing, tesame met 'n aantal konsepte, op 'n semantiese differensiaal te beoordeel. Hulle het gevind dat drie faktore in hul semantiese differensiaal onderskei kon word. Die eerste faktor is 'n "positiewe beeld" faktor waarin konsepte soos "my moeder","held", "myself" en "Engelssprekende Suid-Afrikaners" voorgekom het. Die tweede was 'n "outoritêre faktor" waar konsepte soos "diktator", "Duitsers" en "Russe" figureer het. Derdens het hulle 'n "nie-blanke" faktor geïdentifiseer wat konsepte soos "Afrikane", "Bantu", "Kleurlinge" en "Negers" verteenwoordig. Wat egter insiggewend was, is dat "Afrikaner" hoë ladings op al drie faktore getoon het, wat daarop dui dat dit 'n redelike dubbelsinnige konsep vir respondente was. Morsbach en Morsbach (1967:294) verklaar die groep se hoë lading op die "nie-blanke" faktor na aanleiding van hul beeld as 'n redelik ongesofistikeerde, landelike groep. Terselfdertyd kon hul toename in politieke deelname en invloed op daardie stadium die hoë lading op die "outoritêre" skaal verklaar. Tog was die persepsie ook dat hulle eienskappe deel met "Engelssprekende Suid-Afrikaners" en

"myself" wat hul ladings op die "positiewe beeld" faktor verklaar. Cloete (1992:42) beweer dat die konsep "Afrikaner" steeds vir die meerderheid Suid-Afrikaners sinistêre konnotasies van onderdrukking oproep: "'Afrikaner' simply does not carry within it the same inoffensiveness as other group names such as Welsh, or Ibo or Venda".

Alhoewel die Afrikaner dus tradisioneel 'n positiewe beeld van hul eie groep gehuldig het, was dit 'n gestigmatiseerde groep onder hul landgenote wat hoofsaaklik negatiewe konnotasies opgeroep het.

### 3.4.2 Politieke sosialisering van Afrikaners

Die aard van die politieke sosialisering van Afrikaners blyk hoofsaaklik uit studies wat onder studentepopulasies gedoen is. Volgens hierdie studies is die opvoeding van Afrikaanssprekende witmense tot 'n groot mate beheer deur die Apartheidsregering, die Nederduits Gereformeerde Kerk, die Afrikaanse pers en die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie. Kultuurorganisasies, skole en politieke organisasies het ook as sosialiseringsagente gefunksioneer. Brits (1994:79) gaan so ver om te sê dat die AB die organisasie was wat die grootste bydrae gelewer het tot die koördinering van Afrikanerdenke en -standpunte. Volgens Gagiano (1986:7) het die vernaamste sosialiseringsagente van die Afrikaner doelbewus die legitimiteit van die Afrikaner-beheerde staat en die instellings en simbole daarvan bevorder. Die rol van dié sosialiseringsagente is versterk deur die Afrikaner kultuur se klem op tradisionele waardes wat deur dié agente voorgestaan is (Booysen & Kotzé, 1985:23).

Mynhardt (1980:14) het gevind dat Afrikaanssprekende studente meer rassevooroordeel openbaar as Engelssprekendes en skryf dit deels toe aan differensiële opvoedings- en sosialiseringspraktyke. Hy beweer dat Afrikaanse kinders hoofsaaklik binne 'n patriargale sisteem opgevoed is waarin "kinders moet gesien en nie gehoor word nie" dikwels die norm was. Afrikaanse skole het ook strenger dissipline toegepas as Engelse skole. Blootstelling aan alternatiewe politieke standpunte was minimaal en politieke deelname beperk, aangesien die Apartheidsregering hul belange behartig het

en daar dus nie 'n behoefte aan politieke forums was om hul saak te stel nie (Booysen, 1989:7; Van Jaarsveld, 1978:124). Gagiano (1986:8) se navorsing het getoon dat 88,2% van Afrikaanssprekende Stellenbosse studente dieselfde politieke partyvoorkeur as beide hul ouers het. Booysen en Kotzé (1985:36) beweer dat die politieke isolasie van wit Afrikaanssprekende studente so erg was "...that the question occurs how disruptive societal events will have to become in order to penetrate the protective screen of ignorance around the Afrikaner community...".

Gagiano het veral twee verskynsels onder Afrikaanssprekende studente ondersoek, naamlik repressiepotensiaal en protespotensiaal. Repressiepotensiaal verwys na die mate waartoe 'n groep die onderdrukking van openbare opstand en polities-geïnspireerde geweld deur die regerings ondersteun. Protespotensiaal dui op 'n bereidwilligheid om by protesaksies teen die regering betrokke te raak. Hy het gevind dat daar by Afrikaanssprekende studente aan die Universiteit van Stellenbosch 'n baie lae protes-potensiaal, maar 'n baie hoë repressie-potensiaal bestaan het. Waar die studente-fase van 'n individu dikwels gekenmerk word deur aktivisme op politieke terrein, het Gagiano (1986:11) gevind dat hierdie verskynsel feitlik afwesig was by die Afrikaanssprekende studente in die steekproef. Alhoewel politieke belangstelling by die studente hoog was, was die vlak van konvensionele politieke deelname laag, en dikwels beperk tot die lees van koerante en politieke besprekings onder vriende. Gagiano stel as verklaring hiervoor voor dat protespolitiek geassosieer is met 'n aanval op die legitimiteit van die Afrikaner-beheerde staat en 'n bedreiging vir die beleidsrigtings wat hulle hoog aangeslaan het. Die persepsie van die legitimiteit van die sisteem het die beste verklaring gebied vir variansie in die protespotensiaal van studente. Studente wat linksgesind was, en in wie se oë die sisteem lae legitimiteit geniet het, het deurgaans 'n hoër protespotensiaal getoon as dié wat die regering ondersteun het (Gagiano, 1986:13).

In die geval van repressiepotensiaal was die tendens die inverse, en is 'n hoë repressiepotensiaal geassosieer met simpatie met die regering en 'n hoë mate van waargenome legitimiteit van die politieke bestel. Gagiano se verklaring hiervoor is dat die gemeenskapsolidariteit van Afrikaners en hul neiging om hul gemeenskapsbelange

te assimileer in die belange van die politieke sisteem, daartoe kon lei dat aanvalle op die legitimiteit van die politieke sisteem of die sosiale praktyke van die politieke sisteem deur hulle as aanstootlik ervaar is. Protesaksie in Suid-Afrika was tradisioneel feitlik uitsluitlik vanaf sektore buite die Afrikanergemeenskap afkomstig en het dikwels die herstrukturering van die sosiale en politieke orde ten doel gehad, wat negatief sou impakteer op Afrikanerbelange. Gagiano beweer dat die hoë repressiepotensiaal onder Afrikaanssprekende studente tot 'n groot mate 'n gekondisioneerde eienskap is wat oor die jare ontstaan het vanweë die antisipasie-angs wat gepaard gaan met die verlies van beheer oor die politieke stelsel.

Gagiano (1986:17) se bevindinge lei hom tot die slotsom dat die identifikasie van die Afrikanergemeenskap met die politieke sisteem daartoe lei dat studente aan 'n tradisioneel Afrikaanssprekende universiteit glo dat 'n Afrikaner-beheerde regering hulle belange sal behartig, ongeag of hulle dié belange aktief artikuleer.

Naudé (1995:9) is van mening dat agting vir gesagsfigure en gesagstrukture in Afrikanerdenke een van die hoofredes was waarom ook ouer Afrikaners hul politieke leiers so blindelings gevolg het. Van Jaarsveld (1978: 91) verwys na 'n byna slaafse gehoorsaamheid aan leiersfigure as 'n integrale deel van die Afrikaner se mentaliteit. Naudé beweer dat die AB tot 'n groot mate bygedra het tot hierdie denkraamwerk, en dat die uitwerking van die AB se rol en posisie was dat individuele kritiese denke óf nie toegelaat óf nie verwelkom is nie. Afrikaners het gevolglik gesê: "Dis nie nodig om self as persoon iets te doen nie - die groot kokkedore sal sorg dat alles reg verloop" (Naudé, 1995:9). Dit is insiggewend dat hierdie denkpatroon ook tiperend was van Kommunisties-sosialistiese regeringstelsels elders in die wêreld. Grünczeisz (1996:2) beskryf die situasie in Hongarye vóór politieke hervorming ook as een waarin die sosio-ekonomiese klimaat gekenmerk is deur 'n gebrek aan individuele en groepinisiatief. Verantwoordelikheid vir inisiatief is geskuif na diegene in gesagsposisies.

Politieke besluitneming is dus aan die Apartheidsregering oorgelaat, en die klem op gehoorsaamheid aan gesag wat van kleins af in die sosialisering van Afrikaners beklemtoon is, het daartoe gelei dat hierdie besluite selde bevraagteken is. Die

volwasse Afrikaner ten tye van die studie kom dus oorwegend uit 'n redelik beskermde omgewing waarin hul belange hoofsaaklik deur die staat behartig is en hulle geleer is om nie gesag te bevraagteken nie. Hierdie struktuur het egter in 'n nuwe politieke bedeling gedisintegreer, en die belange en identiteit van die groep word nie meer soos in die verlede deur die staat beskerm nie. Dit word duidelik gestel deur die voorsitter van die Afrikanerbond (die voormalige Afrikaner Broederbond) in 1998. Hy is van mening dat dit 'n uitgediende verwagting of aanname is om te dink dat die staat die "groot voorsiener" is (De Beer, 1998: 5). Hierdie verandering in die sosiale struktuur mag aanleiding gee tot die ervaring van 'n bedreiging vir identiteit. Dit is egter nie net die verandering in sosiale struktuur wat die ervaring van bedreiging deur Afrikaners mag meebring nie, maar ook die aard van die groep mag hiertoe bydra.

### 3.4.3 Vrees en bedreiging

Verskeie navorsers (Gagiano, 1986:20; Hugo, 1988:569; Manzo & McGowan, 1992:17) verwys na 'n diepgewortelde vrees in die kollektiewe psige van die Afrikaner, asook besonder hoë chroniese angsvlakke. Histories spruit hierdie vrees en angs uit verskeie bronne. Afrikaners het vir die grootste deel van hul verlede bedreig gevoel - deur die Oos-Indiese Kompanjie, Britse oorheersing, 'n toestroming deur immigrante, die inheemse volke van Suid-Afrika en Afrika nasionalisme. Hulle het gevoel dat hulle hulle bevind in 'n vyandige wêreld waar hulle misverstaan word as gevolg van wanvoorstelling en beswaddering deur die Britte (Le May, 1995:4). Die Afrikaner was omring deur magte wat "sy taal, sy kultuur, sy ras en sy tradisionele waardestelsel" bedreig het (Naudé, 1995:9). Dié persepsie van bedreiging het aanleiding gegee tot die identifisering van verskeie "gevare". Die getalleoorwig van swartmense en gebeure soos die slag van Bloedrivier het die persepsie van die "swart gevaar" geskep. Die Anglo-Boereoorlog, Britse Imperialisme en die ervarings in konsentrasiekampe was hoofsaaklik vir die persepsie van die "Engelse gevaar" verantwoordelik. Afrikanerpolitici het ook die "Roomse gevaar" (die Katolieke kerk) en die "Rooi gevaar" (Kommunisme) as bedreigings voorgehou (Cloete, 1992:43; Le May, 1995: 233; Naudé, 1995:9; Van Jaarsveld, 1978:29). Hierdie "gevare" het

gekulmineer in die sogenaamde "totale aanslag" teen Suid-Afrika wat in die tagtigerjare prominent in politieke retoriek figureer het.

Volgens Hugo (1988: 568) is vrees, hetsy dit openlik uitgespreek word aldan nie, 'n essensiële element van die Afrikaner se idee van nasieskap. Die dryfkrag agter die beleid van Apartheid was 'n multidimensionele vrees, maar bowenal die vrees dat die geskiedenis herhaal mag word, en dat Afrikaners hul swaarverdiende rykdom, politieke selfbeskikking en voortbestaan as 'n onderskeibare taal- en etniese groep sal verloor. Van der Spuy (1978:4) beweer dat Afrikaners 'n obsessionele nasionale karakter vertoon terwyl Van Jaarsveld verwys na 'n soort vervolgingswaansin wat deel vorm van Afrikanermentaliteit.

Verskeie teoretici (Manzo, McGowan & Van Wyk,1990:39; Hugo, 1988: 585; Nieuwoudt & Plug, 1983:168; Stones, 1994:851; Van Jaarsveld, 1978:29) het bevind dat Afrikaners histories 'n akute persepsie van bedreiging het. Duckitt (1991:187) haal verskeie studies aan waarin bevind is dat Afrikaners makliker bedreig voel as Engelssprekendes. Ray (1980: 29) het gevind dat ook die geïnstituasionaliseerde rassisme in Suid-Afrika die beste verklaar kan word as 'n reaksie op 'n waargenome bedreiging. Een van die potensiële gevolge van 'n waargenome bedreiging is 'n vermeerdering in outoritêre houdings en gedrag.

### 3.4.4 Outoritêre persoonlikheid

Die outoritêre persoonlikheid word dikwels met die Afrikaner geassosieer (Duckitt, 1991; Duckitt, 1993; Ray, 1980; Van Jaarsveld, 1978:91). Dit is een van die meer kontroversiële konsepte in die Sosiale Sielkunde en het baie kritiek uitgelok, hoofsaaklik as gevolg van die feit dat navorsing aanvanklik gepoog het om 'n groepverskynsel soos rassevooroordeel suiwer in terme van individuele persoonlikheidseienskappe te verklaar. Hierdie verband is as veels te simplisties bestempel (De la Rey, 1991:37). Verdere navorsing en verfyning van die konsep het getoon dat dit egter wel bestaansreg het. Daar is gevind dat Afrikaners in die besonder eienskappe van die outoritêre

persoonlikheid openbaar, relatief tot Engelssprekendes (Duckitt, 1983:191; ). Stones (1994:848) beweer verder dat die Suid-Afrikaanse samelewing 'n besondere vrugbare teelaarde was vir die outoritêre persoonlikheid, aangesien die militêre, ekonomiese en politieke instellings verweef was om 'n magselite te vorm.

Die konsep het sy oorsprong in outoritarisme as 'n politieke filosofie wat veral op drie veronderstellings gebaseer is. Eerstens is die politieke sisteem nie gebaseer op die toestemming / instemming van die burgers nie, maar op dié van die heersers. Tweedens is daar 'n monopolie van mag, en derdens word diskoers en stemreg vervang met die besluite van leiers. In so 'n sisteem glo individue dat gehoorsaamheid aan gesag essensieel is om oormatige individualisme te beheer, asook wetteloosheid en anargie te vermy (Gelfand, Triandis & Chan, 1996:398).

Hierdie kenmerke van outoritêre sisteme is later uitgebrei na individue deur middel van Adorno (1950) en, meer resent, Altemeyer (1981) se konstruk van die outoritêre persoonlikheid. Die outoritêre persoonlikheid word volgens Altemeyer gekenmerk deur outoritêre submissie, outoritêre aggressie en konvensionaliteit. Laasgenoemde eienskap van outoritarisme reflekteer die klem op konformiteit in terme van gedrag en houdings met die binnegroep se reëls en norme. Outoritêre submissie verwys na die klem op respek vir en onvoorwaardelike gehoorsaamheid en onderdanigheid aan groepleiers en gesagstrukture. Outoritêre aggressie behels onverdraagsaamheid en aggressie teenoor groeplede wat nie aan die binnegroep se reëls en norme voldoen nie.

Duckitt (1991:197) beweer dat die kovariansie van hierdie drie faktore deur een onderliggende dimensie veroorsaak word, naamlik 'n intense en onsekere identifikasie met 'n belangrike sosiale groep en 'n gevolglike klem op groepkohesie. Hoe sterker individue met hul groepe identifiseer, hoe sterker sal die klem geplaas word op die onderwerping van die individu aan die vereistes van groepkohesie. Duckitt (1991:199) bepleit 'n siening van outoritarisme, nie as 'n persoonlikheidseienskap nie, maar as 'n stel normatiewe oortuigings wat deur individue of groepe gehuldig word omtrent die verhouding tussen die sosiale groep en die lede daarvan. Hy definieer outoritarisme vanuit 'n sosiale identiteitsperspektief gevolglik as 'n stel oortuigings wat georganiseer

is rondom die normatiewe verwagting dat die suiwer persoonlike behoeftes, en waardes van groeplede so ver as moontlik onderhewig gemaak moet word aan die kohesie van die groep en sy lede (1991:197). 'n Onsekere of bedreigde identifikasie met 'n groep sal in die besonder hierdie patroon teweeg bring. Duckitt (1991:198) is van mening dat hierdie patroon een van die redes is vir die verskille in outoritarisme wat tussen Afrikaans- en Engelssprekende witmense in Suid-Afrika gevind is. In die geval van Afrikaanssprekendes kan outoritarisme gesien word as 'n sterk identifikasie met 'n groep waarvan die identiteit nóú verweef was met die sosiale en ekonomiese voordele wat verkry is deur politieke dominansie. Die onsekere en bedreigde aard van hierdie identiteit sou lei tot 'n besonder sterk klem op groepkohesie, asook 'n element van outoritarisme.

Outoritarisme hang nóú saam met konserwatisme, daarin dat meer konserwatiewe individue waardes beklemtoon wat saamhang met 'n verbondenheid aan reëls en onderdanigheid aan gesag (Feather, 1979: 1617). Feather het verder gevind dat ouderdom en geslag ook voorspellers van konserwatisme was, met ouer persone en vroue wat meer konserwatief was as toepaslike kontrasgroepe.

### 3.4.5 Waardesisteme

Volgens Van Jaarsveld (1978:39) het Afrikaners se lewens- en wêreldbeskouing histories op die Calvinistiese Protestantisme berus, wat deur twee grondbeginsels gekenmerk was, naamlik die volstrekte soewereiniteit van God en die uitverkiesingsleer wat op uitverkorenheid en geroepenheid dui. Dit wil voorkom of hierdie beginsels steeds vir die Afrikaner belangrik is. In 'n studie wat in 1996 spesifiek op lede van die Afrikanerbond gefokus het, is bevind dat die meerderheid van hul lede landwyd, ook in Pretoria, binne 'n waardestel verkeer waarvan die kernaspekte 'n absolutistiese en elitistiese benadering behels. Dit behels verder die oortuiging dat daar net een regte manier is om te dink of te wees, en vind die sin van die lewe in sogenaamde "causes and dedication to crusades". Dit word verder gerugsteun deur 'n skuldgedrewe gehoorsaamheid aan hoër gesag (Mostert, 1996:16). Individue wat gesagsposisies

beklee, moet dus onkrities gehoorsaam word. Tradisie, 'n almagtige bonatuurlike krag, en hiërargiese strukture is die vernaamste faktore wat individue binne dié waardesisteem motiveer. Hierdie waardesisteem toon sterk raakpunte met die analogie van die uitverkore volk en die outoritêre oortuigingstruktuur.

Dié denkstrukture onderliggend aan die waardesisteem funksioneer vanuit 'n absolute, klassistiese raamwerk wat sterk ondertone het van "dit is onderdorp mense - ons is beter" en openbaar 'n konstante geneigdheid om mense as "anders" te kategoriseer (Mostert, 1996:16). Mostert (1996:17) merk op dat Apartheid net uit hierdie tipe waardesisteem kon ontwikkel, aangesien dit op die spesifieke tydstip in die geskiedenis die mees toepaslike waardesisteem was om die Afrikaner se bestaansprobleme te hanteer. Hy waarsku dat, gegewe hierdie waardesisteem, dit onwaarskynlik is dat Afrikaners die nuwe politieke bedeling met buigsaamheid sal kan hanteer, vanweë hul afhanklikheid van orde en klassegroeperinge, met ander woorde om mense en konsepte in kompartemente te plaas.

### 3.4.6 Verwagtinge en ervaringe van die nuwe politieke bedeling

Een van die meer resente opnames onder Afrikaanssprekende witmense as ondersoekgroep is uitgevoer deur Manzo en McGowan (1992) onder Afrikanerelite ten opsigte van hul verwagtinge van die "nuwe Suid-Afrika". Hulle het 'n landswye steekproef van vooraanstaande politici, staatsamptenare, predikante, akademici, besigheidslui en joernaliste betrek. Die studie van Hugo (1988) het soortgelyke vraagstukke onder die breë bevolking ondersoek. Die Sentrum vir Sosio-politieke Analise van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing het voorts vanaf Mei 1994 tot Maart 1996 ses landswye meningsopnames gedoen oor persepsies ten opsigte van kontemporêre sosio-politieke vraagstukke in die land (Ehlers *et al.,* 1996). Aangesien hierdie studies onder andere gefokus het op die post-Apartheid politieke bedeling en dus in die besonder relevant is vir die onderhawige studie, sal die terreine wat ondersoek is en die bevindinge van hierdie studies kortliks bespreek word.

#### 3.4.6.1 Rassisme en groepidentiteit

'n Oorweldigende meerderheid van Manzo en McGowan se steekproef (98 %) was van mening dat swartmense nie dieselfde vlak van ontwikkeling as witmense bereik het nie. Op die vraag of rasse-integrasie in SA ooit 'n goeie ding sal wees, het 76 % van die respondente "nee" geantwoord. Hulle was ook oorwegend gekant teen integrasie in primêre en sekondêre skole (68 %), woongebiede (62 %) en huwelike (49 %). Net meer as 53 % was van mening dat die verdeling van mense in verskillende nasionale groepe die wil van God is. Hulle was egter nie van mening dat hierdie oortuigings hoegenaamd rassisties is nie, maar dat dit bloot die histories of goddelik bepaalde etniese groepverdelings van SA verteenwoordig. Dit dui egter nie noodwendig op 'n behoefte om ander groepe te domineer nie, aangesien 77 % van die respondente van mening was dat ander groepe in Suid-Afrika net so graag hul eie groepidentiteit wil behou as Afrikaners. Verder het 81 % saamgestem met die stelling: "Die etniese groepidentiteit van verskillende groepe in SA moet behou word". Die konsep van onderskeie groepe was dus nog sterk gevestig in hierdie steekproef.

#### 3.4.6.2 Relatiewe deprivasie

Relatiewe deprivasie kan beskryf word as die waargenome verskil in welstand wat individue of groepe tussen hulself en bepaalde (meer bevoorregte) verwysingsgroepe sien (Plug, Meyer, Louw & Gouws, 1993:306). Dit dui dus op individue se belewenis van gedepriveerdheid relatief tot ander sosiale groepe. Dit is duidelik dat Afrikaanssprekende witmense op verskeie vlakke die relatiewe deprivasie van hul groep ervaar of geantisipeer het. Bornman (1995:289) het gevind dat Afrikaanssprekende witmense in die oorgangstydperk heelwat minder tevrede was met hul sosiale, ekonomiese en werksomstandighede as Engelssprekende witmense. Die intergroephoudings van Afrikaanssprekende witmense was ook die mees negatiewe van al die groepe in Bornman se studie en een van die mees belangrike voorspellers van hierdie houdings was deprivasieveranderlikes. Sy het verder gevind dat regstellende aksie en afdankings, veral onder Afrikaanssprekende mans met laer

opvoedkundige kwalifikasies, 'n besonder emosionele aangeleentheid was. Die studie van Rhoodie en Couper (1986:90) het dienooreenkomstig bevind dat die kritieke oorlewingsbelange vir konserwatiewe Afrikaners wentel om lewensgeleenthede, hulpbronne en hul sosiale beweegruimte.

Appelgryn (1991:253) verwys egter ook na 'n alternatiewe vorm van relatiewe deprivasie, genaamd progressiewe relatiewe deprivasie, wat verwys na 'n persepsie van voorspoed in die verlede en pessimisme oor die toekoms. Hierdie vorm van relatiewe deprivasie mag ontstaan wanneer individue hul huidige omstandighede vergelyk met hul omstandighede in die verlede. 'n Aantal studies het hierdie vorm van relatiewe deprivasie ondersoek.

Volgens Manzo en McGowan (1992:9) was hul respondente, ten spyte van die beperking van persvryheid ten opsigte van opstand en ander gebeure in swart woonbuurte ten tye van hul studie, goed ingelig oor die situasie in Suid-Afrika en baie bekommerd oor die agteruitgang van die land se ekonomie ten opsigte van buitelandse beleggings, internasionale handel en ekonomiese groei. Hulle was van mening dat die fisiese veiligheid van witmense verswak het sedert 1983. Op slegs drie uit sestien items het respondente gevoel dat die situasie in 1988 beter was as vyf jaar vantevore, wat dui op 'n ongelukkigheid met die heersende toestande in daardie tyd en kommer oor die toekoms. Daar was verder tekens van 'n verlies aan vertroue in die vermoë van die regering van die dag om die belange van witmense te beskerm. Manzo en McGowan (1992:10) som die gevoel van Afrikanerelite in 1988 soos volg op: "Overall, the economy is deteriorating, personal safety is bad, and the government is not as effective as it once was in ... ensuring the dominance and survival of the Afrikaner people and their culture".

In Uys se studie is progressiewe relatiewe deprivasie ook gemeet (1997:65). Sy het gevind dat Afrikaners tot 'n groot mate relatiewe deprivasie ervaar het indien hulle hul huidige omstandighede vergelyk met drie jaar vantevore. In 'n ondersoek deur Hofmeyr (1990:22) wat in 1989 uitgevoer is onder 'n nasionale steekproef van witmense in Suid-Afrika, het die meerderheid van Afrikaanssprekende witmense gevoel

dat hul finansiële posisie sedert 1984 versleg het, en dat inflasie en die gevolglike daling in witmense se lewenstandaard van die mees ernstige probleme is wat Suid-Afrika in die gesig staar. Sowat 54 % van Afrikaners in Hofmeyr se studie het gevoel dat dinge waarskynlik slegter sal word in die toekoms. Hierdie studies toon dus dat Afrikaners teen die einde van die tagtigerjare gevoel het dat die algemene sosiale, ekonomiese en politieke situasie in die land versleg het sedert 1983. Hul was veral besorg oor persoonlike veiligheid, ekonomiese welstand en die prestasie van die Suid-Afrikaanse ekonomie oor die algemeen. Hul toekomsverwagting was dat die situasie net sal vererger (Manzo & McGowan, 1992:10). Dit wil voorkom of hierdie verwagting 'n selfvervullende profesie geword het, aangesien meningsopnames in die post-Apartheid politieke bedeling toon dat witmense as geheel, en Afrikaanssprekendes spesifiek, van mening was dat hulle slegter af was as vantevore ten opsigte van aspekte soos finansiële status, werksgeleenthede, veiligheid en onderwys (Anon., 1997; Ehlers *et al.,* 1996; Research Surveys, 1998). Dit wil dus voorkom of Afrikaners ten tye van die studie ook 'n mate van progressiewe relatiewe deprivasie sou ervaar.

### 3.4.6.3 Bedreigings vir sekuriteit in 'n nuwe bedeling

Manzo en McGowan (1992:11) het verder hul respondente gevra om aan te dui wat hulle as die vernaamste bedreigings vir die sekuriteit van die land beskou. 'n Bevinding wat deur die navorsers as besonder opvallend beskou word, is dat *al* die stimuli wat voorgehou is, as 'n bedreiging beskou is deur tussen 81,2% en 99,8 % van die respondente. Sabotasie en terrorisme, gevolg deur opstande in swart woongebiede, is as die grootste bedreiging vir die land beskou, gevolg deur stakings en arbeidsonrus. Sowat die helfte van die respondente het Apartheid as 'n mate van bedreiging vir Suid-Afrikaanse sekuriteit beskou, terwyl 'n derde dit as 'n ernstige bedreiging gesien het. Hulle beskou egter die instelling van Apartheid self as 'n kleiner bedreiging as die reaksie daarop in die vorm van swart opstand. Die feit dat Afrikaners se tradisionele *bron van sekuriteit* nou 'n rede vir hul *gebrek aan sekuriteit* geword het, is 'n baie belangrike faktor in die begrip van politieke verandering in die land. Regse groepe is

deur respondente as die kleinste bron van bedreiging beskou. (Slegs 12 % van respondente het die KP en HNP ondersteun.) Die resultate van Hofmeyr (1990:24) toon dieselfde tendense. Militante aktiwiteite deur swart groepe was die tweede grootste probleem vir respondente in hierdie studie, terwyl aktiwiteite van groepe soos die AWB onder aan die lys was. Die resultate van Manzo en McGowan se studie toon ook 'n duidelike hiërargiese ordening van die faktore wat as bedreigend beskou word. Hoe groter en meer direk die impak van 'n aksie of organisasie op die persoonlike veiligheid van individue en hul eiendom kon wees, hoe meer bedreigend is dit geëvalueer.

#### 3.4.6.4 Verwagtinge van die omstandighede onder 'n swart meerderheidsregering

Verskeie aspekte van Afrikaners se verwagtinge van die nuwe politieke bedeling is teen die einde van die vorige bedeling ondersoek. Dit sluit in ekonomiese aangeleenthede, internasionale verhoudinge, sosiale verhoudings, misdaad en sosiale dienste en 'n gevoel van veiligheid.

Ten opsigte van ekonomiese aangeleenthede het die meerderheid respondente in Manzo en McGowan se studie verwag dat binnelandse ekonomiese groei sal afneem (67,5 %), maar dat buitelandse beleggings (54,8 %) en handel met Westerse (61 %) en Afrikalande (71,6 %) sal toeneem. Manzo en McGowan (1992:14) merk op dat ook hierdie persepsie op ideologiese gronde, eerder as ekonomiese logika berus, aangesien 'n toename in buitelandse beleggings en internasionale handel ook 'n groeiende binnelandse ekonomie tot gevolg behoort te hê. In die RGN-opnames het witmense as geheel se tevredenheid met die algemene ekonomiese situasie toegeneem tussen Februarie 1993 en Mei 1994 van 9% tot 32% en toe afgeneem tot 11 % teen Junie 1995. Teen Oktober 1995 het 71% van wit respondente hul ontevredenheid met die algemene ekonomiese situasie te kenne gegee, en teen Maart 1996 het die ontevredenheid ietwat afgeneem tot 64%. Die oorgrote meerderheid van witmense was egter deurgaans ontevrede met die ekonomiese situasie (Ehlers *et al.,*1996:17).

Die RGN ondersoek het ook 'n opname onder hoëvlak besluitnemers ingesluit. Hierdie groep se tevredenheid met die ekonomiese situasie het toegeneem van 12% tot 22% vanaf Oktober 1994 tot Maart 1996. terwyl ontevredenheid afgeneem het van 63% tot 54%. Die meerderheid was egter in Maart 1996 steeds ontevrede met die ekonomiese situasie, wat kommerwekkend is in die lig van die monetêre en beleggingsinvloed wat hierdie groep binne die ekonomie uitoefen (Ehlers *et al.*,1996:19).

Ten opsigte van aspekte wat die regering van die land raak, was respondente in Manzo en McGowan se studie van mening dat internasionale aanvaarding van die land sal toeneem (87,5 %), terwyl bykans alle ander aspekte van die politieke sfeer sal verswak. Dit sluit in die doeltreffendheid van regering (92,1 %), demokrasie (78,2 %), korrupsie (73,5 %) en kommunistiese invloede (78,4 %). Afrikaners was klaarblyklik besorg dat Suid-Afrika dieselfde pad as ander Afrika lande sou loop, alhoewel hul inligting oor dié lande meesal via die kanale van regeringspropaganda, eerder as eerstehandse ervaring verkry is. Die sentimente wat Manzo en McGowan onder Afrikanerelite gevind het, is deur die deursnee Afrikaner in die tagtigerjare gedeel (Hugo, 1988).

Die meerderheid respondente in die RGN ondersoeke het gevoel dat rasseverhoudings en sosiale gelykheid sal verbeter wanneer 'n swart meerderheidsregering aan bewind is. Hulle het egter geantisipeer dat die beskerming van minderheidsregte (in hierdie konteks gelyk aan "wit regte") sal skade lei (Ehlers *et al.*,1996:10). Ook Hugo se studie onder deursnee Afrikaners het getoon dat 91 % van Afrikaners nie saamgestem het dat die lewe vir witmense bloot sal voortgaan soos vantevore nie. Verder het 91% van die respondente ook gedink dat 'n swart regering teen witmense sal diskrimineer, terwyl 81 % gevoel het dat die taal en kultuur van witmense nie beskerming sal geniet onder 'n swart regering nie (1988:585).

Ten opsigte van misdaad en sosiale dienste, het die meerderheid van respondente in Manzo en McGowan se studie gevoel dat die standaard van onderwys (90,5 %), mediese dienste (84,3 %) en die staatsdiens (51 %) sal afneem, terwyl 72,2 %

verwag het dat misdaad sal toeneem. Manzo en McGowan meen egter dat hierdie bevinding vrese dat *wit* onderwys en mediese dienste sal verswak, asook dat misdaad *teen witmense* sal toeneem, reflekteer. Die staatsdiens was 'n groot werkgewer van Afrikaners en hulle het waarskynlik antisipeer dat hulle deur swartmense vervang sal word wat die werk nie so effektief as hulle sal kan doen nie; vandaar die verwagtinge van 'n afname in kwaliteit van die staatsdiens. Volgens die RGN-opnames (Ehlers *et al.,* 1996:17) het witmense se gevoel van veiligheid toegeneem van 26% tot 50 % tussen Julie 1993 en Mei 1994, maar tussen Mei 1994 en Oktober 1995 afgeneem tot 13%. Die verklaring hiervoor lê waarskynlik in die toename in misdaad na die algemene verkiesing in 1994. In Maart 1996 was daar weer 'n geringe toename tot 16% (1996:17). In Hugo se studie (1988: 585) het 84% van die wit Afrikaanssprekende respondente verskil van die stelling dat wet en orde gehandhaaf sou word in 'n nuwe politieke bedeling. Slegs 17% van die hoëvlak besluitnemers in die RGN ondersoek het in Maart 1996 aangedui dat hulle veilig voel in Suid-Afrika, teenoor 45% in Junie 1994. Ongeveer 45 % van die besluitnemers of hul onmiddellike familie was die slagoffers van misdaad in die voorafgaande 18 maande (Ehlers *et al.,*1996:19). 'n Onafhanklike ondersoek het in 1998 gevind dat 95% van stedelike witmense en 97% van Afrikaanssprekendes gevoel het dat die veiligheidsituasie in die voorafgaande drie jaar vererger het (Research Surveys,1998).

Die RGN-opnames het ook in die nuwe politieke bedeling plaasgevind. Wat die legitimiteit van die Regering van Nasionale Eenheid (RNE) betref, het dié opnames getoon dat witmense, dit wil sê diegene wat in die vorige bedeling politieke mag gehad het, minder geneig was om die RNE as legitiem te ervaar as ander rassegroepe. Afrikaanssprekendes as geheel het die RNE ook as minder legitiem ervaar as Engelssprekendes. Die ontleding in terme van partypolitieke affiliasie toon dat ondersteuners van regse politieke partye die minste legitimiteit aan die RNE heg, gevolg deur ondersteuners van die NP en die DP onderskeidelik. Die skrywers van die verslag is egter van mening dat, indien die vlak van misdaad nie verlaag en daar nie aan verwagtinge voldoen word nie, kan die legitimiteit van die regering onder alle groepe verder daal (Ehlers *et al.,* 1996:8). In 1997 het 'n tydskrifopname onder Afrikaners

getoon dat 81% van die respondente geen vertroue in die post-Apartheid regering of enige politici het nie (Anon., 1997:54).

Afrikaanssprekende witmense het dus nie baie positiewe verwagtinge van die post-Apartheid bedeling gekoester nie. Hulle het verwag dat byna alle aspekte van regering swakker sal wees as in die ou bedeling. Hulle het egter wel gereken dat internasionale aanvaarding van die land sal verbeter. Hulle het veral vrese vir hul eie veiligheid en sekuriteit gekoester. Hulle verwagtinge ten opsigte van hul eie omstandighede is ook in groter detail ondersoek, en word vervolgens gerapporteer.

### 3.4.6.5 Toekomsverwagtinge van witmense se lewensomstandighede

Manzo en McGowan het aan Afrikanerelite gevra wat hul toekomsverwagtinge vir die wit gemeenskap is. Die meerderheid het verwag dat wit welvaart (86,9 %), veiligheid (84,6 %) en werksgeleenthede (60,9 %) in die toekoms sal afneem, terwyl wit emigrasie (88,6 %) sal toeneem. Dit is egter insiggewend, in die lig van laasgenoemde bevinding, dat slegs 0,7% van die respondente van plan was om die land te verlaat, terwyl 60 % beweer het dat, ongeag wat die toekoms inhou, hulle hoop het vir die toekoms van die land. Net minder as 'n derde (28,9 %) het gesê dat hulle met vertroue uitsien na die toekoms. Hierdie bevindinge is in ooreenstemming met dié wat deur Hofmeyr (1990:106) gerapporteer word. 'n Substantiewe 85 % van Afrikaners in Hofmeyr se steekproef het nog nooit oorweeg om te emigreer nie, teenoor 45 % van Engelssprekende witmense. In 'n opname in 1997 wat deur in bekende Afrikaanse tydskrif gedoen is, het 20% van die Afrikaners in die steekproef egter aangedui dat hulle graag wil emigreer (Anon., 1997: 54).

By navraag oor die faktore wat hulle sou kon beweeg om die land te verlaat, het 43% 'n afname in persoonlike sekuriteit vir hulself en hul familie genoem, gevolg deur 'n bedreiging vir hul sosiale en kulturele lewenswyse (28%) en 'n afname in lewenstandaard (25 %). Manzo en McGowan kom tot die gevolgtrekking dat vrese

omtrent sekuriteit en kulturele oorwegings vir Afrikaners minstens so swaar weeg as materiële oorwegings.

Ten opsigte van wit lewenstandaard en welvaart, bevestig Hugo se studie (1988: 585) die bevindinge van Manzo en McGowan. In Hugo se studie het 82% van die respondente verwag dat die inkomste en lewenstandaard van witmense onder 'n meerderheidsregering sal verswak, 88% het gevoel dat witmense se besittings nie veilig sal wees nie, en 78% het gemeen die fisiese veiligheid van witmense sal bedreig word. In die RGN-opnames het witmense die minste van al die rassegroepe verwag dat hul lewenstandaard in 'n nuwe politieke bedeling gaan styg (Ehlers *et al.*, 1996:8). Ook in Bornman (1995) se studie was beide Afrikaanssprekende en Engelssprekende witmense, asook swartmense, van mening dat die sosiale, finansiële, politieke en werksituasies van witmense in die daaropvolgende vyf jaar sou agteruitgaan, terwyl dié van swartmense sou verbeter. Die tendens het voortgeduur in die nuwe politieke bedeling, soos blyk uit 'n ondersoek in 1998 (Research Surveys, 1998). In dié studie was 81% van witmense as geheel en 85% van Afrikaanssprekendes van mening dat hul finansiële status in die voorafgaande drie jaar verswak het.

Dit is duidelik dat Afrikaners in die laat tagtigerjare diep bekommerd was oor hul sekuriteit, eiendom, status en lewenstandaard onder 'n swart meerderheidsregering. Hulle het ekonomiese agteruitgang, 'n toenemend onbevoegde regering en 'n gebrek aan sekuriteit vir hul besittings en hulself voorsien. Dit wil voorkom of dit dan ook hul ervaring was in die nuwe politieke bedeling. Volgens Manzo en McGowan (1992:18) sou 'n onderhandelde skikking in Suid-Afrika rekening moes hou met die vrese van Afrikaners as 'n magtige minderheid, maar ook met die aspirasies van die magshonger meerderheid. Hulle argumenteer dat dit nie uitsluitlik materiële belange of 'n vrees vir groepoorlewing is wat die houding van Afrikaners teenoor 'n nuwe politieke bedeling beïnvloed nie, maar 'n kombinasie van beide faktore (Manzo, McGowan & Van Wyk, 1990:26). Hugo (1988:580) beklemtoon dat individue se verwagtinge van die toekoms tot 'n groot mate hul huidige gedrag bepaal, en dat Afrikaners se verwagtinge ten opsigte van 'n swart meerderheidsregering implikasies vir hul politieke gedrag sou hê.

### 3.4.7 Houding teenoor politieke verandering

'n Uitstaande kenmerk binne Afrikanergeledere in die oorgang na 'n nuwe politieke bedeling was dat daar binne die groep groot verdeeldheid was oor hoe die oorgang hanteer moes word. Afrikaners se houdings teenoor die politieke veranderinge het dus verskil. Hierdie houdings kan 'n sleutelfaktor wees ten opsigte van hulle ervaring en hantering van bedreiging. Malan, Botha en du Preez (1994:8) het bevind dat 'n negatiewe houding teenoor sosio-politieke verandering geassosieer word met groter steun op die verwysingsgroep, 'n hoër vlak van rassisme en sosio-politieke stres. Daar blyk 'n interaksie te wees tussen politieke verwagtinge en die evaluering van politieke gevolge, in dié sin dat individue wat negatiewe politieke verwagtinge koester, ook geneig is om potensieel positiewe gevolge as negatief te evalueer. Hulle sal dus waarskynlik makliker bedreiging ervaar. Daar kan verwag word dat individue se houdings teenoor die politieke veranderinge verband sal hou met hul ervaring van bedreiging in die nuwe politieke bedeling. Bornman (1995) het bevind dat Afrikaanssprekende witmense, vergeleke met Engelssprekende witmense en Swartmense in die oorgangsperiode beduidend meer negatiewe houdings teenoor politieke veranderinge gehad het. Beide Afrikaanssprekende en Engelssprekende witmense het egter verwag dat hul finansiële, politieke en werksituasie in die toekoms betekenisvol swakker as dié van swartmense sal wees. Bornman het verder gevind dat Afrikaanssprekende witmense verwag het dat hul posisie ook meer ongunstig as dié van Engelssprekendes sal wees wat sosiale, finansiële en politieke omstandighede betref. Sy het ook gevind dat sterker etniese identifikasie oor die algemeen gepaard gaan met negatiewe houdings teenoor politieke verandering.

### 3.4.8 Konstantheid van bevindinge

Sommige navorsers maak melding van die besondere ooreenkomste tussen die bevindinge binne longitudinale studies van Afrikaners of tussen verskillende studies. Só het die houding van wit Suid-Afrikaners teenoor ander groepe in Suid-Afrika nie veel verander vanaf die dertiger- tot die sestigerjare nie (Morsbach & Morsbach, 1967:290).

Hugo se navorsing oor Afrikaner vrese het uit drie studies bestaan wat in 1979, 1984 en 1987 onderskeidelik uitgevoer is. Alhoewel die eerste twee studies op mynwerkers en boere gefokus het, het die resultate merkwaardig ooreengestem met dié van 'n nasionale steekproef in 1987, ten spyte van die tydsverloop en klasseverskil tussen die steekproewe. Veral die oorweldigend negatiewe verwagtinge van Afrikaners met betrekking tot 'n swart meerderheidsregering in al drie sy studies is volgens Hugo opmerklik (Hugo, 1988:586).

Manzo en McGowan (1992:17) merk ten opsigte van die ooreenkomste tussen hulle data en dié van Hugo (1988) op dat dit uiters raar is in opnames dat sulke groot meerderhede konstant saamstem of verskil met bepaalde stellings. Hulle meen dat hierdie verskynsel die homogeniteit van Afrikaner opinies demonstreer. Hierdie homogeniteit word volgens Manzo en McGowan verder bevestig deur die groot mate waartoe die elite en die massa se houdings ooreenstem.

## 3.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is etnisiteit en etniese identiteit as konstrukte bespreek as agtergrond tot die bespreking van die Afrikaner as etniese groep. Wat etniese identifikasie betref, blyk dit uit hierdie hoofstuk dat individue vir wie hul etniese groep betekenisvol is, wat sterk identifiseer met al die groepe wat deel uitmaak van hul sosiale identiteit, wat betrokke is by hul groep en identiteitseienskappe van die groep geïnternaliseer het, en wat gemotiveerd is om die kultuur van die groep te bewaar, waarskynlik sterk etniese identifikasie sal openbaar. Verder sal lede van groepe waarvan die lidmaatskap relatief sigbaar is, wat prominent in die sosiale konteks figureer, 'n laer sosiale digtheid het, en bedreig voel, ook sterker etniese identifikasie toon. Indien die groep 'n hoë mate van institusionele voltooidheid bereik het, is die kanse ook groter dat hulle positiewe houdings teenoor hul groep sal hê en sterk met die groep sal identifiseer. Vervolgens is die bevindinge van navorsing ten opsigte van Afrikaners bespreek. Beide resente en vroeëre navorsing skets Afrikaners as 'n groep

met sterk etniese verbintenisse wat strewe na die behoud van hul kultuur en groepgrense, maar wat ook, in meer resente tye, besef het dat hulle nie op die ou Apartheidswyse kon voortgaan nie. Die Afrikaner word beskryf as 'n relatief homogene groep waarvan politieke isolasie een van die uitstaande kenmerke is. Dit is 'n relatief gestigmatiseerde groep wat vanaf 1948 to 1994 tot 'n groot mate die politieke mag in hul hande gehad het. Hulle is deur ander groepe beskou as polities geïsoleerd en materieel bevoorreg. Van besondere belang vir dié studie is die feit dat hulle in die verlede telkens bedreig gevoel het en dat resente studies toon dat hulle oorwegend negatiewe toekomsverwagtinge huldig en verdere bedreiging vir hul groep in 'n nuwe politieke bedeling geantisipeer het.

# HOOFSTUK 4
# SOSIALE IDENTITEIT

## 4.1 INLEIDENDE OPMERKINGS

Die sosiale identiteit van respondente is 'n sentrale aspek van die onderhawige studie. Die doel van hierdie hoofstuk is om hierdie konstruk toe te lig. Die term "identiteit" word in verskillende sfere van die samelewing gebruik, en is 'n konstruk wat op beide individue en groepe van toepassing gemaak word. Die wye gebruik van die term noodsaak 'n omskrywing daarvan deur sosiaal-wetenskaplikes ten einde hul gebruik van die term te verduidelik.

## 4.2 OMSKRYWING VAN IDENTITEIT

Identiteit, soos die meeste begrippe in die sosiale wetenskappe, het nie 'n enkele definisie waaroor teoretici eenstemmigheid bereik het nie. Breakwell (1986:10) sê in dié verband dat definisies van identiteit wissel na aanleiding van individue se definisies van realiteit. Die omvang van die problematiek rondom die definiëring van die term word deur Gleason (1983:910) raak saamgevat: "Its very obviousness seems to defy elucidation: identity is what a thing is! How is one supposed to go beyond that in explaining it?". Dit is waarskynlik om hierdie rede dat sommige skrywers 'n definisie van die term geheel en al vermy: "The concept of identity is as indespensible as it is unclear. This is why no attempt will be made to define it and we shall keep it in a zone of shaded obscurity, but the phenomena of identity, mysterious though they may be, underly certain realities which can be defined and circumscribed" (Moscovici & Paicheler, 1978:253).

Semanties lê die oorsprong van die woord in die Latynse stam "idem", wat "dieselfde" beteken. Woordeboekdefinisies van die term identiteit lê dan ook klem op die aspek van kontinuïteit, naamlik dat iets dieselfde bly te alle tye en in alle omstandighede. Binne die sielkunde het Erikson die term identiteit as't ware in sirkulasie geplaas met sy teorie van identiteitsontwikkeling. Volgens Erikson verwys identiteit beide na 'n "persistent sameness within oneself (selfsameness) and a persistent sharing of some kind of essential character with others" (1968, soos aangehaal deur Lian, 1982:43). Alhoewel Erikson se benadering 'n psigodinamiese basis het, lê hy veral klem op die verhouding tussen die individu en die omgewing. Hy koppel die interne en eksterne wêreld van die individu met behulp van sy "psigososiale identiteit" deur dit as 'n proses te beskryf wat neerkom op 'n interaksie tussen die innerlike ontwikkeling van die individuele persoonlikheid en die sin van self wat spruit uit deelname in die samelewing, die internalisering van kulturele norme, die bereiking van 'n sekere status, en die vervulling van verskeie rolle (Gleason, 1983:918). Die sosiale komponent van psigososiale identiteit behels egter meer as bloot die vervulling van rolle. Die individu het ook 'n behoefte aan betekenisvolle sosiale groeplidmaatskappe waarvan die waardes geïnternaliseer is (Erikson, 1968:62).

Die terme identiteit, self, karakter of persoonlikheid word dikwels as wisselterme gebruik om die uniekheid wat een individu van 'n ander onderskei, te beskryf (Breakwell 1983). Alhoewel identiteit verband hou met selfbeskrywings, waarsku Du Preez (1980:6) dat identiteit nie met terme soos "persoon" of "self" verwar moet word nie. Die onderskeid tussen persoon en identiteit bestaan volgens hom daarin dat een persoon verskeie identiteite kan hê ('n vrou, 'n katoliek, 'n diereliefhebber), waarvan elk in verskillende situasies gemobiliseer kan word. 'n Persoon is dus 'n stelsel van identiteite. Du Preez beskryf hierdie stelsel van identiteite as 'n gereedskapkas waaruit die individu 'n kombinasie van identiteite konstrueer vir 'n spesifieke situasie. Ten opsigte van die onderskeid tussen die self en identiteit, is identiteit volgens du Preez (1980) die voorkoms van die self, met ander woorde, die self soos deur ander waargeneem en verstaan. Identiteit is dus hoe die self optree binne die totale persoonlikheidsisteem. Deaux (1991:83) maan verder dat nie alle self-relevante eienskappe noodwendig as identiteite beskou hoef te word nie. Individue kan hulself

in terme van persoonlikheidseienskappe beskryf sonder om noodwendig op 'n bepaalde identiteit aanspraak te maak. Sulke eienskappe kan byvoorbeeld sentrale kenmerke van 'n spesifieke identiteit wees, of 'n eienskap wat op 'n aantal identiteite van toepassing is.

Die meeste omskrywings van identiteit hou op een of ander wyse verband met individue se bewustheid van hulself, gewoonlik in die vorm van selfdefinisies of selfvoorstellings. Die breedste definisie van identiteit is waarskynlik dat dit alles behels wat individue omtrent hulself kan sê - 'n naam, status, persoonlikheid en verlede (Breakwell, 1986:10).

Baie van die identiteite van individue hou verband met hul groeplidmaatskappe. Ethier en Deaux beskou identiteit in dié lig as 'n bewustheid van selfdefinisie of selfkategorisering waarin lidmaatskap van sosiale groepe een aspek van die self is (1990:428). Identiteit en groeplidmaatskap is dus onlosmaaklik verbind in dié sin dat individue se self-definisie tot 'n groot mate bestaan uit selfbeskrywings in terme van die definiërende eienskappe van die sosiale groepe waaraan hul behoort.

## 4.3 DIMENSIES VAN IDENTITEIT

Daar is veral twee dimensies wat uit die definisies van identiteit binne die sielkunde kristalliseer, naamlik kontinuïteit en onderskeibaarheid. Ten opsigte van groeplidmaatskappe verwys identiteit byvoorbeeld na die eendersheid van individue wat aan dieselfde groep behoort, en ook na die verskille tussen die binnegroep en buitegroepe. Hierdie dimensies word vervolgens kortliks bespreek, maar figureer ook sentraal in Breakwell se teorie van identiteit, wat later meer uitvoerig bespreek word.

### 4.3.1 Onderskeibaarheid

Verskeie teoretici (waaronder Brewer, 1991:475; Liebkind 1992:174; Lau, 1989:222; Robbins, 1992:123; Rodriguez & Gurin, 1990: 238; Simon *et al.* 1995:325) onderskryf die standpunt dat 'n belangrike bron van 'n individu se identiteit 'n gevoel van onderskeibaarheid, beide as 'n groeplid en as individu is. Liebkind (1992:174) beweer dat onderskeibaarheid die gevolg is van die geneigdheid van individue om die sosiale realiteit in terme van kontraste, eerder as graadverskille te beskryf. Kontraste, of die spanning tussen verskille en ooreenkomste word dus gebruik om struktuur aan die sosiale omgewing te verskaf.

Volgens Simon *et al.* (1996:325) veronderstel identiteit per definisie onderskeibaarheid, beide op individuele en groepvlak. Daar word aan individue 'n identiteit toegeskryf tot die mate waartoe hulle in dié opsig onderskeibaar van ander individue is. Op soortgelyke wyse word die identiteit van 'n sosiale groep bepaal deur die groep se onderskeibaarheid in 'n bepaalde sosiale konteks. Simon *et al.* gebruik trouens binnegroep onderskeibaarheid en sosiale identiteit as wisselterme.

Brewer (1991:475) meen dat onderskeibaarheid *per se* 'n belangrike eienskap van 'n groep is, onafhanklik van die status of evaluering wat aan die groep gekoppel word. Anders gestel, is onderskeibaarheid vir die individu onafhanklik van die evaluerende implikasies van groeplidmaatskap, alhoewel individue, as alle ander faktore gelyk sou wees, 'n identiteit wat positief geëvalueer word, sou verkies bo 'n negatiewe identiteit. Volgens Brewer (1991:475) moet groepe nie net die behoefte aan affiliasie van hul lede bevredig nie, maar ook duidelike grense verskaf wat hulle van ander groepe onderskei. Groepe moet dus onderskeibaarheid behou om te oorleef.

Volgens Brewer (1991:478) word die onderskeibaarheid van groepe deur twee faktore bepaal, naamlik die duidelikheid van groepgrense en die grootte van die groep. Sy het bevind dat identifikasie met en lojaliteit teenoor 'n groep makliker bereik kan word in 'n numeriese minderheid as 'n meerderheid. Verskille in groepstatus kompliseer egter

die saak. Daar mag in minderheidsgroepe 'n konflik ontstaan tussen onderskeibaarheid en positiewe evaluering van die groep. Lidmaatskap van 'n hoë status meerderheid kan byvoorbeeld die behoefte aan 'n positiewe sosiale identiteit bevredig, maar optimaliseer nie noodwendig onderskeibaarheid nie. Lede van lae status minderheidsgroepe word deur die inverse van dié dilemma gekonfronteer deurdat hulle 'n groot mate van onderskeibaarheid geniet, maar nie positiewe evaluering nie. Lede van hoë status meerderhede kan egter hierop reageer deur verder te differensieer en subgroepe te vorm sonder om die positiewe evaluering van groeplidmaatskap prys te gee. Die konflik by lede van lae status minderhede word egter moeiliker opgelos. Aan die een kant kan hulle hulself van hul groeplidmaatskap dissosieer en só van die negatiewe evaluering ontslae raak, maar in die proses onderskeibaarheid as groeplid prysgee. Aan die ander kant kan hulle hul onderskeibare groepidentiteit aanvaar, maar ook by implikasie die meerderheidsgroep se negatiewe evaluering aanvaar.

Brewer (1991:477) stel 'n model van optimale onderskeibaarheid voor wat sosiale identiteit beskou as die balans tussen bogenoemde twee behoeftes, naamlik dié aan affiliasie met die groep (eendersheid) en differensiasie van ander (onderskeibaarheid). Daar is 'n dialektiese spanning tussen hierdie behoeftes van die individu. Individue het dus 'n behoefte om as individu uniek en onderskeibaar van ander individue te wees, maar ook om deur middel van 'n mate van eendersheid met ander, groepe te vorm wat weer onderskeibaarheid van ander groepe besit. Die relatiewe sterkte van dié behoeftes word bepaal deur kulturele norme, individuele sosialisering en onlangse ervarings. Individue sal selfbeskrywings vermy wat óf te persoonlik, óf te inklusief is, en sal kies om hulself te beskryf in terme van onderskeidende kategorie-lidmaatskappe. Sosiale identifikasie sal die sterkste wees ten opsigte van dié groepe wat terselfdertyd 'n gevoel van "behoort aan" én 'n sin van onderskeibaarheid verskaf. Lee en Ottati (1995:611) verwys egter na 'n aantal studies wat toon dat die behoefte aan sosiale affiliasie dikwels swaarder weeg as dié aan persoonlike onderskeibaarheid. Individue sal dus eerder individuele onderskeibaarheid opoffer ter wille van die gevoel van "behoort aan" 'n groep.

'n Belangrike vereiste wat aan identiteite gestel word, is dus dat dit aan die individu onderskeibaarheid van ander individue moet verskaf, en vir die binnegroep onderskeibaarheid van buitegroepe. Onderskeibaarheid is 'n beginsel wat vir Afrikaners histories besonder belangrik was. Dit was trouens een van die vernaamste boustene van die Apartheidsbeleid. Legum en Legum (1964:17) definieer "Afrikanerdom" soos volg: "...the systematic expression of an exclusively Afrikaans-speaking political, cultural and social movement, committed to preserving its uniqueness by establishing its hegemony over the whole country." Liebkind (1992:174) beweer dat dit veral in die proses van etniese selfidentifikasie vir individue belangrik is om op die een of ander wyse ánders te wees as lede van ander etniese groepe (onderskeibaarheid), én dat etnisiteit konsekwent moet wees óór veranderinge in konteks en tyd. Na laasgenoemde aspek kan verwys word as kontinuïteit.

### 4.3.2 Kontinuïteit

Die beginsel van kontinuïteit lê, soos reeds genoem, ten grondslag van die meeste definisies van identiteit. Weinreich (1983a:151) lê veral klem op kontinuïteit as definiërende eienskap van identiteit, en definieer identiteit as die totaliteit van self-voorstellings, waar 'n individu se selfvoorstellings in die hede 'n vergestalting is van die kontinuïteit tussen sodanige voorstellings in die verlede en aspirasies vir die toekoms. Kontinuïteit behels dat daar 'n kern van identiteit behoue bly, al verander eksterne omstandighede. Hierdie kontinuïteit gee aan die individu 'n gevoel van vastigheid in 'n veranderende wêreld. Lian (1982:45) voeg by dat kontinuïteit veral belangrik is wanneer 'n identiteit onder druk is om te verander. Hierdie aspek geniet verdere aandag in die bespreking van Breakwell se model (kyk afdeling 4.5).

Uit bostaande blyk dit dat identiteit dit is wat mense op individuele vlak van ander individue onderskei, en op groepvlak met ander individue laat assosieer, wat weer die groep van ander groepe onderskei. Dit verskaf verder 'n sin van koherensie aan die individu se bestaan deur kontinuïteit van selfdefinisie te midde van veranderende omstandighede te bewerkstellig.

### 4.3.3 Meervoudige identiteite

In die moderne samelewing, en veral 'n etnies pluralistiese samelewing, is daar verskeie kompeterende konseptualiserings van realiteit (Lian, 1982:44). Volgens Lian is daar in so 'n samelewing sprake van meervoudige identiteite as gevolg van die fragmentering van sosiale verhoudings. Die oorvleueling van identiteite in 'n moderne industriële samelewing maak dit moeilik vir individue om 'n koherente betekenis aan hulle bestaan te heg. Die kontinuïteit van identiteit word dus bedreig en lei tot spanning in die identiteit van die individu. Die meeste kontemporêre teoretici onderskryf die beginsel van meervoudige identiteite, en 'n aantal suggereer dat meervoudigheid nie net konseptueel redelik is nie, maar ook psigologies wenslik. Thoits (1983:174) meen dat meervoudige identiteite die stres wat met enige enkele identiteit verband hou, versprei en sodoende verlig. Bornman (1995:313) het bevind dat meervoudige identifisering algemeen in Suid-Afrika bestaan - individue identifiseer byvoorbeeld met hul etniese groep, 'n rasidentiteit en 'n oorkoepelende Suid-Afrikaanse identiteit, afhangende van die konteks waarbinne die identifikasies plaasvind. Alhoewel meervoudige identiteite binne die individu 'n gegewe kenmerk van die moderne samelewing is, word die struktuur en ordening van identiteite binne die individu op verskillende maniere gekonseptualiseer.

## 4.4 ORGANISASIE VAN IDENTITEITE BINNE DIE INDIVIDU

### 4.4.1 Hiërargiese ordening

White en Burke (1987:313) beweer dat, binne die individu, verskillende identiteite georganiseer is in 'n hiërargie van belangrikheid. Hulle stel voor dat identiteite binne die individu hiërargies georden is op grond van hul prominensie, gedefinieer in terme van individue se vlak van toewyding tot die onderliggende rolle wat dié identiteite impliseer. In hiërargiese modelle word daar gewoonlik veronderstel dat identiteite aan die bopunt van die hiërargie meer algemeen en oorkoepelend van aard sal wees en

verband sal hou met primêre groepe soos die gesin, geslag of etniese groep, en dat hierdie kategorieë "meesterstatus" geniet wat die definisie van ander identiteite beïnvloed. Die meeste navorsers is dit eens dat daar bepaalde sentrale identiteite is wat van besondere belang vir die individu is (Ethier & Deaux, 1990; Martinez & Dukes, 1991; Garza & Herringer, 1987; Weinreich, 1983b; Zavalloni, 1975). Zavalloni (1975:206) identifiseer agt sentrale identiteitsgroepe, terwyl Ethier en Deaux (1990:434) het gevind dat hul respondente spontaan gemiddeld sewe sentrale identiteite benoem het.

Ook Deaux (1993:6) staan 'n hiërargiese ordening voor waar bepaalde identiteite elk geassosieer word met 'n kategorie van identiteitseienskappe. So is "moeder" byvoorbeeld 'n identiteit wat geassosieer word met eienskappe soos "aanvaardend, betroubaar en begrypend". Sy beskryf eersgenoemde identiteit as 'n sosiale identiteit en die eienskappe wat daarmee geassosieer word as persoonlike identiteite. Die twee aspekte is dus interafhanklik. Sy voeg egter by dat die posisie van 'n bepaalde identiteit binne die totale struktuur meer as net 'n beskrywing is. 'n Spesifieke posisie mag belangrike affektiewe en gedragsimplikasies inhou.

Abrams (1992:62) maak egter beswaar teen die verklaring van gedrag in terme van die prominensie van 'n bepaalde identiteit. Die aanname van hiërargiese modelle is dat 'n identiteit wat hoër in die identiteitshiërargie is, meer toeganklik sal wees, prominent in meer situasies sal wees, en dus meer geneig sal wees om gedrag te beïnvloed. Dit laat 'n aantal vrae ontstaan. Sou die mees prominente identiteite in terme van persoonswaarneming, byvoorbeeld geslag en ouderdom, 'n hoër prioriteit geniet in die identiteitstruktuur? Sou gestigmatiseerde identiteite hoër prioriteit geniet? Deaux (1993:5) stel voor dat baie van hierdie vrae opgelos sal kan word deur te verwys na die betekenis van 'n bepaalde identiteit vir die individu, want op dié manier word daar nie alleen oorweeg *watter* identiteit prominent in die identiteitstruktuur is nie, maar ook *wat* daardie identiteit, wanneer dit prominent sou wees, impliseer. Verskeie teoretici (Babad *et al.*, 1983:18; Branscombe & Wann, 1994:647; Millward, 1995:304; Weinreich,1986:309) onderskryf eweneens die belangrikheid van die betekenis wat aan bepaalde identiteite geheg word, eerder as hul prominensie in 'n struktuur.

In die definisie van sosiale identiteit verwys Tajfel (1978b:63) wel na die emosionele betekenis wat aan groeplidmaatskap geheg word as deel van sosiale identiteit, maar oor die aard van die emosionele betekenis word egter nie uitgebrei nie. Deaux (1992:19) lewer gevolglik kritiek teen die oënskynlike aanname van die SIT dat lidmaatskap *per se* die model van sosiale identiteit dryf, eerder as daardie aspekte van 'n lidmaatskap wat selfkonsep bevorder. Deaux stel verder voor dat, in die plek van 'n vaste ordening van identiteite, daar eerder aanvaar moet word dat identiteitstrukture wissel van individu tot individu en dat 'n ideografiese, empiriese voorstelling verkieslik is bo 'n teoreties gedrewe nomotetiese model. Waar een persoon se ras byvoorbeeld 'n meesterstatus kan wees wat alle ander identiteite beïnvloed, kan 'n volgende persoon ewe veel waarde heg aan 'n aantal identiteite.

### 4.4.2 Rolidentiteite

Verskeie teoretici maak ook melding van sogenaamde rolidentiteite binne die individu. Brittan (1973:149) is van mening dat daar 'n onderskeid is tussen 'n sogenaamde kernidentiteit, dit wil sê die essensie van die self, en rolidentiteite, wat individue vir hulself skep as die okkupeerders van bepaalde sosiale posisies. Fitzgerald (1974:3) tref 'n soortgelyke onderskeid tussen 'n sogenaamde kulturele of etniese identiteit en verskeie sosiale identiteite (hier gebruik in 'n ander sin as wat dit in die Sosiale Identiteitsteorie gebruik word). Eersgenoemde verwys na die siening van die self as 'n groeplid en 'n uitruilbare voorbeeld van die etniese of kulturele groep, terwyl laasgenoemde minder rigied en meer situasie-spesifiek verwys na die rolle wat die individu in bepaalde situasies inneem. Terwyl 'n individu dus verskeie sosiale identiteite kan hê, is slegs een kulturele identiteit moontlik. Ook Weinreich beaam dat sekere identiteite in bepaalde situasies dominant mag wees (1986:309).

Du Preez (1980:9) onderskei egter identiteit van rol en sê dat identiteit 'n breër konsep is as rol. Een identiteit, byvoorbeeld "vrou" kan verskeie rolle aanneem. In spesifieke situasies, gedefinieer binne 'n bepaalde ideologie, is die rol dalk duidelik, maar die identiteit kan in verskeie ander kontraste betrokke wees. Elke kontras slaan op

verskillende eienskappe van 'n identiteit. So sal 'n vrou, gekonfronteer met kinders, 'n verkragter, en haar eggenoot, se gedrag uiteraard verskil. Rolle is die manifestasie van identiteite in spesifieke situasies. 'n Rol is dus situasie-spesifiek, terwyl 'n identiteit transsituasioneel funksioneer. Ook Lian (1982:44) vind die gelykstelling van rol en identiteit problematies, aangesien dit 'n ahistoriese siening van identiteit sou suggereer. Individue bestuur dus nie bloot hul eie identiteit en neem verskeie rolle aan na gelang van hul gehoor nie, maar is ook onderworpe aan historiese prosesse en sosiale omstandighede wat bepaalde verwagtinge skep en identiteit beïnvloed.

### 4.4.3 Funksionele ordening

'n Ander benadering tot die ordening van identiteite is dat verskillende identiteite bepaalde funksies vervul. Deaux (1993:8) noem sestien funksies van groeplidmaatskappe, waaronder selfkonsep, selfinsig, sosiale vergelyking, sosiale ondersteuning, en sosiale identiteit (hier gedefinieer as selfkonsep gebaseer op groeplidmaatskap). Bornman (1995:62) voeg nog 'n aantal funksies van identiteit by, naamlik die handhawing van 'n waardestruktuur en die fasilitering van interpersoonlike verhoudings. Selfdefinisie in terme van groeplidmaatskappe impliseer dat individue bepaalde waardes en beginsels internaliseer. Hierdie waardestruktuur help individue om keuses te maak wat konsekwentheid aan hul gedrag verleen. Identiteit speel verder 'n rol in interpersoonlike en intergroepverhoudings, daarin dat individue met 'n swak gedefinieerde identiteit dit moeilik vind om sinvolle interpersoonlike verhoudings aan te knoop. In die laaste instansie is identiteit 'n bron van ondersteuning wat aan die individu die vermoë gee om ten spyte van ongunstige omstandighede deur te druk aangesien dit 'n sin van koherensie en kontinuïteit verskaf.

Deaux (1993:8) beweer dat bepaalde identiteite aan spesifieke behoeftes van die individu kan voldoen. So byvoorbeeld kan politieke identiteite geassosieer word met 'n behoefte aan mag, terwyl etniese of godsdienstige identiteite behoeftes aan selfkennis en betekenis kan vervul. Smith (1991:184) noem byvoorbeeld as funksies van etniese identiteit dat dit individue beskerm teen die ontwikkeling van 'n weerlose

identiteit, en ook as buffer dien wanneer hul identiteit weerloos begin word. Wanneer bepaalde situasies dus behoeftes by die individu skep, sal identiteite wat aan hierdie behoeftes voldoen, na vore tree.

Binne die SIT is die vernaamste funksie van identiteit in die eerste plek die handhawing van 'n positiewe selfkonsep. Teen hierdie aspek van die SIT maak Abrams en Hogg (1988:318) beswaar en beweer dat daar alternatiewe motiverings vir gedrag, benewens die selfkonsep bestaan. Hierdie motiverings word meer breedvoerig by die bespreking van selfkonsep behandel. Ongeag die funksie wat 'n groeplidmaatskap vervul, sien individue wat tevrede is met hul groep oor die algemeen meer funksionele nut in groeplidmaatskap as individue wat ontevrede is met hul groep.

Een van die mees breedvoerige konseptualiserings van identiteit kom waarskynlik van Breakwell (1983; 1986) wat 'n aantal van bostaande aspekte in haar model van identiteit, bedreiging en hantering integreer.

## 4.5 BREAKWELL SE MODEL VAN IDENTITEIT

Breakwell (1983; 1986) stel 'n breedvoerige model van identiteit voor wat 'n bepaalde struktuur, prosesse en beginsels aan identiteit koppel. Alhoewel baie van bostaande aspekte in die teorie na vore kom, word die teorie afsonderlik bespreek weens die omvattende aard daarvan en die sentraliteit van sekere aspekte daarvan vir meting in die onderhawige studie. Die model van identiteit wat sy voorhou, is 'n sosiaal-sielkundige model wat poog om intrapsigiese en sosio-politieke prosesse met mekaar te koppel en aan te toon hoe beide hierdie elemente nodig is in die funksionering van identiteit (Breakwell, 1986:11).

Volgens Breakwell is identiteit 'n dinamiese sosiale produk van die interaksie van die kapasiteite vir geheue, bewustheid en georganiseerde interpretasies van die individu as biologiese organisme met die fisiese en sosiale strukture wat die sosiale konteks

vorm. Die konstruk van Identiteit kan op twee vlakke beskryf word, naamlik in terme van die struktuur en die prosesse daarvan (Breakwell, 1986:190).

### 4.5.1 Struktuur van identiteit

Die struktuur van identiteit het volgens Breakwell twee dimensies, naamlik 'n inhouds- en waardedimensie. Die inhoudsdimensie bestaan uit die eienskappe wat identiteit definieer, met ander woorde dié selfbeskrywings wat die individu uniek maak. Breakwell sluit hierby die eienskappe van sosiale en persoonlike identiteit in. Die tradisionele onderskeid tussen sosiale en persoonlike identiteit word in hierdie model onderbeklemtoon op grond van haar aanname dat sosiale identiteit oor tyd persoonlike identiteit word, en die onderskeid dus kunsmatig is. Volgens haar is persoonlike en sosiale identiteit nie werklik onderskeibare entiteite nie, maar slegs verskillende momente in die proses van menslike ontwikkeling. Individue assimileer en akkommodeer oor tyd konsepsies van hulself wat deur die sosiale omgewing verskaf word. Sosiale identiteit en sosiale rolle verskaf die raamwerk vir selfbegrip deur 'n struktuur (dimensies vir beskrywing) en 'n evaluering van daardie struktuur (via morele en sosiale norme) te verskaf. Tot dié mate is persoonlike identiteit, as die residu van die assimilasie en akkommodasie van sosiale identiteite, die produk van sosiale identiteit. Sy bepleit gevolglik 'n evolusionêre perspektief op identiteit, wat die klem plaas op prosesse van adaptasie, verandering en beïnvloeding, eerder as die tradisionele digotomie tussen persoonlike en sosiale identiteit. Haar vernaamste kritiek teen modelle soos dié van Brewer (1991) en Turner (1987) wat persoonlike en sosiale identiteite op verskillende vlakke van abstraksie voorstel, is dat hierdie modelle nalaat om die meganisme waardeur die vlakke aan mekaar gekoppel word, en individue van een vlak na 'n volgende beweeg, te verduidelik (Breakwell, 1986:15).

In terme van die organisasie van identiteite binne die individu, postuleer Breakwell dat die inhoudsdimensie van identiteit georden is. Hierdie ordening geskied in terme van die mate van sentraliteit en prominensie van 'n identiteit, asook die hiërargiese rangskikking van die elemente. Die ordening is egter nie staties nie en verander in

reaksie op insette vanuit die omgewing. Breakwell staan dus deels ook 'n hiërargiese ordening van identiteite voor waarin sommige identiteite meer sentraal en prominent figureer as ander. Sy beklemtoon egter ook dat individue verskil met betrekking tot die kwaliteit van organisasie van die inhoudskomponente van hul identiteit. Sommige individue het 'n netjiese hiërargiese rangskikking van dimensies, terwyl ander in 'n relatiewe chaos van identiteitselemente kan funksioneer. Die sentraliteit en prominensie van bepaalde identiteite blyk op hul beurt hoogs situasie-spesifiek te wees. 'n Sentrale komponent van identiteit op 'n gegewe tydstip mag in 'n ander konteks irrelevant wees (Breakwell, 1986:19).

Elke element in die inhoudsdimensie het verder 'n positiewe of negatiewe waarde daaraan verbonde, wat die waardedimensie van identiteit konstitueer. Die waardedimensie is aan konstante evaluering en herevaluering onderworpe namate sosiale verandering plaasvind en die individu se posisie in die sosiale struktuur gevolglik verander.

### 4.5.2 Prosesse van identiteit

Die struktuur van identiteit word gereguleer deur die prosesse van assimilasie /akkommodasie en evaluering. Assimilasie verwys na die opneem van nuwe komponente in die identiteitstruktuur, terwyl akkommodasie verwys na die aanpassing wat in die bestaande struktuur plaasvind om plek te maak vir nuwe elemente. Akkommodasie kan ook beskou word as die herrangskikking van die sentraliteit en prominensie van identiteitselemente, terwyl assimilasie verband hou met algemene prosesse van informasieprosessering (Breakwell 1986:23; Liebkind, 1992:176; Millward, 1995:304). Die proses van evaluering behels die toewysing van 'n positiewe of negatiewe waarde aan die inhoud van identiteit, beide nuut en oud. Hierdie prosesse is in interaksie met mekaar en bepaal die inhoud van identiteit oor tyd. Veranderinge in assimilasie / akkommodasie noodsaak die wysiging van evaluering en andersom (Breakwell, 1986:191).

### 4.5.3 Beginsels van identiteit

Binne Breakwell se teorie is daar verder bepaalde beginsels wat wenslike toestande vir die optimale funksionering van die struktuur van identiteit definieer. Hierdie beginsels is kultuur-spesifiek, wissel ooreenkomstig ontwikkelingstadia, en wissel ook in hul relatiewe opsigtelikheid oor tyd en omstandighede. Die huidige leidende beginsels in die Westerse samelewing is kontinuïteit, onderskeibaarheid en eiewaarde. Dit is as't ware 'n sosiaal-bepaalde stel kriteria waarteen identiteit gemeet word. Die beginsels van onderskeibaarheid en kontinuïteit blyk vir verskeie teoretici belangrik te wees en is reeds hierbo bespreek. Binne Breakwell se teorie impliseer hierdie twee beginsels dat individue 'n behoefte het dat hul identiteite aan hulle 'n mate van onderskeibaarheid van ander moet verskaf, asook dat hul identiteite kontinuïteit oor tyd moet vertoon. Die derde beginsel van identiteit wat deur Breakwell (1986) genoem word, is dié van eiewaarde, wat impliseer dat dit wenslik sou wees dat 'n bepaalde identiteit positief bydra tot 'n individu se eiewaarde. Breakwell se teorie brei verder uit op die sosiale konteks van identiteit, die aard van bedreigings vir identiteit en die hanteringstrategieë tot die individu se beskikking. Hierdie aspekte van die teorie sal in die volgende hoofstuk aandag geniet.

Gleason (1983:918) onderskei in 'n historiese analise van teoretisering rondom identiteit tussen twee hoofstrome van konseptuele ontwikkeling met betrekking tot dié konstruk. Die twee benaderings verskil hoofsaaklik ten opsigte van die vraag of identiteit verstaan moet word as iets intern tot die individu wat verandering weerstaan, of iets wat van buite aan die individu toegeskryf word en aan verandering onderworpe is. Laasgenoemde siening word histories deur Mead en die voorstanders van rolteorieë gehuldig, wat meervoudige identiteite binne die individu, 'n eksterne fokus, en die moontlikheid van konstante verandering insluit. Aan die ander kant is daar die meer "sielkundige" roete van Erikson wat 'n geïntegreerde, interne en redelik permanente identiteitstruktuur voorstaan. Sommige teoretici beskou eersgenoemde as sosiale en laasgenoemde as persoonlike identiteit. Die meeste teoretici, ongeag hul siening oor die aard en ordening van identiteite, onderskryf egter op die een of ander wyse die

verdeling van die identiteitseienskappe van 'n individu in twee breë kategorieë - een wat verband hou met sosiale rolle, verhoudings en groeplidmaatskappe, oftewel 'n sosiale identiteit, en 'n ander wat slaan op die unieke en eiesoortige eienskappe van die self, genaamd 'n persoonlike identiteit. Teoretici gebruik egter verskillende terme om dié onderskeid te beskryf. Een van die mees bekende teorieë wat hierdie dualistiese siening van identiteit voorstaan is die Sosiale Identiteitsteorie (Tajfel, 1978a).

## 4.6 Die Sosiale Identiteitsteorie

Abrams (1992:57) onderskei tussen die Sosiale Identiteitsbenadering en die Sosiale Identiteitsteorie. Eersgenoemde verwys naamlik na die metateoretiese aanname dat sosiale kategorieë menslike gedrag en die selfkonsep beïnvloed wanneer individue identifiseer met of hulself in terme van daardie kategorieë definieer. Binne dié benadering word 'n aantal teorieë geakkommodeer, waarvan die SIT een is.

Die SIT berus op bepaalde metateoretiese aannames omtrent die aard van mense, die samelewing, en die verhouding tussen hulle. Dit beweer dat die samelewing uit kategorieë bestaan wat in bepaalde mag- en status verhoudings tot mekaar staan. Hierdie kategorieë berus op eienskappe soos geslag, nasionaliteit, klas, beroep en dies meer. Elke individu is dus tegelykertyd lid van verskeie sosiale kategorieë. 'n Kategorie bestaan egter nie in isolasie nie, maar slegs in verhouding tot ander kategorieë (Hogg & Abrams, 1988:21). Du Preez (1980:7) beskryf hierdie kategorieë as "sisteme van identiteit" waarvan die definisies wederkerig tot mekaar staan. Manlike identiteit het slegs betekenis in verhouding tot vroulike identiteit, en so meer.

Die aard van sosiale kategorieë en hul verhouding tot mekaar verleen aan 'n samelewing sy onderskeidende struktuur. Hierdie struktuur is egter nie staties nie, maar verander saam met kategorieë, hul definiërende kriteria en onderlinge

verhoudings. SIT handel oor die spesifieke implikasies van kategorielidmaatskap vir individuele en intergroepgedrag.

### 4.6.1 Omskrywing van sosiale identiteit

Sosiale identiteit word deur die vader van die teorie, Tajfel, gedefinieer as "that part of an individual's self-concept which derives from his [her] knowledge of his [her] membership of a group (or groups) together with the value and emotional significance attached to the membership" (1978b:63). Vanuit hierdie teoretiese oriëntasie word beweer dat om deel van 'n groep te wees hoofsaaklik 'n sielkundige staat is. Volgens die SIT kan gedrag gesien word op 'n kontinuum van interpersoonlik tot intergroep (Tajfel, 1978b:38). Turner (1987:44) meen dat die prominente aspekte van die self beskryf kan word op 'n ooreenstemmende kontinuum van unieke en individuele eienskappe (persoonlike identiteit) tot gedeelde lidmaatskap van 'n kategorie (sosiale identiteit). Sosiale identiteit bevat beskrywings wat spruit uit lidmaatskap van sosiale kategorieë, terwyl persoonlike identiteit bestaan uit beskrywings van spesifieke en onderskeidende eienskappe van die individu. Die term "sosiale identiteit" verwys ook na die sielkundige prosesse wat betrokke is in die omskakeling van 'n sosiale realiteit ('n groep mense) na 'n sielkundige realiteit ('n kognitiewe sosiale kategorie) (Hogg & Abrahams, 1988:13).

Brewer (1991:477) beklemtoon egter dat sosiale identiteit nie gelyk gestel kan word aan groeplidmaatskap nie. Groeplidmaatskap opsigself kan gedwonge of vrywillig wees, maar volgens haar is sosiale identiteit 'n keuse. 'n Individu kan aan 'n aantal groepe behoort sonder dat die groeplidmaatskappe deel word van of bydra tot hul sosiale identiteit. Hierdie siening word egter problematies in die geval van besonder sigbare identiteitsgroepe, byvoorbeeld geslag of ras. Die vraag ontstaan of individue werklik 'n keuse het om hierdie groepe totaal uit te sluit uit hul sosiale identiteit. 'n Meer waarskynlike verklaring van die verhouding tussen groeplidmaatskap en sosiale identiteit kom van Deaux (1991:80). Sy identifiseer twee dimensies van identiteit, naamlik wenslik / onwenslik en vrywillig / verpligtend. Elke identiteitseienskap kan op

beide hierdie dimensies beoordeel word, wat aanleiding gee tot vier identiteitsbondels (wenslik en vrywillig; onwenslik en verpligtend, ens). Die mate waartoe 'n identiteit wenslik of onwenslik is, behoort die mate waartoe die identiteit vertoon of vermy word, te beïnvloed, en dra só by tot die selfkonsep. Identiteite wat onwenslik en verpligtend is (byvoorbeeld "kankerlyer") sal dus eerder vermy word aangesien dit negatief bydra tot die selfkonsep, alhoewel dit steeds deel uitmaak van die individu se identiteitstruktuur. Die dimensie van wenslik / onwenslik sluit ook aan by Breakwell (1986) se identiteitsbeginsel van eiewaarde.

Die selfkonsep van die individu bestaan dus in terme van die SIT uit twee onderskeibare subsisteme, naamlik persoonlike en sosiale identiteit. Alle selfbeskrywings wat die individu gebruik, hoort tuis in een van hierdie sisteme. Daar is egter verskillende konseptualiserings van die aard van die verhouding tussen die twee sisteme. Waar sommige teoretici dit as twee wedersyds uitsluitende konstrukte beskou, sien ander dit as konsepte wat kovarieer of onafhanklik van mekaar opereer.

### 4.6.2 Verhouding tussen persoonlike en sosiale identiteit

Daar is verskillende konseptualiserings ten opsigte van die verhouding waarin persoonlike en sosiale identiteit as subsisteme van die selfkonsep tot mekaar staan. 'n Bipolêre verhouding is aanvanklik deur die outeurs van die SIT voorgestaan. Ander teoretici beweer dat daar 'n komplementêre verhouding bestaan, terwyl ander dit in terme van onderskeie vlakke van abstraksie voorstel. Nog 'n moontlikheid is dat die onderskeid slegs situasioneel van aard is. Hierdie konseptualiserings word vervolgens kortliks bespreek.

#### 4.6.2.1 Bipolêre verhouding

Die SIT beklemtoon die onderskeid tussen sosiale en persoonlike identiteit en beskou die twee konstrukte as wedersyds uitsluitend of as teenoorstaande pole van 'n kontinuum (Tajfel, 1978d:41). Hierdie benadering is die basis van minimalegroep

eksperimente waar die bevrediging van sosiale en persoonlike identiteitsbehoeftes teenoor mekaar gestel word. Hogg en Abrams (1988:24) beweer dat die onderskeid tussen persoonlike en sosiale identiteit 'n strukturele basis het en definieer sosiale identiteite as selfbeskrywings wat spruit uit lidmaatskap van sosiale kategorieë, terwyl persoonlike identiteite spesifieke attribute van die individu insluit en hoofsaaklik in persoonlike verhoudings na vore kom.

#### 4.6.2.2 Komplementêre verhouding

Ander teoretici beklemtoon weer die komplementêre aard van persoonlike en sosiale identiteit (Robbins, 1992:58; Porter & Washington, 1993:155). Deaux (1993:6) is van mening dat, alhoewel persoonlike en sosiale identiteit van mekaar onderskei kan word vir doeleindes van ontleding, die een nodig is om aan die ander een betekenis te gee. Sy het bevind dat elke sosiale identiteit 'n aantal persoonlike identiteitseienskappe daaraan gekoppel het. Die twee aspekte is dus fundamenteel interafhanklik - persoonlike identiteit word ten minste gedeeltelik gedefinieer deur groeplidmaatskappe en sosiale kategorieë is deurspek met persoonlike betekenis.

Barnes, Mason, Leary, Laurent, Griebel en Bergman (1988:513) het gevind dat persoonlike identiteit individue beskerm teen die bedreiging van sosiale evaluering. Wanneer individue dus negatiewe terugvoer uit die omgewing omtrent hul groepe ontvang, maak hulle staat op hul persoonlike identiteit vir positiewe terugvoer. Die twee aspekte van identiteit kompenseer dus vir mekaar. Robbins (1992:92) bevestig dat persoonlike identiteit opsigself 'n bron van selfbeskerming is, sodat bevordering van persoonlike identiteit kan kompenseer vir 'n negatiewe sosiale identiteit.

Brewer (1991:481) het bevind dat die teenoorgestelde ook geld, naamlik dat kollektiewe identiteite die individu buffer teen bedreigings vir die self. Dit word bevestig deur studies van Ellemers, van Knippenberg, de Vries en Wilke (1988:497), en Ellemers *et al.* (1993:766) wat bevind het dat sosiale identiteit 'n alternatiewe bron van identiteit word wat gebruik word wanneer die persoonlike identiteit nie

bevredigend bevorder kan word nie. Robbins (1992:92) beweer dat selfs individue wie se persoonlike lewe 'n mislukking is, positiewe selfagting kan verkry deur middel van 'n positiewe sosiale identiteit. Robbins (1992:61) het bevind dat 'n gebrek aan sekuriteit in die sosiale deel van die selfkonsep die persoonlike deel kan sensitiseer vir potensieel bedreigende stimuli. Verder verskil die belangrikheid van 'n positiewe sosiale identiteit in terme van 'n algemeen gunstige selfbeskouing van een kultuur en individu na die volgende. Beide persoonlike en sosiale identiteit, as fasette van die selfkonsep, kan ook deur 'n derde veranderlike soos kognitiewe en motiveringsfaktore beïnvloed word (Robbins, 1992:59).

#### 4.6.2.3 Onderskeie vlakke van abstraksie

Binne die selfkategoriseringsteorie van Turner (1987) opereer sosiale en persoonlike identiteit as ortogonale kontinua. Die konsepte wissel op onafhanklike dimensies, maar is nie wedersyds uitsluitend nie. Hulle sal trouens in die meeste gevalle gelyktydig funksioneer, maar hul perseptuele effek staan in 'n inverse verhouding tot mekaar. Beide Turner (1987:45) en Brewer (1991:476) konseptualiseer die onderskeid tussen persoonlike en sosiale identiteit in terme van die vlak van abstraksie in die persepsie van die self en ander. Verskillende vlakke van abstraksie is hierby betrokke. Minstens drie vlakke van abstraksie van selfkategorisering kan onderskei word. Die *boonste* vlak behels die self as mens, en die gemeenskaplike kenmerke gedeel met die menslike ras. Die *middelste* vlak verwys na binnegroep-buitegroep kategoriserings gebaseer op sosiale ooreenkomste en verskille tussen groepe, byvoorbeeld vrou, Afrikaner, student. Die *onderste* vlak slaan op verskille tussen self en ander binnegroep lede wat die mens as unieke individu beskryf. Hierdie vlakke verteenwoordig dus 'n individu se menslike, sosiale en persoonlike identiteit onderskeidelik, gebaseer op interspesie, intergroep en interpersoonlike vergelykings tussen die self en ander. Hoe meer inklusief die kategorie, hoe hoër die vlak van abstraksie. Volgens Turner is selfpersepsie in enige gegewe situasie 'n funksie van die vlak van abstraksie wat in daardie situasie prominensie geniet, en die onderskeid tussen persoonlike en sosiale identiteit is dus

primêr tydelik van aard. In sommige situasies sal sosiale identiteit meer prominent wees as persoonlike identiteit, terwyl die teenoorgestelde in ander situasies sal geld.

Brewer (1991:476) gebruik op haar beurt 'n aantal konsentriese sirkels om die verhouding uit te beeld, met persoonlike identiteit as die spilpunt en sosiale identiteite wat daarrondom uitkring. Persoonlike identiteit verteenwoordig die geïndividualiseerde self, met ander woorde die eienskappe wat een individu onderskei van 'n ander. Die buitenste sirkels stel verskillende sosiale identiteite voor en verteenwoordig kategorieë waar die individu in meer inklusiewe sosiale eenhede opgeneem word. Beide Turner en Brewer verwys na die proses in terme waarvan individue hulself meer as groeplede begin kategoriseer en minder as unieke individue as depersonalisering. Namate daar beweeg word van "ek" na "ons" vind depersonalisering toenemend plaas.

### 4.6.2.4 Situasionele onderskeid

Volgens Robbins (1992:59) kan dit wees dat persoonlike en sosiale identiteit op verskillende wyses met mekaar skakel afhangende van die konteks. In minimalegroepnavorsing waar die bevrediging van persoonlike en sosiale identiteitsbehoeftes teenoor mekaar gestel word, kan hulle wedersyds uitsluitend funksioneer. In interpersoonlike interaksie, byvoorbeeld 'n onderhandelingsituasie, kan interpersoonlike en intergroepfaktore gelyktydig opereer. Wanneer dit kom by die evaluering van persoonlike en sosiale identiteit kan 'n derde faktor beide hierdie komponente van die selfkonsep beïnvloed.

Volgens Turner (1987:44) lê die meriete van die onderskeid tussen persoonlike en sosiale identiteit daarin dat individue hulself soms primêr of geheel en al in terme van hul groeplidmaatskappe, eerder as hul unieke persoonlike eienskappe sien. Turner bevestig ook die vaagheid van die onderskeid deur te sê dat dit slegs as 'n benadering van die werklikheid beskou moet word. Daar is geen bewyse dat persoonlike identiteit nie volkome sosiaal van aard is nie. Dat daar 'n verband behoort te wees tussen persoonlike en sosiale identiteit is te wagte op grond van die feit dat dit verskillende

komponente van die selfkonsep is. Die aard van die verband is egter nie duidelik nie en kan wissel van een konteks na die volgende.

### 4.6.3 Sentrale begrippe binne die Sosiale Identiteitsteorie

'n Aantal begrippe wat sentraal staan tot die SIT sal vervolgens bespreek word. Die eerste hiervan is die selfkonsep, wat een van die vernaamste konstrukte binne SIT verteenwoordig en per definisie onlosmaaklik deel van sosiale identiteit is. Binne die SIT word die sielkundige proses van groepvorming onder meer verklaar deur die kognitiewe prosesse van selfkategorisering en sosiale vergelyking. Die teorie berus verder op 'n aantal aannames omtrent die aard van die samelewing. Een van die sentrale aannames in dié verband is dat alle groepe in die samelewing in bepaalde status- en magsverhoudings tot mekaar staan. Dit gee aanleiding tot die ontstaan van minderheids- en meerderheidsgroepe en het bepaalde implikasies vir individue se ervaring van hul groeplidmaatskappe. Sekere aspekte van die SIT lok egter ook kritiek uit en daar sal deurgaans, waar van toepassing, ook hierna verwys word.

#### 4.6.3.1 Selfkonsep

Selfkonsep staan sentraal tot die teorie van sosiale identiteit. Binne die SIT beslaan die selfkonsep die totaliteit van selfbeskrywings en selfevaluerings wat subjektief tot die individu se beskikking is. Hierdie beskrywings vorm groeperings wat selfidentifikasies genoem word. Selfidentifikasies kan tuishoort in een van twee onderskeibare subsisteme van die selfkonsep, naamlik sosiale of persoonlike identiteit, soos hierbo beskryf (Hogg & Abrams, 1988:24). Selfbeskrywings soos "lief vir rugby, braaivleis en Afrikaans" kan byvoorbeeld tuishoort onder die selfidentifikasie "Afrikaner", wat resorteer onder die subsisteem van sosiale identiteit.

Weinreich (1983b:161) meen dat, waar identiteit verwys na 'n omskrywing van wie die individu is, selfkonsep na die individu se refleksie oor en evaluering van identiteit verwys. Die SIT beklemtoon veral hierdie evaluatiewe aard van beide persoonlike en

sosiale identiteit. Individue streef na 'n positiewe persoonlike identiteit, asook 'n positiewe sosiale identiteit. Tot dié mate dat die sosiale groepe waartoe individue behoort positief vergelyk met relevante vergelykingsgroepe, sal hulle sosiale identiteit positief wees.

In Tajfel se oorspronklike teoretisering was individue se behoefte aan 'n koherente selfpersepsie, oftewel selfkonsekwentheid die vernaamste motivering vir intergroepvergelykings. Die individu het dus 'n behoefte om kontinuïteit van selfpersepsie oor tyd te handhaaf. Mettertyd het die motief van selfbevordering dié van selfkonsekwentheid vervang as die motiverende faktor van gedrag in die SIT, hoofsaaklik om sosiale verandering en die bevoordeling van die binnegroep te verklaar. Selfkonsekwentheidsmotiewe kon nie verklaar hoekom individue hul eie groep deurgaans bevoordeel het in minimalegroepnavorsing nie. Daar is dus afgelei dat individue ook 'n behoefte het om hul binnegroep as positief te evalueer, en nie net konsekwentheid van hul selfdefinisie te handhaaf nie. Die motief van selfbevordering is aanvanklik afgelei van Festinger (1954) se teorie van sosiale vergelyking wat bedoel was om interpersoonlike vergelykings te verklaar. Tajfel het dit egter oorgeneem om ook intergroepvergelykings te verklaar. Die SIT beweer dus dat individue gemotiveerd is om ook ten opsigte van hul groeplidmaatskappe te strewe na 'n positiewe selfkonsep.

Die motiveringstatus van die selfkonsep in die SIT is egter ook een van die aspekte van die teorie wat die meeste kritiek uitlok. Deaux (1992:26), sowel as Abrams en Hogg (1988:328), is van mening dat die motiveringstatus van die selfkonsep oorbeklemtoon word in die SIT, en dat daar ander ewe belangrike behoeftes is wat gedrag motiveer, waaronder die behoeftes aan selfkennis, betekenis, materiële welvaart, mag, beheer en kognitiewe konsekwentheid. Abrams (1992:66) merk byvoorbeeld met verwysing na Suid-Afrika op dat dit hoogs onwaarskynlik is dat die selfkonsep van groeplede die geïnstitusionaliseerde rassisme in die land kan verklaar. Syns insiens is 'n meer fundamentele motivering van gedrag die behoefte om 'n koherente en betekenisvolle selfdefinisie as groeplid te vorm, in ooreenstemming met Tajfel se oorspronklike teoretisering. Die vraag "Wie is ek?" geniet dus voorrang bo "Hoe goed is ek?". Die

sogenaamde "selfkonsep hipotese" van die SIT is volgens Abrams (1992:63) hoofsaaklik op minimalegroepnavorsing gebaseer. Hierdie konteks laat nie reg geskied aan baie van die sosiale motiewe wat die gedrag van werklike sosiale groepe kan beïnvloed nie, maar skep eerder 'n klimaat vir selfbevorderingsmotiewe. Selfkonsep word in minimalegroepnavorsing gekonseptualiseer as beide 'n onafhanklike én afhanklike veranderlike of, anders gestel, beide 'n motief vir en 'n gevolg van diskriminasie. Terwyl beide hierdie rigtings van oorsaaklikheid waarskynlik eksperimenteel bewys sou kon word, is daar in werklike sosiale groepe nie noodwendig 'n korrelasie tussen diskriminasie en selfkonsep nie (Abrams & Hogg, 1988:328).

Persoonlike selfkonsep word nie in hierdie studie ingesluit op grond van oorwegings wat verband hou met intergroepgedrag en diskriminasie nie, maar wel as 'n aspek van die self wat identiteit beïnvloed (White & Burke, 1987:314). Volgens Hogg en Turner (1987:331) word selfkonsep buite die minimale groep hoofsaaklik bepaal deur die relatiewe status van groepe, subjektiewe oortuigings omtrent die stabiliteit van dié statusverskille, en die aard en konteks van intergroepverhoudings. Aangesien sosiale verandering potensieel al hierdie dimensies kan beïnvloed, is selfkonsep as veranderlike relevant in die onderhawige studie, en word persoonlike selfkonsep as veranderlike ingesluit ten einde die verband daarvan met veranderlikes soos die ervaring en hantering van bedreiging te bepaal. 'n Meer resente teoretiese uitbreiding van die verhouding tussen selfkonsep en sosiale identiteit is die onderskeid tussen persoonlike en kollektiewe selfkonsep.

#### 4.6.3.2 Kollektiewe selfkonsep

Die SIT beklemtoon die evaluatiewe aard van beide persoonlike en sosiale identiteit. Navorsing binne die teorie het tot 'n groot mate gefokus op situasionele faktore wat individue se evaluering van sosiale identiteit hoofsaaklik tydelik beïnvloed. Luhtanen en Crocker (1992:303) beweer egter dat daar ook relatief stabiele individuele verskille is in individue se evaluering van hul sosiale identiteit. Hulle het die term "kollektiewe selfkonsep" gemunt, wat verwys na die mate waartoe individue oor die algemeen hul

sosiale groepe positief of negatief evalueer (Crocker & Luhtanen, 1990:60). Dit behels dus die evaluering van sosiale groepe waaraan 'n individu behoort, eerder as die evaluering van persoonlike eienskappe as groeplid of persoonlike prestasies binne die groep (Luhtanen & Crocker, 1992:304). Waar persoonlike selfkonsep binne die SIT in verband gebring word met meer individuele selfbevorderingstrategieë, beweer dié outeurs dat kollektiewe selfkonsep 'n belangrike bemiddelende veranderlike van groepstrategieë mag wees.

Hulle onderskei vier aspekte van die kollektiewe selfkonsep. Die eerste hiervan behels individue se persoonlike oordeel oor hoe 'n goeie lid van die groep hulle is. Hierdie is die mees individualistiese aspek van kollektiewe selfkonsep. Die volgende aspek is 'n beoordeling van die sosiale groepe waaraan die individu behoort as oorwegend positief of negatief. Tajfel (1981:255) beweer dat individue subjektief moet identifiseer met hul binnegroepe, met ander woorde, die groepe moet emosioneel betekenisvol wees vir individue vir dié groepe om by te dra tot hul selfkonsep. Die volgende aspek van kollektiewe selfkonsep sluit hierby aan en behels die belangrikheid van groeplidmaatskap vir die identiteit van die individu. Aangesien identiteit 'n funksie is van beide hoe individue hul eie groepe evalueer, en hoe buitegroepe dié groepe evalueer, is 'n vierde dimensie van kollektiewe selfkonsep geïdentifiseer wat verwys na individue se persepsie ten opsigte van buitegroeplede se evaluering van die binnegroep (Crocker & Luhtanen, 1990:63; Luhtanen & Crocker, 1992:306).

Kollektiewe selfkonsep is in die relatief kort tydperk wat die term in die Sosiale Sielkunde teenwoordig is, reeds met vrug deur navorsers gebruik en die praktiese nut sowel as konstrukgeldigheid daarvan is deur verskeie studies bevestig (o.a. Ethier & Deaux, 1990; Lay, 1992a; Lay, 1992b; Robbins, 1992). Crocker en Luhtanen (1990:61) beweer dat, net soos persoonlike selfkonsep die mate waartoe individue reageer op 'n bedreiging vir hul persoonlike identiteit bemiddel, so bemiddel kollektiewe selfkonsep die mate waartoe individue reageer op 'n bedreigde identiteit op groepvlak. Dit blyk dus 'n potensieel relevante veranderlike in die ervaring en hantering van bedreiging vir identiteit te wees en word op grond hiervan as veranderlike in die onderhawige studie ingesluit.

#### 4.6.3.3 Selfkategorisering

'n Verdere sentrale begrip in die SIT is dié van selfkategorisering. Volgens De la Rey (1991:44) is daar in werklikheid sprake van twee teorieë van sosiale identiteit. Die eerste hiervan is die oorspronklike intergroepteorie van Tajfel, en die tweede die selfkategoriseringsteorie van Turner. Laasgenoemde is 'n uitbreiding van die SIT wat spesifiek verwys na die meganismes waardeur individue groepe vorm (Hogg & Abrams, 1988:21). Selfkategorisering kan gesien word as die proses van kognitiewe groepering van die self en 'n klas van stimuli as "dieselfde", in kontras met 'n ander klas van stimuli. Volgens Turner (1987:32) vorm selfkategorisering die basis van sosiale identiteit. Ook Deaux (1991:83) beweer dat selfdefinisie as groeplid een van die sentrale prosesse in die konstruksie van 'n sosiale identiteit is, terwyl Ellemers (1993:29) bevestig dat die mees belangrike aspek van die proses van sosiale identifikasie is dat individue hulself in terme van hul groeplidmaatskappe definieer.

Die SIT suggereer dat sielkundige groeplidmaatskap primêr 'n perseptuele en kognitiewe basis het, soos bevind is in minimalegroepnavorsing. Die onderliggende beginsel aan selfkategorisering is dat groepgedrag gedefinieer kan word as die gedrag van individue wat optree in terme van 'n kognitiewe kategorisering van die self en ander in terme van 'n hoër vlak van abstraksie as dié wat betrokke is in die kategorisering van mense as unieke individue. Hierdie beginsel moet gesien word teen die agtergrond van Turner (1987:45) se siening van selfkategorisering as deel van 'n hiërargiese sisteem van klassifikasie.

Die betrokkenheid van die self in die kategoriseringsproses het bepaalde kognitiewe implikasies. Dit lei in die eerste plek daartoe dat individue hulself as identies tot ander lede van 'n kategorie beskou. Hierdie proses noem Turner depersonalisering, wat verwys na die proses van self-stereotipering waar individue hulself sien as 'n vervangbare voorbeeld van 'n sosiale kategorie, eerder as 'n unieke persoonlikheid wat gedefinieer word in terme van individuele verskille van ander. Sosiale kategorieë het sekere stereotipe dimensies wat die groeplidmaatskap definieer. Die proses van

selfkategorisering lei tot kategorie-kongruente gedrag op hierdie stereotipiese dimensies.

Selfkategorisering is interafhanklik van die kategorisering van ander. Sodra individue hulself kategoriseer as lede van 'n bepaalde groep, sluit hulle ook ander individue by hierdie groep in of uit op grond van die relevante dimensies van vergelyking. Hierdie proses staan as sosiale kategorisering bekend. De la Rey (1991:44) definieer sosiale kategorisering as die persepsie van individue in terme van kategorieë of groepe op die basis van kriteria wat relevant is vir die klassifiseerder. Op grond van bevindinge in minimalegroepnavorsing, waar diskriminasie teen buitegroepe plaasgevind het, al is groepe slegs perseptueel en kognitief gekonstrueer, definieer Turner (1987:27) op sy beurt sosiale kategorisering as 'n kognitiewe voorstelling van sosiale groepverdelings. Aangesien individue nie kan sin maak van die magdom stimuli waarmee hulle gekonfronteer word nie, volg hulle die kortpad van kategorisering deur individue in die binne- of buitegroep te plaas. Die proses van sosiale kategorisering dui dus vir die individu sy eie plek binne bepaalde groepe en buite ander aan. Dit het verder tot gevolg dat verskille tussen binnegroeplede geminimaliseer en verskille tussen kategorieë gemaksimaliseer word (Ellemers, 1993:29).

Daar is egter ook kritiek teen die SIT se siening van sosiale kategorisering en die minimale groep as eenheid van ontleding. Billig (1976:333) bevraagteken byvoorbeeld die oorsprong van sosiale kategorieë. Hy is van mening dat sosiale kategorieë veel eerder die produk van sosiale aktiwiteit binne 'n spesifieke historiese konteks is as 'n uitdrukking van 'n individuele klassifiseerder se persepsie. Sosiale kategorisering kan dus nie as die "oorsprong" van sosiale groepe beskryf word nie. Deaux (1992:12) is ook van mening dat dit ietwat ironies is dat die minimalegroepparadigma in werklikheid die aandag afgelei het van die onderskeidende eienskappe van groeplidmaatskap. Aangesien binne- en buitegroepe so maklik in dié tipe navorsing gekonstrueer kan word, is die aandag verskuif vanaf die oorsprong en aard van groeplidmaatskap na die gevolge daarvan.

Sosiale kategorisering vind egter nie in 'n vakuum plaas nie. Volgens Abrams (1992:59) funksioneer sosiale kategorisering en sosiale vergelyking in tandem ten einde waargenome intragroepvariasie te verminder en intergroepvariasie te vermeerder. Waar sosiale kategorisering die soeke na onderskeidende eienskappe voortbring, bevorder sosiale vergelyking die selektiewe beklemtoning van intergroepverskille wat die binnegroep bevoordeel.

#### 4.6.3.4 Sosiale vergelyking

Een van die sentrale aannames van die SIT is dat individue 'n positiewe selfkonsep wil bewerkstellig by wyse van intergroepvergelykings. Festinger (1954) het die term sosiale vergelyking gemunt. Sy interpretasie daarvan was dat individue 'n behoefte het om die geldigheid van hul oortuiginge, opinies en vaardighede te bepaal ten einde vertroue daarin te hê. By gebrek aan objektiewe maatstawwe, maak individue staat op die opinies van ander. So ontstaan 'n proses van sosiale vergelyking. Die SIT interpreteer die term ietwat verskillend, en stel dit dat *alle* kennis sosiaal verkry word deur middel van sosiale vergelyking, insluitend kennis omtrent die fisiese realiteit. Dit gaan egter oor meer as die blote validering van opinies. Individue wil ook graag hê dat húl persepsies van die realiteit béter moet wees as ander persepsies. Deur die binnegroep met die buitegroep te vergelyk op dimensies waarvan die binnegroep aan die positiewe pool lê, verkry die binnegroep positiewe onderskeibaarheid, en gevolglik 'n relatiewe positiewe sosiale identiteit in vergelyking met die buitegroep. Tot dié mate wat die binnegroep gesien word as beide verskillend van en beter as die buitegroep, word sosiale identiteit bevorder (Abrams, 1992:59). In terme van die SIT word die behoefte van die individu aan 'n positiewe selfkonsep dus in die intergroepkonteks bevredig deur die verskille tussen binne- en buitegroepe te maksimaliseer op daardie dimensies wat positief reflekteer op die binnegroep. Soos reeds genoem in die bespreking van die selfkonsep, beskou verskeie teoretici hierdie aspek van die SIT as 'n oorvereenvoudiging van die funksie van sosiale identiteit en die motivering van menslike gedrag. Volgens Abrams (1992:59) dien groeplidmaatskap nie net as 'n maatstaf vir selfevaluering nie maar, meer belangrik, 'n kriterium vir selfdefinisie. Die

beoogde resultaat van sosiale vergelyking volgens die SIT is 'n positiewe selfkonsep. Indien dié beginsel konsekwent toegepas sou word, sou dit beteken dat individue met 'n negatiewe selfkonsep tot 'n groter mate teen buitegroepe sou diskrimineer ten einde die binnegroep positief te laat vertoon. Luhtanen en Crocker (1992:315), sowel as Abrams en Hogg (1988:326), het egter gevind dat dit juis individue met 'n positiewe selfkonsep is wat teen buitegroepe diskrimineer. Abrams (1992) kom tot die gevolgtrekking dat dit moontlik is om met 'n groep te identifiseer sonder om noodwendig vergelykings met ander groepe te tref.

Abrams en Hogg (1988:324) beweer verder dat, waar die verskille tussen groepe hoogs geïnstitusionaliseerd en ideologies gelegitimeer is, beide minderheids- en meerderheidsgroepe die *status quo* kan aanvaar en geen poging aanwend om byvoorbeeld die grense tussen groepe deur te dring nie. Dit is hoogs waarskynlik dat diskriminasie teen minderheidsgroeplede in sulke omstandighede ook geïnstitusionaliseer is. Hulle noem Suid-Afrika as 'n voorbeeld van so 'n samelewing. Indien die intergroep konteks dus deur 'n normatiewe en gebruiklike patroon van diskriminasie gekenmerk word, sal diskriminasie teen die buitegroep min verband hou met die selfkonsep van groeplede.

Deaux (1992:21) bied 'n alternatiewe perspektief op sosiale vergelyking. Indien daar aanvaar word dat die persoonlike betekenis wat aan identiteit geheg word, 'n belangrike aspek van identifikasie met 'n groep is, het dit bepaalde implikasies vir die tradisionele binne- / buitegroep onderskeid van die SIT. Terwyl sommige individue hul identiteit vis-a-vis 'n spesifieke buitegroep definieer, sal ander dit definieer in terme van spesifieke binnegroepervarings met geen duidelike buitegroepvergelyking nie. Abrams (1992:67) kom tot die gevolgtrekking dat dit moontlik is om 'n positiewe sosiale identiteit te bewerkstellig sonder om spesifieke intergroepvergelykings te maak. Sommige individue kan weer 'n verskeidenheid van buitegroepe vir vergelyking gebruik, afhangende van die gedragsfeer wat ter sprake is. Dit is veral in 'n multi-etniese samelewing dikwels moeilik om te voorspel wat die prominente binne / buitegroep dimensie sal wees.

Hoewel die meeste teoretici dus die konstruk van sosiale vergelyking in beginsel aanvaar, word die mate waartoe, en die konteks waarbinne dit plaasvind, asook die gevolge daarvan, verskillend gekonseptualiseer.

#### 4.6.3.5 Status en mag

Volgens die SIT is die resultaat van die sosiale vergelykingsproses 'n gradering van sosiale groepe in die samelewing wat as 'n statushiërargie beskryf kan word. Dit is trouens een van die sentrale aannames van SIT dat die onderskeie sosiale kategorieë in die samelewing bepaalde status-, mag- en prestigeverhoudings tot mekaar staan. Die basis van 'n groep se status is die groep se posisie in die politieke en sosio-ekonomiese struktuur van die gemeenskap (Turner & Brown, 1978:201). Tot die mate dat die statushiërargie impliseer dat groeplidmaatskap positief geëvalueer word, sal individue waarskynlik tevrede wees met die sisteem. Die dominante groep in die samelewing het die mag om sy eie weergawe van die aard van die samelewing, die groepe daarbinne en hul onderlinge verhoudinge te propageer. Hulle dwing dus die dominante waardesisteem af, wat die eie groep bevoordeel en die *status quo* legitimeer. Individue word binne hierdie struktuur gebore, en val binne sekere kategorieë en buite ander op grond van voorafbepaalde kenmerke. Tot dié mate wat hulle die dominante ideologie internaliseer en met hul toegeskrewe kategorieë identifiseer, verkry hulle bepaalde sosiale identiteite wat met positiewe of negatiewe selfpersepsies geassosieer word. Volgens Robbins (1992:60) sal individue geneig wees om die relatiewe status van hul groep te bevestig insoverre dit bydra tot die verkryging of behoud van 'n positiewe selfidentiteit. Volgens Smith (1991:182) is die status van die groepe waaraan individue behoort belangrike verwysingspunte in die bepaling van persoonlike waarde. Die status van groepe waaraan individue behoort het dus 'n impak op die individu se selfkonsep, gedrag en persepsies (Sachdev & Bourhis, 1991:1). Babad *et al.* (1983:150) is van mening dat, in samelewings waar 'n individu se etniese lidmaatskap lewenslank van belang is, en individue in- en uitsluit van bepaalde voorregte, dit in 'n groot mate bydra tot die posisie wat 'n individu bereik

op die samelewing se leer van klas, status en mag. Breakwell (1983:22 ) sê tereg: "...the feedback loop between power and identity is inevitable".

Benewens die invloed van die status- en magsverhoudings waarin groepe in die samelewing tot mekaar staan op die individu, gee dit aanleiding tot die ontstaan van minderheids- en meerderheidsgroepe. 'n Minderheidsgroep verwys in die eerste plek nie na getalle nie, maar na 'n magsverhouding. Babad *et al.* (1983:150) noem dat die terme "minderheid" en "meerderheid" gebruik word om die posisie van groepe in 'n samelewing se politieke struktuur te beskryf. Tajfel (1981:310) gaan verder deur te sê dat dit hier nie primêr gaan om die definisie van sosiale groepe in terme van die ekonomiese, sosiale, kulturele of ander kriteria waardeur hulle onderskei kan word nie, maar eerder oor die sielkundige effek van hierdie faktore op die betrokke persone. Die vraag is dus of individue hul eie groep van ander groepe onderskei, en wat die effek van die gevoelens van "behoort" of "nie behoort nie", op hulle sosiale gedrag is.

Daar bestaan verskeie omskrywings van minderheidsgroepe. 'n Aantal aspekte kristalliseer uit die beskrywings van Babad *et al.* (1983:151), Smith (1991:186) en Tajfel (1981:309). Eerstens is dit duidelik dat 'n minderheidsgroep op een of ander wyse 'n onderskeibare groep in die samelewing is, gewoonlik as gevolg van gemeenskaplike, sosiaal relevante eienskappe wat hulle onderskei van ander sosiale entiteite en tot waargenome sosiale gevolge aanleiding gee. Hierdie eienskappe is dikwels fisieke kenmerke, wat ras of etnisiteit insluit en word gewoonlik laag geag deur meerderheidsgroepe in die samelewing. Minderheidsgroepe word saamgebind deur hierdie eienskappe wat lede deel en die nadele wat hierdie eienskappe mag inhou, wat dikwels negatiewe houdings en diskriminasie jeens die groep insluit. Hulle beklee verder 'n ondergeskikte posisie op die samelewing se leer van status en het dikwels nie veel politieke invloed nie. Hulle dra lidmaatskap oor deur afstamming en neig om te ondertrou, hetsy uit keuse of noodsaak. Minderheidstatus kan statisties (in terme van getalle), polities, sosiaal of sielkundig van oorsprong wees.

Daar is volgens Tajfel (1981:315) veral drie stelle omstandighede waaronder minderheidsaffiliasies ontstaan of versterk word. In die eerste plek kan 'n

gemeenskaplike identiteit deur houdings en die optrede van buitegroepe op 'n sosiale groep afgedwing word. Tweedens kan 'n groep alreeds bestaan en poog om 'n aparte identiteit in stand te hou. Laastens kan 'n groep juis poog om hul "andersheid" en afskeiding van ander groepe te verminder, en wanneer dit teengestaan word, ontstaan 'n nuwe en meer intense binnegroepidentifikasie.

Bevindinge ten opsigte van status- en magsverhoudings dui daarop dat lidmaatskap van 'n hoë status groep meer aantreklik is as lidmaatskap van 'n lae status groep. Hierdie onderskeid tussen die aantreklikheid van 'n hoë en lae status groep word meer ekstreem beleef in minderheidsgroepe as in meerderheidsgroepe. Sosiale identiteit word bevorder deur lidmaatskap van 'n hoë status groep, terwyl lidmaatskap van 'n lae status groep 'n onbevredigende sosiale identiteit tot gevolg kan hê (Ellemers, Spears & Doosje, 1995:622; Robbins, 1992:43; Sachdev & Bourhis, 1991:16). Individue sal dus hul lidmaatskap van 'n hoë status groep ten toon stel, maar lidmaatskap van 'n lae status groep probeer vermy. Lidmaatskap van 'n hoë status groep kan egter volgens De la Rey (1991:46) ook negatief bydra tot sosiale identiteit indien die status van die groep gebaseer is op beginsels wat onregverdig of immoreel is.

Binnegroepidentifikasie is ook oor die algemeen sterker in hoë status groepe as in lae status groepe (Sachdev & Bourhis, 1991:17). 'n Lae groepstatus is verder meer aanvaarbaar wanneer die toewysingsprosedure tot dié groep as legitiem gesien word (Crocker & Major, 1989:621; Ellemers, Doosje, Van Knippenberg & Wilke, 1992:123). Wanneer groepgrense deurdringbaar is, toon lede van hoë status minderheidsgroepe relatiewe sterk binnegroep identifikasie, wat dui op 'n versterking van bande met die binnegroep wanneer alternatiewe (meerderheid) groepaffiliasie moontlik is.

Ellemers *et al.*(1988:499) onderskei tussen persoonlike en groepstatus. Hulle het gevind dat binnegroepidentifikasie sterker is by individue met 'n lae groep- en persoonlike status as individue met lae groepstatus en hoë persoonlike status. Hulle verklaar die bevinding op grond van die aanname dat individue met 'n hoë vlak van persoonlike vaardighede (wat oor die algemeen hoog aangeslaan word) minder

afhanklik is van hul groep vir die verkryging van 'n positiewe persoonlike identiteit. Individue met 'n lae vlak van persoonlike vermoëns mag egter tot 'n groter mate van positiewe groeplidmaatskappe afhanklik wees vir 'n positiewe identiteit (Ruttenberg, Zea & Sigelman,1996:210).

Die waargenome status van die binnegroep medebepaal of groeplidmaatskap positief of negatief bydra tot die individu se sosiale identiteit. Individue is gemotiveer om hulself positief te evalueer en insoverre hulle hulself in terme van 'n bepaalde groeplidmaatskap definieer, sal hulle gemotiveerd wees om daardie groep positief te evalueer. Aangesien groepe geëvalueer word in vergelyking met ander groepe, vereis 'n positiewe sosiale identiteit dat die eie groep gunstig verskillend of positief onderskeibaar is van relevante vergelykingsgroepe. Appelgryn (1991:240) voeg egter by dat die waargenome status van 'n groep nie as 'n aanduiding van die werklike differensiasie tussen groepe beskou kan word nie, aangesien dit die realiteit van magsverskille ignoreer. 'n Groep se posisie op die statushiërargie is nie net 'n funksie van individuele persepsies nie, maar hou ook verband met die groep se objektiewe posisie in die samelewing in terme van politieke en ekonomiese beheer.

In hierdie studie sal respondente egter wel die waargenome status en mag van hul binnegroep beoordeel, aangesien die doel van die meting is om 'n aanduiding van die subjektiewe belewenis van die *verandering* van groepstatus van 'n Apartheid- tot 'n post-Apartheid bedeling te verkry, eerder as 'n objektiewe aanduiding van status en mag.

Wanneer die definisies en beskrywings van minderheidsgroepe soos hierbo voorgehou word, is dit duidelik dat swartmense in die vorige politieke bedeling minderheidsgroepstatus geniet het ten spyte van hul numeriese superioriteit, terwyl witmense as numeriese minderheid, meerderheidsgroepstatus geniet het. In die nuwe politieke bedeling is dit egter nie so eenvoudig as om bloot die inverse van hierdie verhoudings te veronderstel nie. Indien daar spesifiek na wit Afrikaanssprekendes gekyk word, is dit duidelik dat die groep nie in die tradisionele sin van die woord 'n minderheidsgroep is of kan wees nie. Daar is byvoorbeeld nie 'n geskiedenis van

minderheidsgroep wees nie. Uit navorsing oor minderheidsgroepe blyk dit dat die huidige geslag van die betrokke groepe reeds vanaf geboorte met die gevolge van minderheidsgroepstatus moes saamleef, en 'n geskiedenis van diskriminasie teen en negatiewe stereotipes van hul groep het, terwyl dit hier nie die geval is nie (Porter & Washington, 1993:141). Eienskappe wat tipies aan minderhede toegeskryf word, byvoorbeeld 'n lae sosio-ekonomiese status, lae opvoedingspeil en dies meer kon in die dertigerjare aan Afrikaners toegeskryf word, maar waarskynlik nie aan die deursnee Afrikaner teen die einde van die vorige politieke bedeling nie. Leach (1989:138) stel dit soos volg - waar "oupa" 'n boer was wat as 'n rangeerder moes gaan werk toe Afrikaners hul plase moes verlaat, sou sy seun waarskynlik standerd tien geslaag het en sy kleinseun 'n universiteitsgraad verwerf het. Apartheid as politieke stelsel het witmense in 'n bevoorregte posisie geplaas ten opsigte van 'n verskeidenheid van aspekte. Net soos dié proses oor tyd plaasgevind het, kan die groep ook nie oornag kenmerke van 'n minderheidsgroep vertoon bloot omdat daar 'n sosio-strukturele verandering in status- en magsverhoudings ingetree het nie.

Afrikaanssprekende witmense is 'n groep met onderskeidende kenmerke (velkleur, taal), wat in die verlede 'n meerderheidsposisie in terme van status- en magsverhoudings tot ander groepe in Suid-Afrika beklee het. Polities het hulle 'n hoë vlak van status en mag geniet. Bornman (1995:322) het bevind dat witmense as groep 'n beduidend meer positiewe persoonlike selfkonsep as swartmense het en skryf dit toe aan die feit dat hulle 'n hoër posisie in die sosiale en ekonomiese statushiërargie beklee, asook politieke mag gehad het. Hierdie bevinding is in ooreenstemming met Smith (1991:182) se bevinding dat die geneigdheid van 'n individu om 'n positiewe of negatiewe sosiale identiteit te ontwikkel beïnvloed word deur die status van die individu se groep in die samelewing. Sy beweer ook dat beide minderheid- en meerderheidstatus etniese identifikasie beïnvloed, en dat witmense vanweë hul meerderheidstatus oor die algemeen geneig is om meer positiewe houdings teenoor hulle groep te hê.

Dit is duidelik dat wit Afrikaanssprekendes nie meer meerderheidstatus in Suid-Afrika geniet nie. Daar kan geargumenteer word dat die Afrikaner in 'n post-Apartheid

staatkundige bedeling 'n ondergeskikte posisie in terme van status en politieke mag geniet. Hul verteenwoordigers is in die minderheid in regeringsinstellings en die groep vind dit moeilik om die stigma as outeurs van Apartheid af te skud. Aan die ander kant kan hulle, om die redes hierbo genoem, nie bloot as 'n minderheidsgroep bestempel word nie. Die groep kan dus hoogstens bestudeer word as 'n groep in oorgang sonder om hipoteses ten opsigte van "tipiese" meerderheids- of minderheidsgroepgedrag te formuleer.

## 4.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is identiteit as sosiaal-sielkundige konstruk, asook die SIT en Breakwell se teorie as meer formele konseptualiserings van identiteit bespreek. Alhoewel Breakwell nie die onderskeid tussen persoonlike en sosiale identiteit onderskryf nie, is daar tog verskeie raakpunte tussen haar teorie en die SIT. Ten opsigte van die struktuur van identiteit blyk die definisie van sosiale identiteit binne die SIT as 'n individu se kennis van lidmaatskap van 'n sosiale groep, tesame met die emosionele betekenis wat daaraan gekoppel word, 'n soortgelyke inhouds- en waardedimensie te verteenwoordig as wat deur Breakwell geïdentifiseer word. Alhoewel Breakwell dus nie die onderskeid tussen persoonlike en sosiale identiteit ondersteun nie, stem haar siening van die struktuur van identiteit tot 'n groot mate ooreen met dié van sosiale identiteit binne die SIT. Verder stem eiewaarde as 'n beginsel waarop identiteit gefundeer is ooreen met die SIT se klem op 'n positiewe selfkonsep as 'n kardinale kenmerk van identiteit. Die raakpunte tussen die teorieë het egter veral betrekking op hanteringstrategieë, soos sal blyk uit die volgende hoofstuk.

Bepaalde aspekte uit beide die teorieë word in hierdie studie gebruik, enersyds as onderliggende uitgangspunte, en andersyds as spesifieke veranderlikes. Onder laasgenoemde resorteer die steekproef se ervaring van die verandering in status en mag van wit Afrikaanssprekendes as groep, selfkategorisering as lid van verskeie

sosiale groepe, asook die prominensie van hierdie groepe, persoonlike en kollektiewe selfkonsep, stereotipe sienings van die binnegroep en sterkte van identifikasie met die groep. Die ervaring en hantering van bedreiging sal ook vanuit 'n gekombineerde perspektief van hierdie twee teorieë gemeet en bestudeer word. Hierdie aspekte van die teorieë word in die volgende hoofstuk bespreek.

# HOOFSTUK 5

# BEDREIGING VIR IDENTITEIT

## 5.1 INLEIDENDE OPMERKINGS

Bedreiging vir identiteit word in hierdie studie hoofsaaklik vanuit Breakwell (1983; 1986) se model van identiteit en die SIT (Tajfel,1978a) benader. In hierdie hoofstuk sal daar aandag gegee word aan die impak van die sosiale konteks op identiteit en die potensiële bedreiging wat veranderinge in hierdie konteks vir identiteit kan inhou. Die konsepte van bedreiging en hanteringstrategieë in reaksie op 'n waargenome bedreiging sal vervolgens hoofsaaklik vanuit die perspektiewe van Breakwell en die SIT bespreek word, en die bydraes van ander teoretici sal, waar toepaslik, genoem word.

## 5.2 DIE SOSIALE KONTEKS VAN IDENTITEIT

Waar terme soos identiteit en persoonlikheid in die verlede gebruik is om gedrag te verklaar, asof gedrag konstant sou wees óór situasies, is daar in meer resente navorsing toenemend klem gelê op die dinamiese aard van hierdie konsepte, sowel as die bestudering van identiteit binne die sosiale konteks daarvan. Daar word toenemend aanvaar dat identiteit slegs betekenisvol is binne 'n sosiale raamwerk, en geskep word binne 'n bepaalde sosiale konteks en historiese periode. Navorsers is gevolglik toenemend gemoeid met die dialektiese verhouding tussen identiteit en die sosiale konteks daarvan.

Breakwell (1986:36) beskryf die sosiale konteks van identiteit in terme van die struktuur en prosesse daarvan. In terme van struktuur behels die sosiale konteks van identiteit interpersoonlike netwerke, groeplidmaatskappe en intergroepverhoudings. Elke individu beklee 'n posisie binne hierdie matriks van netwerke, lidmaatskappe en

verhoudings, en die inhoud van identiteit word vanuit hierdie raamwerk geassimileer. Aanvaarbare gedrag en houdings word binne hierdie struktuur bepaal. Die prosesse van die sosiale konteks verwys na die ideologiese substansie van die sosiale konteks. Dit verwys veral na sosiale beïnvloeding, wat geskied via die kanale van die sosiale struktuur. Hierdie beïnvloeding vind plaas by wyse van opvoeding, propaganda, retoriek, dwang en oorreding. Daar is dus verskeie kragte in die sosiale konteks wat 'n invloed op die individu se identiteit uitoefen.

Lian (1982:43) beveel in ooreenstemming hiermee aan dat identiteit nie as 'n gegewe verskynsel ondersoek moet word nie, maar as 'n proses wat die belangrikheid van kontekstuele en historiese faktore in ag neem. Dit is dus belangrik om die verloop van tyd nie net in 'n objektiewe, chronologiese dimensie te sien nie. Die verskynsel van "sosiale tyd" moet volgens Liebkind (1992:172) ook in ag geneem word in die ontwikkeling van identiteit. Sosiale tyd word gemeet in eenhede van betekenisvolle sosiale verandering, en is dus 'n subjektiewe skatting van hoe lank dit neem om van een fase of sosiale gebeurtenis na 'n volgende te beweeg (Breakwell, 1986:21). Westin (1983:102) beaam hierdie stelling deur te verklaar dat: "...in human and social experience, time is an uneven, unfolding rythm of events". Die tempo van sosiale verandering sal afhang van die interpretasie daarvan deur sosiale groepe wat die mag het om hul interpretasie van gebeure op die samelewing af te dwing. Dit impliseer dat, namate magsverhoudings in die sosiale konteks verander, die ritme van sosiale tyd ook sal verander (Breakwell, 1986:22). Dit is juis om hierdie rede dat die bestudering van identiteit in periodes van sosiale verandering belangrik is ten einde die prosesse waardeur individue by hul veranderende omgewing aanpas, te begryp. Bornman (1995:21) is van mening dat hierdie kennis onontbeerlik is vir insig in die komplekse verhouding tussen die individu, die sosiale groep en die sosiale, ekonomiese, politieke en staatkundige konteks.

### 5.2.1 Identiteit en sosiale verandering

Sosiale verandering is 'n inherente, onvermydelike en kontinue eienskap van die sosiale konteks. Dit neem verskeie vorme aan en kan ook op verskillende wyses op individue impakteer. Individue beweeg konstant in die sosiale matriks, soms as gevolg van eksterne faktore ('n individu wat afgedank word, beweeg van die groep van "werkende persone" na "werklose persone") en soms uit keuse ('n vrou wat haar werk bedank om haar kinders groot te maak, beweeg tussen dieselfde twee groepe, maar by wyse van 'n ander meganisme) (Breakwell, 1986:39). Deaux (1991:78) beskryf hierdie tipe verandering in terme van 'n uitwissing van 'n identiteit of die byvoeging van 'n nuwe identiteit. Soos Breakwell, is Deaux ook van mening dat hierdie verandering van identiteit 'n keuse kan wees (byvoorbeeld 'n egskeiding of huwelik) of deur eksterne faktore teweeg gebring kan word (byvoorbeeld aftrede). Ongeag die oorsaak van sodanige beweging in die sosiale matriks, noodsaak dit 'n hersiening van bepaalde aspekte van identiteit. Individue kan ook beweging van een groep na 'n ander inisieer wanneer lidmaatskap van die eerste groep nie meer aan die beginsels van identiteit, naamlik kontinuïteit, eiewaarde en onderskeibaarheid voldoen nie. Individuele aksie is dus een bron van sosiale verandering wat op identiteit kan impakteer.

Sosiale verandering kan egter ook onafhanklik van die individu plaasvind en identiteit beïnvloed. In plaas daarvan dat die individu in die sosiale matriks beweeg, verander die sosiale matriks as't ware rondom die individu, en verander die betekenis wat geheg word aan die posisie waarin die individu verkeer. Laasgenoemde is waarskynlik die mees relevante tipe sosiale verandering wat Afrikaanssprekende witmense in 'n nuwe staatkundige bedeling konfronteer.

Hierdie tipe sosiale verandering gebeur indien daar:

- 'n hersamestelling van die struktuur van die sosiale konteks in terme van óf die samestelling (die getal, grootte of aard) óf die ordening (magsverhoudings, alliansies) van groepe daarbinne of

- 'n hersiening van ideologieë, of

- 'n versteuring van die sosiale omgewing plaasvind, wat lei tot 'n versteuring in bestaande sosiale verhoudings.

Individue en groepe word in bogenoemde situasies gedwing om hulself opnuut te konfronteer, wat kan lei tot die ontstaan van nuwe norme, of nuwe kriteria vir insluiting en uitsluiting uit die groep (Breakwell, 1986:40). Deaux (1991:85) noem in aansluiting hierby dat die eienskappe wat deur die samelewing aan 'n identiteit gekoppel word, ook kan verander. Individue sal waarskynlik in reaksie hierop eerder die eienskappe van die identiteit as die identiteit self verander. Hulle sal byvoorbeeld die belangrikheid of prominensie van die identiteit in die identiteitstruktuur wysig, of ander, meer positiewe dimensies van die identiteit beklemtoon, eerder as om die groep te verlaat.

Sosiale verandering is egter 'n kontinue proses, en die beginsel van kontinuïteit verhoed dat individue drastiese aanpassings maak in reaksie op sosiale verandering. Individue is gevolglik hoogs selektief in hul besluite ten opsigte van mindere vorms van verandering wat 'n reaksie regverdig, en sal dikwels slegs aandag gee aan daardie veranderinge wat as betekenisvol vir hul eie houdings, oortuiginge en aspirasies beskou word. Identiteit kan selfs omvangryke verandering weerstaan, alhoewel dit op die lang duur waarskynlik tot ontoepaslike hanteringstrategieë sal lei. Sosiale verandering moet verder deurdring tot die bewuste om tot 'n verandering in identiteit te lei. Die mate waartoe en tempo waarteen identiteit aangepas word in reaksie op sosiale verandering is volgens Breakwell (1986:41) 'n funksie van die volgende:

- *die mate van persoonlike relevansie van die verandering.* Wanneer groepe wat sentraal staan tot die bestaande inhoud van identiteit geraak word, het die verandering groter persoonlike relevansie. Hoër relevansie lei egter nie noodwendig tot hoër vlakke van akkommodasie van nuwe identiteitselemente nie. 'n Individu mag kies om liewer die relevansie van 'n identiteit te verminder as om die verandering te aanvaar, en byvoorbeeld 'n belangrike groep waarvan

die status of mag verminder het, verlaat. Persoonlike relevansie is dus 'n noodsaaklike, maar nie voldoende voorwaarde vir die aanpassing van identiteit nie.

- *die onmiddellikheid van betrokkenheid in die sosiale verandering.* Wanneer die verandering van die individu vereis om nuut op te tree, is betrokkenheid gewoonlik hoog. Wanneer die verandering dus onmiddellike implikasies vir die identiteit het, is die druk vir verandering groter.

- *die hoeveelheid hersiening wat vereis word ten opsigte van die inhoud en waarde geheg aan die identiteit .* Hoe groter die hersiening van identiteit wat vereis word, hoe langer sal dit neem om te bereik en hoe later sal dit begin. Strategieë om verandering teen te staan sal waarskynlik gebruik word, en slegs indien dit onsuksesvol is, sal verandering plaasvind.

- *hoe negatief die veranderinge beleef word.* Wanneer die veranderinge wat vereis word die beginsels van kontinuïteit, eiewaarde en onderskeibaarheid bedreig, sal dit negatief beleef word. Sodanige verandering is 'n bedreiging vir die integriteit van identiteit en 'n aanpassing van die identiteit sal slegs oorweeg word nadat alle ander alternatiewe as onwerkbaar afgemaak is.

Sosiale verandering lei dus nie noodwendig tot 'n verandering in die identiteitstruktuur nie, maar word deur bepaalde filtermeganismes geïnterpreteer. Hierdie meganismes sal ook bepaal of sosiale verandering as 'n bedreiging ervaar word aldan nie.

### 5.2.2 Sosiale verandering en bedreiging vir identiteit


Liebkind (1983:191) beskryf die verband tussen sosiale verandering en identiteit soos volg: "The closer a person comes to having to construe himself in a new and alien manner (as compared with the present identity system) the more likely he is to feel threatened". Volgens Breakwell (1986:23) konstitueer sosiale verandering 'n

potensiële bedreiging vir identiteit omdat dit enige van of al drie identiteitsbeginsels, naamlik kontinuïteit, onderskeibaarheid en eiewaarde kan ophef. Die rede waarom sosiale verandering die mag het om dit te doen, is die betekenis wat deur ideologie, retoriek en propaganda as sosiale beïnvloedingskanale aan bewegings van die individu in die sosiale matriks gekoppel word. Breakwell beweer gevolglik dat 'n begrip van die onderliggende ideologie van kardinale belang is vir 'n begrip van die bedreiging en hanteringstrategieë wat daarteen aangewend word. Hierdie ideologie vorm die sosiale betekenis wat aan die bedreiging geheg word, terwyl die persoonlike betekenis van die bedreiging 'n funksie is van beide die kontemporêre sosiale betekenis daarvan en die beoordeling daarvan deur die individu op grond van reeds bestaande identiteitstrukture. Breakwell (1986:149) is van mening dat dit belangrik is om beide die persoonlike en sosiale betekenis van sosiale verandering in ag te neem ten einde te verstaan hoe sodanige verandering 'n bedreiging vir identiteit kan word, asook hoe dit impakteer op hanteringstrategieë.

Sosiale verandering kan aanleiding gee tot bedreigde identiteite aangesien dit die kontinuïteit, eiewaarde en onderskeibaarheid van identiteite kan aantas. Bedreigings wissel egter ook op 'n aantal ander belangrike dimensies, en word op verskillende wyses deur teoretici gekonseptualiseer.

## 5.3 BEDREIGING VIR IDENTITEIT

Milburn en Watman (1981:9) beweer dat bedreigings in die algemene omgang op twee dimensies kan wissel, naamlik die mate van beheer wat 'n individu oor die bedreiging het en die gevaar wat die bedreiging inhou. Hierdie twee dimensies kan as twee asse voorgestel word, wat bedreigings gevolglik in een van vier kwadrante plaas, en tot vier tipes reaksies op bedreiging lei. Hulle stel dit skematies soos volg voor:




(Milburn & Watman, 1981:5)

Bostaande diagram toon dat 'n bedreiging waaroor die individu baie beheer het en 'n lae gevaar inhou, tot 'n reaksie van gemak sal lei, aangesien dit nie 'n omvattende bedreiging inhou nie. 'n Hoë mate van beheer én gevaar sal daartoe lei dat die individu die situasie as 'n uitdaging beskou. Wanneer die individu egter min beheer oor die bedreiging het, en voel dat die bedreiging 'n lae gevaar inhou sal dit vervreemding of apatie ten opsigte van die bedreiging meebring. In teenstelling hiermee sal hoë gevaar en min beheer waarskynlik lei tot 'n paniekreaksie.

Milburn en Watman onderskei verder tussen eksplisiete, implisiete en strukturele bedreigings. 'n Eksplisiete bedreiging kom gewoonlik voor in situasies waar daar onderhandel word en partye mekaar openlik bedreig. Hierdie bedreigings is duidelik en ondubbelsinnig. Tweedens kan 'n bedreiging implisiet wees, wanneer dit afgelei word uit die aksies van ander. Hierdie twee vorme van bedreiging verteenwoordig meer konkrete bedreigings wat teen 'n spesifieke persoon of persone gemik is, byvoorbeeld

'n bankroof waarin gyselaars aangehou word. 'n Bedreiging kan egter ook struktureel van aard wees wanneer dit nie teen 'n spesifieke persoon gemik is nie, maar ingebed is in die struktuur van situasies. Hierdie tipe bedreiging het volgens die outeurs die grootste potensiaal om 'n bedreiging vir identiteit te word.

Milburn en Watman (1981:87) bring 'n verdere dimensie van bedreiging na vore deur 'n onderskeid te tref tussen chroniese en akute bedreigings. Hulle beweer dat 'n chroniese bedreiging meer verlammend is as 'n akute bedreiging, aangesien dit individue se kapasiteit om aan te pas op die lang duur uitput sodat hul vermoë om teenstand teen die bedreiging te bied, afneem. Chroniese bedreigings is ook moeiliker om te beheer, wat implikasies het vir die persepsie en hantering daarvan. 'n Chroniese bedreiging sal waarskynlik 'n groter gevoel van magteloosheid by die individu teweeg bring, wat hanteringstrategieë soos onttrekking of vermyding mag fasiliteer. 'n Akute bedreiging mag moontlik hoër angsvlakke tot gevolg hê en meer druk op die individu uitoefen om aktief op te tree.

Sekere aspekte van Millburn en Watman (1981) se teoretisering kan van toepassing gemaak word op 'n bedreiging vir identiteit. Die kwessies van die mate van beheer oor die bedreiging, die waargenome gevaar wat dit inhou en die chroniese versus akute aard daarvan kan byvoorbeeld nuttig wees in die begrip van bedreiging en hantering in hierdie studie. Hul model is egter meer gemik op bedreigings in die algemeen. Aangesien hierdie studie fokus op die potensiële bedreiging wat deur sosio-strukturele veranderinge teweeg gebring word, is 'n siening van bedreiging soos dié van Grant waarskynlik meer relevant. Hy is van mening dat enige handeling wat direk of indirek gerig is op die ondermyning van die groep en / of lidmaatskap van die groep, sal lei tot 'n persepsie van bedreiging (1992:348). Hierdie handelinge is gewoonlik afkomstig vanuit die sosiale omgewing - 'n aspek waaraan Breakwell se model in die besonder aandag skenk. Haar model sal vervolgens bespreek word, aangesien die meting van bedreiging in die onderhawige studie hoofsaaklik vanuit hierdie model geskied.

### 5.3.1 Bedreiging : Breakwell se model

Binne Breakwell se model vind 'n bedreiging vir identiteit plaas wanneer die prosesse van identiteit (assimilasie / akkommodasie en evaluering) om die een of ander rede nie meer kan voldoen aan die identiteitsbeginsels van kontinuïteit, onderskeibaarheid en eiewaarde nie. Die onmiddellike oorsprong van 'n bedreiging kan intern of ekstern wees. 'n Interne bedreiging ontstaan wanneer individue hul posisie in die sosiale matriks wil verander in ooreenstemming met een beginsel van identiteit, terwyl dit met een van die ander beginsels bots. 'n Individu mag byvoorbeeld in ooreenstemming met die beginsel van kontinuïteit in 'n bepaalde groep bly, maar wanneer hierdie groep 'n negatiewe statuskonnotasie verkry, kan dit die beginsel van eiewaarde bedreig. 'n Bedreiging ontstaan ekstern wanneer die sosiale konteks 'n verandering in identiteit verg wat onversoenbaar is met enige van die drie beginsels van kontinuïteit, onderskeibaarheid en eiewaarde. Daar kan byvoorbeeld van die individu vereis word om te beweeg van 'n groep wat 'n hoë status in die samelewing geniet (byvoorbeeld direkteur van 'n maatskappy) na een wat 'n laer status geniet (byvoorbeeld pensionaris). Hierdeur word beide die beginsels van kontinuïteit en eiewaarde aangetas. Sosiale verandering wat rondom die individu plaasvind, soos hierbo genoem, is die mees algemene eksterne bron van bedreiging. Die kern van Breakwell se siening van bedreiging is dus dat 'n bepaalde gebeurtenis of sosiale verandering enige van of al die beginsels van identiteit kan ophef en so 'n bedreiging vir identiteit konstitueer.

Benewens hierdie basiese uitgangspunt, naamlik dat bedreiging gekonstitueer word wanneer enige van of al die identiteitsbeginsels aangetas word, maak Breakwell nog 'n aantal fyner onderskeide wat die aard van bedreiging betref. 'n Bedreiging kan voorts op twee vlakke gemik wees, naamlik die inhoud van identiteit aan die een kant, en die evaluering van identiteit aan die ander. Eersgenoemde bedreiging ontstaan wanneer die etikette wat die individue vir hulself toe-eien, ontoepaslik word. Dit kan gebeur wanneer die individu self verander sodat die etikette nie meer geldig is nie, of wanneer die samelewing die betekenis of gebruik van die etikette verander. Hierdie

konseptualisering stem ooreen met dié van Deaux (1992:19) wat beweer dat daar 'n verandering kan plaasvind in die mate waartoe 'n individu *aanspraak* maak op 'n bepaalde sosiale identiteit, of in die *betekenis* wat aan die sosiale identiteit geheg word. Waar die etiket "Afrikaner" byvoorbeeld in die vorige politieke bedeling 'n sekere inhoud daaraan gekoppel sou hê, is dit moontlik dat dieselfde etiket in die nuwe politieke bedeling 'n ander inhoud kan hê. Een so 'n wysiging is dié vanaf lid van 'n politieke meerderheid na lid van 'n politieke minderheid.

Net so is dit moontlik dat 'n identiteit wat voorheen 'n positiewe evaluering geniet het, ná bepaalde sosiale veranderinge 'n negatiewe evaluering het. So 'n verskuiwing sou 'n bedreiging vir die evaluering van identiteit verteenwoordig, wat plaasvind wanneer die waarde van die betrokke identiteit bevraagteken word. Sodanige ervaring konstitueer 'n potensieel fundamentele bedreiging vir identiteit, mits die individu die legitimiteit van hierdie nuwe waardekonnotasies aanvaar (Breakwell, 1983:14). Die etiket "Afrikaner" was byvoorbeeld voorheen 'n pluspunt in die arbeidsmark, terwyl regstellende aksie in die nuwe bedeling daaraan 'n negatiewe konnotasie sou kon gee.

Grant (1992:350) onderskei verder tussen 'n materiële en simboliese bedreiging. 'n Materiële bedreiging behels 'n verandering in die hulpbronne tot die groep se beskikking. 'n Simboliese bedreiging behels 'n verandering in konseptualisering van die groep, hoofsaaklik deur middel van propaganda en retoriek wat tot 'n bedreiging vir die identiteit, waardes, simbole, norme, en taal van 'n groep lei. Bornman (1995:341) het bevind dat die bedreiging van hul identiteit vir Afrikaners in haar studie belangriker was as die bedreiging van ekonomiese hulpbronne of politieke of sosiale status.

Breakwell tref nie 'n onderskeid tussen bedreigings wat primêr die individu affekteer (byvoorbeeld egskeiding, werkloosheid) en dié wat groeplidmaatskappe raak (byvoorbeeld die verlies aan mag en status) nie. Die rede hiervoor is dat sy juis 'n model voorstaan waarin daar bepaalde strukturele elemente gemeenskaplik aan alle bedreigings is. 'n Bedreiging hef per definisie die identiteitsbeginsels van kontinuïteit, onderskeibaarheid of eiewaarde op, ongeag of die fokus 'n individu of 'n groep is

(Breakwell, 1986:75). In die geval van 'n groep is dit egter nie so eenvoudig om te bepaal of 'n groep se aansien of status weens sosiale veranderinge verander het nie. Enige groep bestaan uit individue en hul oordeel ten opsigte van die groep se posisie hoef nie noodwendig homogeen te wees nie. Groeplede se subjektiewe persepsie van hul mag en status word voorts nie noodwendig deur buitegroepe gedeel nie, terwyl laasgenoemde se persepsie ook húlle weergawe van die werklikheid weerspieël.

Breakwell kom tot die volgende gevolgtrekking ten opsigte van die bedreiging van groepidentiteit: "Any objective challenge to the power of the group can be regarded as a threat to identity, if only because a change in power will result in a changed capacity to control the social processes whereby identity is negotiated" (1983: 24). Die omgekeerde is egter ook waar, naamlik dat 'n uitdaging vir die inhoud of evaluering van identiteit kan lei tot objektiewe veranderinge in sosiale mag.

Breakwell se model van bedreiging suggereer dus dat individue bedreiging sou kon ervaar ten opsigte van die kontinuïteit, onderskeibaarheid of eiewaarde van 'n bepaalde identiteit. Die meting van bedreiging in hierdie studie sal hoofsaaklik in terme van hierdie dimensies geskied. Die SIT verwys egter ook na die impak van die sosio-strukturele kragte in die samelewing op individuele sosiale identiteit, alhoewel Campbell (1995:151) beweer dat die teorie nie voldoende voorsiening maak vir die bestudering van die invloed van sosiale verandering op identiteit nie. Tajfel (1978c:83) het wel groeplidmaatskap as 'n proses bestempel, maar dit het nie in die praktyk gestalte gevind nie.

### 5.3.2 Bedreiging binne die Sosiale Identiteitsteorie

Die SIT (Tajfel, 1978a) het 'n meer simplistiese siening van die kragte wat op identiteit impakteer as Breakwell (1983; 1986). Die aspek van die SIT wat as ekwivalent aan bedreiging gesien kan word, is waarskynlik die effek van die persepsie van statushiërargieë op die sosiale identiteit van groeplede. Tajfel (1981:245) identifiseer twee veranderlikes wat individue se reaksie op die statushiërargieë in die samelewing

beïnvloed, naamlik die waargenome stabiliteit en legitimiteit van dié hiërargieë. Wanneer individue die statushiërargieë in die samelewing as onlegitiem en onstabiel ervaar, het dit potensieel negatiewe implikasies vir hulle sosiale identiteit en mag hulle gemotiveerd wees om die situasie te verander. Volgens Caddick (1982:139) lei persepsies van onlegitimiteit en onstabiliteit tot 'n onsekere sosiale identiteit.

Die waargenome stabiliteit van statusverhoudings bepaal of daar kognitiewe alternatiewe tot die bestaande statusverhoudings tot die individu se beskikking is. Kognitiewe alternatiewe verwys na die persepsie dat statusverhoudings tussen groepe onstabiel is tot dié mate dat die inverse van bestaande statusverhoudings denkbaar is. Die waargenome legitimiteit van statusverhoudings verwys na die mate waartoe individue die statushiërargie, asook die reëls, instellings en gebruike wat daarmee gepaard gaan, as toepaslik en moreel regverdigbaar ervaar (De La Rey, 1991:45; Munro, 1995:6). Dié twee aspekte loop dikwels hand aan hand. 'n Onstabiele sisteem van sosiale verhoudinge sal ook makliker as onlegitiem waargeneem word as een wat stabiel is. 'n Sisteem wat as onlegitiem beskou word, bevat ook die potensiaal vir onstabiliteit. Wanneer daar elemente van onregverdigheid in die sosiale sisteem is, sal lidmaatskap van 'n dominante groep waarskynlik nie langer positief bydra tot sosiale identiteit nie. Waargenome onregverdigheid kan 'n belangrike bepaler word van die hanteringstrategieë wat individue in reaksie hierop gebruik, aangesien dit 'n basis bied vir die ontstaan van ontevredenheid en frustrasie. 'n Statushiërargie wat as onlegitiem en onstabiel gesien word, laat die grootste ruimte vir kognitiewe alternatiewe. Wanneer die individu ervaar dat die status- en magsposisie van die binnegroep binne die bestaande statushiërargieë bedreig word, kan dit tot optrede aanleiding gee om die situasie vir die groep te verbeter.

In Suid-Afrika was die status- en magsverhoudings tussen groepe voorheen besonder duidelik omlyn en selfs statutêr beskerm. Tekens van onstabiliteit was egter reeds 'n geruime tyd voor die aanbreek van die nuwe politieke bedeling teenwoordig, byvoorbeeld opstande teen die beleid van Apartheid. Hierdie tekens van onstabiliteit is dikwels met mag onderdruk. In terme van legitimiteit het die statusverhoudings nooit werklik legitimiteit onder alle burgers van die land, of die internasionale

gemeenskap geniet nie. Met die oorgang na 'n nuwe politieke bedeling is die historiese status- en magsverhoudings ontwrig en is groepe se status- en magsposisies feitlik omgekeer.

### 5.3.3 Bedreiging in die onderhawige studie

Dit is duidelik uit bostaande dat sosiale verandering die potensiaal het om 'n bedreiging vir identiteit van groepe tot gevolg te hê. Daar bestaan min twyfel dat daar kort voor die aanvang van die studie ingrypende sosio-politieke veranderinge in Suid-Afrika plaasgevind het. Enige sodanige verandering in die dinamika tussen groepe sal 'n impak hê op die identiteit van individue (Christian *et al.*, 1976:281). In Suid-Afrika het die sosiale matriks tot 'n groot mate rondom sosiale groepe verander, soos deur Breakwell beskryf. Daar het 'n hersamestelling van die struktuur van die sosiale konteks in terme van die magsverhoudings van groepe daarbinne asook 'n hersiening van die dominante ideologieë plaasgevind. Volgens Giliomee (1992a:339) vereis die sosio-politieke veranderinge waarmee veral die Afrikaner gekonfronteer word, 'n omvangryke hersiening van identiteit.

In hierdie studie sal daar bepaal word tot watter mate Afrikaanssprekende witmense in die steekproef 'n bedreiging vir hul groepidentiteit in terme van kontinuïteit, onderskeibaarheid of eiewaarde ervaar. Bornman (1995:329) se studie het getoon dat Afrikaanssprekende witmense ervaar het dat hulle, in vergelyking met Engelssprekende witmense, in 'n swakker posisie was ten opsigte van hul finansiële en werksituasie. Hulle het ook verwag dat hulle posisie in dié sfere aansienlik gaan versleg in 'n nuwe bedeling. Dit wil dus voorkom of daar by Afrikaanssprekende witmense ook 'n ervaring van bedreiging met betrekking tot vraagstukke van 'n praktiese, brood-en-botter aard teenwoordig was. Om hierdie rede is 'n addisionele dimensie van bedreiging, wat fokus op praktiese aangeleenthede soos regstellende aksie, ekonomiese aangeleenthede en persoonlike veiligheid ingesluit.

### 5.3.4 Bemiddelende veranderlikes in die persepsie van bedreiging

Soms kan 'n situasie wat objektief beskou bedreigend behoort te wees, nie subjektief as sodanig waargeneem word nie. Dit skyn redelik te wees dat daar individuele verskille sal wees in die mate waartoe individue bedreiging ervaar. Daar mag ook veranderlikes in die omgewing wees wat die persepsie van bedreiging bemiddel. Een van die doelstellings van dié studie is om bemiddelende veranderlikes in die keuse van bepaalde hanteringstrategieë en die ervaring van bedreiging te identifiseer. Ten opsigte van laasgenoemde is daar 'n aantal studies gedoen wat bepaalde suggesties in dié verband laat. Die keuse van veranderlikes om in die onderhawige studie in te sluit, berus hoofsaaklik op hierdie studies, asook logiese of intuïtiewe oorwegings.

Volgens Milburn en Watman (1981:89) is daar by bedreiging altyd sprake van 'n bron en 'n teiken van bedreiging. Soms kan die teiken egter ook 'n bedreiging ervaar sonder dat die bron dit so bedoel. Hulle onderskei gevolglik tussen 'n waargenome en 'n intensionele bedreiging. Wanneer individue gesensitiseer is vir bedreiging ervaar hulle bedreiging by 'n laer drempel. Wanneer 'n individu bedreiging en vyandigheid meer geredelik ervaar as wat die intensie van die bron is, is dit aanduidend van 'n ietwat paranoïese ingesteldheid. Dit wil in die lig van die geskiedenis van die Afrikaner voorkom asof dié groep in die besonder gesensitiseer is vir bedreigings vir die groep (Van Jaarsveld, 1978: 29) en daar kan dus verwag word dat hulle bedreiging by 'n relatief lae drempel sal ervaar. Hierdie lae drempel is ook deur navorsing bevestig (Bornman, 1995; Hugo 1988; Manzo & McGowan, 1992).

'n Volgende veranderlike wat die ervaring van bedreiging deur die individu kan beïnvloed is die effektiewe gebruik van hanteringstrategieë. 'n Hanteringstrategie word deur Breakwell (1986:78) omskryf as enige gedagte of aktiwiteit wat daarin slaag om 'n bedreiging vir identiteit te elimineer of te verlig, hetsy dit bewustelik as sulks erken word aldan nie. Indien die hanteringstrategieë wat individue gebruik, doeltreffend is, sal hulle uiteraard minder van 'n bedreiging ervaar. Milburn en Watman (1981:114) bevestig dat vorige ervarings van die suksesvolle hantering van bedreiging individue

se persepsie van bedreiging beïnvloed. 'n Hanteringstrategie kan ook net vir 'n bepaalde tyd effektief wees, waarna die individu ander strategieë moet gebruik ten einde die bedreiging af te weer (Breakwell, 1986:78).

Branscombe *et al.* (1993:382), asook Crocker en Major (1989:617), het gevind dat die belangrikheid van die betrokke identiteit vir die individu die ervaring van 'n bedreiging beïnvloed, in dié sin dat 'n groter bedreiging ervaar sal word ten opsigte van dié identiteite wat vir die individu van belang is. Phinney *et al.* (1993:470) het in ooreenstemming hiermee gevind dat die effek van 'n bedreiging vir identiteit beïnvloed word deur die sterkte van binnegroepidentifikasie. Wanneer groeplede gekonfronteer word met 'n bedreiging, kan individue wat sterk binnegroepidentifikasie toon hulself van die negatiewe terugvoer oor hul groep isoleer deur op positiewe aspekte van die groep te konsentreer.

Binne Breakwell se teorie sou dit logies wees om te verwag dat die belangrikheid van die identiteitsbeginsel wat bedreig word, ook 'n rol sal speel in die persepsie van bedreiging. Indien 'n beginsel wat vir die individu besonder belangrik en prominent is, bedreig word, sal die bedreiging meer intens ervaar word as wanneer die beginsel minder belangrik is. Indien kontinuïteit vir individue byvoorbeeld belangriker is as eiewaarde, sal hulle liewer in 'n groep met 'n lae status bly, al het dit negatiewe implikasies vir hul eiewaarde, net om nie die ontwrigting van hul identiteitstruktuur te moet hanteer nie. Milburn en Watman (1981:115) noem ook dat konsekwentheid van identiteit nie vir alle individue ewe belangrik is nie. Hoe belangriker dié beginsel vir die individu is, hoe groter is die moontlikheid dat die individu bedreig sal voel.

Breakwell (1986:51) beweer dat 'n negatiewe persoonlike selfkonsep tot 'n laer toleransie vir bedreiging in die algemeen lei. Phinney *et al.* (1993:470) is van mening dat individue met 'n positiewe selfkonsep minder vatbaar sal wees vir bedreigings vir enige area van hul selfkonsep, insluitend etniese identiteit. Ook Milburn en Watman (1981:114) het bevind dat individue se vermoë om eiewaarde te handhaaf, hul persepsie van bedreiging bemiddel. Die onderliggende argument is dat, indien individue 'n sterk en positiewe persoonlike identiteit het, behoort 'n bedreiging vir hul sosiale

identiteit minder ernstig waargeneem te word as wanneer hulle meer op hul sosiale identiteit staatmaak vir positiewe selfagting. Milburn en Watman is van mening dat, indien die individu verder die kognitiewe kapasiteit het om die bedreiging in perspektief te plaas, dit ook as minder intens beleef sal word.

Grant (1992:350) beweer dat persepsies van bedreiging ook 'n funksie van tussengroepfaktore is, soos die relatiewe status en mag van groepe, hul geskiedenis en die manier waarop hulle tradisioneel teenoor ander groepe optree. Intragroepfaktore soos groepsolidariteit, en individuele faktore soos die sterkte van groepidentifikasie kan ook 'n rol speel. Milburn en Watman (1987:66) toon aan dat die geskiedenis van die verhouding tussen die bron en die teiken van bedreiging medebepaal of aksies deur die bron as bedreigend waargeneem word, aldan nie.

Milburn en Watman (1981:115), Breakwell (1986:7), asook Lazarus en Folkman (1984:171) beweer dat 'n gevoel van beheer oor die situasie 'n belangrike bemiddelende veranderlike van bedreiging is en dat onvoorspelbare en onbeheerbare bedreigings as besonder negatief ervaar word. Navorsing het getoon dat die waargenome verlies aan beheer kan lei tot passiwiteit, apatie, en angs (Milburn & Watman, 1981:36). Milburn en Watman beweer trouens dat hierdie een van die kardinale eienskappe van bedreiging is: "Threats operate by reducing the control of the target" (1981:39). Die ander kant van die munt is dat bedreiging die bron daarvan 'n groter mate van beheer gee. Dit is dan ook die vernaamste rede waarom sosiale verandering wat rondom die individu plaasvind, en waaroor die individu gevolglik nie beheer het nie, die potensiaal van bedreiging inhou. 'n Bedreiging afkomstig van 'n bron wat lae status geniet word meer negatief ervaar. Wanneer individue egter selfvertroue of vertroue in die persone in beheer van die situasie het, sal die persepsie van bedreiging verminder (Milburn & Watman, 1981:108).

'n Aantal veranderlikes wat 'n invloed op die persepsie van bedreiging kan uitoefen, kristalliseer uit bostaande. Indien die individu of groep 'n bepaalde historiese sensitiwiteit vir bedreiging het, en die betrokke identiteit of identiteitsbeginsel wat bedreig word van besondere belang vir die individu of groep is, sal bedreiging

waarskynlik by 'n laer drempel ervaar word. Daarenteen kan die sukses van hanteringstrategieë, die suksesvolle hantering van bedreiging in die verlede, 'n positiewe persoonlike selfkonsep en 'n hoë vlak van kognitiewe kapasiteit die ervaring van bedreiging verminder. Waargenome beheer oor die bedreiging sal ook die persepsie van bedreiging verminder, terwyl 'n bedreiging afkomstig van 'n bron wat lae status geniet, negatief geëvalueer sal word.

Die ervaring van bedreiging vanuit die sosiale omgewing lok noodwendig die een of ander vorm van reaksie by die individu uit, al is dit bloot om die bedreiging te ignoreer. Die strategieë wat individue gebruik in reaksie op die persepsie van bedreiging is die volgende fokuspunt van die onderhawige studie.

## 5.4 Reaksie op 'n bedreigde identiteit

Verskeie teoretici gee in die een of ander vorm aandag aan die individu se reaksie op 'n bedreigde identiteit, alhoewel dit nie altyd as sulks benoem word nie. Sommige teoretici is van mening dat reaksie op of hantering van bedreiging 'n bepaalde ontwikkelingspatroon vertoon, terwyl ander meen dat sekere strategieë as 'n reël deur individue verkies word. Binne eersgenoemde paradigma beskryf De Vos (1980:106) byvoorbeeld alternatiewe reaksies op wat hy "interne identiteitskonflikte" noem. De Vos se indeling van hanteringstrategieë stem tot 'n groot mate ooreen met die klassieke verdedigingsmeganismes wat in die psigoanalise aangetref word, en hy verklaar dat hierdie hanteringstrategieë 'n bepaalde ontwikkelingspatroon vertoon. Smith (1991:184) verwys na dieselfde tipe hanteringstrategieë as reaksie op die etniese groep se status in die samelewing. Volgens Smith kan identiteitskonflikte wat ontstaan as gevolg van minderheid- of meerderheidstatus ervaar word as uitdagings vir etniese identiteit. Die individu mag in reaksie hierop egoverdedigingsmeganismes soos ontkenning, projeksie, verplasing en intellektualisering gebruik om die etniese self te beskerm en in stand te hou. 'n Minder psigodinamiese model word deur Glaser (1958:33) voorgestel, wat vier fases op 'n kontinuum onderskei wat vier reaksies

verteenwoordig wat minderheidsgroeplede sou kon aanwend in hul verhoudings met die dominante groep. Die eerste hiervan is *segregasie*, wat veronderstel dat die individu ten alle koste 'n onderskeie etniese identiteit wil behou, selfs al sou dit sosiale of ekonomiese nadele inhou. Die tweede reaksie is een van *marginalisering*. Individue wat van hierdie strategie gebruik maak, is tipies verward en inkonsekwent. Hulle sal hul identiteit van een situasie na die volgende aanpas, afhangende van watter identiteit die grootste mate van aanvaarding in die betrokke situasie sal meebring. Individue wat *desegregeer*, sal ten alle koste vermy om met die eie groep geassosieer te word. 'n Vierdie moontlikheid is om te *assimileer* wat behels dat individue op 'n individuele, nie-etniese grondslag teenoor ander optree. Laasgenoemde opsie is egter in die meeste omstandighede slegs 'n teoretiese ideaal. Smith (1991:184) beklemtoon dat die gesonde en effektiewe oplossing van identiteitskonflikte die individu toelaat om vorentoe te beweeg en die proses van etniese identiteitsontwikkeling te voltooi.

Lyman en Douglas (1973:344) sonder op hul beurt 'n aantal groepstrategieë uit wat minderheidsgroepe sou kon gebruik om hulle relatiewe status in die samelewing te hanteer of te verander.

Hulle kan naamlik:

- ten volle deel word van die groter samelewing
- aktief deelneem aan die openbare lewe van die groter samelewing, maar aspekte van hul kulturele identiteit behou
- etniese identiteit beklemtoon in die skep van nuwe sosiale posisies en aktiwiteite wat nie voorheen in die samelewing gevind is nie
- konfederale bande met die groter samelewing behou, maar territoriale en kommunale beheer oor hulself behou
- afstig van die groter staat en 'n nuwe staat stig
- poog om heerskappy te voer oor die samelewing waarin hulle leef

Soos reeds genoem, is dit problematies om bevindinge ten opsigte van minderheidsgroepe sonder meer op wit Afrikaanssprekendes van toepassing te maak. Bostaande sou 'n reaksie op bedreiging deur "tradisionele" minderheidsgroepe kon

verteenwoordig, maar slegs die tyd sal leer of hierdie strategieë ook op die langer termyn deur wit Afrikaanssprekendes gebruik sal word. Die fokus van hierdie studie is egter die hanteringstrategieë wat deur individue gebruik word wanneer hulle sosiale identiteit bedreig word.

Die benaderings van die SIT (Tajfel, 1978a) en Breakwell (1983; 1986) resorteer tot 'n groot mate in die paradigma waar individue kies om bepaalde hanteringstrategieë te gebruik, alhoewel daar ook elemente van 'n fase-benadering in Breakwell se model teenwoordig is, wat later uitgewys sal word. Reaksie op bedreiging soos deur dié twee teorieë gesien, word vervolgens bespreek.

### 5.4.1 Reaksie op 'n bedreiging binne die Sosiale Identiteitsteorie

Soos reeds genoem, word individue se reaksie op die statushiërargieë in die samelewing binne die SIT bepaal deur hul persepsie van die legitimiteit en stabiliteit daarvan. Volgens Hogg en Abrams (1988:27) berus individue se reaksie op onlegitieme of onstabiele statushiërargieë hoofsaaklik op hul sogenaamde subjektiewe oortuigingstrukture, wat verwys na hul persepsies rakende die aard van die samelewing en die verhoudinge tussen groepe daarbinne. Daar is twee tipes subjektiewe oortuigingstrukture, naamlik sosiale mobiliteit en sosiale verandering. Binne die twee breë oortuigingstrukture word daar ook fyner onderskeide gemaak.

#### 5.4.1.1 Sosiale mobiliteit

Sosiale mobiliteit as strategie berus op die oortuiging dat die grense tussen groepe deurdringbaar is. Individue kan dus van een groep na 'n ander beweeg ten einde aan die negatiewe implikasies van een groeplidmaatskap te ontkom. Aangesien hierdie strategie die *status quo* ten opsigte van statusverhoudings onveranderd laat, word dit dikwels deur die dominante groep in die samelewing gepropageer. So word die mite van individuele vryheid geskep, maar in werklikheid is dit uiters moeilik, indien nie onmoontlik nie, om van 'n ondergeskikte na 'n dominante groep te beweeg.

Sosiale mobiliteit kan twee vorme aanneem. Individue kan naamlik poog om werklik in die meerderheidsgroep opgeneem te word, sodat hulle glad nie langer as lede van die minderheidsgroep herken kan word nie (Hogg & Abrams, 1988:27). 'n Voorbeeld hiervan is die verengelsing van sommige Afrikaners ná die Britse oorname van die Kaap (Bornman, 1995:103). Tweedens kan lede van minderheidsgroepe genoeg kenmerke van die dominante groep aanneem om in dié groep aanvaar te word, terwyl hulle nog as lede van minderheidsgroepe herkenbaar is (Hogg & Abrams, 1988:28). Hierna word verwys as sielkundige mobiliteit (De la Rey, 1991:46). Hoogs gekwalifiseerde swartmense wat die westerse lewenstyl aanneem dien as voorbeeld hiervan (Bornman, 1995:104). Die moontlikheid van sosiale mobiliteit word bepaal deur die persepsie van die deurdringbaarheid van groepgrense. Hoe meer sigbaar 'n bepaalde kategorielidmaatskap is, hoe meer ondeurdringbaar is die groepgrense en hoe moeiliker word mobiliteit as 'n strategie. Hierdie strategie sou byvoorbeeld vir wit Afrikaanssprekendes, vanweë fisiese kenmerke, slegs tot 'n beperkte mate toeganklik wees. Dit was in die verlede ook slegs vir 'n handjievol wit anti-Apartheid aktiviste moontlik om in die swart meerderheidsgroep aanvaar te word. Ook in die post-Apartheid staatkundige bedeling is daar byvoorbeeld slegs enkele wit Afrikaanssprekende parlementslede wat oorwegend swart partye verteenwoordig. Die geskiedenis van intergroepverhoudings in Suid-Afrika maak die grense tussen groepe besonder ondeurdringbaar. Indien dit die geval is, en die statushiërargieë in die samelewing as onstabiel gesien word, kan individue hul tot sosiale verandering wend.

#### 5.4.1.2 Sosiale verandering

Sosiale verandering kan volgens Tajfel (1978b:57; 1981:293) een van twee vorme aanneem, naamlik sosiale kreatiwiteit en sosiale kompetisie. Sosiale kreatiwiteit word gewoonlik gebruik wanneer die individu geen kognitiewe alternatiewe tot die *status quo* kan visualiseer nie. By wyse van sosiale kreatiwiteit word die sosiale identiteit van die ondergeskikte groep meer positief voorgestel, deur die dimensies van intergroepvergelyking te wysig. Dit kan verskeie vorme aanneem, waaronder rasionalisering, die herdefiniëring van die waarde wat aan bestaande dimensies van

evaluering geheg word, die herdefiniëring van 'n tradisioneel negatiewe eienskap, of die keuse van 'n ander vergelykingsgroep ('n ander ondergeskikte groep of 'n groep van laer status). Voorbeelde hiervan sou wees die beklemtoning van ekonomiese mag wanneer politieke mag nie meer in die hande van die groep is nie, die "black is beautiful" slagspreuk van die sestigerjare, en vergelyking met 'n ondergeskikte groep, eerder as 'n dominante groep om positiewe onderskeibaarheid te verkry. Steele (1990, soos aangehaal deur Deaux, 1992:14) beweer dat 'n individu op 'n bedreiging vir een aspek van die self kan reageer deur 'n ander aspek van die self te beklemtoon. Hierdie reaksie sou gesien kon word as 'n vorm van sosiale kreatiwiteit.

Rodriguez en Gurin (1990:241) brei uit op die tema van sosiale verandering deur middel van hul onderskeid tussen 'n kulturele en sosio-politieke identiteit. Hulle verwys na sielkundige sosiale verandering, wat behels dat daar 'n verandering plaasvind in die manier waarop groeplede oor hul groepe dink. Daar kan 'n verandering plaasvind ten opsigte van die groep se waarde en aansien wat lei tot 'n nuwe waardering vir hul kultuur en geskiedenis. Hierdie vorm van sosiale verandering gee aanleiding tot 'n kultureel-gebaseerde identiteit. Lede van groepe wat negatief geëvalueer word, verkry 'n gevoel van positiewe onderskeibaarheid deur die herevaluering en herinterpretasie van negatiewe eienskappe wat aan hul groep toegeskryf word. Hulle kan byvoorbeeld die dimensies waarop hul groep met ander groepe vergelyk word verander. Hierdie vorm van hantering is dus ekwivalent aan sosiale kreatiwiteit.

Volgens die SIT vind sosiale kompetisie plaas wanneer lede van minderheidsgroepe voel dat die bestaande sosiale stratifikasie onregverdig is en dat 'n positiewe sosiale identiteit slegs geskep kan word deur die posisie van die groep as geheel te verbeter. Rodriguez en Gurin (1990:241) verwys hierna as sosiale verandering wat aanleiding gee tot 'n polities-gebaseerde identiteit. Daar vind naamlik 'n verandering plaas met betrekking tot die ekonomiese en politieke onderbou van die ongelykheid tussen groepe. Lede verkry positiewe onderskeibaarheid deur 'n nuwe kognitiewe begrip van mag en sosiale struktuur in die ongelykheid tussen groepe. Groeplede word meer gesofistikeerd ten opsigte van die komplekse oorsake van die ongelykheid tussen groepe en glo nie meer dat die groep alleen verantwoordelik is vir die posisie daarvan

nie. In plaas daarvan om persoonlike of disposisionele oorsake aan die posisie van hulle groep toe te skryf, word die oorsake eerder in die omgewing of sisteem gesoek. Die posisie van die groep word dus aan diskriminasie deur die dominante groep, eerder as aan eienskappe van die groep toegeskryf (Crocker & Major: 1989:612). Die gevolg is kompetisie tussen groepe om hul relatiewe posisie te verbeter. Sosiale kompetisie is die mees radikale strategie wat Tajfel voorhou, en sluit optrede soos politieke protes, stakings en revolusionêre bedrywighede in wat daarop gemik is om die sosiale orde te herstruktureer (De la Rey, 1991:46). Abrams (1992:61) verwys byvoorbeeld na die stryd van die ANC teen Apartheid in Suid-Afrika as 'n voorbeeld van die suksesvolle gebruik van sosiale kompetisie.

Binne die SIT kan individue dus die algemene benaderings van sosiale mobiliteit of sosiale verandering as hanteringstrategieë in reaksie op 'n negatiewe sosiale identiteit gebruik. Hierdie keuse word hoofsaaklik bepaal deur hul persepsies van die deurdringbaarheid van groepgrense en die stabiliteit en legitimiteit van statushiërargieë in die samelewing. Ten opsigte van sosiale verandering kan hulle kies om sosiale kompetisie of sosiale kreatiwiteit as strategieë te gebruik. Die teorie van Breakwell (1986) is heelwat meer omvattend as die SIT wat die bedreiging van identiteit en die hantering daarvan betref, alhoewel daar bepaalde raakpunte tussen dié teorieë is wat later uitgewys sal word.

### 5.4.2 Breakwell se model van hanteringstrategieë

Soos reeds genoem, word 'n hanteringstrategie deur Breakwell (1986:78) omskryf as enige gedagte of aktiwiteit wat daarin slaag om 'n bedreiging vir identiteit te elimineer of te verlig, hetsy dit bewustelik as sulks erken word aldan nie. Die doel van 'n hanteringstrategie kan enige van of al die volgende wees:

- die verwydering van aspekte, op materiële of ideologiese vlak, wat tot bedreiging aanleiding gee;

- die beweging van die individu na 'n nuwe sosiale posisie wat minder bedreigend is;

- die hersiening van die struktuur van identiteit, op die inhouds- of waardedimensie, wat identiteitsprosesse in staat stel om weer te kan funksioneer in ooreenstemming met die beginsels van kontinuïteit, onderskeibaarheid en selfkonsep (Breakwell, 1986:79).

Breakwell (1983:17) het in haar aanvanklike teoretisering na drie oorkoepelende reaksies op bedreiging verwys. Die eerste hiervan is rekonstruksie, wat betrekking kan hê op die bedreiging of die identiteit. Wanneer rekonstruksie ten opsigte van die bedreiging toegepas word, is die doel daarvan om die bedreiging te devalueer. Dit kan bereik word deur die herinterpretasie van inligting oor die bedreiging, óf deur die bedreiging af te maak as minder ernstig as wat dit is, óf deur die bron daarvan as benede hul waardigheid te beskou. Hoe dit ook al sy, herdefinieer rekonstruksie die bedreiging tot iets minder as wat dit is deur middel van kognitiewe meganismes. Individue kan egter ook hul identiteit rekonstrueer. Indien individue nie die bedreiging kan ignoreer of herdefinieer nie, kan hulle hul identiteit verander op grond van nuwe inligting. Dit is egter 'n moeilike proses om identiteit as 'n aspek van die selfkonsep te verander, aangesien die beginsel van kontinuïteit drastiese verandering verhoed.

Mobiliteit en verandering is die tweede vorm van reaksie op bedreiging wat deur Breakwell (1983:17) genoem word. Hierdie reaksie verg aktiewe optrede deur die individu. Mobiliteit impliseer naamlik dat die individu beweeg ten einde aan die bedreiging te ontkom. Hierdie beweging kan fisies geskied, met ander woorde deur die situasie te verlaat, of deur te poog om van sosiale posisie of groep te verander. Wanneer daar 'n afkeer aan 'n bepaalde sosiale identiteit ontstaan, sal individue heel moontlik probeer om, in plaas van die negatiewe identiteit, die eienskappe van 'n goedgekeurde sosiale identiteit te vertoon. Individuele mobiliteit is egter 'n strategie wat gewoonlik slegs deur 'n klein groepie hoogs gekwalifiseerde persone aangewend kan word. In Rhoodie en Couper (1986:109) se navorsing onder Afrikaners wat in gemeenskappe aangrensend aan swart selfregerende gebiede bly, was een van die

drastiese reaksies op sosiale verandering om die woongebied te verlaat, of 'n meer konserwatiewe politieke party te begin ondersteun. Hierdie tipe reaksie is 'n voorbeeld van mobiliteit. Verandering as strategie behels om ander mense of omstandighede te probeer verander. Individue mag dus hul groeplidmaatskap bevestig en eerder die norme en reëls van die groep verander as om die lidmaatskap prys te gee.

Die derde reaksie is traagheid, wat in werklikheid 'n gebrek aan reaksie verteenwoordig (Breakwell, 1983:18). Die kragte wat die kontinuïteit van identiteit in stand hou, is in hierdie geval te sterk, en verhoed só verandering. Dikwels kompartementaliseer individue hul ervaringe ten einde die ervaring van bedreiging te minimaliseer. Hulle sluit dus die identiteit wat bedreig word, so ver moontlik uit hul bewustheid uit, en die bedreiging word dus nie direk hanteer nie.

Breakwell (1986) het mettertyd 'n meer gesofistikeerde model van hanteringstrategieë ontwikkel. Hierdie hanteringstrategieë funksioneer op intrapsigiese, interpersoonlike en intergroep vlakke en vorm die totale arsenaal van strategieë tot die individu se beskikking. Nie al dié strategieë is egter meetbaar by wyse van 'n opnametegniek soos in hierdie studie gebruik is nie. Sommige intrapsigiese strategieë funksioneer byvoorbeeld grootliks onderbewustelik en leen hul dus nie tot meting by wyse van selfrapportering nie. Daar sal dus ten opsigte van meting gefokus word op 'n aantal hanteringstrategieë, alhoewel daar volledigheidshalwe kortliks na al die hanteringstrategieë binne die teorie hieronder verwys word. Hierdie strategieë moet deurgaans teen die agtergrond van Breakwell se model van identiteit, soos in hoofstuk 4 bespreek, gesien word.

#### 5.4.2.1 Intrapsigiese hanteringstrategieë

Intrapsigiese hanteringstrategieë funksioneer op die vlak van kognisies en emosies, eerder as gedrag, alhoewel dit implikasies mag hê vir daaropvolgende gedrag. In 'n intrapsigiese reaksie op bedreiging kan 'n individu kies om óf die proses van assimilasie / akkommodasie óf dié van evaluering te wysig.

#### 5.4.2.1.1 Modifikasie van die proses van assimilasie / akkommodasie: deflektering

Wanneer daar op die wysiging van die proses van assimilasie / akkommodasie gefokus word, het die individu weer eens 'n keuse om die bedreiging te probeer deflekteer, of om die bedreiging te aanvaar. Wanneer die bedreiging gedeflekteer word, behels dit 'n weiering om die waarde- of inhoudsdimensies van identiteit te verander, en word dit hanteer deur strategieë soos ontkenning, kortstondige depersonalisering, die skep van 'n werklike en onwerklike self, fantasie en rekonstruksie. Al die bostaande hanteringstrategieë funksioneer onbewustelik en het die potensiaal om 'n breuk met die realiteit te bewerkstellig. Van hierdie strategieë is veral ontkenning en rekonstruksie relevant vir hierdie studie.

Ontkenning kan op verskeie vlakke plaasvind. Individue kan naamlik ontken dat hulle hulself in die bedreigende posisie bevind, dat die posisie bedreiging inhou, dat 'n hersiening van identiteit nodig is, of dat die posisie emosionele implikasies het. Ontkenning is egter hoogstens 'n tydelike strategie om bedreiging af te weer. Daar is bevind dat kinders van etniese minderheidsgroepe soms ontken dat hulle lede van dié groepe is. Dit vind veral plaas in die ontwikkelingsfase waar hulle begin bewus word van die negatiewe stereotipes rondom hul etniese groep (Breakwell, 1986:83).

Die individu kan verder poog om die situasie of die implikasies daarvan te rekonstrueer ten einde die bedreiging af te weer. Waar ontkenning essensieel irrasioneel is, behels rekonstruksie 'n kreatiewe (her)interpretasie van die feite binne die grense van rasionaliteit. Pogings tot rekonstruksie kan 'n herinterpretasie van die eienskappe van die posisie, of van die redes vir die okkupering van die posisie behels. Eersgenoemde kan beteken dat individue sommige aspekte van die situasie ignoreer of die belangrikheid daarvan onderbeklemtoon. Hulle kan ook inligting vanuit 'n wyer konteks inbring wat die betekenis van hul posisie verander, of eienskappe van die posisie uitdink wat vroeër nie bestaan het nie. Individue wat hul werk verloor, mag byvoorbeeld beweer dat dit hulle die geleentheid sal gee om addisionele vaardighede te ontwikkel, en dat hul afdanking gesien moet word teen die agtergrond van landswye werkloosheid (Breakwell, 1986:91).

Wanneer individue die redes vir die okkupering van die posisie rekonstrueer, verteenwoordig dit 'n verskuiwing van 'n interne na 'n eksterne lokus van kontrole. Dit is dus nie individue se verantwoordelikheid dat hulle in die bedreigde posisie is nie, maar die gevolg van omstandighede buite hulle beheer. Aangesien individue hul nie vrywillig in die situasie bevind nie, word die relevansie daarvan vir die identiteitstruktuur verminder. Hierdie verskuiwing van verantwoordelikheid het belangrike implikasies vir die hantering van bedreiging, aangesien die individu ook nie by magte mag voel om uit die situasie te beweeg nie. Daar is byvoorbeeld bevind dat rokers wat beweer dat hulle rook omdat hulle aan nikotien verslaaf is, meer sukkel om op te hou rook.

Bostaande is dus twee voorbeelde waar die bedreiging eerder gedeflekteer word as om dit in die identiteitstruktuur op te neem.

**5.4.2.1.2 Modifikasie van die proses van assimilasie / akkommodasie: aanvaarding**

Wanneer die individu by wyse van die proses van assimilasie / akkommodasie kies om die bedreiging te aanvaar, eerder as te deflekteer, word die struktuur van identiteit verander ooreenkomstig die eise van die bedreiging. Aanvaarding is egter selde bloot 'n oorgawe aan die eise van die bedreiging, maar meer dikwels 'n kompromie tussen die bedreiging en die behoeftes van die identiteit. Voorbeelde van strategieë van aanvaarding is antisiperende herstrukturering, kompartementalisering, kompromie, fundamentele verandering of 'n herrangskikking van die prominensie van die beginsels van identiteit.

Wanneer die potensiaal vir bedreiging duidelik is voordat dit akuut raak, is daar ruimte vir die antisiperende rekonstruksie, wat behels dat ten minste sommige van die nuwe inhoude van die identiteit in die identiteit opgeneem word voordat die bedreigende situasie dit vereis. Hierdie strategie kan volgens Breakwell effektief wees in die geval van bedreigings wat die beginsels van kontinuïteit en onderskeibaarheid ophef, maar nie dié van eiewaarde nie. 'n Bedreiging wat eiewaarde verminder, sal dit regkry of die individu geleidelik daaraan blootgestel word of nie. Aangesien die nuwe politieke

bedeling die gevolg van 'n proses van onderhandeling was, en nie skielik plaasgevind het by wyse van 'n rewolusie of staatsgreep nie, het Afrikaners die geleentheid gehad om hulle voor te berei op die nuwe politieke bedeling. Hulle moes ook kon weet dat hulle in 'n nuwe bedeling nie dieselfde politieke mag sou geniet as voorheen nie. Dit is dus moontlik dat hulle van 'n proses van antisiperende herstrukturering gebruik sou kon maak ten einde hulself voor te berei op 'n potensiële bedreiging.

Kompartementalisering as strategie het betrekking op veranderinge in die inhoudsdimensie van identiteit en behels dat daar skerp grense getrek word rondom die bedreigde identiteit. Dit word dus as't ware nie toegelaat om die res van die identiteitstruktuur te kontamineer nie. Insoverre dit moontlik is, vind die proses van assimilasie sonder die gepaardgaande akkommodasie plaas. Nie alle identiteite leen hulself tot hierdie hanteringstrategie nie. Die strategie is uiteraard slegs effektief indien omstandighede die individu toelaat om "nie slapende honde wakker te maak nie". Dit sal byvoorbeeld moeilik wees om kompartementalisering toe te pas ten opsigte van 'n besonder sigbare identiteit soos ras of geslag.

Individue kan hulle tot kompromie as strategie wend deur 'n alternatiewe modifikasie aan die identiteit aan te bring, in plaas van dit wat deur die bedreiging vereis word. So kan werklose individue byvoorbeeld eerder voorgee dat hulle ongeskik is om te werk as om die identiteit van "werklose" te aanvaar.

Fundamentele verandering behels dat individue in werklikheid hul identiteitstruktuur verander, selfs ten koste van die beginsels van kontinuïteit, onderskeibaarheid en selfkonsep. Individue mag dus aanvaar dat die bedreigde posisie 'n lewenswyse is selfs al hef dit al drie identiteitsbeginsels op. Hierdie strategie is onbevredigend, aangesien identiteite wat nie aan een van die identiteitsbeginsels voldoen nie, baie moeilik op die lang duur in die identiteitstruktuur geakkommodeer kan word en individue gemotiveerd is om dié beginsels te handhaaf.

Die hersiening van die prominensie van beginsels is 'n verdere strategie en is slegs moontlik indien 'n bedreiging nie al drie beginsels bedreig nie. In hierdie geval word

die prominensie van die identiteitsbeginsels soos deur Breakwell geïdentifiseer, hersien. Egskeiding lei byvoorbeeld tot 'n breuk in kontinuïteit, maar mag voldoen aan die beginsel van eiewaarde. Die individu offer dus kontinuïteit op ter wille van eiewaarde.

Bogenoemde strategieë van deflektering en aanvaarding fokus op 'n verandering in die proses van assimilasie-akkommodasie. Die manier waarop inligting uit die omgewing geïnternaliseer word, of huidige identiteitstrukture aangepas word, word dus gewysig om die bedreiging af te weer of te hanteer. Vervolgens word aandag gegee aan strategieë wat 'n verandering in die proses van evaluering behels.

#### 5.4.2.1.3 Modifikasie van die proses van evaluering

Die waarde wat aan bepaalde identiteite geheg word, word hoofsaaklik sosiaal bepaal, en individue leer hierdie waarde aan by wyse van sosiale interaksie binne die konteks van die dominante ideologieë in die samelewing. 'n Individu se evaluering van 'n identiteit kan dus nie onafhanklik van sosiale stereotipes wees nie. Tog is die individu nie passief in die bepaling van die waarde van identiteit nie, aangesien die prosesse van individuele kognisie in interaksie is met dié van sosiale beïnvloeding ten einde persoonlike oortuigings te bepaal. Die individu se evalueringsprosesse is verder selektief en doelgerig, en kan negatiewe terugvoer ten opsigte van 'n identiteit ignoreer of inligting herinterpreteer sodat dit met bestaande identiteitstrukture ooreenstem. Om hierdie redes het individue tog ruimte om hul evaluering van 'n identiteit te gebruik om 'n bedreiging te hanteer. Sodanige strategieë behels die herevaluering van óf die bestaande inhoud, óf die potensiële inhoud van identiteit.

#### 5.4.2.1.4 Modifikasie van die proses van evaluering ten opsigte van die bestaande inhoud van identiteit

Ten opsigte van die herevaluering van die bestaande inhoudsdimensie van identiteit, is daar 'n aantal hanteringstrategieë wat individue kan gebruik, naamlik die devaluering van identiteit, die herfokus van aandag en selfgenoegsaamheid.

Eersgenoemde strategie behels 'n retrospektiewe devaluering van die identiteitselement wat bedreig word. 'n Individu kan byvoorbeeld redeneer dat die identiteit in elk geval negatiewe konnotasies gehad het en so die negatiewe konnotasie wat dit verkry het, verminder. Indien 'n vrou byvoorbeeld in 'n tipies manlike beroep staan en haar vroulikheid moet opoffer, kan sy redeneer dat vroulikheid in elk geval die indruk van swakheid skep dat sy bly is dat sy nie as vroulik beskou word nie.

Wanneer die beginsel van eiewaarde spesifiek bedreig word, kan individue hul aandag fokus op 'n ander identiteitselement en die waarde daarvan verhoog. Die bedreigde identiteit word dus nie langer toegelaat om 'n sentrale posisie in die identiteitstruktuur in te neem nie. So kan individue wat arm grootgeword het, byvoorbeeld fokus op hul huidige suksesse, en hul agtergrond, wat negatiewe implikasies vir hul eiewaarde het, so ver moontlik verbloem.

Die individu kan ook die huidige inhoud van identiteit herevalueer deur 'n mate van selfgenoegsaamheid te herwin op dimensies wat vir die individu belangrik is. Selfs al is die terugvoer vanuit die omgewing omtrent groeplidmaatskappe negatief, poog die individu dus om innerlik 'n positiewe selfkonsep te bewerkstellig. Die mate waartoe hierdie roete vir die individu toeganklik is, sal afhang van die mate waartoe die sosiale konteks die individu toelaat om dit te doen, asook die individu se vermoë om dit te doen.

#### 5.4.2.1.5 Modifikasie van die proses van evaluering ten opsigte van die potensiële inhoud van identiteit

'n Verandering in die proses van evaluering kan in die laaste instansie ook plaasvind met betrekking tot die potensiële inhoud van identiteit. Sosiale posisies hou dikwels bedreiging in omdat dit 'n byvoeging tot die inhoud van identiteit verg wat die beginsel van eiewaarde verbreek. Dit is veral die geval by etniese minderheidsgroepe, waar lede dikwels die negatiewe stereotipes uit die sosiale konteks internaliseer. Individue kan egter ook die druk om negatiewe waarde aan hul identiteite te heg, teenstaan. Hierdie strategie moet verkieslik deur 'n groep individue gesamentlik gebruik word ten einde

effektief te wees. Individue kan egter ook op intrapsigiese vlak die hersiening van die waarde van identiteit teenstaan. Dit behels in essensie 'n subjektiewe hersiening van evaluering van identiteit wat die evaluering daarvan deur buitegroepe omver werp. Indien individue sou kies om dit te doen, is die strategieë van 'n verandering van kriteria, assosiasie met 'n ander, positiewe eienskap, of die bevraagtekening van die reg van ander om te oordeel tot hulle beskikking.

Eersgenoemde behels kortliks dat die individu ander kriteria gebruik om die identiteit te evalueer as wat die samelewing gebruik. Die dimensies van vergelyking word dus gewysig. 'n Groep wat politieke mag verloor het, kan byvoorbeeld kies om op hul ekonomiese mag te fokus as maatstaf vir evaluering. Die tweede strategie behels dat die individu die negatiewe identiteitseienskap assosieer met 'n positiewe identiteitseienskap en reken dat dit onmoontlik is om die een sonder die ander te hê. 'n Minderheidsgroep mag byvoorbeeld fokus op hul ryk kulturele erfenis en reken dat dit nie so goed bewaar sou wees indien hulle nie aan 'n minderheidsgroep behoort nie. 'n Individu mag ook die reg van ander om te oordeel, bevraagteken. Die opinie van buitegroepe oor die binnegroep word dus afgemaak as ongeldig en hul evaluering word nie geïnternaliseer nie.

Intrapsigiese strategieë behels dus pogings deur die individu om bedreigings vir identiteit af te weer of te verminder deur die wysiging van die prosesse van assimilasie / akkommodasie en evaluering. Hierdie strategieë vind grootliks onafhanklik van ander individue plaas maar is noodwendig in interaksie met dié op interpersoonlike vlak.

### 5.4.2.2 Interpersoonlike hanteringstrategieë

Interpersoonlike hanteringstrategieë berus op die wysiging van verhoudings met ander ten einde 'n bedreiging vir identiteit te hanteer. Spesifieke strategieë behels isolasie, negativisme, wanvoorstelling en inskiklikheid.

Wat isolasie betref, kan individue, as gevolg van die sosiale stigma aan 'n bepaalde identiteit verbonde, hulle totaal van ander individue afsonder. In terme van effektiwiteit is dit die mees oneffektiewe wyse om bedreiging te hanteer, aangesien bedreiging juis meer effektief hanteer word binne 'n groot sosiale ondersteuningstelsel.

Negativisme behels die teenoorgestelde aksie, naamlik om enigiemand wat die identiteitstruktuur durf uitdaag, te konfronteer. Dit verteenwoordig 'n neiging om juis op te tree op 'n wyse teenoorgesteld aan dit wat die sosiale konteks vereis. Individue wat van negativisme gebruik maak, word dikwels as hardkoppig en stroom-op beskryf. Die individu kan mettertyd bewus raak van hierdie beeld en dit in die identiteitstruktuur opneem. Sodoende word die kanse verminder dat ander 'n identiteitsverandering van die individu sal vereis, aangesien hulle weet watter reaksie hulle te wagte kan wees.

In 'n sekere sin hou negativisme in die besonder verband met al drie Breakwell se identiteitsbeginsels. Kontinuïteit vereis die vermoë om verandering teen te staan ten spyte van pogings om dit af te dwing. Onderskeibaarheid kan slegs bereik word wanneer individue bereid is om die verwagtinge van die samelewing te verwerp ten gunste van kreatiwiteit en uniekheid. Laastens berus eiewaarde op die vermoë om sommige van die evaluerings van ander teen te staan. Al drie hierdie vermoëns bevat 'n element van negativisme. Negativisme dien dus in 'n sekere sin om die balans tussen identiteitsbeginsels te behou. Dit is 'n kragtige strategie, maar kan egter ook negatiewe gevolge hê indien dit te ver gedryf word. Die feit dat Afrikaners in die Anglo-Boereoorlog betrokke geraak het, waar hulle teen 'n sterker en meer gesofistikeerde Britse leër moes veg, omdat hulle geweier het om onder Britse oorheersing te staan, kan as 'n voorbeeld van negativisme beskou word.

Die enigste uitweg vir 'n individu in reaksie op 'n bedreiging mag wees om die bedreigende situasie te verlaat. Wanneer legitieme sosiale mobiliteit, naamlik om werklik in 'n ander groep opgeneem te word, onmoontlik is, kan onlegitieme sosiale mobiliteit volgens Breakwell (1986:116) oorweeg word. Die individu ontsnap uit die bedreigde posisie deur middel van interpersoonlike wanvoorstelling. Ware groeplidmaatskap word verbloem en ingang tot 'n nuwe groep word onder valse

voorwendsels verkry. Hierdie strategie is byvoorbeeld in die verlede deur Kleurlinge met 'n besonder ligte velkleur gebruik om as witmense in terme van die Bevolkingsregistrasiewet geregistreer te word, aangesien dit bepaalde voordele ingehou het.

Inskiklikheid is 'n rasionele strategie wat impliseer dat daar vrede gemaak word met die bedreiging. Die bedreigde posisie word aanvaar, asook die gedragsvoorskrifte inherent daaraan. Deur te konformeer aan die stereotipe, word bestaande mag- en status- hiërargieë dus nie ontwrig nie en verkry die individu dikwels sosiale aanvaarding (Breakwell, 1986:121).

Interpersoonlike hanteringstrategieë het die gemeenskaplike kenmerk dat dit 'n poging is om die spel te speel volgens 'n stel reëls waaroor die individu geen beheer het nie. Dit vereis dat die individu moet funksioneer in die bestaande ideologiese en sosiale struktuur, en binne die beperkinge van die dominante sosiale voorstellings van groeplidmaatskap. 'n Alternatiewe benadering sou wees om te poog om die spelreëls te verander. Hiervoor is daar egter meer as 'n individuele poging nodig en gevolglik word die betrokkenheid van die groep vereis.

### 5.4.2.3 Intergroepstrategieë

Intergroep hanteringstrategieë behels dat individue hul groep gebruik om die bedreiging te hanteer, en kan op verskeie vlakke opereer. Individue kan meervoudige groeplidmaatskappe gebruik om hulle teen bedreiging te beskerm, sodat die nadele geassosieer met een lidmaatskap versag kan word deur die voordele aan ander lidmaatskappe verbonde. Wanneer individue se ras byvoorbeeld negatiewe evaluering uitlok, kan hul opvoedkundige kwalifikasies hiervoor vergoed. Meervoudige identiteite maak dit dus moontlik dat groeplidmaatskappe wat positief geëvalueer word, kan kompenseer vir dié wat negatief geëvalueer word.

Individue wat bedreiging ervaar kan hierbenewens ook met ander individue assosieer wat in dieselfde posisie verkeer en 'n nuwe groep skep. Hierdie groepe kan as sosiale of inligtingsnetwerke funksioneer, of 'n bewusmakingsfunksie in die samelewing vervul. Lede van minderheidsgroepe kan byvoorbeeld kultuurorganisasies stig waar hulle kan assosieer met ander individue wat die bedreigde groeplidmaatskap deel. Vir die individu vervul hierdie groepe dus hoofsaaklik 'n ondersteuningsfunksie.

Groepe kan egter ook ten doel hê om die eienskappe wat met 'n groep geassosieer word, die evaluering van hierdie eienskappe, of die sosiale orde te verander. Breakwell verwys na hierna as groepoptrede en identifiseer twee soorte groepe wat bostaande doelstellings deel, naamlik drukgroepe en sosiale bewegings. Drukgroepe funksioneer binne die bestaande sosiale orde en wette en probeer die stelsel van binne transformeer. Die metodes van sosiale bewegings is egter nie beperk tot dit wat as legitiem binne die sosiale orde beskou word nie. Hulle propageer meer dikwels radikale verandering van buite die sisteem (Breakwell, 1986:136).

### 5.4.3 Hanteringstrategieë in die onderhawige studie

Daar is verskeie raakpunte tussen die SIT en die teorie van Breakwell wat die reaksie op 'n bedreigde identiteit betref. Dit wil voorkom asof die volgende faktore uit dié twee teorieë kristalliseer as wyses om 'n bedreigde of potensieel negatiewe sosiale identiteit te hanteer.

In die eerste instansie is daar sprake van 'n vermyding of deflektering van die bedreiging deur dit te ontken, te onderdruk, of glad nie daarop te reageer nie. In die onderhawige studie sou dié strategie behels dat respondente ontken dat sosiale verandering plaasgevind het of dat die veranderinge enige implikasie vir hulle groeplidmaatskap het. Hulle sou dus beweer dat geen noemenswaardige veranderinge hulle in 'n nuwe politieke bedeling in die gesig staar nie, of dat hulle hulle nie steur aan die politieke veranderinge nie.

Die tweede potensiële strategie is mobiliteit en verwys na 'n poging om die groep of die bedreigende situasie te verlaat. Beide Breakwell (1986:115) en die SIT (Tajfel, 1978b:64) verwys hierna as 'n potensiële reaksie op bedreiging. Dit kan verwys na fisiese mobiliteit, naamlik om die situasie te verlaat of te poog om in 'n ander groep opgeneem te word, of na psigiese mobiliteit, wanneer individue sekere kenmerke van ander groepe vertoon opgeneem te word, maar nog steeds eienskappe van die eie groep vertoon. 'n Oorweging om te emigreer kan byvoorbeeld vir Afrikaners 'n vorm van fisiese mobiliteit verteenwoordig, terwyl aansluiting by 'n oorwegend swart politieke party as 'n vorm van psigiese mobiliteit beskou kan word.

Derdens verwys beide teorieë na 'n rekonstruksie of herinterpretasie van verskeie aspekte van die bedreiging of die betrokke identiteit. Hierdie strategieë behels 'n kognitiewe aanpassing ten einde die bedreiging te akkommodeer of af te skaal en kan 'n rekonstruksie van die eienskappe van die situasie of die rede waarom die individu in die situasie verkeer, insluit. Aspekte soos sosiale kreatiwiteit, die verskuiwing van blaam vir die bedreigde posisie, antisiperende en retrospektiewe rekonstruksie of die verandering van die dimensies van vergelyking word onder hierdie strategie ingesluit. In die geval van wit Afrikaanssprekendes kan hulle hierdie kategorie van strategieë gebruik deur byvoorbeeld die blaam vir hul posisie op die Apartheidsregering of ander agente te plaas, te fokus op ekonomiese, eerder as politieke mag, of te redeneer dat dit nog altyd 'n negatiewe eienskap was om 'n Afrikaner te wees.

Vierdens kan die individu ook die bedreiging konfronteer of uitdaag, deur middel van strategieë soos sosiale kompetisie, negativisme of groepoptrede. Dit behels dus 'n meer rewolusionêre benadering tot die hantering van bedreiging. Die stig of ondersteuning van belangegroepe, en die aktiewe uitdaging van die *status quo* verteenwoordig sodanige strategieë. In die Suid-Afrikaanse konteks sou dit kon behels om 'n volkstaat vir die Afrikaner te propageer, of by versetaksies teen die regering betrokke te wees om die groep se mag en status te herstel.

Dit wil ook voorkom asof 'n vyfde strategie, naamlik dié van passiewe aanvaarding ook na vore kom, wat in werklikheid 'n gebrek aan optrede verteenwoordig. Anders as in

die geval van vermyding, waar daar ontken word dat daar sosiale verandering plaasgevind het, word die situasie in hierdie geval gelate aanvaar as iets wat buite die individu se beheer is. Dit behels dus 'n oorwegend eksterne lokus van kontrole en 'n mate van hulpeloosheid en magteloosheid in die aangesig van groter sosio-strukturele kragte.

Benewens bostaande strategieë wat voortspruit uit die onderliggende teorieë, is 'n addisionele strategie in hierdie studie op logiese gronde bygevoeg. Liebkind (1983:187) beweer dat die strewe na die behoud van 'n identiteit nie noodwendig defensief hoef te wees nie, maar ook assertief kan wees. Indien daar onsekerheid bestaan oor waardes en die onderskeibaarheid van 'n groep, kan die reaksie op 'n bedreiging defensief word. Indien daar egter 'n sielkundige staat van sekerheid en persoonlike betrokkenheid by die waardes van die groep is, sal 'n reaksie op bedreiging meer waarskynlik 'n eis om sosiale erkenning uitlok. Ook Phinney (1990:501) noem dat een van die maniere om op 'n negatiewe sosiale identiteit te reageer, is om trots in die groep te ontwikkel. Op grond hiervan, asook die feit dat die meeste ander hanteringstrategieë oorwegend reaktief is, is 'n addisionele strategie in die studie ingesluit, wat verwys na aktiewe optrede waar die individu die belange en beeld van die groep aktief bevorder en so poog om die bemindmaking van die groep by ander te bewerkstellig. President Nelson Mandela het hierdie strategie by 'n groep verteenwoordigers van Afrikaanse organisasies aanbeveel. Hy het verwys na die feit dat Afrikaans juis 'n nie-rassige sprekersgemeenskap het en gevra: "Waarom probeer Afrikaans nie dié feit met groter nuwe Suid-Afrikaanse vreugde en viering uitleef nie?" (Anon., 1996:2). Professor Willie Esterhuyse, 'n bekende Afrikaanse filosoof en politieke kritikus, merk op dat die nuwe politieke bedeling gepaard gaan met 'n debat ten opsigte van die herposisionering van diegene wat hulself met die wêreld van Afrikaans en sy prestasies identifiseer. Na sy mening behoort wit Afrikaanssprekendes nie afsydig teenoor hierdie debat te staan nie, aangesien dit 'n poging is, nie om krampagtig en reaksionêr vas te hou aan die verlede nie, "maar om kultuur so dinamies uit te bou dat ander hulle begerige hande sal uitsteek na die vrugte van hierdie inheemse boom" (1996:18). Die doelbewuste en positiewe propagering van die

Afrikaner se beeld, taal en reputasie sal in die strategie van bemindmaking gemeet word.

Daar sal in hierdie studie bepaal word tot watter mate bostaande hanteringstrategieë konseptueel van mekaar onderskei kan word, en deur die steekproef gebruik word. 'n Meetinstrument wat bostaande ses dimensies verteenwoordig, sal vir die doel van die studie ontwikkel word.

### 5.4.4 Fases van hantering

Breakwell (1986:158) maan dat daar nie uit die oog verloor moet word dat 'n bedreiging meer as een hanteringstrategie kan ontlok nie. 'n Hele reeks hanteringstrategieë kan in reaksie op 'n bedreiging ontplooi word. Breakwell (1986:162) gebruik die voorbeeld van die hantering van werkloosheid as bedreiging vir identiteit ten einde hierdie proses te illustreer. 'n Tipiese aanvanklike reaksie op werkloosheid sou ontkenning wees, gevolg deur 'n poging tot mobiliteit, naamlik om uit die bedreigende situasie te ontsnap deur byvoorbeeld aktief werk te soek. Indien hierdie pogings onsuksesvol is, kan dit passiwiteit en sosiale isolasie tot gevolg hê. Veranderinge in die struktuur van identiteit kan hierop volg, deur byvoorbeeld die rol van 'n siek persoon aan te neem eerder as om die bedreiging van werkloosheid in die oë te staar. Werklose individue maak egter nie geredelik van sosiale veranderingstrategieë of groepstrategieë gebruik nie. Breakwell merk in die lig hiervan op dat dit net so belangrik is om in ag te neem watter hanteringstrategieë *nie* gebruik word nie as watter wel gebruik word. Dit mag wees dat individue op 'n gegewe tydstip bepaalde hanteringstrategieë gebruik, en later van ander strategieë gebruik maak, afhangende van die tipe bedreiging en die sukses van die strategieë wat gebruik is. Enige meting van hanteringstrategieë is dus hoogstens 'n dwarssnit van gedrag op 'n gegewe tydstip.

### 5.4.5 Bemiddelende veranderlikes in die keuse van hanteringstrategieë

Milburn en Watman (1981:37) beweer dat hoe belangriker die aspek van gedrag wat bedreig word vir die individu is en hoe groter die proporsie van gedrag wat deur die bedreiging geraak word, hoe groter sal die omvang van die reaksie daarop wees. Rhoodie en Couper (1986:109) maan egter dat dit moeilik is om reaksies op 'n bedreigde identiteit te voorspel, aangesien 'n verbale intensie nie noodwendig oorgaan tot gedrag nie. Die verbale intensie reflekteer wel individue se toleransiedrempel en die emosionele intensiteit waarmee hulle op bedreiging reageer.

Volgens Breakwell is die enkele belangrikste faktor wat hantering voorspel, steeds die persoonlike en sosiale *betekenis* wat aan die bedreiging geheg word. Benewens hierdie aspek beweer sy dat daar veral vier sentrale faktore is wat die keuse van hanteringstrategieë beïnvloed (Breakwell, 1986:178), naamlik die tipe bedreiging, die sosiale konteks, die bestaande identiteitstruktuur en die kognitiewe kapasiteit van die individu. Binne die SIT bepaal individue se persepsie van die bestaande statushiërargieë watter strategieë gebruik word. Malan *et al.* (1994:8) het gevind dat so lank as wat die faktore wat aanleiding gee tot die keuse van 'n bepaalde strategie voortbestaan, die individu by hierdie keuse sal bly. Die feit dat soveel patrone van interaksie tussen hierdie faktore moontlik is, maak die voorspelling van die keuse van hanteringstrategieë egter besonder moeilik.

#### 5.4.5.1 Die tipe bedreiging

Lee en Ottati (1995:610) is van mening dat die manier waarop individue hul sosiale identiteit beskerm, verskil na gelang van die tipe bedreiging waarmee hulle gekonfronteer word. Volgens Lee en Ottati hang die reaksie van individue af van hoe ekstreem die bedreiging waargeneem word, asook tot watter mate dit in ooreenstemming is met bestaande stereotipes oor die groep. Hoe meer ekstreem die bedreiging waargeneem word, en hoe minder dit in ooreenstemming met bestaande

stereotipes oor die groep is, hoe groter is die moontlikheid van kollektiewe optrede weens die verhoogde waargenome binnegroep homogeniteit wat hierdeur veroorsaak word. Grant en Brown (1995:195) voeg by dat wanneer waargenome bedreiging gepaard gaan met ervarings van kollektiewe relatiewe deprivasie die moontlikheid van kollektiewe optrede verhoog en etnosentrisme verhoog.

Bedreigings kan op verskeie dimensies van mekaar verskil waarvan Breakwell (1986:149) drie uitlig. Die eerste hiervan is die oorsprong van bedreiging, wat intern of ekstern kan wees. Soos reeds genoem, ontstaan 'n interne bedreiging wanneer daar 'n botsing ten opsigte van die bevrediging van die drie identiteitsbeginsels is. 'n Individu wil byvoorbeeld lid bly van 'n bepaalde groep ter wille van die beginsel van kontinuïteit, maar moet saamleef met die lae status van die groep wat die beginsel van eiewaarde verbreek. 'n Bedreiging ontstaan ekstern wanneer die sosiale konteks 'n verandering in identiteit verg wat onversoenbaar is met enige van die beginsels van kontinuïteit, onderskeibaarheid of eiewaarde. Die tweede dimensie waarop bedreigings van mekaar kan verskil is die duur van die bedreiging (langtermyn / korttermyn) en die derde dimensie is dié van stabiliteit (stabiel / onstabiel). Dit is belangrik dat, alhoewel hierdie dimensies objektief en onafhanklik van die individu gemeet sou kon word, dit die individu se subjektiewe interpretasie van hierdie dimensies is wat die keuse van hanteringstrategieë bepaal. Aangesien bedreigings op al drie dimensies gelyktydig verskil, sou agt moontlike kombinasies van dimensies denkbaar wees. Dit is onmoontlik om vir elke moontlike kombinasie die keuse van hanteringstrategieë te voorspel, en dus word slegs algemene hipoteses deur Breakwell (1986:152) gesuggereer.

Bedreigings met 'n interne oorsprong sal meer waarskynlik deur die herinterpretasie van informasie wat die individu ontvang, hanteer word. Dit dui dus op die gebruik van kognitiewe rekonstruksie of sosiale kreatiwiteit as strategie. Korttermyn bedreigings sal op hul beurt minder hanteringstrategieë en pogings tot die hersiening van die identiteitstruktuur tot gevolg hê as langtermyn bedreigings. Die beginsel van kontinuïteit verhoed dus dat individue ten opsigte van bedreigings van verbygaande aard 'n omvattende reaksie openbaar. Onstabiele bedreigings het die potensiaal om

tot groter gebruik van die herstrukturering van identiteitselemente te lei, aangesien groter selektiwiteit van interpretasie deur fluktuerende vloei van informasie na die individu toegelaat word. Die verwagting is dus dat 'n interne, korttermyn, en onstabiele bedreiging sal lei tot die gebruik van kognitiewe en affektiewe strategieë deur die individu, terwyl 'n eksterne, langtermyn en stabiele bedreiging meer strategieë van sosiale verandering sou ontlok. Dit kan lei tot die skep van of aansluit by groepe wat sosiale verandering voorstaan. Tussen hierdie twee ekstreme scenarios is daar uiteraard verskillende kombinasies moontlik.

Milburn en Watman (1987:5) se klassifikasie van bedreigings as synde laag of hoog in gevaar en laag of hoog in beheer, voorspel ook wat die waarskynlike reaksie van individue sal wees. Wanneer die individu min beheer oor die bedreiging het en voel dat die bedreiging 'n lae gevaar inhou sal dit vervreemding of apatie ten opsigte van die bedreiging meebring. Die hanteringstrategieë van vermyding en aanvaarding kan dus hier ter sprake kom. Hoë gevaar en min beheer sal waarskynlik lei tot 'n paniekreaksie, wat deur middel van konfrontasie hanteer sou kon word. Wanneer individue egter voel dat hulle beheer oor die bedreiging het, sal dit aktiewe optrede, eerder as vermyding of onttrekking fasiliteer (Milburn & Watman, 1987:114).

Indien bostaande dimensies op die Afrikaner in 'n post-Apartheid politieke bedeling van toepassing gemaak word, is dit waarskynlik dat die tipe bedreiging waarmee die groep gekonfronteer word, hoofsaaklik as ekstern, langtermyn en relatief stabiel beoordeel sal word. Afrikaners se historiese eksterne lokus van kontrole en heersende waardesisteme (Booysen & Kotzé, 1985; Gagiano, 1986:7; Mostert, 1996:16; Uys, 1997:65), maak hulle as groep meer geneig om eksterne attribusies te maak ten opsigte van dit wat met die groep gebeur. Die politieke verandering het baie duidelik 'n nuwe era in die sosio-politieke bedeling teweeg gebring en die waarskynlikheid dat die situasie in die guns van Afrikaners gaan verander, is objektief gesproke baie skraal. Indien individue hierdie oortuiging het, en 'n bedreiging vir die groep se identiteit ervaar, sal die bedreiging waarskynlik as langtermyn en relatief stabiel beoordeel word. Hierdie persepsie sou dui op 'n groter gebruik van sosiale veranderingstrategieë.

Ten opsigte van Milburn en Watman se klassifikasie in terme van beheer en gevaar kan verwag word dat Afrikaners nie 'n groot mate van beheer oor die waargenome bedreiging sal ervaar nie. Hul persepsie van die mate van gepaardgaande gevaar sal bepaal of hulle kies om te onttrek of deur paniek te reageer op die waargenome bedreiging.

### 5.4.5.2 Die sosiale konteks

Breakwell (1986:75) som die belangrikheid van 'n begrip van die sosiale konteks van bedreiging soos volg op: "If the nature of the threat, and the coping strategies which can be used against it, are to be understood, the ideologies which contextualise them must be understood too". Die sosiale konteks beperk die keuse van hanteringstrategieë op 'n aantal wyses. In die eerste plek bepaal die ideologiese milieu van die dag die morele kodes en oortuigingstrukture daarbinne, wat op hul beurt bepaal watter aksies vir die individu toeganklik is.

Die interpersoonlike netwerk van die individu dien verder as sosiale ondersteuningstruktuur. Waar individue 'n toereikende sosiale ondersteuningstruktuur het, kan bedreiging potensieel binne hierdie struktuur hanteer word. Indien dit egter nie die geval is nie, moet bedreiging op ander maniere hanteer word. Dieselfde geld die groeplidmaatskappe tot die individu se beskikking. Hanteringstrategieë soos sosiale kompetisie vereis byvoorbeeld die bestaan of potensiaal vir die skep van drukgroepe of sosiale bewegings wat hierdie strategieë kan ondersteun en deurvoer (Breakwell, 1986:152). Lazarus en Folkman (1984:82) identifiseer ook aspekte inherent aan die situasie as medebepalers van hantering, waaronder die voorspelbaarheid en die bekendheid van die situasie. Wanneer inligting omtrent die bedreiging dubbelsinnig of verwarrend is , is die moontlikheid van paniek of oorreaksie groter. Die sosiale konteks het dus veral 'n invloed op die repertoire van hanteringstrategieë wat vir die individu beskikbaar is, aangesien dit die uitvoerbaarheid van hanteringstrategieë bepaal.

Benewens die sosiale konteks *per se*, speel individue se persepsie van die sosiale konteks ook 'n rol. Dit is veral die geval binne die SIT, waar individue se persepsie van die bestaande statushiërargieë bepaal watter strategieë gebruik word. Wanneer daar geen kognitiewe alternatiewe tot die situasie denkbaar is nie, (met ander woorde 'n relatief stabiele statushiërargie) sal individue meer geneig wees om van individualistiese strategieë, soos sosiale mobiliteit gebruik te maak. Wanneer die statushiërargie egter as onstabiel waargeneem word, is die ruimte vir kognitiewe alternatiewe groter en sal individue meer van sosiale veranderingstrategieë en kollektiewe optrede gebruik maak (De la Rey, 1991:46; Kelly, 1993:68).

Ellemers *et al.* (1995:618) het egter bevind dat sielkundige faktore, veral die sterkte van etniese identifikasie, 'n groter rol speel in die keuse van hanteringstrategieë as strukturele eienskappe van die samelewing, soos deur die SIT gesuggereer.

### 5.4.5.3 Die bestaande identiteitstruktuur

Waar bostaande faktor na die beskikbaarheid van sosiale bronne verwys, het hierdie aspek betrekking op die beskikbaarheid van psigiese bronne. Lazarus en Folkman (1984:55) beweer dat persoonlikheidsfaktore en motivering 'n belangrike rol speel in die reaksie op bedreiging.

Phinney *et al.* (1993:470) beweer dat daar veral twee sielkundige faktore in die bestaande identiteitstruktuur is wat belangrik mag wees in die reaksie op 'n bedreiging vir etniese identiteit, naamlik persoonlike selfkonsep en etniese identifikasie. Daar kan byvoorbeeld verwag word dat individue met 'n positiewe selfkonsep meer konstruktief op verandering sal reageer en tot 'n groter mate in staat sal wees om hanteringstrategieë, hetsy op die vlak van kognitiewe rekonstruksie of sosiale aksie, te vind. Individue met 'n positiewe selfkonsep sal verder meer geneig wees om van selfbevorderingstrategieë gebruik te maak, deur byvoorbeeld teen die buitegroep te diskrimineer ten einde die binnegroep meer positief te laat vertoon. Die navorsing van

Crocker, Thompson, McGraw en Ingerman (1987:912), asook Robbins (1992:70) bevestig hierdie bevinding.

'n Sterk etniese identiteit kan die individu toerus met innerlike bronne vir die hantering van bedreigings vir hul identiteit. Verskeie navorsers (Chavira & Phinney, 1991:226; Kawakami & Dion, 1993: 525; Kelly 1993:77) het gevind dat individue wat sterk met hul etniese groep identifiseer meer "aktiewe" en kollektiewe strategieë gebruik om bedreiging te hanteer in vergelyking met individue met 'n lae etniese identifikasie.

Nog 'n veranderlike in die bestaande identiteitstruktuur wat met die keuse van hanteringstrategieë verband sou kon hou, is Rodriguez en Gurin (1990:241) se kultureel-gebaseerde, teenoor 'n meer polities-gebaseerde identiteit. Hulle het gevind dat dié onderskeid verband hou met die keuse van politieke hervormingstrategieë, in dié sin dat individue wat 'n kulturele identiteit beklemtoon, meer ten gunste van reformatoriese politieke verandering is, terwyl dié met 'n meer sosio-politieke agenda meer radikale politieke doelwitte voorstaan. Laasgenoemde strategie sou geassosieer kon word met meer rewolusionêre, teenoor meer "kreatiewe" of passiewe hanteringstrategieë.

Ten opsigte van die bestaande identiteitstruktuur, is dit dus aspekte soos persoonlike selfkonsep, die sterkte van etniese identifikasie en die keuse tussen 'n polities-gebaseerde en kultureel-gebaseerde etniese identiteit wat volgens die literatuur 'n rol behoort te speel as bemiddelende veranderlikes in die keuse van hanteringstrategieë. Individue met 'n positiewe persoonlike selfkonsep, sterk etniese identifikasie en 'n polities-gebaseerde identiteit sal naamlik meer geneig wees om aktief te reageer op 'n bedreiging.

#### 5.4.5.4 Kognitiewe kapasiteit

Volgens Milburn en Watman (1981:31) vereis 'n hanteringstrategie soos kognitiewe herstrukturering die vermoë om abstrak en konseptueel te redeneer en die voorkoms

daarvan verhoog dus in direkte verhouding tot die sofistikasie van die individu. Ook Breakwell verwys na die kognitiewe bronne tot die individu se beskikking, en spesifiek die informasieprosesseringsisteem van die individu in dié verband. Individue het bepaalde filtermeganismes wat hulle gebruik om informasie te prosesseer. Een van hierdie filtermeganismes is die attribusiestyl van die individu. Attribusies behels die verklarings wat individue vir 'n gebeurtenis aanbied. Daar is verskillende dimensies waarop individue ten opsigte van hul attribusiestyl kan verskil. Dit mag voorkom of hierdie dimensies oorvleuel met dié waarop die tipe bedreiging beoordeel word, soos hierbo beskryf. Hier gaan dit egter oor die dimensies waarop die rede vir die bedreiging beoordeel word, en nie die bedreiging *per se* nie. Breakwell (1986:155) beweer dat attribusies ten opsigte van bedreiging kan wissel op drie dimensies, waarvan die eerste 'n interne / eksterne dimensie is. Eksterne attribusies verklaar die bedreiging in terme van omgewingsveranderlikes, wat beide fisies en sosiaal van aard kan wees. Interne attribusies lê die blaam vir die bedreiging voor die deur van die individu. Tweedens is daar 'n dimensie van stabiliteit wat die oorsaak van die bedreiging as permanent of tydelik beoordeel. Indien die oorsaak van bedreiging as stabiel of redelik permanent gesien word, is 'n ervaring van hulpeloosheid dikwels die gevolg. Milburn en Watman (1981:87) se onderskeid tussen chroniese en akute bedreiging is analoog aan hierdie dimensie. Hulle bevestig dat 'n chroniese bedreiging waarskynlik 'n groter gevoel van magteloosheid by die individu teweeg sal bring, wat hanteringstrategieë soos onttrekking of vermyding mag fasiliteer. 'n Akute bedreiging mag moontlik hoër angsvlakke tot gevolg hê en meer druk op die individu uitoefen om aktief op te tree. 'n Derde dimensie behels 'n globale, versus spesifieke attribusie, wat verwys na die trefwydte van die oorsaak van bedreiging. 'n Globale oorsaak affekteer 'n wye reeks lewensterreine terwyl 'n spesifieke oorsaak slegs 'n beperkte aantal situasies raak. Globale attribusies sal meer waarskynlik 'n gevoel van hulpeloosheid tot gevolg hê.

Individue wat hoofsaaklik eksterne attribusies maak, sal meer van interpersoonlike en intergroepstrategieë gebruik maak. Onstabiele attribusies sal tot groter buigsaamheid in die keuse van hanteringstrategieë lei, met 'n gepaardgaande optimisme dat die bedreiging spontaan sal verdwyn. Hoogs spesifieke attribusies sal daartoe lei dat daar ook op 'n meer beperkte aantal strategieë gefokus sal word (Breakwell, 1986:156).

Opsommenderwys kan gesê word dat individue wat geneig is tot interne, stabiele en globale attribusies, minder geneig sal wees om 'n verskeidenheid van hanteringstrategieë te gebruik en meer geneig om passief te wees in reaksie op bedreiging. Hulle sal oor die algemeen bedreiging nie goed hanteer nie (Breakwell, 1986:157). Crocker en Major (1989:622) voorspel dat individue wat eksterne, stabiele en globale attribusies maak, 'n groter gevoel van hulpeloosheid ervaar. Dit is egter ook belangrik om daarop te let dat alle individue nie noodwendig konsekwente attribusiestyle handhaaf nie. Attribusies word verder nie net deur die kognitiewe styl van die individu bepaal nie, maar ook deur die sosiale konteks, kultuur en ideologie.

## 5.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is identiteit binne die sosiale konteks daarvan bespreek. Binne die teoretiese definisie van sosiale verandering kan daar min twyfel wees dat die sosio-politieke verandering in Suid-Afrika sosiale verandering konstitueer. Dit volg dat daar 'n potensiële bedreiging vir identiteit binne die Suid-Afrikaanse samelewing in 'n post-Apartheid era bestaan. Die aard van hierdie bedreigings, asook moontlike hanteringstrategieë wat deur individue en groepe aangewend sou kon word in reaksie op sodanige bedreiging is ook in hierdie hoofstuk bespreek. Beide hierdie aspekte is vanuit die teoretiese perspektiewe van die SIT en Breakwell te model, asook ander teoretici bespreek. Meting van hierdie aspekte in die onderhawige studie sal hoofsaaklik vanuit die twee genoemde teoretiese raamwerke geskied. Laastens is daar verwys na faktore wat die persepsie van bedreiging en die keuse van hanteringstrategieë beïnvloed. Die stand van sommige van hierdie faktore onder Afrikaners kan uit bestaande navorsing en die sosiale konteks afgelei word, byvoorbeeld 'n historiese sensitiwiteit vir bedreiging, sterkte van etniese identifikasie en intensie om te emigreer. Waar dit moontlik is om hierdie faktore by wyse van 'n selfrapporteringstegniek te meet, sal dit in die onderhawige studie gedoen word ten einde vas te stel tot watter mate die bemiddelende veranderlikes 'n rol speel in die persepsie van bedreiging en keuse van hanteringstrategieë in die steekproef.

# HOOFSTUK 6

# EMPIRIESE NAVORSINGSPROJEK

## 6.1 INLEIDENDE OPMERKINGS

Navorsingsmetodologie is volgens Miller (1987:183) meer as net 'n versameling metodes. Dit is as't ware 'n "meta-metode". Waar metodes losgemaak kan word van die objek van studie, is metodologie onlosmaaklik deel van die fenomeen onder die soeklig, en beïnvloed dié twee aspekte mekaar wedersyds. Abrahamson (1983:51) beweer in aansluiting hierby dat ook die resultate van 'n studie nie van die metodologie daaragter geskei kan word nie, aangesien die aard van die steekproef, die wyse waarop veranderlikes gemeet word, en die aard van die verwerkings bepaalde beperkinge op die resultate plaas.

Die doel van die onderhawige studie is tweeledig van aard, naamlik ondersoekend en beskrywend aan die een kant, en verbandsoekend en teorievormend aan die ander. Dit volg dus dat die keuse van metodologie deur hierdie doelstellings gelei is. In hierdie hoofstuk word die navorsingsontwerp van die studie bespreek met verwysing na die metodes, steekproef, prosedure en saamgestelde meetinstrument van die studie. Ten slotte word verwys na die tegnieke van dataontleding wat gebruik is.

## 6.2 NAVORSINGSONTWERP

### 6.2.1 Metode

In hierdie studie is gebruik gemaak van 'n vraelysopname. Tyson (1991:110) beweer dat die data in ongeveer 75% van sosiaal-sielkundige navorsing in Suid-Afrika by wyse

van vraelysopnames ingesamel word. Hierdie metode word volgens hom egter nie net die meeste in navorsing gebruik nie, maar ook die meeste *mis*bruik. Dit is 'n relatief goedkoop metode waarmee 'n groot steekproef bereik kan word. Die grootste nadeel is egter dat die kwaliteit van data nie altyd bo verdenking is nie vanweë die lae responderingskoers en die feit dat die navorser geen inligting verkry ten opsigte van die respondent se motivering en omstandighede tydens die voltooiing van die vraelys nie. Verder kan data wat op dié manier ingesamel word, relatief oppervlakkig wees. 'n Verbetering op die vraelysopname sou 'n persoonlike onderhoud wees. Die voordeel van onderhoude bó vraelyste is dat die data wat verkry word groter geldigheid besit aangesien die onderhoudvoerder vrae wat verwarrend mag wees, kan verduidelik, en die respondent kan vra om uit te brei op antwoorde wat onduidelik mag wees (Tyson, 1991:111). Verder dra die onderhoudvoerder kennis van die vlak van motivering van die respondent en omstandighede waaronder die onderhoud gevoer is. Hierdie aspekte mag moontlik die geldigheid van die navorsing beïnvloed.

Alhoewel 'n persoonlike onderhoud nie prakties moontlik sou wees in hierdie studie nie, is die saamgestelde meetinstrument weens bogenoemde oorwegings deur 'n veldwerker persoonlik by respondente afgelewer, en enige onduidelikhede met betrekking tot die meetinstrument opgeklaar. Die veldwerker het vervolgens 'n persoonlike afspraak met die respondent gemaak om die meetinstrument te gaan afhaal. Die enkele grootste nadeel van selfrapporteringstegnieke, naamlik reaktiwiteit, word nie deur hierdie metode uitgeskakel nie, maar die nadele van, byvoorbeeld, 'n posvraelys of telefoonopname word oorkom en daar word vertrou dat die persoonlike besoek deur 'n veldwerker, hulp met die voltooiing van die meetinstrument, en rapport wat op dié wyse ontstaan, die respondent se motivering en begrip, en gevolglik die geldigheid van die bevindinge sal verhoog.

Die studie kan verder as 'n verkennende veldstudie beskryf word, aangesien geen eksplisiete hipoteses gestel word nie, maar slegs informele verwagtinge. Daar word vertrou dat veranderlikes en patrone van veranderlikes in hierdie studie geïdentifiseer sal word wat verder in bevestigende studies ondersoek kan word.

Die veldwerk vir die onderhawige studie is uitgevoer binne die munisipale grense van Pretoria, Akasia en Centurion. Wit, Afrikaanssprekende inwoners van hierdie gebiede is as die universum vir die studie beskou. Detail ten opsigte van die navorsingsontwerp word vervolgens bespreek.

## 6.2.2 Steekproef

### 6.2.2.1 Loodsstudie

Vir die loodsstudie is 'n gerieflikheidsteekproef in die Vaaldriehoek omgewing getrek met behulp van die rekords van 'n tandartspraktyk op die dorp. Tagtig respondente is geselekteer met die doel om 'n relatief verteenwoordigende sosio-ekonomiese, ouderdoms- en geslagsverspreiding te verkry. Vraelyste is ontvang van al tagtig respondente, waarvan 39,74 % manlik en 60,26 % vroulik was. Hul ouderdomme het gewissel van 19 tot 68 met 'n gemiddelde ouderdom van 39,05 jaar. Die modus bruto inkomste per huishouding was in die kategorie R 4000-R 6000 per maand, en die modus opvoedkundige kwalifikasie Standerd 10 plus 'n naskoolse kwalifikasie (nie 'n diploma of graad).

### 6.2.2.2 Hoofstudie

Die universum vir die hoofstudie het bestaan uit wit Afrikaanssprekende inwoners van Pretoria, insluitend Centurion en Akasia. Hierdie populasie verteenwoordig dus 'n sifting in terme van taal, ras en geografiese gebied. Die rasionaal vir die sifting in terme van taal en ras is reeds in hoofstuk 1 bespreek. Die geografiese afbakening van die populasie is hoofsaaklik om praktiese redes gedoen. In die eerste plek het die studie ten doel om die sosiale identiteit van *stedelike* Afrikaners te ondersoek. Die vernaamste rede waarom Pretoria as stad uitgesonder is, is 'n gerieflikheidsoorweging, aangesien die infrastruktuur vir die navorsing hier beskikbaar was. Die tweede, meer teoretiese rede is dat die stad 'n oorwegend Afrikaanse beeld het, asook die grootste deel van die staatsdiens huisves wat tradisioneel 'n groot werkgewer van Afrikaners

was. Die stad het 'n meer konserwatiewe beeld as 'n stad soos Johannesburg, terwyl die "Transvaal" 'n meer konserwatiewe beeld het as byvoorbeeld die Wes-Kaap (Munro, 1995:21). Dit word bevestig deur die feit dat die KP in die 1987-verkiesing die meeste van hul setels in die Transvaal en die Vrystaat gewen het, en in 1989 meer as 50% van Afrikanerstemme in die Transvaal en Vrystaat op hulle verenig het. Humphries *et al.* (1990:20) toon in 'n ontleding van drie verkiesings in die tagtigerjare dat die KP in Transvaal en die Vrystaat meer as 40% van die stemme in die provinsie op hulle verenig het, terwyl hul steun in die Kaapprovinsie en Natal minder as 20% was. Die partye links van die regering het dienooreenkomstig meer steun in laasgenoemde twee provinsies geniet. Munro (1995:22) kom tot die slotsom dat Afrikaner Nasionalisme ná die 1987-verkiesing 'n nuwe sosiale, institusionele en geografiese tuiste in die noordelike provinsies gevind het. Die impak van sosio-politieke veranderinge behoort dus hier in die besonder gevoel te word.

Daar is besluit om 'n steekproef van 250 respondente te selekteer. Die grootte van die populasie is per voorstad verkry van die Sentrale Statistiekdiens, gegrond op die sensusgegewens van 1991 (Sentrale Statistiekdiens, 1991). Vir die doeleindes van die steekproef is die nie-stedelike gebiede buite rekening gelaat, wat die totale aantal wit Afrikaanssprekende inwoners in die gebied ten tye van die sensus op 374 302 te staan bring. Die voorstede is saam gegroepeer om streekproefgebiede van 'n praktiese grootte te verkry. In elke groep voorstede is die verlangde aantal standplase ewekansig geselekteer. Die steekproef is as geheel ook gestratifiseer volgens geslag en ouderdom. Aangesien die getal respondente in elke steekproefgebied redelik klein was, het stratifikasie nie vooraf per gebied geskied nie. In sommige voorstede is daar byvoorbeeld oorwegend ouer inwoners en in ander jonger inwoners. Daar moet gelet word op die feit dat, van die 252 voltooide vraelyste wat ontvang is, die navorser nog vyf buite rekening gelaat het vir die doeleindes van verwerking. Die redes hiervoor was hoofsaaklik dat die respondente bepaalde gedeeltes van die meetinstrument in geheel uitgelaat het, of dubbelsinnige response gegee het, wat verwerkings sou bemoeilik. Die totale aantal vraelyste wat dus vir die doeleindes van verwerking in ag geneem is, was 247. Die steekproefgegewens wat in tabel 6.1 en 6.2 gerapporteer

word, verwys dus na die 252 voltooide vraelyste, terwyl figuur 6.1 en 6.2 verwys na die verkreë data van die finale 247 vraelyste.

#### 6.2.2.2.1 Ouderdom

Die sensusverslag waarop die steekproef gebaseer is, gee die ouderdomsamestelling van die populasie in vyf- en tien jaar kategorieë aan. Aangesien die steekproef persone van 18 jaar en ouer moes insluit, moes die 18- en 19-jariges as proporsie van die 15- tot 19-jariges bereken word. Hiervoor is die frekwensie van witmense per ouderdomsjaar in die totale bevolking gebruik. Die proporsie van 18- en 19-jariges is op ongeveer twee vyfdes van die 15- tot 19-jaar kategorie geskat. Hoewel dit moontlik kan verskil van die proporsie in die totale bevolking, word hierdie prosedure as aanvaarbaar en noukeurig genoeg geag vir opnamedoeleindes. Tabel 6.1 toon die ouderdomsamestelling van die steeproef, relatief tot die sensusgegewens, aan.

**TABEL 6.1 Ouderdomsverspreiding van die steekproef**

| Ouderdom | Sensus | | Verwagte getalle | Steekproef | | $X^2$ |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | | N | % | |
| 18-19 | 15671 | 5,8 | 14,5 | 13 | 5,2 | 0,16 |
| 20-24 | 51683 | 19 | 47,8 | 47 | 18,7 | 0 |
| 25-34 | 60806 | 22,4 | 56,3 | 55 | 21,8 | 0 |
| 35-44 | 47640 | 17,5 | 44,1 | 42 | 16,7 | 0,1 |
| 45-54 | 40750 | 15 | 37,7 | 41 | 16,3 | 0,28 |
| 55-59 | 14160 | 5,2 | 13,1 | 16 | 6,3 | 0,63 |
| 60-64 | 11938 | 4,4 | 11,1 | 12 | 4,8 | 0,1 |
| 64+ | 29446 | 10,8 | 27,3 | 26 | 10,3 | 0,1 |
| TOTAAL | 272049 | 100 | 252 | 252 | 100 | 1,36 |

Die proporsies van die verskillende ouderdomsgroepe wat in die populasiegebied woonagtig was ten tye van die sensus, verskyn as getalle sowel as persentasies in die kolom getiteld "Sensus". Die proporsionele getalle in elke ouderdomskategorie wat teoreties in die ondersoekgroep van 252 respondente aangetref behoort te word, verskyn as desimale getalle in die kolom "Verwagte getalle". Die getal respondente in elke ouderdomsgroep van wie voltooide vraelyste terug ontvang is, en die persentasie wat elke ouderdomsgroep van die totaal van 252 uitmaak, verskyn in die kolomme onder die opskrif "steekproef". 'n Chi-kwadraat toets is uitgevoer om vas te stel of die proporsies in die steekproef afwyk van dié in die universum. Die verskil was nie beduidend op die 1 % peil nie en daar kan dus aanvaar word dat die steekproef tot 'n bevredigende mate ooreenstem met die populasie. Die gemiddelde ouderdom van die steekproef was 39,3 jaar.


#### 6.2.2.2.2 Geslag

Die verspreiding van die steekproef volgens geslag toon ook 'n bevredigende ooreenkoms met dié van die universum, naamlik 49,2% mans en 50,8% vroue in die steekproef teenoor 49,6% mans en 50,4% vroue in die universum. Die finale 247 vraelyste wat vir die doeleindes van ontleding in ag geneem is, was afkomstig van 118 (47,77%) mans en 129 (52,23 %) vrouens.

#### 6.2.2.2.3 Inkomste

Die steekproef is nie volgens inkomste gestratifiseer nie en daar is nie ten opsigte van inkomste rekord gehou tydens die insameling van die data nie. Een van die probleme wat ondervind is met die vergelyking van die verspreiding van inkomste in die steekproef met die sensusverspreiding is dat die sensus verwys na individuele inkomste, terwyl die meetinstrument van die studie verwys na die inkomste van huishoudings. Verder het die waarde van die Rand sedert die 1991 sensus aansienlike veranderinge ondergaan. 'n Vergelyking tussen die inkomste-data van dié sensus en die steekproef sal waarskynlik slegs die doel kan dien om vas te stel of daar ooreenkomste en verskille is in die proporsies wat in algemene kategorieë soos "laag",

"gemiddeld" en "hoog" voorkom. Die inkomsteverspreiding van die gerealiseerde steekproef word in figuur 6.1 aangedui. Die modus bruto inkomste per huishouding was in die kategorie R 4000 - R 6000 per maand.




1 : Weet nie/ weier
2 : Minder as R2000
3 : R 2000 - R 4000
4 : R 4001 - R 6000
5 : R 6001 - R 8000
6 : R 8001 - R 10 000
7 : R 10 0001 - R 15 000
8 : R 15 001 - R 20 000
9 : R 20 001 - R 25 000
10 : R 25 001 - R 30 000
11 : R 30 001 - R 40 000
12 : R40 000+

**FIGUUR 6.1** **Verspreiding van bruto inkomste per huishouding per maand**

**6.2.2.2.4 Opvoedkundige kwalifikasies**


Daar is gepoog om die steekproef ook proporsioneel volgens opvoedkundige kwalifikasies saam te stel. Die vernaamste probleem wat hiermee ondervind is, is dat die sensussyfers die verspreiding van die totale bevolking van Pretoria weergee; dus ook van persone onder 18 jaar. Die samestelling van die steekproef in terme van opvoedkundige kwalifikasies word in tabel 6.2 weergegee. Die sensussyfers in hierdie tabel is slegs vir persone met 'n opvoedkundige kwalifikasie van St 10 en hoër. Die persentasies is egter uitgewerk as proporsies van, sowel diegene met standerd 10 en hoër as totaal (kolom b), as die totale bevolking van Pretoria (kolom a). Die getalle vanaf die grade tot en met standerd 9 word dus as komplement bygevoeg om die

totale sensusgetal te verteenwoordig. Die sensuskategorieë verskil ook van die kategorieë in die studie. Ten spyte hiervan kan daar oor die algemeen uit die onderstaande tabel afgelei word dat die ondersoekgroep 'n bevredigende mate van ooreenstemming met die populasie toon ten opsigte van opvoedkundige kwalifikasies.

**TABEL 6.2 Opvoedkundige kwalifikasies van die steekproef**

| Kwalifikasies | Sensus | | | Steekproef | |
|---|---|---|---|---|---|
| | N | % (a) | % (b) | N | % |
| 0: nie ingevul | - | - | - | 2 | - |
| 1: geen skool | - | - | - | 0 | 0 |
| 2: st 3 of laer | - | - | - | 0 | 0 |
| 3: st 4 of 5 | - | - | - | 0 | 0 |
| 4: st 6 / 7 | - | - | - | 9 | 3,6 |
| 5: st 8 / 9 | - | - | - | 30 | 12 |
| 6: st 10 / gelyk | - | - | - | 63 | 25,2 |
| 7: st 10 plus | - | - | - | 58 | 23,2 |
| **SUBTOT ST 10** | **118209** | **43,5** | **60,1** | **121** | **48,8** |
| **8: Diploma** | **35587** | **13,1** | **18,1** | **35** | **14** |
| 9: B graad of ekw. | - | - | - | 32 | 12,8 |
| 10: Hons of ekw. | - | - | - | 8 | 3,2 |
| 11: M of ekw. | - | - | - | 9 | 3,6 |
| 12: D of ekw. | - | - | - | 5 | 2 |
| **SUBTOT: GRAAD** | **42808** | **15,7** | **21,8** | **54** | **21,6** |
| Ander | - | - | - | 1 | 0,4 |
| Sensustotaal | 196604 | 72,3 | 100 | - | - |
| Komplement: sensus | 75445 | 27,7 | - | - | - |
| TOTAAL | 272049 | 100 | - | 252 | 100 |

In figuur 6.2 word die gerealiseerde verspreiding van opvoedkundige kwalifikasies in die steekproef aangetoon.




1 : St 6/7*
2 : St 8/9
3 : St 10
4: St 10+naskool
5 : Diploma
6 : B-graad
7. Honneursgraad
8. Meestersgraad
9. Doktorsgraad
* of ekwivalente kwalifikasies

**FIGUUR 6.2 Verspreiding van opvoedkundige kwalifikasies**

## 6.2.3 Prosedure

### 6.2.3.1 Loodsstudie

Die studie het bestaan uit twee fases. Eerstens is 'n loodsstudie op 'n klein groep respondente uitgevoer. Die doel van die loodsstudie was hoofsaaklik om die skale vir die hoofstudie te verfyn, enersyds by wyse van faktorontleding en andersyds deur oop vrae in te sluit waardeur bykomende items gegenereer sou kon word. Verder sou algemene waarnemings deur die veldwerker ten opsigte van die lengte en verstaanbaarheid van die saamgestelde meetinstrument, asook respondente se ervaring daarvan, dien om dié instrument verder te verfyn.

Afsprake is met die geselekteerde respondente gemaak, en die saamgestelde meetinstrument aan hulle oorhandig. Hulp is aangebied met die voltooiing daarvan,

maar die meerderheid van die respondente het verkies om dit alleen te voltooi. Die navorser het die vraelys by die respondente gaan haal op 'n afgesproke tyd en enige probleme wat die respondent met die voltooiing van die vraelys ondervind het, is dan bespreek. Veldnotas is geneem ten opsigte van respondente se ervaring van die vraelys, sowel as die tyd wat dit geneem het om die vraelys te voltooi.

Die loodsstudie het geblyk 'n sinvolle oefening te wees ten einde die finale saamgestelde meetinstrument te verfyn. Dit het respondente tussen 30 en 45 minute geneem om die vraelys te voltooi. Die meetinstrument vir die hoofstudie was ongeveer een-en-'n-half keer so lank. 'n Aantal wysigings moes op grond van waarnemings in die loodsstudie aan die finale meetinstrument gemaak word. Hierdie wysigings word met betrekking tot die spesifieke skale bespreek.

#### 6.2.3.2 Hoofstudie

Die tweede fase van die studie was die hoofstudie. Nadat wooneenhede in die steekproefgebied geselekteer is soos hierbo beskryf, is 'n ruitenet gebruik om 'n respondent in 'n bepaalde huishouding te selekteer. Die geselekteerde respondent is versoek om die saamgestelde meetinstrument in te vul. 'n Kort verduideliking van die agtergrond van die studie is gegee en hulp is aangebied met die voltooiing van die meetinstrument. Vervolgens is 'n dag en tyd afgespreek waarop die meetinstrument afgehaal sou word. Die telefoonnommer van die respondent is verkry indien verdere reëlings getref sou moes word. Oor die algemeen is daar nie probleme met die veldwerk ondervind nie. Die voltooide 252 meetinstrumente maak 73% uit van die altesaam 345 meetinstrumente wat uitgedeel is. Daar was 12 (5,5%) meetinstrumente wat onbruikbaar was en 29 (8,4%) weierings, wat sowel "sagte" weierings (persone wat nie tyd gehad het nie, te besig was of nie kans gesien het nie) as "harde" weierings (persone met ernstige politieke of tegniese besware) ingesluit het. 'n Verdere 33 (9,6%) persone het beweer dat die vraelys weggeraak het, en hieronder moet waarskynlik nog 'n aantal weierings getel word. Wanneer daar een of twee meetinstrumente in 'n gebied nog nie ingevul was by 'n tweede, derde of vierde

besoek nie, is respondente versoek om die meetinstrumente te pos. Geadresseerde koeverte is voorsien. Ten spyte van herhaalde navrae is daar egter geen meetinstrumente per pos ontvang van die 19 persone (5,5%) wat onderneem het om die meetinstrumente te pos nie.

## 6.3 MEETINSTRUMENTE

Die meeste studies in hierdie veld gebruik 'n samevoeging van 'n aantal skale in die vorm van 'n saamgestelde meetinstrument (bv. Bornman, 1988; Bornman, 1995; Malan *et al.*, 1994; Robbins, 1992; Stones *et al.*, 1997). Hierdie studie is geen uitsondering nie, en daar is van beide bestaande en nuwe skale gebruik gemaak.

Die saamgestelde meetinstrument vir die loodsstudie word in bylae A vervat, en sluit die volgende veranderlikes in:

- Biografiese gegewens
- Selfkategorisering in terme van die individu se belangrikste identiteite en die prioritisering van hierdie identiteite
- Die mate van identifikasie met die begrip "Afrikaner"
- Politieke konserwatisme
- Waargenome verandering in die status van die Afrikaner in die nuwe politieke bestel
- Waargenome verandering in die mag van die Afrikaner in die nuwe politieke bestel
- Waargenome legitimiteit van die post-Apartheid politieke bestel
- Waargenome stabiliteit van die post-Apartheid politieke bestel
- Politieke versus kulturele identifikasie met die Afrikaner
- Ervaring van bedreiging
- Hanteringstrategieë
- Oorvleueling van self- en groepeienskappe

- Interne versus eksterne identiteitsoriëntasie

Die saamgestelde meetinstrument vir die hoofstudie word in bylae B vervat en sluit die volgende veranderlikes in:

- Biografiese gegewens
- Selfkategorisering in terme van die individu se belangrikste identiteite en die prioritisering van hierdie identiteite
- Die mate van identifikasie met die begrip "Afrikaner"
- Politieke konserwatisme
- Waargenome verandering in die status van die Afrikaner in die nuwe politieke bestel
- Waargenome verandering in die mag van die Afrikaner in die nuwe politieke bestel
- Waargenome legitimiteit van die post-Apartheid politieke bestel
- Waargenome stabiliteit van die post-Apartheid politieke bestel
- Politieke versus kulturele identifikasie met die Afrikaner
- Die sterkte van etniese identifikasie (Brown *et al.,* 1986)
- Persoonlike selfkonsep (Rosenberg, 1965)
- Kollektiewe selfkonsep (Luhtanen & Crocker, 1992)
- Ervaring van bedreiging
- Hanteringstrategieë
- Houding teenoor politieke verandering (Malan *et al.*, 1994)
- Oorvleueling van self- en groepeienskappe

Die meting van bostaande veranderlikes in die loods- en hoofstudie word vervolgens bespreek. 'n Kort agtergrond tot die meting van die betrokke veranderlike sal, waar nodig, gegee word. Hierna sal die rasionaal vir en fisiese voorkoms van die spesifieke skale beskryf word, asook die puntetoekenning waarna verwys sal word as die "hantering van data". Waar beskikbaar en relevant, sal die psigometriese besonderhede ten opsigte van die skale gerapporteer word.

### 6.3.1 Biografiese gegewens

Die volgende biografiese gegewens is ten opsigte van elke respondent in beide die loodsstudie en hoofstudie verkry:

- Geslag
- Ouderdom
- Bruto maandelikse inkomste van huishouding
- Hoogste opvoedkundige kwalifikasie
- Beroep

Respondente moes by elke item die antwoord wat op hulle van toepassing is met 'n kruisie merk, of waar van toepassing die antwoord invul. Statistiese ontleding van die inligting is by wyse van frekwensieontledings gedoen (kyk Bylae B, Afdeling B).

### 6.3.2 Meting van aspekte van sosiale identiteit

#### 6.3.2.1 Agtergrond

'n Aantal aspekte wat verband hou met die sosiale identiteit van respondente is in die onderhawige studie gemeet. As agtergrond tot die bespreking van die betrokke skale is dit nodig om kortliks na die meting van aspekte van sosiale identiteit in die algemeen te verwys.

Minimalegroepnavorsing is aanvanklik in die besonder gebruik om die verskeie aannames van die SIT empiries te verantwoord. Die doel daarvan was om die minimum vereistes vir intergroepdifferensiasie, asook diskriminasie teen buitegroepe te ondersoek. Die paradigma waarop minimalegroepnavorsing gebaseer is, neem egter volgens sommige teoretici nie die struktuur van ware groepe in ag nie (Bornewasser & Bober, 1987:273). Een van die vernaamste punte van kritiek teen die teorie van sosiale identiteit is gevolglik die oormatige gebruik van laboratoriumstudies en

eksperimentele ontwerpe, wat kunsmatige groepe skep, terwyl die ekologiese geldigheid van hierdie bevindinge nie voldoende getoets word nie. Campbell (1995:151), asook Abrams en Hogg (1988:318), beveel gevolglik aan dat laboratoriumstudies en eksperimentele navorsing aangevul moet word deur navorsing in natuurlike omstandighede indien die navorser die impak van die sosiale konteks op die prosesse van identiteit wil ondersoek.

'n Aantal aspekte van sosiale identiteit sou potensieel gemeet kon word. Uit die definisie van sosiale identiteit kom daar veral twee sodanige aspekte na vore. Die eerste hiervan is 'n inhoudsdimensie, en behels 'n kognitiewe bewussyn van lidmaatskap van sosiale groepe, wat sekere inhoude aan groeplidmaatskappe koppel. 'n Navorser sou dus kon bepaal watter groepe deel van die individu se sosiale identiteit vorm, asook hoe prominent bepaalde groepe in die identiteitstruktuur figureer. Tweedens is daar ook 'n waardedimensie wat die evaluering van groeplidmaatskappe as oorwegend positief of negatief behels. Die sterkte van identifikasie met bepaalde groepe is 'n verdere dimensie van sosiale identiteit wat gemeet sou kon word.

Zavalloni (1972:87) het 'n meting ontwikkel wat sy die "Focussed Introspection Technique" (FIT) noem. Dit is 'n poging om die meting van bostaande dimensies in een meetinstrument te integreer. In die onderstaande bespreking van die meting van hierdie dimensies word daar na die afsonderlike stappe van hierdie meting verwys. Aangesien dit egter 'n geïntegreerde meting is, word dit kortliks hier bespreek ten einde 'n geheelbeeld te skep. Die meting behels dat response (eerste orde data) gebruik word as eksperimentele stimuli om nuwe veranderlikes (tweede orde data), te genereer. Die eerste stap van hierdie meting het betrekking op die inhoudsdimensie van identiteit. Dit behels dat respondente bepaalde eienskappe benoem wat hulle met die betrokke identiteit assosieer indien hulle aan die groep dink as "ons". Vervolgens benoem hulle eienskappe wat hulle met die groep assosieer indien hulle aan die groep dink as "hulle". Waar binne- en buitegroepe tradisioneel gebruik is, in die sin dat die self lid is van die binnegroep en ander mense deel van die buitegroep, stel Zavalloni (1972:83) voor dat elke binnegroep 'n "ons" en "hulle" dimensie kan hê. Individue is verder in staat om beskrywings vanuit beide perspektiewe te kan gee, en hierdie

beskrywings verskil dikwels, alhoewel dit 'n gemeenskaplike basis het in die algemene oriëntasie ten opsigte van 'n bepaalde groeplidmaatskap. 'n Sterk positiewe of negatiewe oriëntasie teenoor die groep sal 'n effek hê op beskrywings met beide "ons" en "hulle" as stimulus.

Die tweede stap behels 'n evaluering van hierdie identiteitseienskappe as synde positief of negatief, ten einde die waardedimensie van sosiale identiteit te meet. Die derde en laaste stap behels 'n beoordeling van die mate waartoe respondente van mening is dat die identiteitseienskappe wat hulle benoem het, ook op hulself van toepassing is. Sy noem laasgenoemde verskynsel, wat verwys na die oorvleueling van groep- en selfbeskrywings, egomorfisme.

Die meting van bostaande drie dimensies van sosiale identiteit in die onderhawige studie word vervolgens bespreek.

#### 6.3.2.2 Inhoudsdimensie

##### 6.3.2.2.1 Agtergrond

Wat die inhoudsdimensie van sosiale identiteit betref, is diverse metodes in die verlede gebruik om hierdie aspek van sosiale identiteit te ondersoek, insluitend psigoanalise, gedragsrekords en observasie. In meer resente navorsing word daar egter van 'n kombinasie van metodes gebruik gemaak. Die beginsel onderliggend tot hierdie benadering is dat 'n geïntegreerde navorsingsmetodologie meer gepas is om 'n geïntegreerde raamwerk van identiteit te toets. Breakwell merk op dat meer resente metodes van meting ook 'n verskuiwing in teoretisering reflekteer deur die verklaring van aspekte van sosiale identiteit te verskuif van intrapsigiese dinamiek na sosiale prosesse (1986:45). Die mees eenvoudige manier om die inhoud van identiteit te meet is om bloot objektiewe identiteitsgroepe te benoem, gewoonlik in die vorm van demografiese kategorieë, of die benoeming van dié groepe waaraan die individu "naby voel". Sommige variasies hiervan laat ruimte vir 'n subjektiewe beoordeling van die

belangrikheid van onderskeie groeplidmaatskappe. Ander metings, byvoorbeeld die "Twenty Statements Test", gebruik slegs subjektiewe kriteria vir 'n identiteitsdefinisie, terwyl min of geen aandag gegee word aan die organisasie van die identiteite. Individue moet slegs twintig stellings omtrent hulself neerskryf soos wat dit in hul gedagtes opkom. Sommige navorsers is van mening dat die volgorde waarin identiteite benoem word 'n genoegsame aanduiding van die prioriteit daarvan is. Verskeie teoretici (o.a. Alba & Chamlin,1983; Deaux,1992; White & Burke,1987; Zavalloni,1975) maak beswaar teen die gebruik van objektiewe groeplidmaatskap as voldoende aanduiding van aanspraak op 'n identiteitskategorie en sê dat die betekenis wat aan 'n identiteit geheg word toenemend belangrik word in die studie van identiteit. Tog sê Deaux (1992:19) dat die mate waartoe 'n individu aanspraak maak op 'n bepaalde identiteit, alhoewel dit nie voldoende is nie, 'n belangrike voorspeller van verwante veranderlikes mag wees.

Benewens die inhoud van sosiale identiteit in bostaande sin, word die inhoud ook gekenmerk deur bepaalde eienskappe wat met elke identiteit geassosieer word. Daar is ook in die verlede 'n aantal metodes gebruik om hierdie aspek te meet. Ethier en Deaux (1990:432), sowel as Campbell (1995:152), het byvoorbeeld deur middel van persoonlike onderhoude identiteitsbeskrywings verkry. Ethier en Deaux het respondente gevra om al die identiteite wat vir hulle belangrik is, te benoem. Vervolgens moes respondente al die eienskappe wat hulle met elke identiteit assosieer, lys, sodat die betekenis wat die identiteite vir hulle het, ondersoek kan word. Hulle moes verder die belangrikheid van elke identiteit op 'n skaal van 1 (glad nie belangrik) tot 7 (baie belangrik) beoordeel. 'n Meer komplekse variasie van hierdie metode is deur Deaux (1993:6) gebruik. Respondente moes in hierdie geval hul belangrikste identiteite benoem, asook eienskappe wat met elk van die identiteite geassosieer word. Met behulp van hierdie inligting, is 'n identiteit-by-eienskap- matriks opgestel. Respondente moes vervolgens die mate waartoe *elke eienskap* op *elke identiteit* van toepassing is, beoordeel. Die data is hierna met behulp van hiërargiese klassifikasie ontleed ten einde tegelykertyd bondels van eienskappe, identiteite en die verhouding tussen hulle voor te stel. Die meting van die inhoud van identiteit wissel dus van eenvoudige tot meer

komplekse metings. Die meting van die inhoud van identiteit in die onderhawige studie word vervolgens bespreek.

#### 6.3.2.2.2 Selfkategorisering

##### (i) Rasionaal

Soos blyk uit bostaande agtergrond, is dit belangrik dat individue hulself as lede van sosiale groepe kategoriseer vir hierdie groepe om deel te vorm van hul identiteitstruktuur. Verder beveel Weinreich (1986:309) aan dat die relatiewe belangrikheid van verskillende identiteite in die identiteitstruktuur bepaal word, aangesien sekere identiteite in bepaalde situasies prominent mag figureer. Respondente moes gevolglik in hierdie studie op soortgelyke wyse as in Ethier en Deaux (1990:432), asook Garza en Herringer (1987:301) se studies, hul vyf mees belangrike sosiale groeplidmaatskappe benoem en vervolgens dié lidmaatskappe rangorden in volgorde van belangrikheid. Die doel van hierdie meting was om te bepaal watter identiteite vir respondente belangrik is, asook of hul etniese identiteit prominent figureer in hul identiteitstruktuur.

##### (ii) Fisiese voorkoms

In die saamgestelde meetinstrument vir die loodsstudie is respondente versoek om hul vyf belangrikste identiteitsgroepe, sowel as die prioriteitsvolgorde daarvan aan te dui (kyk Bylae A, Afdeling A). Die meerderheid respondente het 'n aantal identiteitsgroepe benoem, maar nie die prioriteit van die betrokke identiteite behoorlik aangedui nie (kyk tabel 7.17). Dit was moontlik die gevolg van 'n gebrek aan begeleiding tydens die voltooiing van die vraelys, of 'n gebrek aan duidelike instruksies op die vraelys. Daar is dus besluit om die twee stappe in die finale meetinstrument duideliker te onderskei sodat dit duidelik is dat daar twee response van die respondent verwag word.

In die hoofstudie is respondente gevra om die vyf sosiale groepe wat hulle eerste sou noem, indien hulle hulself aan 'n vreemdeling sou moes beskryf, te benoem. Voorbeelde van "sosiale groepe" is gegee. Nadat hierdie groepe aangedui is, moes respondente die belangrikheid van elk van die groeplidmaatskappe op 'n skaal van 1 (minste belangrik) tot 5 (belangrikste) beoordeel (kyk Bylae B, Afdeling A).

**(iii) Hantering van data**

'n Lys van al die groeplidmaatskappe wat deur respondente benoem is, is op grond van hierdie meting saamgestel. Vervolgens is die frekwensie waarmee elke lidmaatskap in elk van die vyf prioriteitsposisies benoem is, bereken ten einde die relatiewe frekwensie van die onderskeie groeplidmaatskappe te bepaal (kyk tabel 7.18). Aangesien etniese identiteit van besondere belang vir die studie is, is die data ook gebruik om individue wat 'n etniese identiteit benoem het, te vergelyk met dié wat nie het nie.

### 6.3.2.2.3 Eienskappe van identiteit

**(i) Rasionaal**

Soos hierbo genoem, is die eienskappe wat aan 'n bepaalde identiteit geheg word, 'n verdere aspek van die inhoudsdimensie van identiteit wat gemeet sou kon word. Soos in hoofstuk 3 bespreek, is daar verskeie eienskappe deur navorsing uitgewys wat ander groepe tradisioneel met die Afrikaner assosieer. Die eienskappe wat Afrikaners met die binnegroep assosieer (autostereotipes) is egter nog min ondersoek. In die onderhawige studie het respondente die geleentheid gekry om die eienskappe wat hulle met dié groep assosieer, te benoem. 'n Variasie van Deaux (1993:6) en Zavalloni (1972:87) se metings is vir die doeleindes van die studie ontwikkel en met spesifieke verwysing na Afrikaneridentiteit in die loodsstudie gebruik om die eienskappe wat respondente met die Afrikaner assosieer, te bepaal.

Slegs die eerste stap van Zavalloni se meting, soos beskryf in paragraaf 6.3.2.1, is hier ter sprake, waar respondente gevra word om eienskappe wat hulle met 'n bepaalde identiteit assosieer, te benoem. Dit mag voorkom of só 'n metode hom daartoe leen om bloot stereotipes te meet. White en Burke (1987:313) wys egter daarop dat betekenisse en gedeelde definisies van identiteite gebaseer is op 'n verskeidenheid van inligting, waarvan ware én stereotipe persepsies deel vorm. Stereotipes is dus nie net irrasionele persepsies wat 'n bevoorregte groep ten opsigte van 'n ondergeskikte groep huldig nie, maar 'n belangrike bron van inligting in die vorming van selfidentiteit.

Benewens die inhoudelike inligting ten opsigte van die eienskappe wat respondente met die Afrikaner assosieer, was die doel van die meting in die loodsstudie ook om eienskappe te verkry wat in die hoofstudie deur respondente beoordeel sou word as 'n aanduiding van die sterkte van etniese identifikasie.

**(ii) Fisiese voorkoms**

Respondente moes eerstens vyf eienskappe noem wat hulle met die Afrikaner as groep assosieer indien hulle aan die groep dink as "ons". Vervolgens moes hulle vyf eienskappe noem wat hulle met die as Afrikaner assosieer indien hulle aan die groep dink as "hulle" (kyk Bylae A, Afdeling F).

**(iii) Hantering van data**

Respondente het in die loodsstudie 'n aantal probleme ondervind wat die beoogde hantering van data beïnvloed het. Die begrip van hierdie afdeling het ook duidelik verband gehou met die opvoedkundige peil van die respondent. Tien persent van die respondente het glad nie gepoog om die afdeling te voltooi nie. Daar is nietemin waardevolle inligting uit die res van die meetinstrumente verkry, maar slegs 28,5% van hierdie meetinstrumente kon ook gebruik word om die mate van oorvleueling tussen die self en die groep, asook die evaluering van die eienskappe van die etniese groep af te lei. In Zavalloni se aanvanklike konseptualisering is die FIT 'n oorwegend kwalitatiewe tegniek waartydens 'n onderhoud met die respondent gevoer word ten

einde inligting te verkry. Dit is duidelik dat selfs die vereenvoudigde en meer gestruktureerde weergawe wat in die loodsstudie gebruik is, te ingewikkeld is om sonder begeleiding voltooi te word. Dit is gevolglik nie in hierdie formaat in die hoofstudie gebruik nie. Die inligting wat uit hierdie afdeling verkry is, is egter nuttig in die hoofstudie gebruik om 'n semantiese differensiaal te vorm.

'n Lys van al die eienskappe wat deur respondente in die loodsstudie benoem is, is opgestel en die frekwensie waarmee elke eienskap benoem is, bereken. Die eienskappe wat met die hoogste frekwensie benoem is, is in die hoofstudie ingesluit soos in paragraaf 6.3.2.4.3 bespreek.

### 6.3.2.3 Waardedimensie

#### 6.3.2.3.1 Agtergrond

'n Volgende aspek van sosiale identiteit wat gemeet sou kon word is die waarde of evaluering wat daaraan geheg word. Phinney *et al.* (1993:473) gebruik byvoorbeeld 'n semantiese differensiaal om 'n evaluering van die etniese groep te verkry. Positiewe en negatiewe eienskappe wat met die groep geassosieer word, is aan weerskante van 'n vierpuntskaal geplaas waarop die proefpersone hul eie groep moes beoordeel. 'n Totaaltelling vir persepsies van die groep is verkry deur die totaal van die beoordelings te bereken. In die onderhawige studie is daar in die loodsstudie van Zavalloni se meting gebruik gemaak, en in die hoofstudie van die kollektiewe selfkonsepskaal van Luhtanen en Crocker (1992).

#### 6.3.2.3.2 Evaluering van identiteitseienskappe

**(i) Rasionaal**

In die loodsstudie is die tweede stap van Zavalloni se FIT soos in paragraaf 6.3.2.1 beskryf, gebruik om die valensie van die eienskappe wat respondente in die eerste stap benoem het, te bepaal.

**(ii) Fisiese voorkoms**

Respondente moes elke identiteitseienskap beoordeel op 'n skaal van uiters negatief (1) tot uiters positief (5) (kyk Bylae A, Afdeling F).

**(iii) Hantering van data**

'n Totaaltelling is bereken deur die waardes op te tel. Dié meting was egter nie besonder effektief nie, aangesien min respondente die stap voltooi het. Die waardedimensie van etniese identiteit in die hoofstudie is gevolglik hoofsaaklik by wyse van die kollektiewe selfkonsepskaal gemeet, wat in paragraaf 6.3.3.2.2 bespreek word.

### 6.3.2.4 Sterkte van identifikasie

#### 6.3.2.4.1 Agtergrond

'n Meting van die sterkte van identifikasie met 'n bepaalde groep kan eweneens op verskeie maniere verkry word. Die mees basiese vorm hiervan is die meting van 'n eksplisiete identifikasie met die groep. Respondente kan byvoorbeeld gevra word tot watter mate hulle identifiseer met, of naby voel aan bepaalde groepe. Hierdie tipe meting inkorporeer die beginsel van selfidentifikasie as groeplid, wat deur Phinney (1990:503) beklemtoon word, eerder as 'n objektiewe klassifikasie.

Wat meer komplekse metings van die sterkte van etniese identifikasie betref, geskied meting gewoonlik vanuit een van twee perspektiewe, naamlik 'n "stand van sake" model, waar 'n dwarssnit van die sterkte van etniese identifikasie op 'n gegewe tydstip verkry word, of 'n fase-model, waar etniese identifikasie aan 'n bepaalde ontwikkelingsproses gekoppel word en die individu se posisie op dié ontwikkelingskontinuum vasgestel word. Helms en Carter (1990) en Marcia (1966) is waarskynlik die mees bekende eksponente van laasgenoemde benadering tot etniese identifikasie.

'n Meer algemene metode is die meting van die sterkte van identifikasie met 'n bepaalde etniese groep ("stand van sake model") by wyse van vrae ten opsigte van gedrag en houdings wat met etniese identifikasie sou korreleer. Phinney (1992:172) het 'n skaal ontwikkel wat etniese identifikasie meet, gebaseer op gemeenskaplike faktore wat etniese identiteit volgens haar óór groepe toon. Die eerste hiervan is "bevestiging en 'behoort aan' ", wat verwys na 'n gevoel van geborgenheid in die etniese groep. Etniese identiteitsprestasie is die tweede dimensie en slaan op die mate van toewyding aan die groep en die moeite wat die individu sou doen om meer uit te vind omtrent die groep se geskiedenis, gebruike en dies meer. Die derde dimensie, naamlik etniese gedrag, behels deelname aan die sosiale aktiwiteite van die groep. Phinney rapporteer egter ook 'n sterk sosiale wenslikheidselement in die beantwoording van vrae. Negatiewe vrae het min variansie getoon en individue sou selfs saamstem met stellings wat 'n verwerping van identiteit impliseer.

'n Ander invalshoek in die meting van die sterkte van etniese identifikasie is om die mate van oorvleueling tussen eienskappe van die self en eienskappe van die etniese groep te meet. Só 'n meting vorm deel van Zavalloni (1972:87) se FIT (kyk paragraaf 6.3.2.1). Simon en Hamilton (1994:701) het 'n verwante metode gebruik deur eers by wyse van 'n voortoets selfbeskrywings te verkry en hierdie beskrywings vervolgens deur respondente te laat beoordeel ten opsigte van die mate waartoe die eienskappe op hulle van toepassing is. Ná hierdie beoordeling moes hulle ook die graad van eendersheid tussen hulself en ander groeplede beoordeel. Taylor, Bassili en Aboud (1973:186) het op hul beurt die stimulus "myself" telkens paarsgewys met stimuli wat

verband hou met lidmaatskap van 'n etniese groep aangebied en hul respondente gevra om die eendersheid tussen die twee stimuli te beoordeel. Soortgelyke metings is deur Simon *et al.* (1995:328), asook Christian *et al.* (1976:282) gebruik. Hierdie metings word as indikators van die sterkte van etniese identifikasie beskryf op grond van die rasionaal dat waargenome eendersheid tussen die self en die groep as 'n aanduiding van identifikasie met die groep beskou kan word. Die meting van die sterkte van etniese identifikasie in die onderhawige studie sal vervolgens bespreek word.


#### 6.3.2.4.2 Identifikasie met die begrip "Afrikaner"

**(i) Rasionaal**

Die afbakening van die populasie van die studie het geskied in terme van taal en ras. Die feit dat individue wit en Afrikaanssprekend is, beteken egter nie noodwendig dat hulle hulself "Afrikaners" noem nie. Om hierdie rede was dit nodig om vas te stel tot watter mate respondente hulle met die meer waardebelaaide begrip "Afrikaner" vereenselwig. In beide die loodsstudie en die hoofstudie is 'n enkelitemveranderlike ingesluit waarin respondente eksplisiet gevra is tot watter mate hulle met die begrip "Afrikaner" assosieer.

**(ii) Fisiese voorkoms**

Respondente moes reageer op die vraag: "Tot watter mate identifiseer u uself met die begrip 'Afrikaner'?" Vir hierdie en ander enkelitemveranderlikes in die studie is 'n geskakeerde kontinuum, soos hieronder aangedui, gebruik. Geen numeriese waardes is aan die kontinuum gekoppel nie, aangesien dit die indruk sou kon wek dat sekere response 'n "hoër" waarde as ander verteenwoordig. Indien 'n skaalpunt van nul in die middel geplaas sou word met positiewe en negatiewe skaalpunte aan weerskante daarvan, sou dit eweneens die indruk kon wek dat sekere response 'n "negatiewe" of "positiewe" waarde het.



Die twee pole van die skaal is in hierdie geval gemerk "Glad nie" en "Heeltemal" (kyk, Bylae B, vraag 7).

**(iii) Hantering van data**

Skaalpunte wat wissel van 1 ("Glad nie") tot 11 ("Heeltemal") is van links na regs aan die geskakeerde blokkies toegeken. Die skaalpunt ooreenstemmend aan die blokkie wat respondente aangedui het, is as hul telling op die betrokke veranderlike beskou. 'n Hoë telling dui dus op 'n sterk identifikasie met die begrip "Afrikaner".

**6.3.2.4.3 Identifikasieskaal van Brown *et al.***

**(i) Rasionaal**

Driedger (1976:135) het 'n skaal ontwikkel om die sterkte van etniese identifikasie te meet. Die skaal is ontwikkel om twee aspekte van etniese identifikasie te meet, naamlik etniese bevestiging en etniese ontkenning. Eersgenoemde verwys na die mate waartoe lede van 'n etniese groep identifiseer met die etniese ondersteuning wat deur die groep verskaf word. Dit sluit in trots op en deelname aan aktiwiteite van die etniese groep, en 'n behoefte om met die etniese groep geassosieer te word. Etniese ontkenning, daarenteen, verwys na gevoelens van minderwaardigheid as groeplid, irritasie met die groep en 'n ongemak om met die groep geassosieer te word. Brown, Condor, Mathews, Wade en Williams (1986:276) het op grond van Driedger se skaal, 'n skaal ontwikkel om die sterkte van identifikasie met 'n verskeidenheid van groepe te meet. Die skaal meet ook die ontkenning en bevestiging van groeplidmaatskap, maar is ietwat korter as Driedger se skaal. Hierdie skaal is in die onderhawige studie gebruik, aangesien dit kort en redelik eenvoudig is. Dit is ook reeds in Suid-Afrikaanse navorsing met sukses gebruik (Robbins, 1992:77).

**(ii) Fisiese voorkoms**

Die skaal bestaan uit tien stellings, waarvan vyf bevestigend en vyf ontkennend is. Die items verwys na gevoelens en gedrag wat met etniese bevestiging en etniese ontkenning verband hou. Die oorspronklike skaal word op 'n vyfpunt Likertskaal beoordeel. In die onderhawige studie is 'n sespuntskaal gebruik met die responsmoontlikhede "Verskil sterk" (1) en "Stem sterk saam" (6) as ankerpunte. Die skaal kan ten opsigte van identifikasie met enige groep gebruik word, en is hier met spesifieke verwysing na die Afrikaner gebruik (kyk Bylae B, Afdeling C).

**(iii) Hantering van data**

Brown *et al.* (1986:278) kom tot die gevolgtrekking dat dit sinvol is om die itemtellings op te tel, (die negatiewe items word omgedraai) ten einde 'n totaaltelling op die skaal te verkry sodat 'n hoë telling sterker identifikasie met die betrokke groep impliseer. Hierdie metode is ook in die onderhawige studie gevolg en die totaaltelling is as 'n aanduiding van die sterkte van identifikasie met die Afrikaner as groep beskou.

**(iv) Psigometriese eienskappe**

Brown *et al.* (1986:278) rapporteer 'n alfakoëffisiënt van 0,71 vir dié skaal, terwyl Robbins (1992:79) 'n alfakoëffisiënt van 0,80 rapporteer. Brown *et al.* het verder die tellings van respondente op dié skaal vergelyk met spontane opmerkings wat respondente tydens onderhoude oor die betrokke groeplidmaatskap gemaak het. Hulle het bevind dat daar 'n betekenisvolle verskil was tussen die tellings van diegene wat positiewe en negatiewe opmerkings onderskeidelik oor hul groepe gemaak het. Hulle beskou hierdie bevinding as ondersteuning vir die geldigheid van die meetinstrument.

#### 6.3.2.4.4 Oorvleueling van self- en groepeienskappe

**(i) Rasionaal**

Die derde stap van Zavalloni se FIT is in die loodsstudie gebruik (kyk paragraaf 6.3.2.1). Respondente is gevra om aan te dui tot watter mate die identiteitseienskappe wat hulle benoem het, ook op hulself van toepassing is. In die hoofstudie is 'n variasie van die metings wat deur Simon en Hamilton (1994:701), Taylor, Bassili en Aboud (1973:186), Simon *et al.* (1995:328) en Christian *et al.* (1976:282) gebruik is, ingesluit. In die hoofstudie is die eienskappe wat met die hoogste frekwensie in die loodsstudie benoem is, gebruik om 'n semantiese differensiaal te vorm waarop respondente die mate waartoe hierdie eienskappe op die *Afrikaner as groep*, en *hulself persoonlik* van toepassing is, moes aandui. Soos reeds genoem, is die rasionaal agter hierdie tipe metings dat waargenome eendersheid tussen die self en die groep as 'n aanduiding van identifikasie met die groep beskou kan word.

**(ii) Fisiese voorkoms**

In die loodsstudie moes respondente, as 'n derde stap in die gestruktureerde weergawe van die FIT, aandui tot watter mate die identiteitseienskappe wat hulle benoem het, ook op hulself van toepassing is. Hierdie beoordeling het op 'n skaal vanaf 1 ("Glad nie van toepassing") tot 5 ("Ten volle van toepassing") geskied. Die totaaltelling van dié beoordelings is bereken, en 'n hoë telling is beskou as aanduidend van 'n groot mate van oorvleueling van self- en groepeienskappe (kyk Bylae A, Afdeling F). Soos reeds genoem, was hierdie meting in die loodsstudie nie besonder suksesvol nie en waarskynlik te kompleks. Die eienskappe wat in hierdie meting benoem is, is egter in die hoofstudie gebruik om die mate van oorvleueling van self- en groepeienskappe te bepaal.

Die eienskappe wat met die hoogste frekwensie in die eerste stap van Afdeling F in die loodsstudie benoem is, tesame met die antonieme van dié eienskappe is in die hoofstudie aangewend as die teenpole van twee identiese semantiese

differensiaalskale. Op die eerste semantiese differensiaal moes respondente ten opsigte van elke paar eienskappe aandui waar hulle die *Afrikaner as groep* sou plaas op 'n skaal van een tot sewe (kyk Bylae B, Afdeling I(1)). Op die tweede semantiese differensiaal moes respondente aandui waar hulle *hulself persoonlik* op dieselfde skaal sou beoordeel (kyk Bylae B, Afdeling I(2)).

**(iii) Hantering van data**

Die verskil tussen die beoordelings op dié differensiaalskale is vir elk van die vyftien items bereken, en die som van die absolute waardes van dié verskiltellings is beskou as 'n aanduiding van die mate van oorvleueling van self- en groepeienskappe. 'n Lae verskiltelling dui dus op 'n groot mate van oorvleueling van self- en groepeienskappe.

## 6.3.3 Meting van selfkonsep

### 6.3.3.1 Persoonlike selfkonsep

#### 6.3.3.1.1 Agtergrond

Daar is hoofsaaklik twee metodes wat in navorsing gebruik word om selfkonsep te meet, naamlik selfrapporteringstegnieke en gedragsrekords. Die metodologiese aard van die studie maak slegs eersgenoemde moontlik. Selfrapporteringstegnieke het egter ook verskeie beperkings wat hul akkuraatheid kan beïnvloed. Burns (1979:74), asook Breakwell (1992:7), noem 'n aantal sodanige beperkings. Die eerste is 'n gebrek aan selfkennis, aangesien sekere aspekte van die selfkonsep prominent sal wees in die individu se bewussyn, terwyl ander minder duidelik sal wees. Hierdie aspek is verwant aan die tweede, naamlik 'n gebrek aan die nodige simbole om die selfkonsep voldoende uit te druk. Selfbeskrywings word uitgedruk in woorde, waarvan die individu nie altyd 'n genoegsame kwantiteit en kwaliteit besit om dié beskrywings akkuraat uit te druk nie. 'n Derde probleem is dat dit in die samelewing soms die norm, of selfs noodsaaklik is, dat ware gevoelens en oortuigings nie uitgedruk word

nie. Dit kan lei tot die distorsie van selfbeskrywings. Laastens berus die akkuraatheid van 'n selfbeskrywing op die samewerking en motivering van die betrokke individue. Sou hulle 'n wanvoorstelling van hulself wou maak, is hulle vry om dit te doen. Die kompleksiteit van menslike gedrag en houdings maak trouens enige meting daarvan slegs 'n gedragsgreep wat net 'n beperkte aantal veranderlikes gelyktydig in ag kan neem.

Ten spyte van hierdie beperkinge is selfrapporteringstegnieke 'n gewilde metode vir die meting van selfkonsep. Burns (1979:77) is van mening dat die sielkunde inderdaad armer sou gewees het daarsonder, en dat dit dieper aspekte van die selfkonsep kan uitlig wat waarnemers nie noodwendig sou raaksien nie. Die eis bly steeds dat aanvaarbare vlakke van betroubaarheid en geldigheid sal bestaan.

Die mees algemene tipe selfrapporteringstegniek wat in navorsing oor selfkonsep gebruik word, is beoordelingskale in die vorm van vraelyste, opnames, of houding-teenoor-die-self skale (Burns, 1979:75). Die meeste beoordelingskale is geskoei op die Likert-model waar 'n aantal stellings gemaak word en individue die mate waartoe hulle met die stellings saamstem, moet aandui. Verskeie sodanige skale is ontwikkel, waarvan die Coopersmith Self-Esteem Inventory, en Rosenberg (1965:17) se selfkonsepskaal van die bekendste is. Laasgenoemde skaal is in die onderhawige studie gebruik as meting van selfkonsep.

'n Verskynsel wat veral by die meting van persoonlike selfkonsep voorkom, word deur Robbins (1992:113) uitgelig. Hy waarsku teen die gebruik van die mediaantelling van 'n steekproef as 'n aanduiding van 'n "hoë" of "lae" selfkonsep. Die rede hiervoor is dat die meerderheid individue in die meeste populasies 'n oorwegend positiewe selfkonsep het. Mediaantellings neig dus om redelik hoog te wees, met die gevolg dat die laagste kwartiel in baie gevalle slegs enkele punte onder die mediaan val. Navorsers beweer dat slegs individue wat in die laagste 10 to 30 persent van die tellings op 'n selfkonsepskaal resorteer, werklik 'n "lae" telling het. Sommige studies gebruik gevolglik net individue waarvan die tellings in die ekstreme persentiele resorteer as kontrasgroepe vir 'n "hoë" en "lae" selfkonsep, in plaas van kontinue

tellings. Crocker *et al.* (1987:909) het hul steekproef byvoorbeeld in drie groepe verdeel met 'n hoë, matige en lae selfkonsep. Hierdie tendens moet dus in gedagte gehou word by die meting van selfkonsep.

#### 6.3.3.1.2 Persoonlike Selfkonsepskaal van Rosenberg

**(i) Rasionaal**

Die doel van Rosenberg (1965:17) se skaal is om globale selfkonsep te meet by wyse van items wat met persoonlike selfkonsep verband hou. Die skaal onderskryf die siening van selfkonsep as 'n konfigurasie van houdings teenoor die self, en is reeds deur verskeie navorsers met vrug gebruik as indikator van persoonlike selfkonsep (o.a. Bornman, 1995; Crocker & Luhtanen, 1990; Lay, 1992a; Lay, 1992b; Robbins, 1992; Stones *et al.,* 1997; Verkuyten, 1990). Dit is veral nuttig omdat dit kort en maklik verstaanbaar is.

**(ii) Fisiese voorkoms**

Die skaal bestaan uit tien items waarvan 5 positief en 5 negatief bewoord is. Dit is dus 'n gebalanseerde skaal. Die oorspronlike skaal is 'n Guttmanskaal met vier responsmoontlikhede. In die onderhawige studie is 'n sespuntskaal gebruik ten einde eenvormige responsmoontlikhede vir die skale in die studie te bewerkstellig. Responsmoontlikhede wissel van "Verskil sterk" (1) tot "Stem sterk saam" (6) (kyk Bylae B, Afdeling D).

**(iii) Hantering van data**

Die tellings op negatief bewoorde items is omgedraai, en 'n totaaltelling is vir die skaal bereken. 'n Hoë telling is aanduidend van 'n positiewe persoonlike selfkonsep.

**(iv) Psigometriese eienskappe**

Rosenberg rapporteer toets-hertoets betroubaarheidsindekse van groter as 0,80 (1965:18), terwyl ander navorsers alfakoëffisiënte van 0,86 (Lay, 1992b:192), 0,76 (Robbins, 1992:79), en 0,77 (Bornman, 1995:221) rapporteer. Die gesigsgeldigheid van die skaal is bevredigend, aangesien dit items bevat wat openlik en direk met persoonlike selfkonsep verband hou. Rosenberg (1965:22-23) rapporteer ook dat lae tellings op die skaal verband hou met neigings tot depressiwiteit, neuroses en psigosomatiese siektes. Hierdie eienskappe kan met 'n negatiewe selfkonsep geassosieer word, en bied dus ondersteuning vir die geldigheid van die skaal. Hoë tellings het verband gehou met positiewe beoordelings deur portuugroeplede (Rosenberg, 1965:25). Indien daar aanvaar word dat individue se selfkonsep beïnvloed word deur die opinies wat ander van hulle huldig, kan hierdie bevinding eweneens as 'n aanduiding van geldigheid beskou word.

### 6.3.3.2 Kollektiewe selfkonsep

#### 6.3.3.2.1 Agtergrond

Teorieë rondom die selfkonsep het tradisioneel 'n individualistiese fokus wat die persoonlike aspekte van die selfkonsep beklemtoon. Die individualistiese fokus van die teorieë oor selfkonsep is ook duidelik in die meting van selfkonsep. Die meeste skale behels in essensie 'n meting van persoonlike selfkonsep op intra- en interpersoonlike gebied. Die skale behels as 'n reël selfrapporterings met die doel om 'n globale selfkonsep, of selfkonsep ten opsigte van 'n spesifieke bekwaamheid of lewensfeer te meet. Navorsing in die veld van sosiale identiteit het wel gefokus op faktore wat individue se evaluering van hul groep tydelik (eksperimenteel) beïnvloed, maar navorsers soos Luhtanen en Crocker (1992:303) beweer dat daar ook relatief stabiele individuele verskille in kollektiewe selfkonsep is. Kollektiewe selfkonsep kan ondersoek word as 'n algemene evaluering van die sosiale groepe waaraan 'n individu behoort, of met verwysing na 'n spesifieke sosiale groep.

#### 6.3.3.2.2 Kollektiewe Selfkonsepskaal van Luhtanen en Crocker

##### (i) Rasionaal

Luhtanen en Crocker (1992) het 'n kollektiewe selfkonsepskaal ontwikkel met die doel om 'n globale, relatief stabiele vlak van kollektiewe selfkonsep te meet. Hulle sonder egter vier onderskeibare aspekte van kollektiewe selfkonsep uit wat ook die subskale van hul skaal vorm. Die private subskaal verwys na 'n persoonlike evaluering van die eie groep terwyl die lidmaatskap-subskaal verwys na individue se oordeel oor hoe 'n goeie lid van die groep hulle is. Die identiteitskaal meet hoe belangrik groeplidmaatskap vir die individu is, terwyl die openbare skaal die individu se persepsie van hoe ander die eie groep evalueer, behels. Faktorontleding het hierdie vier faktore bevestig (Crocker & Luhtanen, 1990:63; Luhtanen & Crocker, 1992:305). Die skaal fokus op toegeskrewe, eerder as verworwe eienskappe, aangesien hierdie eienskappe op alle individue van toepassing is. Hierdie skaal is reeds met vrug deur verskeie navorsers gebruik (o.a. Ethier & Deaux, 1990; Lay, 1992a; Robbins, 1992).

Die oorspronklike skaal is ook in gewysigde vorm deur 'n aantal navorsers gebruik. Ethier en Deaux (1990:432), asook Lay (1992a:379; 1992b:192), het die skaal gebruik met verwysing na 'n spesifieke identiteit, eerder as die meer algemene "sosiale groep" waarna die skaal verwys. Hulle vind hierdie meer spesifieke benadering tot kollektiewe selfkonsep sinvol, veral wanneer 'n bepaalde groepidentiteit onder die soeklig is, soos wat in hierdie studie die geval is. Alhoewel die oorspronklike doel van die skaal was om 'n meer globale kollektiewe selfkonsep te meet, was die betroubaarheidskoëffisiënte in hierdie studies steeds aanvaarbaar. Volgens Ethier en Deaux (1990:429) het Luhtanen en Crocker ook in een van hul valideringstudies (waarna verwys word in vroeëre ongepubliseerde manuskripte) soortgelyke resultate ten opsigte van spesifieke identiteite gevind. Luhtanen en Crocker (1992:305) stel trouens voor dat navorsers in bepaalde omstandighede dit nuttig mag vind om die skaal te gebruik met spesifieke verwysing na 'n bepaalde groeplidmaatskap.

Phinney *et al.* (1993:472) het "sosiale groepe" vervang met "etniese groep", slegs een van die subskale van dié skaal gebruik en steeds bevredigende betroubaarheid gevind. Branscombe en Wann (1994:647) het ook slegs een subskaal gebruik, en dit in twee dele, voor en na eksperimentele ingryping toegepas. Ruttenberg *et al.* (1996:212) het op hul beurt die oorspronklike sewepunt Likertskaal vervang met 'n vyfpunt Likertskaal. Dit is dus duidelik dat dié skaal veelsydig en bewese is. Dit sal ook in hierdie studie gebruik word om kollektiewe selfkonsep ten opsigte van die Afrikaner as sosiale groep te meet.

**(ii) Fisiese voorkoms**

Die skaal bestaan uit vier subskale van vier items elk, dus sestien items in totaal. Die outeurs het van 'n sewepunt Likertskaal gebruik gemaak waarvan die responsmoontlikhede wissel van "Verskil sterk" tot "Stem sterk saam". In hierdie studie is 'n sespuntskaal gebruik met ooreenstemmende ankerpunte gebruik.

**(iii) Hantering van data**

Itemtellings is omgedraai sodat hoë tellings dui op 'n positiewe kollektiewe selfkonsep. Totaaltellings is bereken vir die onderskeie subskale, asook die volledige skaal.

**(iv) Psigometriese eienskappe**

Betroubaarheidsgegewens toon dat die subskale en die totale skaal 'n hoë interne konsekwentheid toon en onafhanklik van sosiale wenslikheid is. Luhtanen en Crocker (1992:306) rapporteer alfakoëffisiënte van tussen 0,83 en 0,88 vir die subskale van die skaal. In 'n opvolgstudie het die totale skaal 'n alfakoëffisiënt van 0,85 gelewer en dié van die subskale het gewissel tussen 0,73 en 0,80 (1992:307). Luhtanen en Crocker (1992:309) vind 'n toets-hertoets betroubaarheidskoëffisiënt van 0,68 vir die totale skaal oor 'n tydperk van ses weke. Die ooreenstemmende koëffisiënte vir die subskale was 0,58 (lidmaatskap-subskaal), 0,62 (private subskaal), 0,66 (openbare subskaal) en 0,68 (identiteit-subskaal) onderskeidelik.

Dié bevredigende betroubaarheidsgegewens is ook deur ander navorsers gevind. 'n Alfakoëffisiënt van 0,72 is deur Robbins (1992:79) vir die totale skaal gerapporteer, terwyl Lay (1992a:380; 1992b:193) alfakoëffisiënte vir die subskale rapporteer wat wissel tussen 0,62 en 0,82. Ethier en Deaux (1990:435) het 'n alfakoëffisiënt van 0,77 gevind vir die totale skaal, en koëffisiënte van 0,86, 0,66 en 0,92 vir die drie subskale wat hulle gebruik het.

Teoreties behoort die lidmaatskap- en private subskale van die skaal positiewe korrelasies met persoonlike selfkonsep te toon. Crocker en Luhtanen (1990:63) rapporteer 'n korrelasie van 0,34 tussen Rosenberg se persoonlike selfkonsepskaal en die private subskaal, terwyl Luhtanen en Crocker (1992:309) korrelasies van 0,42 en 0,33 tussen Rosenberg se skaal en die lidmaatskap- en private subskale onderskeidelik rapporteer. Hulle beskou dit as ondersteuning vir die geldigheid van hierdie twee subskale. Die identiteit- en openbare subskale het op hul beurt laer korrelasies van 0,12 en 0,27 onderskeidelik met Rosenberg se skaal getoon, wat eweneens teoreties in die verwagte rigting en ordegrootte is. Die dui daarop dat die skaal 'n konstruk meet wat onderskeibaar van dié persoonlike selfkonsep is. Robbins (1992:82) het bevind dat die kollektiewe selfkonsep konstrukgeldigheid besit as 'n onderskeibare komponent van die selfkonsep. Dit blyk dus dat die skaal bevredigende psigometriese eienskappe vertoon.

### 6.3.4 Politieke konserwatisme

#### (i) Rasionaal

Daar is op grond van die literatuur verwag dat individue se politieke oriëntasie verband mag hou met hul ervaring van bedreiging in 'n post-Apartheid politieke bedeling. Daar is dus 'n meting van politieke konserwatisme in die studie ingesluit, wat 'n subjektiewe beoordeling van die individu se posisie in die politieke spektrum behels. Individue moes hulself posisioneer op 'n skaal tussen polities "links" en "regs". Hierdie metode is ook deur Mattes (1994:14) gebruik. Geen spesifieke politieke partye is aan die kontinuum

gekoppel nie, aangesien dit die navorser se subjektiewe persepsie van die partye se posisie op die kontinuum sou afdwing.

**(ii) Fisiese voorkoms**

Respondente is gevra om hul politieke oriëntasie op 'n geskakeerde kontinuum , soos hierbo beskryf, aan te dui. Die ankerpunte "links" en "regs" is in hierdie geval gebruik (kyk Bylae B, vraag 8).

In die loodsstudie het dié skaal geblyk verwarrend te wees, aangesien polities "regs" aan die linkerkant van die bladsy geleë was en omgekeerd. Sommige respondente wat 'n ekstreem linkse politieke affiliasie by hierdie vraag aangedui het, het verder in die vraelys duidelik ekstreem regse sentimente openbaar. Die skaal is dus vir die doeleindes van die hoofstudie omgedraai sodat "links" en "regs" aan die ooreenstemmende kante van die bladsy geleë was.

**(iii) Hantering van data**

Skaalpunte wat wissel van 1 ("Links") tot 11 ("Regs") is aan elke geskakeerde blokkie toegeken. Die skaalpunt ooreenstemmend aan die blokkie wat respondente aangedui het, is as hul telling op die kontinue veranderlike "politieke konserwatisme" beskou. 'n Hoë telling dui dus op groter politieke konserwatisme.

## 6.3.5 Waargenome verandering in status en mag

**(i) Rasionaal**

Die volgende twee skale behels die respondent se subjektiewe beoordeling van die status en mag van die Afrikaner as groep in die samelewing ten tye van die studie, relatief tot hul status en mag vóór die algemene verkiesing in 1994. Die rasionaal vir die insluiting van hierdie veranderlikes berus hoofsaaklik op die SIT, wat beweer dat

die status- en magsverhoudings in die samelewing daaraan 'n onderskeibare struktuur verleen en 'n belangrike invloed het op die sosiale identiteit van individue daarbinne. Enige verandering in hierdie verhoudings sou dus ook implikasies hê vir die individue daarbinne. Om hierdie rede is individue se persepsie van die *verandering* in status en mag, en nie die persepsie van die status en magsverhoudings *per se* nie, gemeet.

**(ii) Fisiese voorkoms**

Respondente moes reageer op die vraag, "Indien u terugdink aan die STATUS van Afrikaners in die samelewing voor die verkiesing, waar sou u hul HUIDIGE STATUS op die volgende skaal plaas ?". In die daaropvolgende vraag is "STATUS" vervang met "MAG". Respondente moes hul response aandui op twee geskakeerde kontinua met die pole "Baie laer" en "Baie hoër" as ankerpunte (kyk bylae B, vraag 9 en 10).

**(iii) Hantering van data**

Skaalpunte vanaf 1 tot 11 is van links na regs aan elke geskakeerde blokkie toegeken. Die skaalpunte ooreenstemmend aan die blokkie wat respondente aangedui het, is as hul tellings op dié veranderlikes beskou. 'n Lae telling dui daarop dat respondente die status en mag van die groep as baie laer as voor die 1994-verkiesing beoordeel.

### 6.3.6 Waargenome legitimiteit en stabiliteit van die politieke bestel

**(i) Rasionaal**

Die volgende twee skale sluit aan by bostaande meting. Individue beoordeel die status- en magsverhoudings binne die samelewing hoofsaaklik op twee dimensies, naamlik die stabiliteit en legitimiteit daarvan. Respondente is dus gevra om die post-Apartheid politieke bestel te beoordeel ten opsigte van die stabiliteit en legitimiteit daarvan onderskeidelik.

### (ii) Fisiese voorkoms

Respondente is gevra om te reageer op die vraag "Hoe LEGITIEM ervaar u die huidige politieke bestel?" In die daaropvolgende vraag is "LEGITIEM" vervang met "STABIEL". Respondente moes hul reaksie aandui op twee geskakeerde kontinua met die pole "Uiters onlegitiem / "Uiters legitiem " en "Uiters onstabiel / uiters stabiel" onderskeidelik as ankerpunte (kyk Bylae B, vraag 11 en 12).

### (iii) Hantering van data

Skaalpunte is op soortgelyke wyse as by die vorige veranderlikes toegeken. Die skaalpunte ooreenstemmend aan die blokkie wat respondente gekies het, is as hul tellings op dié veranderlikes beskou. 'n Lae telling dui daarop dat respondente die politieke bestel ten tye van die studie onderskeidelik as oorwegend onlegitiem en onstabiel beoordeel het.

## 6.3.7 Politieke versus kulturele identiteit

### (i) Rasionaal

Rodriguez en Gurin (1990:241) het bevind dat die keuse van 'n politieke of kulturele etniese identiteit verband hou met die wyse waarop individue op die status van hul groep in die samelewing reageer. Dit het dus potensiële implikasies vir die ervaring van bedreiging en die keuse van hanteringstrategieë. Op grond hiervan is 'n meting in die studie ingesluit om vas te stel of respondente met die Afrikaner op politieke of kulturele vlak identifiseer.

**(ii) Fisiese voorkoms**

Die volgende vraag is aan respondente gestel: "Indien u sou moes kies, sou u sê u identifiseer sterker met die Afrikaner op POLITIEKE of KULTURELE gebied ?". Hulle moes hul keuse met 'n kruisie aandui (kyk Bylae B, vraag 13).

**(iii) Hantering van data**

Dié veranderlike is as 'n digotome veranderlike in verdere verwerkings gebruik ten einde diegene wat 'n politieke identifikasie verkies, te vergelyk met dié wat 'n kulturele identifikasie verkies. Die kodes1 en 2 is aan 'n politieke en kulturele identifikasie onderskeidelik toegeken.

## 6.3.8 Bedreiging

### 6.3.8.1 Agtergrond

Die meting van 'n waargenome bedreiging vir identiteit geskied dikwels binne 'n eksperimentele konteks. Dit behels gewoonlik 'n tydelike bedreiging wat doelbewus geskep is vir die doeleindes van eksperimentele manipulasie (byvoorbeeld Barnes *et al.*, 1988:516; Branscombe *et al.*, 1993:383; Branscombe & Wann, 1994:647; Crocker *et al.*, 1987:909). Soms verwys die meting ook na 'n spesifieke, dog tydelike fase waarin die individu verkeer en die bedreiging wat dit potensieel vir die individu inhou, byvoorbeeld die oorgang van skool na universiteit (Ethier & Deaux, 1990:430).

Die bedreiging waarna Breakwell (1986) in haar teorie verwys, het betrekking op meer langdurige toestande, byvoorbeeld minderheidsgroepstatus of 'n verandering in die sosiale struktuur wat aanpassings in identiteit verg. Die oorgang na 'n nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika en die aanpassings wat daarmee gepaard gaan, kan waarskynlik as 'n tydelike toestand gesien word, maar die implikasies daarvan is permanent. Om hierdie rede is die meting van bedreiging in die onderhawige studie hoofsaaklik geskoei

op Breakwell se model. Tog kan enige meting van bedreiging hoogstens individue se ervaring ten tye van die meting weergee.

### 6.3.8.2 Bedreigingskaal

**(i) Rasionaal**

Volgens Breakwell (1986) se model van identiteit, bedreiging en hantering sal 'n sosiale posisie bedreiging inhou indien dit enige van die beginsels van identiteit, naamlik kontinuïteit, onderskeibaarheid of eiewaarde in gevaar stel. 'n Skaal is gevolglik ontwikkel vir die doeleindes van dié studie om vas te stel op watter van hierdie dimensies, indien enige, respondente 'n bedreiging vir hul identiteit as Afrikaners ervaar. Op grond van Bornman (1995:329) se bevindinge is 'n addisionele dimensie van bedreiging, wat fokus op praktiese aspekte soos diskriminasie, regstellende aksie, finansies en sekuriteit in die skaal ingesluit.

**(ii) Fisiese voorkoms**

Die skaal bestaan uit 20 items wat ontwikkel is om bostaande teoretiese dimensies te reflekteer. 'n Bedreiging vir kontinuïteit is gemeet by wyse van items 1,3,5,8,14 en 16. Items 4,7,9 en 11 is ontwikkel met doe doel om 'n bedreiging vir eiewaarde te meet, terwyl items 2,6,10 en 12 'n bedreiging vir onderskeibaarheid verteenwoordig. Die teroetiese subskaal wat bedreiging op 'n praktiese vlak meet, het bestaam uit items 13,15,17,18,19 en 20. Die skaal is in die loodsstudie ingesluit en beoordeling van die items het op 'n sespunt Likertskaal geskied, met responsmoontlikhede wat wissel van "Verskil sterk" (1) tot "Stem sterk saam" (6). In die loodsstudie is daar aan die einde van die skaal ruimte gelaat vir respondente om enige *ervaring* van Afrikanerwees in die nuwe politieke bedeling by te voeg wat hulle voel nie in die betrokke afdeling voldoende aangespreek is nie (kyk Bylae A, Afdeling C). Min respondente het egter van dié geleentheid gebruik gemaak. Enkele opmerkings is veral van pensionarisse ontvang, moontlik omdat hulle meer tyd gehad het om die vraelys

deeglik te bestudeer. Die opmerkings was oorwegend negatief van aard en het kommentaar gelewer op die ekonomiese en veiligheidsituasie in die land, en die ervaring daarvan deur die individu. Geen opmerking het addisionele items vir die skaal regverdig nie, aangesien dit reeds in die bestaande items verteenwoordig was. Die skaal is dus onveranderd vir die hoofstudie behou (kyk Bylae B, Afdeling F).

**(iii) Hantering van data**

Itemtellings is omgedraai sodat 'n hoë telling dui op 'n hoë mate van bedreiging. Die totaaltelling vir die skaal is vervolgens bereken. Nadat faktorontleding in die hoofstudie uitgevoer is, is die beoogde subskale aangepas in ooreenstemming met die verkreë faktorstruktuur (kyk paragraaf 7.2.4.1). Tellings is vir elk van dié faktore bereken en in verdere ontledings gebruik.

**(iv) Psigometriese eienskappe**

Die alfakoëffisiënt van die totale skaal in die loodsstudie was 0,72, wat op 'n bevredigende interne konsekwentheid dui. Die alfakoëffisiënte van die teoretiese subskale was nie deurgaans bevredigend nie en het gewissel van 0,41 tot 0,75. Daar is egter op grond van die bevredigende konsekwentheid van die totale skaal besluit om die skaal onveranderd in die hoofstudie te gebruik en dan 'n betroubaarheidsontleding op grond van die data van 'n meer verteenwoordigende steekproef uit te voer. Die resultate van hierdie ontleding word in paragraaf 7.2.4.2 gerapporteer.

## 6.3.9 Hanteringstrategieë

### 6.3.9.1 Agtergrond

Die meting van die keuse van hanteringstrategieë kan vanuit 'n aantal teoretiese perspektiewe geskied. 'n Skaal wat hanteringstrategieë meet, sou byvoorbeeld ontwikkel kon word in ooreenstemming met Breakwell se model van hantering. In dié

teorie word daar egter baie fyn onderskeide gemaak, en word ook verwys na strategieë wat op 'n intrapsigiese, dikwels onderbewuste vlak funksioneer. Hierdie tipe strategieë is dikwels nie geskik vir meting by wyse van 'n selfrapporteringstegniek nie. Daar sou dus hoogstens op 'n aantal van Breakwell se strategieë gefokus kon word. Die tipologie van die SIT in terme van die oortuigingstrukture waarbinne individue reageer op die ervaring van 'n negatiewe sosiale identiteit, sou gebruik kon word met verwysing na strategieë soos sosiale kompetisie, sosiale kreatiwiteit en mobiliteit. Binne hierdie konteks sou die twee basiese benaderings tot die instandhouding van selfkonsep, naamlik selfbevorderings- en -konsekwentheidstrategieë, ook gebruik kon word.

### 6.3.9.2 Hanteringskaal

**(i) Rasionaal**

Aangesien daar nie 'n bestaande skaal vir die meting van hanteringstrategieë vir 'n bedreigde identiteit is nie, is een ontwikkel vir die doeleindes van hierdie studie. Dit kombineer die benaderings van Breakwell en die SIT in 'n sintese van strategieë, naamlik vermyding, mobiliteit, kognitiewe rekonstruksie, konfrontasie en aanvaarding (kyk afdeling 5.4.3). 'n Sesde strategie, wat verwys na 'n ambassadeursrol, of bemindmaking van die eie groep, as reaksie op bedreiging, is ook eksperimenteel ingesluit.

**(ii) Fisiese voorkoms**

Die skaal bestaan uit 31 items wat ontwikkel is om bostaande teoretiese dimensies te reflekteer. Bemindmaking is gemeet by wyse van items 3,6,15,26 en 31. Vermyding as strategie is verteenwoordig deur items 1,8,13,19,24 en 27, terwyl kognitiewe rekonstruksie gereflekteer is in items 4,10,16,21,25,28,29,en 30. Items 7,12,18 en 23 is ontwikkel om aanvaarding te meet, terwyl konfrontasie deur items 5,11,17 en 22 gemeet is. Laastens is mobiliteit as strategie verteenwoordig deur items 2,9,14 en

20. Die skaal is in die loodsstudie ingesluit en beoordeling van die items het op 'n sespunt Likertskaal geskied, met responsmoontlikhede wat wissel van "Verskil sterk" (1) tot "Stem sterk saam" (6). Aan die einde van die skaal in die loodsstudie is daar ruimte gelaat vir respondente om enige *reaksie* op die nuwe politieke bedeling by te voeg wat hulle voel nie in die betrokke afdeling voldoende aangespreek is nie (kyk Bylae A, Afdeling D). Soos in die geval van die bedreigingskaal, het min respondente van dié geleentheid gebruik gemaak. Geen opmerking het addisionele items vir die skaal regverdig nie, aangesien dit reeds in die bestaande items verteenwoordig was.

**(iii) Hantering van data**

Itemtellings is omgedraai sodat 'n hoë telling 'n hoë mate van die gebruik van die betrokke meganisme verteenwoordig. Die totaaltelling op die skaal is nie werklik sinvol nie, behalwe om aan te dui tot watter mate respondente van hanteringstrategieë as geheel gebruik maak. Die strategieë is egter van so 'n uiteenlopende aard dat klem op sekere strategieë noodwendig ander strategieë uitsluit. Totaaltellings sal dus neig om rondom die mediaan te groepeer. Nadat faktorontleding in die hoofstudie uitgevoer is, is die beoogde subskale aangepas in ooreenstemming met die verkreë faktorstruktuur (kyk paragraaf 7.2.5.1). Tellings is vir elk van dié faktore bereken en in verdere ontledings gebruik.

**(iv) Psigometriese eienskappe**

In die loodsstudie het die totale skaal 'n alfakoëffisiënt van 0,65 getoon. Met die uitsondering van een subskaal wat onbevredigend presteer het, het die alfakoëffisiënte van die subskale gewissel van 0,61 tot 0,77. Daar is gevolglik besluit om die skaal onveranderd te behou vir die hoofstudie en weer 'n betroubaarheidsontleding op grond van die data van 'n meer verteenwoordigende steekproef uit te voer. Die resultate van hierdie ontledings word in paragraaf 7.2.5.2 gerapporteer.

### 6.3.10 Houding teenoor politieke veranderinge

#### (i) Rasionaal

Breakwell (1986:41) beweer dat die mate waartoe en tempo waarteen identiteit aangepas word in reaksie op verandering, onder andere, 'n funksie is van hoe negatief dié veranderinge beleef word. Dit skyn dus redelik te wees om te aanvaar dat individue se houdings teenoor die politieke veranderinge in die land 'n invloed sal hê op hul ervaring van bedreiging en hul keuse van hanteringstrategieë in 'n nuwe politieke bedeling. Daar is besluit om Malan *et al.* (1994:8) se semantiese differensiaal ten opsigte van individue se houding teenoor politieke verandering in dié studie te gebruik, aangesien dit maklik verstaanbaar is, reeds met sukses in 'n Suid-Afrikaanse steekproef gebruik is, en bevredigende psigometriese eienskappe getoon het.

#### (ii) Fisiese voorkoms

Die skaal bestaan uit 15 bipolêre items, wat byvoeglike naamwoorde verteenwoordig by wyse waarvan die politieke verandering beskryf sou kon word. Respondente moes hul houding aandui deur die politieke verandering ten opsigte van elke item op 'n sewepunt semantiese differensiaal te beoordeel (kyk Bylae B, Afdeling H).

#### (iii) Hantering van data

Die totaaltelling op die skaal is bereken nadat itemtellings omgedraai is sodat 'n hoë telling dui op 'n positiewe houding teenoor die politieke veranderinge.

#### (iv) Psigometriese eienskappe

Malan *et al.* (1994:4) rapporteer 'n alfakoëffisiënt van 0,762 vir die skaal. Negatiewe houdings teenoor politieke verandering het beduidend gekorreleer met subtiele rassisme, wat as 'n voorlopige aanduiding van geldigheid beskou kan word.

### 6.3.11 Interne versus eksterne identiteitsoriëntasie

'n Meting van 'n interne teenoor 'n meer eksterne identiteitsoriëntasie (Cheek & Briggs, 1982:404) is in die loodsstudie ingesluit (kyk bylae A, afdeling E). By wyse van inspeksie is egter opgemerk dat die betrokke skaal min diskrimineer en dat die twee faktore soos deur die outeurs geïdentifiseer, waarskynlik nie na vore sou kom nie. Die meeste respondente het ál die eienskappe as baie belangrik vir hul sin van self beskou. Faktorontleding het hierdie aanvanklike indruk bevestig. Die skaal is gevolglik nie in die hoofstudie ingesluit nie.

## 6.4 DATAONTLEDING

Die data is in 'n datastel vasgelê ten einde statistiese verwerkings uit te voer met behulp van die Statistica rekenaarpakket (Statsoft, 1995).

### 6.4.1 Beskrywende statistiek

Beskrywende statistiek en frekwensieontledings is met behulp van die Statistica rekenaarpakket (Statsoft, 1995) ten opsigte van al die veranderlikes verkry.

### 6.4.2 Inferensiële statistiek

#### 6.4.2.1 Faktorontledings

Faktorontledings is op al die skale in die saamgestelde meetinstrument wat hulle daartoe leen, uitgevoer. In die geval van die skale wat vir die doeleindes van die studie ontwikkel is, naamlik die bedreiging- en hanteringskale, was die doel van die faktorontledings om te bepaal of die verkreë faktorstruktuur die beoogde onderliggende teoretiese dimensies verteenwoordig. Wat bestaande skale betref, was die doel om te bepaal of die faktorstruktuur in die onderhawige steekproef ooreenstem met die

oorspronlike faktorstruktuur. Hoofkomponentontledings met 'n Varimax-rotasie is uitgevoer. 'n Hiërargiese (Oblique) rotasie is ook uitgevoer, aangesien die meeste faktore nie as totaal onafhanklik van mekaar gesien kan word nie. Die faktoriële struktuur van die skale uitgewys deur dié twee metodes het egter grootliks ooreengestem, en geen interpreteerbare sekondêre faktore kon met behulp van laasgenoemde metode onderskei word nie. Daar is gevolglik besluit om te volstaan by die Varimax-rotasie.

#### 6.4.2.2 Verskille tussen subgroepe

Die beduidendheid van verskille tussen die gemiddeldes van subgroepe wat deur kategoriese veranderlikes geskep is, is bepaal deur middel van t-toetse. Volgens Cohen (1988:40) impliseer 'n statisties betekenisvolle resultaat egter nie noodwendig dat die resultaat ook prakties betekenisvol is nie. Hy het gevolglik kriteria vir die effekgrootte van beduidende verskille daar gestel. In die geval van die t-toets word die d-waarde gebruik wat soos volg bereken word:

$$d = \frac{/\overline{X}_1 - \overline{X}_2/}{S_{maks}}$$

$S_{maks}$ verwys na die grootste van die standaardafwykings van die betrokke groepe. Volgens Cohen kan die volgende kriteria vir die evaluering van die effekgrootte by die t-toets vir onafhanklike groepe gebruik word:

| | |
|---|---|
| Klein effek: | d = 0,2 tot 0,49 |
| Medium effek: | d = 0,5 tot 0,79 |
| Groot effek: | d ≥ 0,8 |

T-toetse waarvan die resultate beduidend was, is aan hierdie addisionele kriterium onderwerp.

### 6.4.2.3 Interkorrelasies

Interkorrelasies is bereken tussen al die veranderlikes by wyse van Pearson se produkmoment korrelasiekoëffisiënt (r), wat 'n aanduiding gee van die lineêre korrelasie tussen twee veranderlikes. Ook in hierdie geval dui 'n statisties beduidende korrelasie nie noodwendig op 'n groot effekgrootte nie. Cohen (1988:83) evalueer die effekgrootte van 'n korrelasiekoëffisiënt (r) soos volg:

| | |
|---|---|
| Klein effek: | r = 0,10 - 0,29 |
| Medium effek: | r = 0,30 - 0,49 |
| Groot effek: | r = ≥ 0,50 |

Hierdie maatstaf sal gebruik word in die beoordeling van die verkreë korrelasiekoëffisiënte.

### 6.4.2.4 Meervoudige regressieontledings

Stapsgewyse meervoudige regressieontleding is 'n statistiese metode wat gebruik word om die beste kombinasie van voorspellers vir 'n kontinue veranderlike te selekteer. 'n Voorspellingsmodel word stapsgewyse opgebou deur elke voorspeller individueel te evalueer en dan by die model by te voeg of weg te laat. Voorwaartse stapsgewyse regressieontleding begin deur die veranderlike wat die grootste bydrae tot die voorspelling van die afhanklike veranderlike lewer, in die model in te sluit. Vervolgens word die veranderlike wat die grootste bydrae tot die voorspelling van die residuele onverklaarde variansie in die afhanklike veranderlike lewer, bygevoeg. Hierdie prosedure duur voort totdat verdere veranderlikes nie meer 'n bydrae lewer om die waarde van $R^2$ te verhoog nie. Die sterkte van die lineêre verwantskap tussen 'n afhanklike veranderlike en 'n stel onafhanklike veranderlikes word aangedui deur die meervoudige korrelasiekoëffisiënt R, terwyl die bepaaldheidskoëffisiënt $R^2$ die proporsionele deel van die variansie in die afhanklike veranderlike aandui wat deur die betrokke lineêre regressiemodel verklaar word (Ferguson, 1981:467).

Voorwaartse stapsgewyse meervoudige regressieontledings is in die onderhawige studie gebruik ten einde beduidende voorspellers van geselekteerde veranderlikes in die studie te identifiseer. Onafhanklike veranderlikes met 'n oorskrydingswaarskynlikheid van kleiner as 0,05 is in die modelle ingesluit, waarna verdere ontledings gestaak is. Cohen (1988:414) stel voor dat 'n $R^2$-waarde van 0,26 of groter as 'n aanduiding van praktiese betekenisvolheid beskou kan word.

Indien die afhanklike veranderlike 'n kategoriese veranderlike is, word 'n spesifieke vorm van meervoudige regressie, naamlik diskriminantontleding gebruik. 'n Skynveranderlike word geskep deur die twee kategorieë van die afhanklike veranderlike onderskeidelik as 0 en 1 te kodeer. Die korrelasies tussen die digotome kriteriumveranderlike en die onafhanklike veranderlikes word verkry deur die berekening van die punt-biserale korrelasie, waarna meervoudige regressie soos gewoonlik uitgevoer word (Ferguson, 1981:473). Hierdie prosedure is in die geval van kategoriese afhanklike veranderlikes gebruik.

### 6.4.2.5 Roeteontledings

Die doel van roeteontleding is om aanneembare verduidelikings vir verkreë korrelasies te verskaf deur modelle te konstrueer wat oorsaak-en-gevolg verhoudings tussen veranderlikes uitspel. Alhoewel dit algemeen aanvaar word dat 'n korrelasiekoëffisiënt nie oorsaaklikheid impliseer nie, is dit deur middel van teoretiese aannames en statistiese gevolgtrekkings wel moontlik om 'n kousale verband te konstrueer. In die roeteontleding is die onderskeie hanteringstrategieë as afhanklike veranderlikes gebruik. Die onderskeid tussen 'n politieke en kulturele identiteit, politieke konserwatisme, identifikasie met die begrip "Afrikaner", waargenome verandering van die status en mag van die Afrikaner, waargenome stabiliteit en legitimiteit van die politieke bestel, sterkte van etniese identifikasie, persoonlike selfkonsep, kollektiewe selfkonsep, ervaring van bedreiging en houding teenoor politieke verandering is as onafhanklike veranderlikes ingevoer.

Die doel van roeteontleding is om 'n spaarsamige model daar te stel wat steeds die waargenome verband tussen veranderlikes goed beskryf (Johnson & Wichern, 1988:326). Die SEPATH-funksie van die Statistica rekenaarpakket is gebruik om die roeteontledings uit te voer (Statsoft, 1995). Hierdie pakket bereken roetekoëffisiënte wat gegrond is op die kovariansiematriks óf die interkorrelasiematriks van die veranderlikes. Die SEPATH-funksie leen hom egter meer daartoe om berekeninge op grond van die kovariansiematriks te doen, aangesien die aantal parameters in die model soms die berekeninge op grond van die interkorrelasiematriks kan bemoeilik. Daar word ook gewaarsku teen die ontleding van kovaransiematrikse asof dit interkorrelasiematrikse sou wees (Statsoft, 1995). Die passingsindekse wat in die onderhawige studie gebruik is, is voorts ontwikkel vir die ontleding van kovariansiematrikse. Wanneer veranderlikes almal op dieselfde skaal beoordeel word, is dit byvoorbeeld raadsaam om van die interkorrelasiematrikse gebruik te maak, maar waar dit nie die geval is nie, soos in die onderhawige studie, is dit beter om die kovariansiematrikse te gebruik.

In die beoordeling van die onderskeie roetediagramme is gelet op die beduidendheid van die t-waardes van die roetekoëffisiënte en die waardes van die passingsindekse. Verskeie passingsindekse wat die passing van die gekose model en die empiriese data aandui, is beskikbaar. In studies soos hierdie, met 'n redelike groot steekproef, is dit byvoorbeeld nie raadsaam om die Chi-kwadraattoets te gebruik nie, aangesien dit baie vatbaar vir steekproefgrootte is. Hoe groter die steekproef en hoe meer kompleks die model is, hoe kleiner is die kanse van 'n goeie passing.

Die "Bentler-Bonett Non-Normed Fit Index" (NNFI) en die Bentler "Comparative Fit Index" (CFI) is onafhanklik van steekproefgrootte (Bentler & Bonett, 1980:600). Hierdie indekse word ook deur Luhtanen en Crocker (1992:307) aanbeveel vir gebruik in die geval van groot steekproewe. Daar is ook 'n aantal indekse wat 'n sogenaamde nie-sentraliteitsbenadering volg. In plaas daarvan om die hipotese te toets dat die gekose model die data perfek pas, word die volgende vrae gevra: "Hoe swak pas die model die data?", en "Hoe akkuraat word die 'swakheid' van die passing voorspel?". Beide vrae word deur hierdie indekse beantwoord, deurdat dit 'n indekswaarde, asook

'n 90% vertrouensinterval aandui. Voorbeelde van hierdie indekse is die "Population Gamma Index" wat 'n skatting van die passing van die model op die populasiedata verteenwoordig, en die "Adjusted Population Gamma Index" wat eersgenoemde indeks aanpas met die oog op die spaarsamigheid van die model (Statsoft, 1995).

Al vier bostaande indekse sal ten opsigte van elke model in die onderhawige studie gerapporteer word. Daar is egter geen absolute standaard ten opsigte van die waarde van 'n passingsindeks wat 'n "goeie" passing sou verteenwoordig nie. Branscombe en Wann (1994:652) beskryf hul passingsindeks van 0,84 as aanduidend van 'n genoegsame passing tussen hul data en die gekose model, terwyl Luhtanen en Crocker (1992:308) waardes van 0,82 en hoër as bevredigend beskou. Bentler en Bonett (1980:604), asook Fotheringham en Knudsen (1987:46), beveel aan dat navorsers die teoretiese en praktiese betekenisvolheid van roetemodelle in ag moet neem by die interpretasie van passingsindekse.

## 6.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die navorsingsontwerp van die studie uiteengesit. Die navorsingsontwerp kan as 'n vraelysopname getipeer word in terme van metodologie, en 'n verkennende veldstudie in terme van doelstellings. Die steekproef is so verteenwoordigend moontlik van die wit Afrikaanssprekende inwoners van die steekproefgebied saamgestel. Die tegnieke van data-ontleding is gekies om aan die doelstellings van die studie te beantwoord. Die resultate van hierdie ontledings word in die volgende hoofstuk bespreek.

# HOOFSTUK 7
# RESULTATE

## 7.1 INLEIDENDE OPMERKINGS

In hierdie hoofstuk word die resultate van die empiriese studie gerapporteer. Daar sal verwys word na die psigometriese eienskappe van die onderskeie skale, beskrywende statistiek ten opsigte van die veranderlikes, verskille tussen subgroepe en die interkorrelasies tussen veranderlikes. Vervolgens sal die resultate van die meervoudige regressie- en roete-ontledings gerapporteer word. Die statistiese verwerkings in die studie is met behulp van die Statistica rekenaarpakket uitgevoer (Statsoft, 1995).

## 7.2 PSIGOMETRIESE EIENSKAPPE VAN DIE SKALE

Tabel 7.1 verskaf 'n oorsig van die psigometriese eienskappe en beskrywende statistiek ten opsigte van die skale wat in die hoofstudie gebruik is. Daarna sal die skale afsonderlik bespreek word met verwysing na die faktoriële struktuur en interne konsekwentheid van elk.

**TABEL 7.1** **Oorsig van psigometriese eienskappe van skale - hoofstudie**

| Skaal | Aantal items | Skaal gemiddeld | Standaard afwyking | Gem. ITK* | Alfa koëff. |
|---|---|---|---|---|---|
| Etniese identifikasie | 10 | 50,85 | 8,39 | 0,560 | 0,855 |
| Persoonlike selfkonsep | 10 | 52,01 | 7,02 | 0,537 | 0,841 |
| Kollektiewe selfkonsep | 16 | 69,29 | 15,55 | 0,527 | 0,885 |
| Subskale: | | | | | |
| Lidmaatskap-subskaal | 4 | 18,67 | 4,21 | 0,530 | 0,733 |
| Private subskaal | 4 | 20,21 | 5,49 | 0,428 | 0,710 |
| Openbare subskaal | 4 | 14,95 | 5,02 | 0,604 | 0,794 |
| Identiteit-subskaal | 4 | 15,51 | 4,99 | 0,529 | 0,737 |
| Bedreiging: Totaal | 20 | 75,77 | 13,19 | 0,363 | 0,768 |
| Subskale: | | | | | |
| Kontinuïteit | 6 | 20,62 | 4,778 | 0,225 | 0,451 |
| Eiewaarde | 4 | 12,92 | 4,950 | 0,513 | 0,720 |
| Onderskeibaarheid | 4 | 13,15 | 3,628 | 0,173 | 0,265 |
| Prakties | 6 | 28,87 | 4,924 | 0,381 | 0,650 |
| Hantering: Totaal | 31 | 106,85 | 12,63 | 0,125 | 0,467 |
| Subskale: | | | | | |
| # Bemindmaking | 4 | 18,252 | 6,052 | 0,417 | 0,721 |
| # Vermyding | 4 | 11,180 | 4,806 | 0,396 | 0,623 |
| Aanvaarding | 4 | 12,037 | 4,695 | 0,482 | 0,694 |
| Konfrontasie | 4 | 18,222 | 4,402 | 0,576 | 0,779 |
| # Mobiliteit | 4 | 7,309 | 3,968 | 0,588 | 0,736 |
| Rekonstruksie | 8 | 26,898 | 4,807 | 0,077 | 0,095 |
| Houding teenoor politieke verandering | 15 | 43,490 | 19,489 | 0,773 | 0,962 |

**Gemiddelde Item-totaal-korrelasie.*

*# Enkele Items is uitgelaat op grond van hul prestasie in itemontleding*

Vir die doeleindes van bostaande berekeninge is items 1 en 19 uitgelaat uit die vermydingsubskaal en item 20 uit die mobiliteitsubskaal. Dit is hoofsaaklik gedoen weens die onbevredigende prestasie van die items in die itemontledings. Indien hierdie items ingesluit sou word, daal die gemiddelde item-totaal-korrelasie van die

vermydingsubskaal tot 0,268 en die alfakoëffisiënt tot 0,467 terwyl die mobiliteitskaal 'n gemiddelde item-totaal-korrelasie van 0,460 en 'n alfakoëffisiënt van 0,642 sou lewer indien item 20 ingesluit word. 'n Ander skaal wat deur die weglating van 'n enkele item 'n meer aanvaarbare interne konsekwentheid getoon het, is bemindmaking, waar item 6 weggelaat is. Indien hierdie item ingesluit sou word, lewer die skaal 'n gemiddelde item-totaal-korrelasie van 0,337 en 'n alfakoëffisiënt van 0,440.

Uit tabel 7.1 blyk dit dat die skale oor die algemeen bevredigend presteer het. Ten opsigte van skale wat reeds in vorige studies gebruik is, het die alfakoëffisiënte vir die totale skale gewissel tussen 0,841 en 0,962 en gemiddelde item-totaal-korrelasies tussen 0, 527 en 0,773. Instrumente wat vir die doeleindes van die studie ontwikkel is, het oor die algemeen bevredigend presteer, maar subskale moes in sommige gevalle aangepas word ten einde interne konsekwentheid te verhoog. Indien die informele kriterium van 0,75 as aanvaarbare alfakoëffisiënt gebruik word, blyk dit dat ses van die skale of subskale hieraan voldoen. 'n Verdere ses het alfakoëffisiënte van bo 0,710, wat steeds aanvaarbaar is. Benewens die totale hanteringskaal, waarvan die totaaltelling nie sinvol gebruik kan word nie, en 'n hoë interne konsekwentheid dus nie verwag of verlang is nie, is daar 'n verdere vyf skale of subskale waarvan die alfakoëffisiënte nie aanvaarbaar was nie. Die hantering hiervan sal onder die interne konsekwentheid van die betrokke skale of subskale bespreek word.

Elke skaal sal vervolgens afsonderlik bespreek word met spesifieke verwysing na interne konsekwentheid en item-totaal-korrelasies, asook faktoriële struktuur.

### 7.2.1 Etniese identifikasieskaal

Die sterkte van etniese identifikasie is gemeet by wyse van Brown *et al.* (1986:276) se identifikasieskaal. Dié skaal meet die sterkte van identifikasie met enige groep. Etniese identifikasie is gemeet deur spesifiek na die Afrikaner as groep in die vrae te verwys.

#### 7.2.1.1 Faktoriële struktuur

Tabel 7.2 toon dat twee faktore in dié skaal onttrek kon word. Die positiewe items het op een faktor gelaai en die negatiewe items op die ander.

**TABEL 7.2 Faktorladings - Etniese identifikasieskaal**

| Item | Faktorladings 1 | Faktorladings 2 |
|---|---|---|
| 1. Die Afrikaner as groep is vir my belangrik. | ***0,879*** | 0,178 |
| 2. Ek vra soms verskoning daarvoor dat ek 'n Afrikaner is. | 0,281 | ***0,641*** |
| 3. Ek ervaar sterk bande met die Afrikaner as groep. | ***0,807*** | 0,207 |
| 4. Ek voel dat my Afrikanerskap my terughou in die lewe. | -0,047 | ***0,679*** |
| 5. Ek is iemand wat die Afrikaner as groep kritiseer. | 0,270 | ***0,444*** |
| 6. Ek identifiseer met die Afrikaner as groep. | ***0,880*** | 0,174 |
| 7. Ek sal probeer wegsteek dat ek 'n Afrikaner is. | 0,392 | ***0,718*** |
| 8. Ek is bly dat ek 'n Afrikaner is. | ***0,678*** | 0,128 |
| 9. Dit hinder my om te sê dat ek 'n Afrikaner is. | 0,251 | ***0,670*** |
| 10. Ek sien myself as 'n Afrikaner. | ***0,854*** | 0,126 |

Faktor 1 het 37,6% van die variansie in die skaal verklaar, terwyl 21,7 % deur die tweede faktor verklaar is. Die interkorrelasie tussen die twee faktore was 0,48.

Hierdie faktorstruktuur stem tot 'n groot mate ooreen met dié van Driedger (1976:135), op wie se skaal dié van Brown *et al.* (1986:276) gebaseer is. Driedger het gevind dat drie faktore uit sy skaal kristalliseer, met die positiewe items wat op een faktor laai en die negatiewe items op die ander twee. Driedger het egter gevind dat die totaaltelling van die bevestigende en ontkennende stellings gebruik kan word as 'n aanduiding van die sterkte van identifikasie met 'n bepaalde groep.

#### 7.2.1.2 Interne konsekwentheid

Die etniese identifikasieskaal het 'n hoogs bevredigende alfakoëffisiënt van 0,855 gelewer. Die item-totaal-korrelasies was ook oor die algemeen bevredigend en het gewissel tussen 0,250 en 0,737 met 'n gemiddeld van 0,560. Die etniese identifikasieskaal het dus bevredigende interne konsekwentheid getoon en is as betroubaar beskou vir die doeleindes van die studie. Die skaal is as unidimensionele skaal in die oorspronklike vorm behou vir die doeleindes van verdere ontleding.

### 7.2.2 Persoonlike selfkonsepskaal

#### 7.2.2.1 Faktoriële struktuur

Alhoewel Rosenberg (1965:16) sy selfkonsepskaal as 'n eendimensionele skaal beskryf, is twee dimensies, naamlik 'n negatiewe en positiewe selfkonsep in Bornman (1995:219) se studie onderskei. In haar studie het al die negatief bewoorde items op een faktor gelaai, en die positief bewoorde items op 'n ander. Volgens Bornman (1995:221) is verskeie verklarings hiervoor moontlik. Dit kan wees dat respondente se response op negatief en positief bewoorde items kwalitatief verskil weens die impak wat die bewoording op die psige van die respondent het. 'n Ander moontlikheid is dat 'n positiewe en negatiewe selfkonsep nie as twee pole van 'n kontinuum beskou moet word nie, maar eerder as twee afsonderlike aspekte van die selfkonsep gesien moet word waarvan die een sterker as die ander kan wees. Indien die twee dimensies as twee afsonderlike komponente van die selfkonsep beskou word, bestaan die moontlikheid dat hulle ook onafhanklik kan funksioneer. Dit wil egter voorkom of dit nie in Bornman se studie die geval was nie. 'n Hoë gemiddelde telling op die negatiewe selfkonsepskaal het gepaard gegaan met laer tellings op die positiewe selfkonsepskaal. Die neiging tot 'n negatiewe of positiewe selfkonsep kon dus op beide faktore waargeneem word. Die twee faktore het ook relatief hoog gekorreleer. Bornman merk op dat die implikasie van hierdie faktorpatroon is dat gebalanseerde

skale nie altyd as eendimensionele skale beskou kan word nie, omdat die sielkundige impak van positief en negatief bewoorde items mag verskil.

Die faktorontleding van Rosenberg (1965:17) se persoonlike selfkonsepskaal in die onderhawige studie word weergegee in tabel 7.3.

**TABEL 7.3 Faktorladings - Persoonlike Selfkonsepskaal**

| Item | | Faktorladings | |
|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 |
| 1. | Ek is oor die algemeen tevrede met myself. | 0,344 | ***0,647*** |
| 2. | Ek dink soms ek beteken niks. | ***0,758*** | 0,063 |
| 3. | Ek voel dat ek 'n paar goeie eienskappe het. | 0,071 | ***0,605*** |
| 4. | Ek kan dinge net so goed soos die meeste mense doen. | 0,038 | ***0,757*** |
| 5. | Ek voel nie dat ek veel het om op trots te wees nie. | ***0,643*** | 0,350 |
| 6. | Ek voel regtig soms nutteloos. | ***0,771*** | 0,136 |
| 7. | Ek voel as persoon die moeite werd, in elk geval op dieselfde vlak as ander. | 0,315 | ***0,639*** |
| 8. | Ek wens ek kon meer respek vir myself hê. | ***0,635*** | 0,218 |
| 9. | Eintlik is ek geneig om te voel ek is 'n mislukking. | ***0,827*** | 0,172 |
| 10. | Ek het 'n positiewe houding teenoor myself.* | ***0,525*** | ***0,513*** |

****Bykans ewe sterk lading op beide faktore***

Bostaande tabel toon dat die positief en negatief geformuleerde items ook in hierdie studie op twee faktore gelaai het, met die uitsondering van item 10, wat bykans ewe sterk op beide faktore gelaai het. Die interkorrelasie tussen dié twee faktore was 0,54. Bornman (1995:220) het 'n interkorrelasie van 0,38 tussen die twee faktore gevind. Die totaaltelling op die skaal blyk egter steeds sinvol te wees as 'n aanduiding van globale persoonlike selfkonsep en sal dus in verdere ontledings as sulks gebruik word.

#### 7.2.2.2 Interne konsekwentheid

Die verkreë alfakoëffisiënt van die persoonlike selfkonsepskaal was 0,841, terwyl item-totaal-korrelasies gewissel het tussen 0,298 en 0,680 met 'n gemiddeld van 0,537. Op grond van die bevredigende prestasie van die persoonlike selfkonsepskaal is die skaal onveranderd in verdere ontledings gebruik.

### 7.2.3 Kollektiewe selfkonsepskaal

Luhtanen en Crocker (1990) se kollektiewe selfkonsepskaal is in die onderhawige studie gebruik. Die totaaltelling van die skaal gee 'n aanduiding van globale kollektiewe selfkonsep, terwyl die subskale elk 'n aspek van die kollektiewe selfkonsep meet. In hierdie studie is daar na die Afrikaner as groep in die vrae verwys in plek van die oorspronklike "sosiale groepe" aangesien die doel van die skaal was om kollektiewe selfkonsep spesifiek ten opsigte van die Afrikaner te bepaal.

#### 7.2.3.1 Faktoriële struktuur

Die faktorladings van die items in die kollektiewe selfkonsepskaal word in tabel 7.4 gerapporteer. 'n Vierfaktoroplossing het die beste resultate gelewer.

**TABEL 7.4 Faktorladings - Kollektiewe Selfkonsepskaal**

| Item | | Faktorladings | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 1. | Ek is 'n waardige lid van die groep wat "Afrikaners" genoem word. | ***0,861*** | 0,124 | 0,090 | 0,103 |
| 2. | Ek is soms spyt dat ek 'n Afrikaner is. | 0,453 | 0,201 | 0,081 | ***0,581*** |
| 3. | Ek dink Afrikaners word oor die algemeen in 'n positiewe lig gesien deur ander mense in Suid-Afrika. | 0,178 | ***0,781*** | 0,131 | -0,014 |

Tabel 7.4 (vervolg)

| Item | | Faktorladings | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 4. | Die feit dat ek 'n Afrikaner is, het min te doen met hoe ek oor myself voel. | 0,200 | 0,042 | 0,820 | 0,143 |
| 5. | Ek voel ek het nie baie om te bied vir die Afrikaners as groep nie. | 0,385 | 0,011 | 0,127 | ***0,589*** |
| 6. | Oor die algemeen is ek bly dat ek 'n Afrikaner is. | 0,192 | 0,029 | 0,172 | ***0,297*** |
| 7. | Meeste mense beskou die Afrikaners as meer oneffektief as ander groepe. | 0,130 | ***0,781*** | 0,017 | 0,168 |
| 8. | Die feit dat ek 'n Afrikaner is, sê iets belangriks omtrent wie ek is. | ***0,829*** | 0,109 | 0,104 | 0,132 |
| 9. | Ek is 'n aktiewe, deelnemende Afrikaner. | ***0,853*** | 0,142 | 0,129 | 0,191 |
| 10. | Dit voel vir my dikwels nie die moeite werd om 'n Afrikaner te wees nie. | 0,408 | 0,369 | 0,180 | ***0,595*** |
| 11. | Oor die algemeen respekteer ander mense in Suid-Afrika Afrikaners as groep. | 0,182 | ***0,663*** | 0,365 | 0,009 |
| 12. | Die feit dat ek 'n Afrikaner is, bepaal nie watter tipe mens ek is nie. | 0,150 | 0,156 | ***0,831*** | 0,000 |
| 13. | Ek voel dikwels ek is 'n nuttelose Afrikaner. | 0,077 | 0,068 | -0,001 | 0,***833*** |
| 14. | Ek voel goed omtrent die Afrikaners as groep. | ***0,798*** | 0,244 | 0,076 | 0,171 |
| 15. | Oor die algemeen dink mense dat Afrikaners minderwaardig is. | 0,197 | ***0,763*** | 0,003 | 0,192 |
| 16. | My Afrikanerskap vorm 'n belangrike deel van hoe ek oor myself voel. | ***0,731*** | 0,120 | 0,367 | 0,081 |

Bostaande tabel toon dat die faktorontleding nie die oorspronklike teoretiese faktore in alle opsigte bevestig het nie. Die openbare subskaal het wel 'n faktor gevorm wat presies ooreenstem met die teoretiese subskaal, maar die private, lidmaatskap en identiteit subskale kon nie in hul oorspronklike vorm onderskei word nie. Die twee items uit die identiteitskaal wat negatief geformuleer is, het konstant 'n faktor op hul eie gevorm. Die ander twee identiteitsitems, asook die items uit die lidmaatskap- en private subskale het twee faktore gevorm wat die items uit hierdie groep wat onderskeidelik positief en negatief geformuleer is, bevat.

### 7.2.3.2 Interne konsekwentheid

Die totale skaal het 'n hoë alfakoëffisiënt van 0,885 gelewer, en die item-totaal-korrelasies het gewissel tussen 0,272 en 0,701 met 'n gemiddeld van 0,527. Wat die teoretiese subskale van die kollektiewe selfkonsepskaal betref, verwys die private subskaal na 'n persoonlike evaluering van die eie groep. Die lidmaatskap-subskaal verwys na individue se oordeel oor hoe 'n goeie lid van die groep hulle is, terwyl die identiteit-subskaal meet hoe belangrik 'n bepaalde groeplidmaatskap in die identiteitstruktuur van die individu is. Die openbare subskaal het betrekking op die individu se persepsie van ander groepe se beoordeling van die eie groep. Dié teoretiese subskale het alfakoëffisiënte gelewer wat wissel tussen 0,710 en 0,794 en het dus ook afsonderlik bevredigende interne konsekwentheid getoon. Die gemiddelde item-totaal-korrelasies van die subskale het gewissel tussen 0,428 en 0,604.

Aangesien die interne konsekwentheid van die teoretiese subskale hoogs bevredigend was, is besluit om die teoretiese subskale van die kollektiewe selfkonsepskaal in hul oorspronklike vorm te gebruik, ongeag die feit dat dit nie onveranderd deur faktorontleding bevestig is nie. Die totaaltelling van respondente op die kollektiewe selfkonsepskaal, asook hul tellings op die onderskeie teoretiese subskale is dus in verdere ontledings gebruik.

### 7.2.4 Bedreigingskaal

Die bedreigingskaal is vir die doeleindes van dié studie ontwikkel met die oog daarop om die totale mate van waargenome bedreiging vir Afrikaneridentiteit, asook bedreiging ten opsigte van spesifieke aspekte, te wete eiewaarde, kontinuïteit en onderskeibaarheid van identiteit te meet.

#### 7.2.4.1 Faktoriële struktuur

Die teoretiese subskale van die bedreigingskaal is nie onveranderd deur faktorontleding bevestig nie. Twee van die faktore kon sinvol geïnterpreteer word, en het ook 'n bevredigende interne konsekwentheid getoon. Die faktorstruktuur van die skaal word in tabel 7.5 weergegee.

**TABEL 7.5 Faktorladings - Bedreigingskaal**

| Item | | Faktorladings | | |
|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 |
| 1. | Die Afrikaner sal as groep voortbestaan. | ***0,797*** | 0,004 | -0,055 |
| 2. | Ons het daarin geslaag om 'n reënboognasie te skep. | -0,140 | 0,073 | ***0,626*** |
| 3. | Ek moes baie aanpassings maak ná die verkiesing. | -0,091 | ***0,408*** | 0,373 |
| 4. | 'n Mens kan nog trots wees op Afrikanerskap in Suid-Afrika. | ***0,743*** | -0,122 | -0,047 |
| 5. | Dinge het nie veel verander ná die verkiesing nie. | -0,002 | 0,083 | ***0,696*** |
| 6. | Afrikaners as groep gaan toenemend irrelevant word in die toekoms. | ***0,514*** | 0,305 | -0,364 |
| 7. | Ek kan nie sien dat die situasie in die land vir Afrikaners sal verbeter nie. | 0,434 | ***0,575*** | -0,223 |
| 8. | Afrikaans gaan mettertyd uitsterf. | ***0,648*** | 0,298 | -0,264 |

Tabel 7.5 (vervolg)

| Item | | Faktorladings | | |
|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 |
| 9. | Dit het deesdae 'n negatiewe eienskap geword om 'n Afrikaner te wees. | ***0,544*** | 0,469 | -0,107 |
| 10. | Afrikaners gaan opgeneem word in 'n groter Suid-Afrikaanse identiteit. | 0,450 | 0,131 | ***-0,523*** |
| 11. | Dit is deesdae in die meeste situasies vir 'n mens nadelig om 'n Afrikaner te wees. | 0,454 | ***0,602*** | 0,079 |
| 12. | Die Afrikaner gaan 'n unieke identiteit behou. | ***0,835*** | -0,037 | -0,029 |
| 13. | Ek voel dat daar teen my as Afrikaner gediskrimineer word. | -0,059 | ***0,721*** | 0,109 |
| 14. | Ek voel ek kan byhou by die pas van verandering. | -0,115 | 0,357 | ***0,566*** |
| 15. | Ek verwag dat my finansiële posisie in die toekoms gaan versleg. | -0,279 | ***0,492*** | 0,147 |
| 16. | 'n Mens moet maar net vir vandag leef - die toekoms is té onseker. | 0,228 | ***0,588*** | -0,025 |
| 17. | Ek voel bedreig deur regstellende aksie. | -0,088 | ***0,706*** | 0,180 |
| 18. | Werkloosheid gaan toeneem in Suid-Afrika. | -0,255 | ***0,354*** | 0,329 |
| 19. | Geweld sal afneem noudat 'n nuwe regering aan bewind is. | -0,099 | 0,050 | ***0,569*** |
| 20. | Ek voel nie veilig in Suid-Afrika nie. | 0,146 | ***0,441*** | 0,197 |

Op die eerste faktor, wat 18,7% van die variansie in die skaal verklaar het, het 'n verskeidenheid van items vanuit die teoretiese skale kontinuïteit, eiewaarde en onderskeibaarheid gelaai. Wanneer dié items in retrospek en as geheel beskou word, is dit duidelik dat 'n gekombineerde onderliggende dimensie van kontinuïteit en onderskeibaarheid van identiteit in die items onderskei kan word. So was item 4 byvoorbeeld aanvanklik bedoel om die dimensie van eiewaarde te verteenwoordig. Retrospektief wil dit blyk dat die woord "nog" daaraan 'n dimensie van kontinuïteit verleen het. Dieselfde geld "deesdae" in item 9. Hierdie groep items verteenwoordig

die voortbestaan van die Afrikaner as onderskeibare groep in die Suid-Afrikaanse samelewing. Die dimensies van onderskeibaarheid en kontinuïteit kon dus nie in hierdie steekproef duidelik van mekaar onderskei word nie. Hierdie faktor sal voortaan as die "eiesoortige voortbestaanfaktor" van die bedreigingskaal bekend staan. 'n Hoë telling op hierdie faktor sou beteken dat respondente van mening is dat die eiesoortige voortbestaan van die groep bedreig word.

'n Tweede faktor het items vanuit die teoretiese skale eiewaarde, kontinuïteit en praktiese aangeleenthede verteenwoordig en het 16% van die variansie in die skaal verklaar. Nadere ondersoek het getoon dat items wat op hierdie faktor laai, veral verwys na die ervaring van Afrikanerwees in die post-Apartheid bedeling. Dit wil voorkom asof respondente sommige van die praktiese aspekte wat in die skaal genoem word as negatiewe aspekte van Afrikanerwees *per se* beskou het, en nie net as faktore in die sosiale omgewing wat hul alledaagse bestaan raak nie. Na hierdie faktor sal oorkoepelend verwys word as die "welstandfaktor" van die bedreigingskaal. 'n Hoë telling op hierdie faktor sou beteken dat respondente 'n bedreiging vir hul welstand as Afrikaners in die huidige politieke bedeling ervaar.

Die derde faktor het bestaan uit items 2, 5, 10, 14 en 19, maar kon nie sinvol geïnterpreteer word nie. Die prestasie van dié items sal verder in die betroubaarheidsontleding bespreek word.

#### 7.2.4.2 Interne konsekwentheid

Die bedreigingskaal as geheel het 'n bevredigende interne konsekwentheid getoon ($\alpha = 0{,}768$). Die item-totaal-korrelasies word in tabel 7.6 gerapporteer.

**TABEL 7.6** **Item-totaal-korrelasies - Bedreigingskaal**

| Item | Itk | Item | Itk | Item | Itk | Item | Itk |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 0,372 | 6 | 0,395 | 11 | 0,639 | 16 | 0,481 |
| 2 | 0,500 | 7 | 0,578 | 12 | 0,360 | 17 | 0,429 |
| 3 | 0,229 | 8 | 0,476 | 13 | 0,445 | 18 | 0,145 |
| 4 | 0,228 | 9 | 0,552 | 14 | 0,196 | 19 | 0,390 |
| 5 | 0,116 | 10 | 0,192 | 15 | 0,178 | 20 | 0,367 |

Alhoewel die interne konsekwentheid van die totale bedreigingskaal bevredigend was, was daar 'n aantal items was wat nie bevredigende item-totaal-korrelasies getoon het nie, veral items 2,5,10,14,15, 18 en 19. Hierdie items het, soos hierbo genoem is, met die uitsondering van item 18, ook gesamentlik die derde faktor van die bedreigingskaal gevorm, waarvan die interne konsekwentheid hieronder bespreek word.

Die bedreigingskaal het teoreties uit vier subskale bestaan, naamlik 'n bedreiging vir onderskeibaarheid, eiewaarde, kontinuïteit en praktiese aangeleenthede. Slegs twee van hierdie teoretiese subskale het 'n bevredigende interne konsekwentheid getoon, naamlik eiewaarde ($\alpha$ = 0,72) en praktiese aangeleenthede ($\alpha$ = 0,64). Die interne konsekwentheid van die faktore wat deur faktorontleding uitgewys is, is vervolgens bereken ten einde 'n vergelyking te tref met die teoretiese subskale. Die item-totaal korrelasies van die twee faktore word in tabel 7.7 en 7.8 onderskeidelik gerapporteer.

**TABEL 7.7** **Item-totaal-korrelasies - Eiesoortige Voortbestaanfaktor**

| Item | Itk | Item | Itk |
|---|---|---|---|
| 1 | 0,651 | 8 | 0,647 |
| 4 | 0,533 | 9 | 0,480 |
| 6 | 0,533 | 12 | 0,675 |

Die faktor het 'n hoë interne konsekwentheid van $\alpha$ = 0,822 getoon.

TABEL 7.8 Item-totaal-korrelasies - Welstandfaktor

| Item | Itk | Item | Itk |
|---|---|---|---|
| 3 | 0,318 | 15 | 0,340 |
| 7 | 0,412 | 16 | 0,450 |
| 11 | 0,518 | 17 | 0,559 |
| 13 | 0,574 | 18 | 0,269 |
| | | 20 | 0,379 |

Faktor 2 het 'n bevredigende interne konsekwentheid van $\alpha = 0,745$ getoon. Tabel 7.7 en 7.8 toon dat die items in bostaande twee faktore deurgaans aanvaarbare item-totaal-korrelasies van groter as 0,250 getoon het. Faktor 3 het egter 'n onbevredigende lae interne konsekwentheid getoon (0,250) en die items gevolglik ook lae item-totaal-korrelasies. Dié items het, soos reeds genoem, ook swak presteer in die betroubaarheidsontleding van die totale skaal. Daar is gevolglik besluit om hierdie items uit verdere ontledings te laat en slegs eersgenoemde twee faktore as subskale van die bedreigingskaal te gebruik. Die psigometriese eienskappe van dié twee subskale word in tabel 7.9 weergegee.

TABEL 7.9 Psigometriese eienskappe van finale subskale - Bedreigingskaal

| Subskaal | Aantal items | Skaal gemiddeld | Standaard afwyking | Gem. ITK | Alfa koëff. |
|---|---|---|---|---|---|
| Eiesoortige voortbestaan | 6 | 15,561 | 6,908 | 0,587 | 0,822 |
| Welstand | 9 | 38,672 | 7,964 | 0,424 | 0,745 |

## 7.2.5 Hanteringskaal

### 7.2.5.1 Faktoriële struktuur

Faktorontleding het nie die teoretiese faktore in alle opsigte bevestig nie, maar het insiggewende nuwe faktore na vore gebring, soos hieronder bespreek word. Die faktorladings word in tabel 7.10 gerapporteer.

**TABEL 7.10 Faktorladings - Hanteringskaal**

| Item | | Faktorladings | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 1. | Ek laat nie toe dat politieke veranderinge my lewe negatief beïnvloed nie. | -0,181 | 0,203 | -0,206 | ***0,427*** |
| 2. | Ek sal dit oorweeg om by 'n oorwegend swart politieke party aan te sluit. | ***0,667*** | 0,063 | 0,238 | 0,244 |
| 3. | Ek beskou myself as 'n ambassadeur vir die Afrikaner. | ***-0,803*** | -0,114 | -0,153 | 0,103 |
| 4. | Om in die minderheid te wees bind 'n groep saam. | ***-0,467*** | 0,114 | 0,041 | 0,261 |
| 5. | Ek raak kwaad indien iemand die Afrikaner kritiseer. | ***-0,725*** | 0,14 | 0,122 | -0,053 |
| 6. | Bou aan die nuwe Suid-Afrika en verseker 'n plek vir die Afrikaner. | 0,107 | 0,081 | 0,241 | ***0,474*** |
| 7. | Ek het vrede gemaak met die gedagte dat Afrikaners se status toenemend gaan verlaag. | ***0,467*** | 0,437 | 0,298 | 0,072 |
| 8. | Die politieke situasie raak nie my privaat lewe nie. | 0,171 | ***0,659*** | -0,157 | 0,125 |
| 9. | Ek het dit al oorweeg om te emigreer. | 0,172 | -0,044 | ***0,882*** | -0,027 |
| 10. | Wanneer 'n groep die opposisie is, kan hulle beter veg vir hul regte as wanneer hulle regeer. | -0,128 | ***0,517*** | 0,164 | 0,238 |

Tabel 7.10 (vervolg)

| Item | | Faktorladings | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 11. | Afrikaners sal as groep moet mobiliseer teen aspekte soos regstellende aksie. | ***-0,575*** | -0,076 | -119 | -0,291 |
| 12. | Die Afrikaner sal moet toegewings maak om as groep te oorleef. | 0,278 | ***0,415*** | 0,342 | 0,354 |
| 13. | Ek steur my nie aan die politieke veranderinge in die land nie. | 0,224 | ***0,429*** | -0,189 | -0,309 |
| 14. | Ek mag die in die toekoms oorweeg om te emigreer indien die situasie onhoudbaar word. | 0,138 | 0,017 | ***0,865*** | -0,026 |
| 15. | Ek probeer sover moontlik Afrikaans bevorder deur my optrede teenoor ander. | ***-0,352*** | 0,043 | 0,028 | 0,223 |
| 16. | Dit is alles die vorige regering se skuld dat ons is waar ons is. | -0,313 | -0,027 | 0,126 | **-0,631** |
| 17. | Afrikaners sal moet saamstaan as hulle as groep wil oorleef. | ***-0,714*** | -0,051 | -0,188 | -0,094 |
| 18. | Daar is niks wat 'n mens kan doen aan die veranderinge wat tans in die land plaasvind nie. | ***0,469*** | 0,159 | -0,055 | -0,068 |
| 19. | Ek vermy kontak met ander bevolkingsgroepe so ver ek kan. | -0,343 | 0,249 | 0,276 | ***0,488*** |
| 20. | Ek wens ek kon my velkleur verander. | 0,059 | ***0,300*** | 0,122 | 0,002 |
| 21. | Afrikaners besit steeds die ekonomiese mag in die land. | -0,289 | ***0,373*** | 0,167 | 0,113 |
| 22. | Ek sal oorgaan tot verset indien die Afrikaner nie meer politieke mag besit nie. | ***-0,681*** | -0,011 | 0,136 | -0,234 |
| 23. | Ons moet maar net ons lot in hierdie land aanvaar. | ***0,665*** | 0,246 | 0,049 | 0,092 |
| 24. | Ek moes geen aanpassings maak na die 1994-verkiesing nie. | 0,242 | ***0,653*** | -0,030 | -0,026 |

Tabel 7.10 (vervolg)

| Item | Faktorladings | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 25. Ek het myself geestelik voorberei op veranderinge in die nuwe Suid-Afrika. | 0,001 | 0,217 | 0,016 | ***0,410*** |
| 26. Ek is aktief betrokke by aktiwiteite wat die beeld van die Afrikaner bevorder. | ***-0,600*** | -0,085 | -0,200 | 0,110 |
| 27. Wat die politici doen of sê, raak my nie. | 0,257 | ***0,509*** | -0,049 | -0,235 |
| 28. Die Afrikaner was in elk geval nog nooit werklik 'n groep nie. | ***0,609*** | 0,325 | 0,163 | -0,022 |
| 29. Dit was nog altyd 'n negatiewe eienskap om 'n Afrikaner te wees. | ***0,620*** | 0,282 | 0,152 | 0,083 |
| 30. Ander groepe in Suid-Afrika kan nie sonder die Afrikaner klaarkom nie. | ***-0,667*** | 0,091 | -0,145 | -0,077 |
| 31. Ek beskou dit as my plig om 'n positiewe beeld van die Afrikaner uit te dra. | ***-0,854*** | -0,112 | -0,130 | -0,007 |

Die items wat op faktor 1 gelaai het, was afkomstig vanuit die teoretiese subskale bemindmaking, konfrontasie en aanvaarding. Die faktor was aanvanklik moeilik interpreteerbaar, maar die betroubaarheidsontleding het verdere lig op die interpretasie van dié faktor gewerp, soos hieronder bespreek word.

Faktor twee het hoofsaaklik die items wat op die teoretiese skaal "vermyding" gelaai het, bevat, asook enkele items uit die rekonstruksieskaal. Wanneer hierdie groep items as geheel beskou word, blyk dit dat 'n onderliggende dimensie van 'n bewustelike uitsluiting van die sosio-politieke veranderinge wat die groep raak uit die identiteitstruktuur hier geïdentifiseer is. Assimilasie en akkommodasie, as prosesse

van identiteit, vind dus nie plaas nie. Hierdie groep items sal voortaan as die vermydingsubskaal bekend staan.

Dit was deurgaans duidelik dat items 9 en 14, wat verwys na fisiese mobiliteit in die vorm van emigrasie, 'n afsonderlike faktor vorm, ongeag hoeveel faktore onttrek word. Om hierdie rede word hierdie twee items as 'n afsonderlike faktor beskou. Items uit die teoretiese subskaal "mobiliteit" wat verwys na mobiliteit op 'n psigologiese vlak, het op faktor 1 en 2 onderskeidelik gelaai. Die mobiliteitsbskaal verwys dus voortaan slegs na fisiese mobiliteit in die vorm van emigrasie.

Faktor vier was moeilik interpreteerbaar. Die prestasie van dié items sal verder in die betroubaarheidsontleding toegelig word.

### 7.2.5.2 Interne konsekwentheid

Aangesien die totaaltelling van die hanteringskaal nie opsigself betekenisvol sou wees nie, is die betroubaarheidsgegewens vir elke subskaal afsonderlik bereken. Die prestasie van die skale was bevredigend en alfakoëffisiënte het gewissel tussen 0,623 en 0,779, met die uitsondering van die rekonstruksieskaal, wat 'n onaanvaarbaar lae alfakoëffisiënt van 0,095 getoon het. In die lig van die faktorstruktuur, soos hierbo bespreek, is besluit om die interne konsekwentheid van die faktore te bepaal. Die item-totaal-korrelasies van die eerste faktor word in tabel 7.11 gerapporteer.

**TABEL 7.11 Item-totaal-korrelasies - Faktor 1 - Hanteringskaal**

| Item | Itk | Item | Itk | Item | Itk | Item | Itk |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2 | -0,445 | 7 | -0,279 | 18 | -0,253 | 28 | -0,362 |
| 3 | 0,482 | 11 | 0,329 | 22 | 0,373 | 29 | -0,305 |
| 4 | 0,342 | 15 | 0,167 | 23 | -0,372 | 30 | 0,407 |
| 5 | 0,372 | 17 | 0,444 | 26 | 0,242 | 31 | 0,430 |

In die berekening van die betroubaarheid van faktor 1 van die hanteringskaal, is gemerk dat die faktor 'n lae interne konsekwentheid getoon het ($\alpha = 0,34$), alhoewel dit sowat 23 % van die variansie in die skaal verklaar het. Dit blyk uit tabel 7.11 dat die item-totaal-korrelasies oor die algemeen bevredigend was, maar sommige items het sterk positief, en ander sterk negatief met die totaaltelling van die faktor gekorreleer. Die items wat positiewe en negatiewe item-totaal-korrelasies gehad het, is vervolgens afsonderlik ontleed. Die interne konsekwentheid van hierdie twee groepe items was hoogs bevredigend ($\alpha$ = 0, 864 en 0,813 onderskeidelik). Die item-totaal-korrelasies word tabel 7.12 en 7.13 onderskeidelik gerapporteer.

**TABEL 7.12 Item-totaal-korrelasies - Positiewe ITK op faktor 1 van Hanteringskaal**

| Item | Itk | Item | Itk |
|---|---|---|---|
| 3 | 0,742 | 17 | 0,640 |
| 4 | 0,390 | 22 | 0,562 |
| 5 | 0,574 | 26 | 0,459 |
| 11 | 0,505 | 30 | 0,571 |
| 15 | 0,251 | 31 | 0,740 |

**TABEL 7.13 Item-totaal-korrelasies - Negatiewe ITK op faktor 1 van Hanteringskaal**

| Item | Itk | Item | Itk |
|---|---|---|---|
| 2 | 0,535 | 23 | 0,677 |
| 7 | 0,578 | 28 | 0,585 |
| 18 | 0,433 | 29 | 0,629 |

By nadere ondersoek het geblyk dat die items wat aanvanklik positiewe item-totaal-korrelasies in faktor 1 getoon het, veral items vanuit die teoretiese skale "bemindmaking" en "konfrontasie" verteenwoordig. Op die oog af blyk dit teenoorstaande strategieë te wees, maar verwys by nadere ondersoek as geheel na *aktiewe optrede* in reaksie op bedreiging, hetsy deur konfrontasie of deur die belange

van die groep aktief te bevorder. Die tweede groep items, wat aanvanklik negatiewe item-totaal-korrelasies getoon het, bevat veral items uit die oorspronklike aanvaarding subskaal, wat 'n meer passiewe en gelate aanvaarding van die nuwe sosio-politieke bedeling verteenwoordig. Hierdie twee groepe items is gevolglik in verdere ontledings afsonderlik gebruik en daar sal daarna verwys word as die "aktiewe" en "aanvaarding" faktore onderskeidelik.

Ten opsigte van die aktiewe faktor is dit vir die doeleindes van hierdie studie egter ook belangrik om te weet onder watter omstandighede individue van konfrontasie, teenoor bemindmaking, gebruik sal maak. Aangesien die interne konsekwentheid van die teoretiese subskale konfrontasie en bemindmaking ook afsonderlik bevredigend was ($\alpha$ = 0,779 en 0,721 onderskeidelik) sal individue se tellings ten opsigte van hierdie twee skale ook afsonderlik in berekening gebring word.

Die item-totaal-korrelasies van faktor 2, wat vermyding as hanteringstrategie verteenwoordig, word in tabel 7.14 gerapporteer.

**TABEL 7.14 Item-totaal-korrelasies - Vermyding**

| Item | Itk | Item | Itk |
|---|---|---|---|
| 8 | 0,504 | 20 | 0,156 |
| 10 | 0,302 | 21 | 0,129 |
| 12 | 0,341 | 24 | 0,461 |
| 13 | 0,260 | 27 | 0,322 |

Items 20 en 21 is vanweë hul lae item-totaal-korrelasies weggelaat uit toekomstige berekeninge. Die oorblywende ses items het die "vermyding" faktor gevorm, en 'n interne konsekwentheid van 0,637 getoon, wat ongewens, maar nie onbruikbaar is nie (Duckitt, 1983:194; Heaven, 1983:206; Uys, 1997:83).

Faktor 3, wat na fisiese mobiliteit verwys, het te min items om 'n alfakoëffisiënt te bereken, terwyl faktor 4 'n onaanvaarbare lae vlak van interne konsekwentheid getoon

het ($\alpha$ = 0,018). Items 1, 6, 16, 19, en 25 is gevolglik vir die doeleindes van verdere ontledings buite rekening gelaat.

In die onderhawige studie is dus onderskei tussen 'n aktiewe hantering van bedreiging, hetsy deur konfrontasie of deur die positiewe bevordering van groepbelange (bemindmaking), en meer passiewe vorms van hantering in die vorm van vermyding en aanvaarding. Hierbenewens het fisiese mobiliteit in die vorm van emigrasie as 'n verdere vorm van hantering na vore gekom.

Daar is veral om drie redes besluit om hoofsaaklik van die verkreë faktore, eerder as die oorspronklike teoretiese subskale gebruik te maak. Eerstens was die interne konsekwentheid van die faktore deurgaans bevredigend. Tweedens is 'n hergroepering in terme van 'n aktiewe en meer passiewe benadering tot bedreiging deur die faktorontleding uitgewys. Dit het getoon dat, alhoewel bemindmaking en konfrontasie op die oog af twee uiteenlopende hanteringstrategieë is, daar 'n onderliggende gemeenskaplikheid is, naamlik 'n aktiewe benadering tot bedreiging.

Die derde rede is die onbevredigende prestasie van die teoretiese subskaal "rekonstruksie" en die sinvolle integrasie daarvan met die ander faktore. Dit is opvallend dat die teoretiese subskaal "rekonstruksie" geensins 'n samehangende faktor gevorm het nie. Dit was ook in die loodsstudie die geval. Die items was versprei deur die ander faktore, maar het tog op 'n sinvolle wyse op dié faktore gelaai. Só het die items wat oorspronklik rekonstruksie by wyse van 'n retrospektiewe devaluering van identiteit verteenwoordig het (item 28: "Die Afrikaner was nog nooit werklik 'n groep nie" en item 29: "Dit was nog altyd 'n negatiewe eienskap om 'n Afrikaner te wees), op die meer passiewe "aanvaarding" faktor groepeer, wat die aard van die items goed weerspieël. Item 7 ("Ek het vrede gemaak met die gedagte dat Afrikaners se status toenemend gaan verlaag"), wat antisiperende rekonstruksie meet, het ook toepaslik op die aanvaarding faktor gelaai.

Op die tweede faktor, wat hoofsaaklik vermyding as hanteringstrategie verteenwoordig, het enkele items uit die rekonstruksieskaal gelaai, byvoorbeeld die

verandering van die dimensie van vergelyking, eerder as om die bedreiging te aanvaar (item 21). Items 4 en 30, wat 'n positiewe herinterpretasie van die potensieel bedreigende situasie verteenwoordig, het op hul beurt toepaslik saam met die meer aktiewe hanteringstrategieë groepeer.

Bostaande impliseer dat kognitiewe rekonstruksie waarskynlik nie 'n afsonderlike dimensie van hantering vorm nie. Dit wil eerder voorkom asof die meeste hanteringstrategieë dus 'n element van rekonstruksie bevat wat ooreenstemmend die aard van die betrokke strategie aangewend word.

Faktor 1, soos deur faktorontleding uitgewys, sal dus op 'n aantal wyses in die hieropvolgende ontledings gebruik word. Twee groepe items soos hierbo bespreek, sal as die aktiewe en aanvaardingsubskale onderskeidelik gebruik word. Die komponente van aktiewe hantering, naamlik konfrontasie en bemindmaking, sal egter ook in hul oorspronklike, teoretiese formaat afsonderlik gebruik word ten einde die relatiewe gebruik daarvan te bepaal. Hierbenewens sal faktor 2 en 3 as die "vermyding" en "mobiliteit" faktore onderskeidelik bekend staan. Die subskale van die hanteringskaal wat in verdere ontledings onderskei is, word in tabel 7.15 uiteengesit.

**TABEL 7.15 Psigometriese eienskappe van finale subskale - Hanteringskaal**

| Subskaal | Onderafdelings | Aantal items | Skaal gem.* | s.a# | Gem. ITK | Alfa koëff. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Aktiewe hantering | | 10 | 45,369 | 10,865 | 0,543 | 0,864 |
| | Bemindmaking | 4 | 18,250 | 6,052 | 0,576 | 0,721 |
| | Konfrontasie | 4 | 18,220 | 4,402 | 0,416 | 0,779 |
| Aanvaarding | | 6 | 14,880 | 6,554 | 0,573 | 0,813 |
| Vermyding | | 6 | 17,743 | 6,180 | 0,309 | 0,637 |
| Mobiliteit | | 2 | 5,538 | 3,444 | --- | --- |

* *Skaalgemiddeld*

\# *Standaardafwyking*

### 7.2.6 Houding teenoor politieke veranderinge

Hierdie meting het geskied by wyse van Malan *et al.* (1994:8) se semantiese differensiaal ten opsigte van individue se houding teenoor politieke verandering. 'n Hoë totaaltelling dui op 'n positiewe houding teenoor die sosio-politieke veranderinge in die land.

#### 7.2.6.1 Faktoriële struktuur

Die faktoriële struktuur van dié skaal word in tabel 7.16 gerapporteer.

**TABEL 7.16 Faktorladings - Houding teenoor politieke verandering**

| Item | Faktorladings | |
|---|---|---|
| | 1 | 2 |
| 1. Goed / Sleg | **0,712** | 0,427 |
| 2. Regverdig / Onregverdig | **0,683** | 0,487 |
| 3. Gewens / Ongewens | **0,744** | 0,448 |
| 4. Bedreigend / Gerusstellend | 0,258 | ***0,850*** |
| 5. Gevaarlik / Veilig | 0,338 | ***0,863*** |
| 6. Gewelddadig / Vreedsaam | 0,312 | ***0,845*** |
| 7. Verstandig / Onverstandig | ***0,762*** | 0,347 |
| 8. Goedgesind / Wreed | ***0,567*** | 0,535 |
| 9. Welkom / Onwelkom | ***0,793*** | 0,327 |
| 10. Waardeloos / Waardevol | ***0,776*** | 0,348 |
| 11. Bevrydend / Verslawend | ***0,748*** | 0,256 |
| 12. Vooruitgang / Agteruitgang | ***0,795*** | 0,361 |
| 13. Onbeheerbaar / Beheerbaar | 0,559 | ***0,598*** |
| 14. Onnodig / Nodig | ***0,767*** | 0,298 |
| 15. Vreugdevol / Angswekkend | ***0,687*** | 0,522 |

Bostaande tabel toon dat twee faktore uit die skaal onttrek kon word. Die meerderheid van die items het op die eerste faktor gelaai, wat 43,33% van die variansie in die skaal verklaar het. Drie items het op 'n tweede faktor gelaai, wat 29% van die variansie verklaar het. Die negatiewe pole van hierdie drie items was naamlik bedreigend, gevaarlik en gewelddadig. Die beheerbaar / onbeheerbaar teenpole het ook sterker op hierdie faktor gelaai, maar het 'n bykans ewe sterk lading op die eerste faktor getoon. Die item met die negatiewe teenpool "wreed" het ook 'n sterk lading op beide faktore getoon. Dit wil dus voorkom of daar in die beoordeling van die politieke verandering in die land twee dimensies onderskei kon word. Die eerste is 'n beoordeling wat meer vanaf 'n afstand geskied, en sluit terme in soos byvoorbeeld nodig / onnodig, verstandig / onverstandig, gewens/ ongewens. Daar is egter ook 'n dimensie wat 'n onderliggende kwaadwilligheid aan die verandering toeskryf en die individu meer direk raak, soos verteenwoordig deur die items op die tweede faktor. Hierdie dimensies regverdig verdere ondersoek in hieropvolgende navorsing. Die totaaltelling op hierdie skaal sal egter as 'n aanduiding van 'n globale houding teenoor die sosio-politieke verandering in die land in verwerkings gebruik word.

#### 7.2.6.2 Interne konsekwentheid

Dié skaal het 'n hoë alfakoëffisiënt van 0,962 gelewer. Die item-totaal-korrelasies was deurgaans bevredigend en het gewissel tussen 0,686 en 0,837 met 'n gemiddeld van 0,773. Die totaaltelling op die skaal is dus onveranderd gebruik om die houding tenoor sosio-politieke veranderinge te weerspieël.

### 7.2.7 Oorvleueling van self- en groepeienskappe

Die alfakoëffisiënt van die verskiltellings op hierdie skaal was 0,592, wat 'n onbevredigende interne konsekwentheid verteenwoordig. Die skaal is dus tot 'n beperkte mate gebruik, soos in afdeling 8.15 bespreek word.

## 7.3 BESKRYWENDE STATISTIEK TEN OPSIGTE VAN SKALE

### 7.3.1 Selfkategorisering

#### 7.3.1.1 Loodsstudie

In die loodsstudie is respondente versoek om hulle 5 belangrikste identiteitsgroepe te benoem en in volgorde van prioriteit te rangskik. Nie alle respondente het die prioriteitsvolgorde aangedui nie, soos in die vorige hoofstuk bespreek is. Slegs die frekwensies waarmee identiteitsgroepe benoem is, word dus in tabel 7.17 gerapporteer.

**TABEL 7.17 Selfkategorisering: Loodsstudie**

| Identiteit | Frekwensie |
|---|---|
| Familierol / Huwelikstatus | 62 |
| Geslag | 32 |
| Etnisiteit | 32 |
| Karaktereienskappe | 22 |
| Godsdiens | 18 |
| Ras | 14 |
| Beroep | 13 |
| Suid-Afrikaanse identiteit | 9 |
| Streeksidentiteit | 3 |

(Elk van die 80 respondente kon 5 groepe benoem, maar nie almal het nie)

In die loodsstudie is die familierol van die individu (bv Pa, ouer, ouma) die identiteit wat met die hoogste frekwensie benoem is. Etniese groeplidmaatskap is deur sowat 40% van respondente benoem, en ras slegs deur 17%. Dit is interessant dat 'n streeksidentiteit in die loodsstudie genoem is, maar glad nie in die hoofstudie gefigureer het nie.

#### 7.3.1.2 Hoofstudie

In die eerste afdeling van die meetinstrument is respondente versoek om hul belangrikste sosiale groepe te benoem en 'n prioriteit aan elk te heg. Nie alle respondente het hierdie afdeling na behore voltooi nie. Sommige respondente het geen groep benoem nie, ander het minder as vyf groepe benoem, terwyl ander 'n aantal groepe benoem het, maar nie die prioriteit daarvan aangedui nie. In laasgenoemde gevalle is die volgorde waarin groepe benoem is, as prioriteitsvolgorde gebruik. Uit die 247 meetinstrumente was 74,5 % (n = 184) bruikbaar wat dié afdeling betref en die resultate word dus ten opsigte van hierdie groep in tabel 7.18 gerapporteer.

**TABEL 7.18 Selfkategorisering - Identiteitsgroepe en prioriteit**

| Identiteitsgroepe | Prioriteit | | | | | | Rel. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 | Tot | Prior.# |
| Afrikaner / Afrikaanssprekende | 27 | 46 | 35 | 26 | 6* | 140 | 482 |
| Witmens | 57 | 38 | 24 | 8 | 7 | 134 | 532 |
| Suid-Afrikaner | 16 | 14 | 9 | 11 | 12 | 62 | 197 |
| Man / Vrou | 8 | 32 | 24 | 16 | 15 | 95 | 287 |
| Gesinsrol (bv. pa, ma, oupa, getroude persoon) | 8 | 12 | 13 | 12 | 9 | 54 | 160 |
| Beroep / finansiële status | 11 | 15 | 26 | 23 | 38 | 113 | 277 |
| Christen | 48 | 8 | 9 | 12 | 6 | 83 | 329 |
| Karaktereienskappe | 6 | 5 | 17 | 29 | 20 | 77 | 179 |
| "Boer" | 3 | 3 | 2 | 2 | --- | 10 | 37 |

*Nota: 5 - Hoogste prioriteit*

*1 - Laagste prioriteit*

* Getalle verwys na die frekwensie waarmee die groep in die betrokke prioriteitsposisie benoem is.

\# Relatiewe prioriteit: Die som van die produkte van die frekwensie en prioriteitsposisie.

Uit tabel 7.18 is dit eerstens duidelik dat 'n etniese en rasidentiteit die twee identiteite is wat deur die meeste respondente as een van hul vyf vernaamste identiteitsgroepe benoem is. Etniese identiteit is in totaal met 'n ietwat hoër frekwensie benoem as 'n rasidentiteit (140 teenoor 134 keer). Die relatiewe prioriteit van die twee identiteite toon egter dat ras swaarder weeg as etnisiteit. Indien respondente ras as 'n identiteitsgroep benoem het, het dit dus 'n hoë prioriteit geniet, terwyl etniese identiteit meer versprei was oor die vyf kategorieë. Die identiteit "boer" is ook deur 'n aantal respondente genoem, wat waarskynlik onder óf 'n etniese óf 'n rasidentiteit sou kon resorteer, aangesien dit nie aanduidend was van die beroep van die respondente nie. Dit word egter afsonderlik gerapporteer aangesien dit nie duidelik is in welke ander kategorie dit sou resorteer nie. 'n Oorkoepelende Suid-Afrikaanse identiteit is deur sowat 'n derde van die respondente benoem as een van hul vernaamste identiteitsgroepe.

Godsdienstige affiliasie (sonder uitsondering Christelik) het volgens die relatiewe prioriteit die derde swaarste gewig gedra by respondente, gevolg deur geslag. Die oorgrote meerderheid van respondente wat godsdienstige affiliasie as identiteitsgroep benoem het, het dit ook as hul belangrikste identiteitsgroep benoem.

'n Ander identiteit wat vir die respondente van besondere belang blyk te wees, is hul beroep of finansiële status. Beskrywings soos "professionele persoon", "broodwinner", sowel as dié wat na 'n spesifieke beroep verwys, is in hierdie kategorie ingesluit. Karaktereienskappe (byvoorbeeld "betroubare mens", "hulpvaardige persoon") het ook redelik dikwels voorgekom, maar het 'n laer prioriteit geniet.

### 7.3.2 Identifikasie met die begrip "Afrikaner"

Respondente is gevra om die mate waartoe hulle hulself identifiseer met die begrip "Afrikaner" aan te dui op 'n elfpuntskaal vanaf "Glad nie" (1) tot "Heeltemal" (11). Die

gemiddelde telling van die steekproef op hierdie skaal was 9,54, wat dui op 'n besonder sterk identifikasie met die begrip "Afrikaner".

### 7.3.3 Politieke konserwatisme

Die gemiddelde telling van die steekproef wat politieke konserwatisme betref, was 7,98 op 'n skaal van "links" (1) tot "regs" (11). Dit wil dus voorkom of die steekproef hulself oor die algemeen meer aan die regterkant van die politieke spektrum geposisioneer het. Geen politieke partye is aan die skaal gekoppel nie en individue se subjektiewe interpretasie van die links / regs kontinuum is dus hier gemeet, eerder as die ondersteuning vir bepaalde politieke partye. Die betekenis wat individue aan "links" en "regs" onderskeidelik heg, is egter nie ondersoek nie en mag 'n rol speel in hul vertolking van dié vraag.

### 7.3.4 Waargenome verandering in status en mag

Op 'n elfpuntskaal met die pole "Baie laer" (1) en "Baie hoër" (11) as ankerpunte, was die gemiddelde skaaltellings vir status en mag 3,54 en 3,45 onderskeidelik. Respondente het dus ervaar dat beide die status en mag van Afrikaners verlaag het in die nuwe politieke bedeling.

### 7.3.5 Waargenome legitimiteit en stabiliteit van die politieke bestel

Respondente moes vervolgens die waargenome legitimiteit en stabiliteit van die heersende politieke bestel beoordeel. Die gemiddelde tellings op 'n skaal van een tot elf was 4,62 en 3,38 vir legitimiteit en stabiliteit onderskeidelik. 'n Lae skaalpunt verteenwoordig lae waargenome stabiliteit en legitimiteit. Dit wil dus voorkom asof die huidige politieke bestel meer waargenome legitimiteit as stabiliteit geniet het, maar dat beide die eienskappe oorwegend negatief beoordeel is.

### 7.3.6 Politieke versus kulturele identiteit

Respondente is gevra om aan te dui of hulle sterker met die Afrikaner identifiseer op politieke of kulturele gebied. Die meerderheid respondente (78,94 %) het 'n kulturele identifikasie verkies, teenoor 16,59% wat 'n politieke identifikasie verkies het. Sowat 4,45 % van respondente het nie die vraag beantwoord nie, of beide alternatiewe gekies, wat hul response onbruikbaar maak.

### 7.3.7 Sterkte van etniese identifikasie

Die gemiddelde tellings van respondente op die etniese identifikasieskaal van Brown *et al.* (1986:276) was redelik hoog ($\bar{x}$ = 50,58). Die maksimum moontlike telling op dié skaal was 60, en die minimum 10. Hierdie tendens ondersteun bostaande bevinding ten opsigte die mate van identifikasie met die begrip "Afrikaner". Respondente het dus in geheel sterk met die Afrikaner as etniese groep geïdentifiseer.

### 7.3.8 Persoonlike selfkonsep

Die relatief hoë gemiddelde tellings ($\bar{x}$ = 52,01) op hierdie skaal is nie vreemd tot dié veranderlike nie. Tellings kon ook in hierdie geval wissel tussen 10 en 60. Robbins (1992:113) merk op dat die meerderheid van individue in die meeste populasies 'n oorwegend positiewe selfkonsep het. Mediaantellings neig dus om redelik hoog te wees, en sommige navorsers beweer dat slegs individue wat in die laagste 10 tot 30 persent van die tellings op 'n selfkonsepskaal val, werklik 'n "lae" telling het. Sommige studies gebruik gevolglik net individue waarvan die tellings in die ekstreme persentiele resorteer as kontrasgroepe verteenwoordigend van 'n "negatiewe" en "positiewe" persoonlike selfkonsep. Daar is gevolglik besluit om die respondente waarvan die tellings bó die 70ste persentiel en onder die 30ste persentiel resorteer as kontrasgroepe in die ontleding van persoonlike selfkonsep te gebruik. Bevindinge ten opsigte van die persoonlike selfkonsepskaal sal dus onder "Verskille tussen subgroepe" bespreek word.

### 7.3.9 Kollektiewe selfkonsep

Totaaltellings op hierdie skaal kon wissel van 16 tot 96. Die gemiddelde tellings op dié skaal toon dat respondente op die oog af 'n oorwegend positiewe kollektiewe selfkonsep openbaar het ($\bar{x}$ = 69,29). Wat die subskale van die skaal betref, kon tellings 'n minimum waarde van 4 en 'n maksimum waarde van 24 aanneem. Gemiddelde tellings toon dat hulle die Afrikaner as groep besonder positief geëvalueer (private subskaal $\bar{x}$ = 20,21). Hulle was ook van mening dat hulle redelike goeie lede van dié groep is (lidmaatskap-subskaal $\bar{x}$ = 18,67). Die persepsie van ander groepe ten opsigte van die Afrikaner (openbare subskaal $\bar{x}$ = 14,95), asook hoe belangrik die groep vir hul identiteitstruktuur is (identiteit-subskaal $\bar{x}$ = 15,51), is egter meer negatief geëvalueer. Laasgenoemde bevinding is interessant in die lig van die hoë prioriteit wat Afrikanerskap skynbaar in die identiteitstruktuur van respondente geniet (kyk paragraaf 7.3.1.2).

### 7.3.10 Bedreiging

Die gemiddelde telling op die bedreigingskaal was 75,54, terwyl die skaal 'n minimum telling van 20 en 'n maksimum telling van 120 moontlik gemaak het. Gemiddelde tellings op die eiesoortige voortbestaan- en welstandfaktore was 15,561 en 38,672 onderskeidelik, wat 'n gemiddelde telling per item van 2,593 en 4,296 lewer, nadat tellings omgekeer is sodat 'n waarde van 1 'n lae mate van bedreiging en 6 'n hoë mate van bedreiging op die betrokke dimensie impliseer. Die respondente het dus tot 'n mindere mate 'n bedreiging vir die eiesoortige voortbestaan van hul identiteit ervaar, maar wel vir hul welstand as groeplid.

### 7.3.11 Hanteringstrategieë

Die doel van hierdie skaal was om die relatiewe gebruik van 'n aantal hanteringstrategieë te bepaal. Die totaaltelling op die skaal het dus nie opsigself veel betekenis nie, behalwe om aan te dui tot watter mate individue hanteringstrategieë as

sulks gebruik. Indien die gemiddelde totaaltellings op die faktore soos hierbo uiteengesit, vergelyk word, blyk dit dat die relatiewe gebruik van die onderskeie hanteringstrategieë in die steekproef aansienlik verskil. Die gemiddelde totaaltellings op die faktore lewer gemiddelde itemtellings soos in Tabel 7.19 gerapporteer. Waardes is omgekeer sodat 'n waarde van 1 'n lae gebruik en 6 'n hoë gebruik van die betrokke strategie impliseer.

**TABEL 7.19 Gemiddelde itemtellings op faktore - Hanteringskaal**

| Faktor | Gemiddelde Itemtelling |
|---|---|
| Aktief | 4,537 |
| Aanvaarding | 2,480 |
| Bemindmaking | 4,563 |
| Konfrontasie | 4,555 |
| Vermyding | 2,957 |
| Mobiliteit | 2,769 |

Uit tabel 7.19 blyk dit dat respondente veral geneig was om van aktiewe hantering gebruik te maak, in die vorm van beide bemindmaking en konfrontasie, terwyl hulle tot 'n mindere mate van aanvaarding, vermyding en mobiliteit gebruik sou maak.

## 7.3.12 Houding teenoor politieke veranderinge

Respondente se houding teenoor politieke veranderinge was oorwegend negatief. Die gemiddelde telling van die steekproef was 43,49, waar 'n telling van 7 'n volkome negatiewe houding, en 105 'n volkome positiewe houding teenoor politieke veranderinge sou weerspieël. Ten opsigte van spesifieke items word die gemiddelde tellings van die steekproef op 'n skaal van 1 tot 7 in tabel 7.20 gerapporteer.

**TABEL 7.20** **Gemiddelde itemtellings - Houding teenoor politieke verandering**

| Item | | Gemiddelde Itemtelling |
|---|---|---|
| 1. | Goed / Sleg* | 5,20 |
| 2. | Regverdig / Onregverdig | 5,20 |
| 3. | Gewens / Ongewens | 5,10 |
| 4. | Bedreigend / Gerusstellend | 2,70 |
| 5. | Gevaarlik / Veilig | 2,50 |
| 6. | Gewelddadig / Vreedsaam | 2,70 |
| 7. | Verstandig / Onverstandig | 5,30 |
| 8. | Goedgesind / Wreed | 4,80 |
| 9. | Welkom / Onwelkom | 5,00 |
| 10. | Waardeloos / Waardevol | 2,83 |
| 11. | Bevrydend / Verslawend | 4,78 |
| 12. | Vooruitgang / Agteruitgang | 5,63 |
| 13. | Onbeheerbaar / Beheerbaar | 2,69 |
| 14. | Onnodig / Nodig | 3,13 |
| 15. | Vreugdevol / Angswekkend | 5,43 |

** Die eerste pool het telkens 'n waarde van 1 en die tweede pool 'n waarde van 7*

Tabel 7.20 toon dat response ten opsigte van die meeste items nader aan die negatiewe pool geleë is. 'n Neutrale beoordeling sou 'n itemtelling van 4 gelewer het.

### 7.3.13 Oorvleueling van self- en groepeienskappe

#### 7.3.13.1 Loodsstudie

Die doel van die gestruktureerde weergawe van Zavalloni se FIT in die loodsstudie was om persepsies van die Afrikaner as groep te verkry vanuit die binnegroep (autostereotipes). Alhoewel die meerderheid respondente nie die meting in geheel na behore voltooi het nie is daar genoegsame autostereotipes verkry ten einde 'n semantiese differensiaal vir die hoofstudie te vorm. Die terme wat met die hoogste frekwensie deur respondente in die loodsstudie as kenmerkend van die Afrikaner as groep benoem is, is die volgende:

Kultuurgebonde
Hardwerkend
Godsdienstig
Dwarstrekkerig*
Trots
Lojaal
Eerlik
Verdeeld / Eensgesind
Gedissiplineerd
Hardkoppig*
Betroubaar
Snobs*
Konserwatief
Ambisieus
Doelgerig / doelloos
Onbeskof / Hoflik

*Vir hierdie woorde is daar ook 'n aantal sinonieme gegee

Met die uitsondering van "kultuurgebonde" is die 15 eienskappe wat hierbo genoem is, tesame met hul antonieme, in 'n semantiese differensiaal in die hoofstudie gebruik, waarop respondente moes aandui tot watter mate hulle van mening is dat die Afrikaner as groep, en hulle persoonlik hierdie eienskappe besit.

### 7.3.13.2 Hoofstudie

In die hoofstudie is die verskil tussen die twee beoordelings vir elk van die 15 items bereken. Die som van die absolute waardes van die verskiltellings is beskou as 'n aanduiding van die oorvleueling van self- en groepeienskappe. Hoe groter die absolute waarde van die som van die verskiltellings, hoe groter was die verskil in beoordeling tussen self- en groepeienskappe. Die totaal van die verskiltellings kon dus wissel tussen 'n minimum van 0 (geen verskil tussen die tellings vir die self en die groep nie) en 'n maksimum van 90. Die gemiddelde verskiltelling was slegs 1,150 (standaardafwyking 1,242 ; N=247). Die gemiddelde verskiltelling was dus so laag dat daar nie veel variansie in die skaal moontlik was nie. Om hierdie rede het dié skaal ook nie besonder sterk gefigureer in enige ander ontledings nie. Respondente het hulself en hul groep bykans identies beoordeel ten opsigte van die betrokke eienskappe.

## 7.4 VERSKILLE TUSSEN SUBGROEPE

Daar was enkele digotome veranderlikes in die meetinstrument, terwyl sommige kontinue veranderlikes omskep is in digotome veranderlikes. Die verskille tussen subgroepe wat op hierdie wyse ontstaan het word vervolgens bespreek. Die verskille tussen subgroepe met geslag, 'n polities- versus kultureel-gebaseerde etniese identiteit, selfkategorisering as Afrikaner aldan nie, en persoonlike selfkonsep word vervolgens gerapporteer.

### 7.4.1 Geslag

Die verskille tussen subgroepe met geslag as verdeler volg in tabel 7.21. Cohen se d-koëffisiënt vir praktiese betekenisvolheid word slegs vir statisties beduidende verskille aangedui (1988:40).

**TABEL 7.21 Verskille tussen subgroepe met geslag as verdeler**

| Veranderlike | Manlik (n = 118) | | Vroulik (n = 129) | | t | p | d |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | $\bar{x}$ | s.a | $\bar{x}$ | s.a | | | |
| Ouderdom | 40,026 | 16,187 | 38,640 | 17,343 | 0,643 | 0,521 | |
| Inkomste | 4,000 | 2,508 | 3,589 | 2,351 | 1,329 | 0,185 | |
| Kwalifikasie | 7,491 | 1,891 | 6,760 | 1,525 | 3,358 | 0,001 | 0,387 |
| Iden# | 9,602 | 1,893 | 9,488 | 1,524 | 0,379 | 0,705 | |
| Polkons | 8,164 | 2,460 | 7,806 | 2,325 | 1,169 | 0,243 | |
| Status | 3,280 | 2,562 | 3,775 | 2,640 | -1,494 | 0,136 | |
| Mag | 2,800 | 2,131 | 4,054 | 7,941 | -1,666 | 0,970 | |
| Legitimiteit | 4,536 | 3,135 | 4,750 | 2,920 | -0,535 | 0,593 | |
| Stabiliteit | 3,171 | 2,429 | 3,574 | 2,627 | -1,244 | 0,214 | |
| Etn. Iden | 50,949 | 8,073 | 50,760 | 8,706 | 0,177 | 0,859 | |
| PSK | 52,784 | 7,115 | 51,302 | 6,854 | 1,666 | 0,097 | |
| KSK | 69,377 | 15,040 | 69,294 | 16,029 | 0,042 | 0,967 | |
| KSK 1 | 18,775 | 4,278 | 18,550 | 4,158 | 0,419 | 0,676 | |
| KSK 2 | 20,127 | 4,377 | 20,295 | 6,385 | -0,238 | 0,811 | |
| KSK 3 | 14,983 | 4,902 | 14,926 | 5,155 | 0,088 | 0,930 | |
| KSK 4 | 15,491 | 4,825 | 15,523 | 5,183 | -0,050 | 0,960 | |
| Bedreiging | 75,924 | 13,412 | 75,186 | 12,984 | 0,439 | 0,661 | |
| Bedr:Wels | 38,911 | 7,855 | 38,453 | 8,088 | 0,450 | 0,653 | |
| Bedr:EV | 15,373 | 6,926 | 15,734 | 6,914 | -0,409 | 0,682 | |
| Aktief | 45,897 | 11,810 | 44,882 | 9,938 | 0,729 | 0,467 | |
| Bemind | 18,679 | 7,292 | 17,864 | 4,648 | 1,055 | 0,292 | |
| Konfr | 18,411 | 4,495 | 18,047 | 4,323 | 0,646 | 0,519 | |
| Vermyding | 17,335 | 5,811 | 18,116 | 6,500 | -0,993 | 0,322 | |
| Aanvaarding | 14,350 | 6,426 | 15,360 | 6,656 | -1,208 | 0,228 | |
| Mobiliteit | 5,720 | 3,452 | 5,372 | 3,441 | 0,793 | 0,428 | |
| Polver | 43,110 | 18,518 | 45,542 | 18,535 | -1,031 | 0,304 | |

# Nota: Afkortings van veranderlikes: Waar ruimte dit vereis, sal die volgende afkortings in die res van die hoofstuk vir veranderlikes gebruik word:

| | |
|---|---|
| Ouderdom: | Oud |
| Inkomste: | Ink |
| Kwalifikasie: | Kwal |
| Identifikasie met begrip "Afrikaner": | Iden |
| Politieke konserwatisme: | Polkons |
| Verandering in status: | Status |
| Verandering in mag: | Mag |
| Waargenome legitimiteit: | Legit |
| Waargenome stabiliteit: | Stab |
| Politieke versus kulturele identiteit: | Polkul |
| Etniese identifikasie: | Etnid |
| Persoonlike selfkonsep: | PSK |
| Kollektiewe selfkonsep (totaaltelling): | KSK |

| | |
|---|---|
| Subskale van Kollektiewe Selfkonsep: | |
| KSK 1, KSK 2, KSK 3, en KSK 4 | |
| Bedreiging (totaaltelling): | Bedr |
| Bedreiging vir welstand: | Bedr:Wels |
| Bedreiging vir eiesoortige voortbestaan: | Bedr:EV |
| Aktiewe hantering: | Aktief |
| Bemindmaking: | Bemind |
| Konfrontasie: | Konfr |
| Vermyding: | Vermy |
| Aanvaarding: | Aanv |
| Mobiliteit: | Mob |
| Houding teenoor politieke verandering: | Polver |

Dit blyk uit tabel 7.21 dat daar bykans geen beduidende verskille tussen mans en vrouens ten opsigte van enige van die veranderlikes in die studie was nie. Dit wil dus voorkom of geslag as veranderlike nie 'n betekenisvolle rol speel in die ondersoekgroep se ervaring van die sosio-politieke situasie in Suid-Afrika en hul identifikasie met en evaluering van hul etniese groep nie. Die enigste uitsondering is dat vrouens beduidend laer opvoedkundige kwalifikasies as mans gehad het, maar die t-waarde was nie prakties betekenisvol in terme van Cohen se kriterium nie.

### 7.4.2 Politieke versus kulturele identiteit

Die keuse tussen 'n politieke en kulturele identifikasie met die Afrikaner as groep blyk 'n belangrike verbandhoudende veranderlike met ander veranderlikes in die ondersoek te wees, soos blyk uit tabel 7.22.

**TABEL 7.22** **Verskille tussen subgroepe met politieke versus kulturele identiteit as verdeler**

| Veranderlike | Polities (n=41) | | Kultureel (n=195) | | t | p | d |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | $\bar{x}$ | s.a | $\bar{x}$ | s.a | | | |
| Ouderdom | 40,024 | 17,858 | 38,792 | 16,455 | 0,429 | 0,668 | |
| Inkomste | 3,780 | 2,350 | 3,815 | 2,466 | -0,083 | 0,934 | |
| Kwalifikasie | 6,240 | 1,410 | 7,310 | 1,759 | -3,651 | 0,000 | 0,608 |
| Iden | 10,195 | 1,600 | 9,467 | 2,353 | 1,890 | 0,060 | |
| Polkons | 8,878 | 2,249 | 7,762 | 2,384 | 2,747 | 0,006 | 0,468 |
| Status | 3,488 | 3,294 | 3,585 | 2,436 | -0,216 | 0,829 | |
| Mag | 3,122 | 2,977 | 3,518 | 6,511 | 0,381 | 0,703 | |
| Legit | 3,316 | 3,041 | 4,945 | 2,920 | -3,106 | 0,002 | 0,536 |
| Stab | 2,366 | 1,984 | 3,619 | 2,573 | -2,936 | 0,004 | 0,487 |
| Etn id | 52,073 | 7,093 | 50,590 | 8,603 | 1,032 | 0,303 | |
| PSK | 52,439 | 7,603 | 51,736 | 6,938 | 0,580 | 0,562 | |
| KSK | 72,037 | 14,370 | 68,959 | 15,539 | 1,167 | 0,244 | |
| KSK 1 | 19,524 | 4,146 | 18,523 | 4,122 | 1,412 | 0,159 | |
| KSK 2 | 21,293 | 3,565 | 20,028 | 5,814 | 1,340 | 0,181 | |
| KSK 3 | 14,756 | 5,314 | 15,113 | 4,912 | -0,417 | 0,677 | |
| KSK 4 | 16,463 | 5,701 | 15,295 | 4,816 | 1,366 | 0,173 | |
| Bedreiging | 80,354 | 13,033 | 74,446 | 13,183 | 2,613 | 0,009 | 0,448 |
| Bedr: Wels | 42,707 | 7,543 | 37,969 | 7,924 | 3,508 | 0,001 | 0,598 |
| Bedr: EV | 15,220 | 7,048 | 15,444 | 6,799 | -0,191 | 0,848 | |
| Akt. Hant | 49,312 | 8,214 | 44,673 | 10,955 | 2,533 | 0,012 | 0,423 |
| Bemind | 19,313 | 4,561 | 18,077 | 6,322 | 1,174 | 0,241 | |
| Konfrontasie | 20,402 | 3,415 | 17,797 | 4,361 | 3,594 | 0,000 | 0,597 |
| Vermyding | 17,061 | 8,268 | 17,915 | 5,669 | -0,803 | 0,422 | |
| Aanvaarding | 12,780 | 5,880 | 15,242 | 6,573 | -2,217 | 0,027 | 0,375 |
| Mobiliteit | 6,061 | 4,068 | 5,536 | 3,338 | 0,880 | 0,380 | |
| Polver | 33,037 | 17,358 | 45,411 | 18,902 | -3,854 | 0,000 | 0,655 |

Tabel 7.22 toon dat respondente wat 'n politieke affiliasie met die etniese groep verkies, polities meer konserwatief is en meer bedreig voel as respondente wat 'n meer kultureel-gebaseerde etniese identiteit geopenbaar. Eersgenoemde groep het ook die huidige politieke bestel as minder legitiem en stabiel ervaar as laasgenoemde groep en 'n meer negatiewe houding teenoor sosio-politieke verandering getoon. Respondente met 'n polities-gebaseerde identiteit het verder beduidend laer opvoedkundige kwalifikasies gehad, en was meer geneig om van aktiewe hantering, en veral van konfrontasie gebruik te maak, en minder van aanvaarding. Met die uitsondering van aanvaarding het die t-waardes meesal 'n medium effekgrootte in terme van Cohen se kriterium getoon, of net onder die afsnypunt van 0,5 geval.

### 7.4.3 Selfkategorisering as Afrikaner

Die meerderheid respondente het spontaan hul etniese groep as een van hul vernaamste identiteitsgroepe genoem. Hierdie groep is vervolgens vergelyk met die groep wat dit nie genoem het nie. Die resultate van hierdie vergelyking word in tabel 7.23 gerapporteer.

**TABEL 7.23** **Verskille tussen subgroepe met selfkategorisering as Afrikaner as verdeler**

| Veranderlike | Afrikaner nie genoem (n = 61) | | Afrikaner genoem (n = 123) | | t | p | d |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | $\bar{x}$ | s.a | $\bar{x}$ | s.a | | | |
| Oud | 37,508 | 17,031 | 41,129 | 16,708 | -1,379 | 0,170 | |
| Inkomste | 3,836 | 2,564 | 3,927 | 2,523 | -0,229 | 0,819 | |
| Kwal | 7,032 | 1,483 | 7,146 | 1,957 | -0,400 | 0,690 | |
| Iden | 8,770 | 3,068 | 10,008 | 1,849 | -3,403 | 0,001 | 0,404 |
| Polkons | 7,617 | 2,585 | 8,320 | 2,239 | -1,891 | 0,060 | |
| Status | 3,295 | 2,451 | 3,488 | 2,765 | -0,462 | 0,645 | |
| Mag | 4,197 | 11,207 | 3,040 | 2,430 | 1,096 | 0,275 | |
| Legitimiteit | 4,254 | 3,027 | 4,465 | 2,996 | -0,437 | 0,663 | |
| Stabiliteit | 3,361 | 2,769 | 3,081 | 2,205 | 0,741 | 0,459 | |
| Etnid | 48,844 | 9,863 | 52,398 | 7,065 | -2,803 | 0,005 | 0,360 |
| PSK | 50,746 | 8,071 | 52,626 | 6,734 | -1,667 | 0,097 | |
| KSK | 64,483 | 15,895 | 72,126 | 13,941 | -3,339 | 0,001 | 0,481 |
| KSK 1 | 17,746 | 4,702 | 19,487 | 3,652 | -2,761 | 0,006 | 0,370 |
| KSK 2 | 19,204 | 4,620 | 20,817 | 3986 | -2,448 | 0,015 | |
| KSK 3 | 14,336 | 4,841 | 15,500 | 5,250 | -1,452 | 0,148 | |
| KSK 4 | 13,196 | 4,530 | 16,321 | 5,178 | -4,011 | 0,000 | 0,603 |
| Bedr | 76,139 | 12,550 | 75,593 | 11,911 | 0,261 | 0,794 | |
| Bedr: Wels | 38,123 | 8,550 | 39,344 | 7,752 | -0,097 | 0,333 | |
| Bedr:EV | 17,163 | 7,012 | 14,491 | 6,951 | 2,444 | 0,015 | 0,381 |
| Aktief | 42,283 | 11,104 | 48,016 | 10,150 | -3,466 | 0,001 | 0,516 |
| Bemind | 16,767 | 5,222 | 19,524 | 6,678 | -2,806 | 0,006 | 0,413 |
| Konfr | 17,352 | 4,854 | 19,066 | 3,873 | -2,582 | 0,011 | 0,353 |
| Aanvaarding | 16,000 | 6,694 | 13,557 | 6,058 | 2,473 | 0,014 | 0,365 |
| Polver | 45,983 | 21,355 | 39,983 | 16,905 | 2,038 | 0,043 | |

Soos blyk uit tabel 7.23, het respondente wat "Afrikaner" as een van hul vyf belangrikste groeplidmaatskappe benoem het, soos verwag kon word, ook sterker met dié groep geïdentifiseer en 'n meer positiewe kollektiewe selfkonsep gehad. Ten opsigte van spesifieke aspekte van bedreiging het respondente wat "Afrikaner" as een van hul vernaamste identiteite benoem het, 'n laer telling op die eiesoortige voortbestaanfaktor behaal, wat impliseer dat hulle minder van 'n bedreiging ten opsigte van hierdie dimensie ervaar. Hulle het ook tot 'n groter mate van beide konfrontasie en bemindmaking as aktiewe hanteringstrategieë gebruik gemaak in vergelyking met diegene wat nie Afrikanerskap genoem het nie.

In terme van Cohen se kriterium het die groepe veral verskil ten opsigte van openbare kollektiewe selfkonsep en die gebruik van aktiewe strategieë. Individue wat die Afrikaner as prominente identiteitsgroep benoem het, het die persepsie van ander groepe ten opsigte van die binnegroep meer positief geëvalueer en tot 'n groter mate van aktiewe hanteringstrategieë gebruik gemaak as die kontrasgroep.

### 7.4.4 Persoonlike selfkonsep

Wat persoonlike selfkonsep betref, is dié kontinue veranderlike in 'n digotome veranderlike omskep deur twee kontrasgroepe te skep, om redes soos hierbo uiteengesit. Die 30ste en 70ste persentiele, te wete 50 en 57, is as afsnypunte gebruik om kontrasgroepe met 'n "positiewe" en "negatiewe" selfkonsep te skep (n = 63 en 71 onderskeidelik). Die twee groepe is vervolgens vergelyk ten opsigte van hul tellings op 'n aantal veranderlikes. Die resultate van hierdie vergelyking word in tabel 7.24 gerapporteer.

**TABEL 7.24** **Verskille tussen subgroepe met persoonlike selfkonsep as verdeler**

| Veranderlike | Onder $P_{30}$ (n=71) | | Bo $P_{70}$ (n = 63) | | t | p | d |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | $\bar{x}$ | s.a | $\bar{x}$ | s.a | | | |
| Ouderdom | 34,410 | 17,666 | 41,300 | 16,573 | -2,231 | 0,027 | 0,390 |
| Kwalifikasie | 6,718 | 1,456 | 7,571 | 2,061 | -2,791 | 0,006 | 0,414 |
| Iden | 9,197 | 2,169 | 9,492 | 2,884 | -0,673 | 0,502 | |
| Polkons | 7,429 | 2,369 | 8,129 | 2,308 | -1,716 | 0,088 | |
| Status | 3,423 | 2,400 | 3,333 | 2,782 | 0,199 | 0,842 | |
| Mag | 4,056 | 10,418 | 3,000 | 2,621 | 0,782 | 0,435 | |
| Legitimiteit | 4,537 | 2,856 | 5,140 | 3,472 | -1,061 | 0,291 | |
| Stabiliteit | 3,243 | 2,386 | 3,429 | 2,632 | -0,427 | 0,670 | |
| Etnid | 47,965 | 8,282 | 52,063 | 8,343 | -2,849 | 0,005 | 0,491 |
| KSK | 62,514 | 12,906 | 71,857 | 18,515 | -3,418 | 0,001 | 0,505 |
| KSK 1 | 16,761 | 3,933 | 19,690 | 4,350 | -4,094 | 0,000 | 0,673 |
| KSK 2 | 18,028 | 4,174 | 21,571 | 7,922 | -3,290 | 0,001 | 0,447 |
| KSK 3 | 13,627 | 4,580 | 15,309 | 5,630 | -1,906 | 0,059 | |
| KSK 4 | 14,099 | 4,676 | 15,286 | 5,706 | -1,323 | 0,188 | |
| Bedr | 79,394 | 13,254 | 74,548 | 15,645 | 1,941 | 0,054 | |
| Bedr:Wels | 41,043 | 8,165 | 37,484 | 9,367 | 2,340 | 0,021 | 0,380 |
| Bedr: EV | 17,793 | 6,048 | 15,373 | 7,828 | 2,005 | 0,047 | 0,310 |
| Aktief | 42,742 | 9,884 | 46,901 | 13,693 | -2,010 | 0,046 | 0,304 |
| Bemind | 16,549 | 4,557 | 19,677 | 9,118 | -2,550 | 0,012 | 0,343 |
| Konfr | 17,428 | 4,415 | 18,492 | 4,777 | -1,329 | 0,186 | |
| Vermyding | 19,450 | 5,983 | 16,603 | 6,114 | 2,721 | 0,007 | 0,466 |
| Aanvaarding | 17,232 | 6,747 | 13,468 | 6,645 | 3,232 | 0,001 | 0,558 |
| Mobiliteit | 6,492 | 3,553 | 5,000 | 3,233 | 2,532 | 0,013 | 0,420 |
| Polver | 45,243 | 18,767 | 41,927 | 20,430 | 0,971 | 0,333 | |

Tabel 7.24 toon dat individue wat 'n negatiewe selfkonsep openbaar het, oor die algemeen jonger was en ook laer opvoedkundige kwalifikasies gehad het as diegene met 'n meer positiewe selfkonsep. Opvallend is die bevinding dat eersgenoemde groep ook laer etniese identifikasie getoon het en 'n meer negatiewe kollektiewe selfkonsep openbaar het. Hulle het ook meer bedreig gevoel ten opsigte van beide die dimensies van bedreiging, alhoewel hierdie verskille 'n klein effekgrootte in terme van Cohen se kriteria verteenwoordig. Diegene met lae tellings ten opsigte van persoonlike selfkonsep was ook meer geneig om aanvaarding, vermyding en mobiliteit as hanteringstrategieë te gebruik terwyl die positiewe kontrasgroep meer van aktiewe strategieë, en veral bemindmaking gebruik sou maak. Die verskil tussen die groepe was veral groot ten opsigte van die meer passiewe strategieë.

## 7.5 INTERKORRELASIES TUSSEN VERANDERLIKES

Die onderlinge korrelasies tussen die veranderlikes is bereken deur middel van Pearson se produkmoment-korrelasiekoëffisiënt. Die interkorrelasies word in tabel 7.25 gerapporteer. Slegs korrelasies wat 'n medium tot groot effekgrootte het in terme van Cohen (1988:83) se kriterium vir praktiese betekenisvolheid sal bespreek word.

## TABEL 7.25 Interkorrelasiematriks

| | OUD | INK | KWAL | IDEN | KONS | STAT | MAG | LEGI | STAB | ETID | PSK | KSK | KSK1 | KSK2 | KSK3 | KSK4 | BEDR | WELS | EV | AKT | BEMI | KONF | VERM | AANV | MOB | POLV |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **OUD** | 1 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| **INK** | 0.19 | 1 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| **KWAL** | 0.04 | **0.30** | 1 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| **IDEN** | 0.17 | 0.01 | -0.12 | 1 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| **KONS** | 0.22 | -0.09 | -0.16 | 0.29 | 1 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| **STAT** | -0.04 | -0.09 | -0.11 | -0.04 | -0.18 | 1 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| **MAG** | -0.15 | 0.03 | -0.13 | -0.09 | -0.07 | **0.36** | 1 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| **LEGI** | -0.02 | 0.09 | 0.15 | -0.24 | **-0.31** | **0.40** | 0.21 | 1 | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| **STAB** | -0.07 | 0.09 | 0.17 | -0.28 | **-0.30** | **0.36** | 0.24 | **0.60** | 1 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| **ETID** | 0.21 | -0.09 | -0.16 | **0.87** | **0.41** | -0.05 | -0.14 | -0.22 | -0.26 | 1 | | | | | | | | | | | | | | | | |
| **PSK** | 0.14 | 0.01 | 0.18 | 0.02 | 0.12 | 0 | -0.03 | 0.05 | 0.07 | 0.17 | 1 | | | | | | | | | | | | | | | |
| **KSK** | 0.29 | -0.03 | -0.05 | **0.57** | **0.39** | 0.01 | -0.08 | -0.17 | -0.16 | **0.76** | **0.30** | 1 | | | | | | | | | | | | | | |
| **KSK1** | **0.33** | -0.08 | -0.09 | **0.57** | **0.43** | -0.12 | -0.12 | -0.24 | **-0.31** | **0.75** | **0.30** | 0.81 | 1 | | | | | | | | | | | | | |
| **KSK2** | 0.26 | -0.03 | -0.09 | **0.47** | 0.25 | 0 | -0.09 | -0.13 | -0.13 | **0.64** | 0.24 | 0.83 | 0.64 | 1 | | | | | | | | | | | | |
| **KSK3** | 0.19 | 0.08 | 0.10 | **0.31** | 0.19 | 0.14 | 0.03 | -0.02 | 0.01 | **0.42** | 0.24 | 0.71 | 0.37 | 0.42 | 1 | | | | | | | | | | | |
| **KSK4** | 0.16 | 0.08 | -0.07 | **0.48** | **0.38** | -0.01 | -0.09 | -0.17 | -0.11 | **0.61** | 0.18 | 0.80 | 0.60 | 0.52 | 0.41 | 1 | | | | | | | | | | |
| **BEDR** | -0.16 | -0.01 | -0.12 | -0.28 | -0.05 | -0.21 | 0.01 | -0.13 | -0.12 | **-0.38** | **-0.30** | **-0.56** | **-0.35** | **-0.41** | **-0.62** | **-0.37** | 1 | | | | | | | | | |
| **WELS** | -0.07 | 0.08 | -0.22 | 0.01 | 0.17 | -0.25 | -0.04 | -0.25 | -0.26 | 0 | -0.23 | 0.21 | -0.01 | 0.13 | -0.40 | -0.09 | 0.84 | 1 | | | | | | | | |
| **EV** | -0.20 | 0.08 | 0.05 | **-0.49** | -0.29 | -0.09 | 0.07 | 0.07 | 0.10 | **-0.67** | -0,25 | **-0.74** | **-0.60** | **-0.56** | **-0.62** | **-0.55** | 0.77 | 0.29 | 1 | | | | | | | |
| **AKT** | 0.25 | -0.13 | -0.19 | **0.51** | **0.40** | -0.06 | -0.13 | **-0.30** | -0.28 | **0.66** | 0.17 | **0.63** | **0.67** | **0.52** | **0.31** | **0.52** | -0.27 | 0.12 | **-0.61** | 1 | | | | | | |
| **BEMI** | 0.26 | -0.13 | -0.09 | **0.36** | **0.30** | -0.02 | -0.10 | -0.20 | -0.16 | **0.52** | 0.21 | **0.57** | **0.58** | **0.45** | **0.34** | **0.43** | **-0.33** | -0.04 | **-0.54** | 0.89 | 1 | | | | | |
| **KONF** | 0.16 | 0.10 | -0.28 | **0.51** | **0.44** | -0.12 | -0.15 | **-0.36** | -0.38 | **0.62** | 0.08 | **0.50** | **0.58** | **0.41** | 0.12 | **0.48** | -0.08 | 0.28 | **-0.46** | 0.83 | 0.55 | 1 | | | | |
| **VERM** | -0.05 | -0.05 | -0.13 | **-0.30** | -0.27 | 0.17 | 0.11 | 0.20 | 0.16 | **-0.38** | -0.17 | **-0.37** | **-0.44** | -0.27 | -0.17 | **-0.33** | 0.13 | -0.05 | 0.29 | -0.30 | -0.24 | -0.31 | 1 | | | |
| **AANV** | -0.24 | 0.06 | 0.07 | **-0.51** | **-0.41** | 0.14 | 0.19 | **0.37** | 0.37 | **-0.66** | -0.22 | **-0.64** | **-0.67** | **-0.53** | **-0.34** | **-0.51** | **0.39** | **0.04** | **0.61** | -0.70 | -0.59 | -0.65 | 0.41 | 1 | | |
| **MOB** | -0.22 | 0.19 | 0.16 | -0.24 | -0.23 | -0.15 | 0.04 | 0.02 | -0.06 | -0.27 | -0.19 | **-0.38** | -0.21 | -0.26 | **-0.33** | **-0.37** | **0.42** | **0.32** | **0.37** | -0.22 | -0.22 | -0.15 | 0.12 | 0.27 | 1 | |
| **POLV** | -0.09 | 0.16 | 0.25 | **-0.44** | **-0.57** | 0.26 | 0.15 | **0.46** | **0.57** | **-0.51** | -0.05 | **-0.39** | **-0.47** | **-0.30** | -0.07 | **-0.41** | 0.03 | -0.26 | **0.36** | **-0.55** | **-0.35** | **-0.66** | **0.32** | **0.64** | 0.15 | 1 |

| | |
|---|---|
| (wit) | Medium effekgrootte |
| (geskakeer) | Groot effekgrootte |

Let wel: Die effekgrootte van interkorrelasies tussen subskale van dieselfde skaal is nie deur skakering aangedui nie.

### 7.5.1 Biografiese besonderhede

Wat biografiese besonderhede betref, is dit opvallend dat geeneen van die biografiese veranderlikes beduidend met van die ander veranderlikes verband gehou het nie. Daar was wel 'n neiging vir ouer respondente om 'n meer positiewe kollektiewe selfkonsep te openbaar, maar die korrelasie was nie besonder sterk nie ( r = 0,33). Daar was verder ook 'n matig positiewe korrelasie tussen kwalifikasie en inkomste ( r = 0,30).

### 7.5.2 Politieke konserwatisme

Politieke konserwatisme het positief met beide etniese identiteit ( r = 0,41) en kollektiewe selfkonsep ( r = 0,39) gekorreleer, veral met die private en identiteit-subskale ( r = 0,43 en 0,38 onderskeidelik). Meer konserwatiewe individue het sterker met die etniese groep geïdentifiseer, en hulle het ook die etniese groep meer positief geëvalueer as meer liberale individue. Die veranderlike toon ook negatiewe korrelasies met die beoordeling van die waargenome legitimiteit ( r = -0,31) en stabiliteit ( r = -0,30) van die politieke bestel. Ten opsigte van hanteringstrategieë was individue wat polities meer konserwatief is, meer geneig om van aktiewe strategieë gebruik te maak ( r = 0,40), in die vorm van bemindmaking ( r = 0,30), maar veral konfrontasie ( r = 0,44). Minder konserwatiewe individue sou meer van aanvaarding gebruik maak ( r = -0,41). Politieke konserwatisme het, soos verwag kan word, ook verband gehou met negatiewe houdings teenoor politieke verandering ( r = 0,57).

### 7.5.3 Waargenome verandering in status en mag

Die waargenome verandering in status van die Afrikaner het positief met die beoordeling van die waargenome legitimiteit ( r = 0, 40) en stabiliteit ( r = 0,36) van die politieke bestel gekorreleer. Hoe laer die huidige status van die groep relatief tot voor die 1994-verkiesing ervaar is, hoe meer onlegitiem en onstabiel is die politieke bestel dus beoordeel. Die waargenome verandering in mag het egter nie so sterk met

dieselfde veranderlikes gekorreleer nie. Dit wil voorkom of respondente die status van die Afrikaner tot 'n groter mate aan die politieke bestel in die land gekoppel het as die mag van die groep. Die korrelasie tussen die waargenome status en mag van die groep was 0,36. Hoewel status- en magsverhoudings redelik sterk gekoppel word in die SIT, wil dit voorkom of dit in hierdie steekproef tog tot 'n mate van mekaar onderskei word.

### 7.5.4 Waargenome stabiliteit en legitimiteit van die politieke bestel

Daar was 'n sterk korrelasie tussen die waargenome legitimiteit en stabiliteit van die politieke bestel ( r = 0,60). Die twee veranderlikes het ook oor die algemeen met dieselfde ander veranderlikes gekorreleer. Beide die waargenome stabiliteit en legitimiteit van die politieke bestel het negatief gekorreleer met die gebruik van konfrontasie as hanteringstrategie ( r = -0,38 en -0,36 onderskeidelik). Dit impliseer dat konfrontasie gebruik word tot dié mate wat die huidige politieke bestel as onlegitiem en onstabiel beoordeel word. Die omgekeerde verband het in die geval van aanvaarding as strategie gegeld ( r = 0,37 in beide gevalle). Soos verwag kon word, het beide veranderlikes sterk positiewe korrelasies getoon met die houding teenoor politieke verandering ( r = 0,46 en 0,57 onderskeidelik) wat toon dat 'n negatiewe houding teenoor politieke verandering gepaard gaan met persepsies van onlegitimiteit en onstabiliteit van die politieke bestel.

### 7.5.5 Sterkte van etniese identifikasie

Etniese identifikasie het, soos verwag kon word, sterk positief met kollektiewe selfkonsep gekorreleer ( r = 0,76). Identifikasie met die groep en 'n positiewe evaluering van die groep hou dus met mekaar verband. Etniese identifikasie het verder negatief gekorreleer met die ervaring van bedreiging ( r = -0,38) , maar veral met die ervaring van 'n bedreiging vir eiesoortige voortbestaan ( r=-0,67). Wat hanteringstrategieë betref, was individue met 'n sterk etniese identifikasie geneig om meer van aktiewe strategieë gebruik te maak ( r = 0,66), beide in die vorm van

bemindmaking ( r = 0,52) en konfrontasie ( r = 0,62), en minder van die meer passiewe strategieë soos aanvaarding ( r = -0,66) en vermyding ( r = -0,38). Sterk etniese identifikasie het ook verband gehou met negatiewe houdings teenoor politieke verandering ( r = -0,51). Dieselfde patroon van korrelasies is gevind met betrekking tot die mate waartoe individue hulle met die begrip "Afrikaner" assosieer.

### 7.5.6 Kollektiewe selfkonsep

Tellings op die kollektiewe selfkonsepskaal het sterk korrelasies getoon met die meeste ander veranderlikes in die vraelys. Dit het eerstens sterk positief gekorreleer met die sterkte van etniese identifikasie ( r = 0,76) en die mate van identifikasie met die begrip "Afrikaner" ( r = 0,57). Dit het voorts sterk negatief met die totaaltelling op die bedreigingskaal gekorreleer ( r = -0,56). 'n Positiewe kollektiewe selfkonsep het dus met laer vlakke van bedreiging gepaard gegaan. Dié korrelasie was egter hoofsaaklik te wyte aan die sterk negatiewe korrelasie met die ervaring van 'n bedreiging vir eiesoortige voortbestaan ( r = - 0,74). 'n Positiewe evaluering van die eie groep het dus gepaard gegaan met 'n oortuiging dat die onderskeibare identiteit van die groep sal voortbestaan. Kollektiewe selfkonsep het nie beduidend gekorreleer met die ervaring van 'n bedreiging vir welstand nie. Daar was 'n matig positiewe korrelasie tussen politieke konserwatisme en kollektiewe selfkonsep ( r = 0,39).

Ten opsigte van hanteringstrategieë was daar 'n duidelike patroon van korrelasies te bespeur, waar positiewe kollektiewe selfkonsep gepaard gegaan het met die gebruik van aktiewe strategieë ( r = 0,63; 0,57 en 0,50 vir aktiewe hantering, bemindmaking en konfrontasie onderskeidelik) en negatief verband gehou het met meer passiewe strategieë ( r = -0,37; - 0,64 en -0,38 vir vermyding, aanvaarding en mobiliteit).

Wat die subskale van kollektiewe selfkonsep betref, het die skale oor die algemeen ewe sterk korrelasies getoon met die veranderlikes waarmee die totaaltelling gekorreleer het. Ten opsigte van 'n aantal veranderlikes het die openbare subskaal egter 'n aansienlik sterker of swakker korrelasie as die ander subskale getoon. Met

betrekking tot bedreiging het die openbare subskaal byvoorbeeld sterker met die ervaring van bedreiging gekorreleer as die ander subskale. Hierdie tendens was veral duidelik in die ervaring van 'n bedreiging vir welstand ( r= -0,40 teenoor 0,01 ; 0,13 en -0,09 onderskeidelik vir die ander subskale) maar nie vir eiesoortige voortbestaan nie. Hoe meer negatief respondente dus ander groepe se evaluering van die eie groep beoordeel het, hoe meer negatief was hul belewing van hul welstand as Afrikaners in die post-Apartheid politieke bedeling. Die groep se belewenis van hul welstand het dus saamgehang met hoe ander groepe die binnegroep evalueer.

Oor die algemeen het die openbare subskaal minder sterk met al die hanteringstrategieë gekorreleer as die ander subskale. In die geval van konfrontasie was daar byvoorbeeld slegs 'n korrelasie van 0,12 met openbare kollektiewe selfkonsep, terwyl korrelasies met die ander drie subskale gewissel het van 0,41 tot 0,57. Dit wil voorkom of die waargenome beoordeling van ander groepe ten opsigte van die binnegroep tot 'n groter mate verband hou met die ervaring van bedreiging as met die keuse van hanteringstrategieë.

### 7.5.7 Bedreiging

Die totaaltelling van respondente op die bedreigingskaal het 'n negatiewe korrelasie getoon met etniese identifikasie (r = -0,38), sowel as kollektiewe selfkonsep ( r = -0,56). Individue wat sterk met hul etniese groep identifiseer en die groep oor die algemeen positief evalueer, het dus minder bedreig gevoel. Die korrelasie van die totaaltelling op die bedreigingskaal was veral sterk met die openbare subskaal van die kollektiewe selfkonsepskaal ( r = -0,62) wat impliseer dat, hoe meer negatief respondente ander groepe se evaluering van die Afrikaner beoordeel het, hoe meer bedreig het hulle gevoel. Individue wat besonder bedreig gevoel het, was ook geneig om meer van aanvaarding ( r = 0,39) en mobiliteit ( r = 0,42), en minder van bemindmaking ( r = -0,33) as hanteringstrategieë gebruik te maak.

Wanneer die interkorrelasies van die subskale van bedreiging met ander veranderlikes van naderby ondersoek word, blyk dit dat die korrelasie van die totaaltelling van die skaal soms 'n valse beeld skep, aangesien die twee subskale dikwels in teenoorgestelde rigtings met ander veranderlikes korreleer. Die korrelasies met die totaaltelling moet dus met omsigtigheid geïnterpreteer word en die bydrae van die onderskeie subskale in ag geneem word.

Die eiesoortige voortbestaanfaktor het negatief gekorreleer met die mate van identifikasie met die begrip "Afrikaner" ( r = -0,49), die sterkte van etniese identifikasie ( r = -0,67), en kollektiewe selfkonsep ( r = -0,74). Dit impliseer dat individue met 'n sterk etniese identifikasie en positiewe kollektiewe selfkonsep tot 'n mindere mate bedreig gevoel het ten opsigte van hierdie dimensie. Dit het ook sterk negatief verband gehou met die gebruik van aktiewe hanteringstrategieë ( r = -0,61), beide in die vorm van bemindmaking ( r = -0,54) en konfrontasie ( r = -0,46). Dit het dienooreenkomstig positief gekorreleer met aanvaarding ( r = 0,61), vermyding ( r = 0,37) en mobiliteit ( r = 0,36). Die ervaring van 'n bedreiging vir die eiesoortige voortbestaan van die groep het dus skynbaar 'n verlammende effek op individue wat tot meer passiewe hanteringstrategieë lei. In vergelyking met die eiesoortige voortbestaanfaktor, het die welstandfaktor oor die algemeen laer korrelasies met ander veranderlikes getoon, behalwe in die geval van die openbare subskaal van kollektiewe selfkonsep, waar daar 'n negatiewe korrelasie van -0,40 was. Die persepsie van 'n negatiewe beoordeling deur buitegroepe het dus verband gehou met 'n bedreiging vir welstand.

### 7.5.8 Hanteringstrategieë

Aktiewe hantering het positief gekorreleer met die mate van identifikasie met die begrip "Afrikaner" (r = 0,51), asook die sterkte van etniese identifikasie (r = 0,66). Dit het verder 'n positiewe verband getoon met kollektiewe selfkonsep ( r = 0,63) en politieke konserwatisme ( r = 0,40), en 'n negatiewe verband met die houding teenoor politieke verandering ( r = -0,55). Daar was 'n negatiewe korrelasie tussen aktiewe

hantering en die beoordeling van die legitimiteit van die politieke bestel (r= -0,30) asook die ervaring van 'n bedreiging vir die eiesoortige voortbestaan van identiteit (r= -0,61). Die gebruik van aktiewe hanteringstrategieë het dus saamgehang met sterker etniese identifikasie, 'n positiewe kollektiewe selfkonsep en politieke konserwatisme. Dit het verder gepaard gegaan met negatiewe houdings teenoor politieke verandering, persepsies van onlegitimiteit van die politieke bedeling en die afwesigheid van 'n bedreiging vir die eiesoortige voortbestaan van die groep.

Binne aktiewe hantering kon twee strategieë onderskei word, naamlik konfrontasie en bemindmaking. Die twee strategieë het uiteraard min of meer met dieselfde veranderlikes verband gehou as die gesamentlike faktor, met enkele opvallende uitsonderings. Ten opsigte van die bedreigingskaal, het beide strategieë sterk negatief met die ervaring van 'n bedreiging vir eiesoortige voortbestaan gekorreleer ( r = -0,54; -0,46). Bemindmaking het egter heelwat sterker met die totaaltelling op die bedreigingskaal gekorreleer as konfrontasie ( r = -0,33 teenoor -0,08). Konfrontasie het weer sterker met die ervaring van 'n bedreiging vir welstand gekorreleer relatief tot bemindmaking ( r = 0,28 teenoor -0,04). Die ervaring van 'n bedreiging vir welstand as groeplid, tesame met die oortuiging dat die groep 'n eiesoortige voortbestaan sal handhaaf, sou dus die gebruik van konfrontasie fasiliteer. Konfrontasie is trouens een van die enigste veranderlikes wat 'n redelike sterk korrelasie toon met beide skale van die bedreigingskaal, maar die korrelasies is in die teenoorgestelde rigting.

Konfrontasie het ook sterker verband gehou met die beoordeling van die stabiliteit van die politieke bestel as bemindmaking ( r = -0,38 teenoor -0,16). 'n Verdere verskil tussen die twee strategieë lê in die korrelasies met die openbare subskaal van die kollektiewe selfkonsepskaal. Alhoewel beide strategieë sterk met die ander drie subskale van kollektiewe selfkonsep gekorreleer het, het bemindmaking 'n korrelasie van 0,34 met die openbare subskaal getoon, terwyl die korrelasie met konfrontasie slegs 0,12 was. Die persepsie van 'n positiewe beoordeling deur buitegroepe hou dus verband met die groter gebruik van bemindmaking as hanteringstrategie.

Individue wat aanvaarding as strategie gebruik, was geneig om minder sterk te identifiseer met die begrip "Afrikaner" ( r =-0,54), en het dus ook laer etniese identifikasie (r = -0,66) openbaar. Hulle was polities meer liberaal ( r = -0,41) en het die legitimiteit ( r = 0,37) en stabiliteit ( r = 0,37) van die politieke bestel meer positief beoordeel. Die strategie het ook sterk verband gehou met die houding teenoor politieke veranderinge ( r = 0,64). Hoe meer positief die sosio-politieke veranderinge beleef is, hoe meer is daar van aanvaarding gebruik gemaak. Aanvaarding het sterk negatief gekorreleer met kollektiewe selfkonsep ( r = -0,66), asook drie van die subskale, maar minder sterk met die openbare subskaal. 'n Meer negatiewe evaluering van die Afrikaner as binnegroep het dus met aanvaarding as hanteringstrategie verband gehou. Aanvaarding het verder sterk positief verband gehou met bedreiging as geheel ( r = 0,39), maar veral met die ervaring van 'n bedreiging vir eiesoortige voortbestaan ( r = 0,61).

Dieselfde patroon as dié van aanvaarding is by die vermydingsubskaal gevind. Dit het negatief gekorreleer met die mate van identifikasie met die begrip "Afrikaner" (r =-0,30), die sterkte van etniese identifikasie (r = -0,38), asook kollektiewe selfkonsep ( r =-0,37). Wat laasgenoemde veranderlike bedtref, het vermyding veral met die lidmaatskap ( r = -0,44) en identiteit subskale gekorreleer ( r = -0,33), maar minder sterk met die openbare en private subskale. Dit het positief gekorreleer met die houding teenoor politieke verandering ( r =0,32), wat impliseer dat individue wat 'n negatiewe houding teenoor politieke verandering huldig, minder geneig sal wees om vermyding as strategie te gebruik.

Mobiliteit as hanteringstrategie het betekenisvol negatief gekorreleer met kollektiewe selfkonsep ( r = -0,38), veral met die openbare ( r = -0,33) en identiteit ( r = -0,37) subskale. Die strategie het verder positief gekorreleer met die ervaring van bedreiging vir welstand ( r = 0,32) en eiesoortige voortbestaan ( r = 0,37), asook bedreiging as geheel ( r = 0,42). Individue wat besonder bedreig voel, hul etniese groep redelik negatief evalueer, asook ander groepe se persepsie van die eie groep as negatief beskou, sou dus meer geneig wees om van fisiese mobiliteit as hanteringstrategie

gebruik te maak. Dit is interessant dat dié strategie die enigste is wat nie sterk met die houding teenoor politieke verandering gekorreleer het nie, terwyl daar op logiese gronde verwag kon word dat dit sou korreleer. Dit is ook die enigste hanteringstrategie wat bykans ewe sterk met beide skale van die bedreigingskaal korreleer.

### 7.5.9 Houding teenoor politieke verandering

Respondente se houding teenoor politieke veranderinge het met 'n aantal ander veranderlikes in die studie verband gehou. Dit het negatiewe korrelasies getoon met die sterkte van etniese identifikasie ( r = -0,51) en die mate van identifikasie met die begrip "Afrikaner" ( r = -0,44), wat impliseer dat sterker etniese identifikasie gepaard gaan met meer negatiewe houdings teenoor politieke verandering. Meer polities konserwatiewe individue het die politieke veranderinge ook meer negatief beleef (r = -0,57). Positiewe houdings teenoor politieke verandering het verder, soos verwag kon word, verband gehou met groter waargenome legitimiteit (r=0,46) en stabiliteit (r = 0,57) van die politieke bestel. Die houding teenoor politieke verandering het ook positief gekorreleer met die ervaring van bedreiging vir eiesoortige voortbestaan ( r = 0,36) maar negatief met die ervaring vir 'n bedreiging vir welstand ( r = -0,26). Dit impliseer dat individue wat 'n positiewe houding teenoor die politieke veranderinge het, 'n groter bedreiging vir die eiesoortige voortbestaan van identiteit ervaar, maar 'n meer positiewe ervaring van Afrikanerwees in Suid-Afrika het. Wat hanteringstrategieë betref, was individue met 'n meer positiewe houding teenoor politieke verandering geneig om van meer passiewe hanteringstrategieë soos aanvaarding ( r= 0,64) en vermyding ( r = 0,32) gebruik te maak, maar minder van aktiewe strategieë ( r = -0,55), en veral van bemindmaking ( r = -0,66).

### 7.5.10 Oorvleueling van self- en groepeienskappe

Soos reeds genoem het hierdie skaal nie sterk gefigureer in enige van die ander ontledings nie. Daar was egter wel 'n aantal matige korrelasies in die verwagte rigting wat nie in tabel 7.25 aangedui word nie. Die absolute waarde van die verskil in beoordelings van die self en die groep het negatief gekorreleer met etniese identiteit ( $r = -0{,}21$), kollektiewe selfkonsep ( $r = -0{,}21$) en die lidmaatskap-subskaal van die kollektiewe selfkonsepskaal ( $r = -0{,}21$). Aangesien 'n lae verskiltelling dui op 'n groot mate van oorvleueling van self- en groepeienskappe, is hierdie korrelasies in die verwagte rigting, naamlik dat 'n lae verskiltelling saamgaan met sterker etniese identifikasie en 'n meer positiewe selfkonsep. Die korrelasies voldoen egter nie aan Cohen (1988:83) se kriterium vir praktiese betekenisvolheid nie.

## 7.6 MEERVOUDIGE REGRESSIEONTLEDING

Die resultate van die stapsgewyse meervoudige regressieontledings word vervolgens gerapporteer. Al die veranderlikes is om die beurt as afhanklike veranderlikes beskou. Veranderlikes met 'n oorskrydingswaarskynlikheid van kleiner as 0,05 is in die modelle ingesluit, waarna verdere ontledings gestaak is.

### 7.6.1 Identifikasie met die begrip "Afrikaner"

Die resultate van die stapsgewyse meervoudige regressieontleding met hierdie enkelitemveranderlike as afhanklike veranderlike word in tabel 7.26 gerapporteer.

**TABEL 7.26** **Resultate van stapsgewyse meervoudige regressieontleding met die mate van identifikasie met die begrip "Afrikaner" as afhanklike veranderlike**

| Voorspeller | Beta | Std Fout | R | $R^2$ | t | p |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Etnid# | 0,437 | 0,081 | 0,665 | 0,442 | 5,382 | 0,000 |
| Konfrontasie | 0,102 | 0,075 | 0,678 | 0,459 | 1,368 | 0,010 |
| R= 0,678; $R^2$ = 0,459; Aangepaste $R^2$ = 0,454; F (2,206)=87,573; p < 0,000 | | | | | | |

# Nota: Afkortings van veranderlikes: Gerieflikheidshalwe word die afkortings van veranderlikes weer hieronder aangegee:

| | |
|---|---|
| Ouderdom: | Oud |
| Inkomste: | Ink |
| Kwalifikasie: | Kwal |
| Identifikasie met begrip "Afrikaner": | Iden |
| Politieke konserwatisme: | Polkons |
| Verandering in status: | Status |
| Verandering in mag: | Mag |
| Waargenome legitimiteit: | Legit |
| Waargenome stabiliteit: | Stab |
| Politieke versus kulturele identiteit: | Polkul |
| Etniese identifikasie: | Etnid |
| Persoonlike selfkonsep: | PSK |
| Kollektiewe selfkonsep (totaaltelling): | KSK |

| | |
|---|---|
| Subskale van Kollektiewe Selfkonsep: | |
| KSK 1, KSK 2, KSK 3, en KSK 4 | |
| Bedreiging (totaaltelling): | Bedr |
| Bedreiging vir welstand: | Bedr:Wels |
| Bedreiging vir eiesoortige voortbestaan: | Bedr:EV |
| Aktiewe hantering: | Aktief |
| Bemindmaking: | Bemind |
| Konfrontasie: | Konfr |
| Vermyding: | Vermy |
| Aanvaarding: | Aanv |
| Mobiliteit: | Mob |
| Houding teenoor politieke verandering: | Polver |

Soos blyk uit tabel 7.26, is die telling op die etniese identifikasieskaal een van die belangrikste voorspellers van die mate waartoe respondente met die begrip "Afrikaner" geïdentifiseer het. Die enigste ander veranderlike wat 'n betekenisvolle bydrae tot die variansie in dié skaal gelewer het, is konfrontasie. Hierdie twee veranderlikes het sowat 45% van die variansie in die afhanklike veranderlike verklaar. Alhoewel daar nog verskeie veranderlikes is wat 'n sterk produk-moment korrelasie met hierdie

veranderlike toon, is hulle nie in die model ingesluit nie. Die beginsel van kolineariteit kom waarskynlik hier ter sprake, waar etniese identiteit soveel variansie verklaar dat dit oorvleuel met die proporsie van variansie wat deur die ander veranderlikes verklaar sou kon word. Die veranderlike toon verder sterk korrelasies met bykans al die hanteringstrategieë, maar slegs konfrontasie is in die voorspellingsmodel ingetrek.

## 7.6.2 Sterkte van etniese identifikasie

Die resultate van die regressieontleding met die telling op Brown *et al.* (1986) se etniese identifikasieskaal word in tabel 7.27 gerapporteer.

**TABEL 7.27 Resultate van stapsgewyse meervoudige regressieontleding met sterkte van etniese identifikasie as afhanklike veranderlike**

| Voorspeller | Beta | Std Fout | R | $R^2$ | t | p |
|---|---|---|---|---|---|---|
| KSK | 0,257 | 0,078 | 0,760 | 0,578 | 3,284 | 0,001 |
| Iden | 0,220 | 0,048 | 0,811 | 0,657 | 4,565 | 0,000 |
| Konfrontasie | 0,140 | 0,052 | 0,834 | 0,695 | 2,662 | 0,008 |
| Bedr: EV | -0,297 | 0,083 | 0,841 | 0,707 | -3,551 | 0,000 |
| KSK 1 | 0,191 | 0,068 | 0,848 | 0,720 | 2,807 | 0,005 |
| Bedreiging | 0,131 | 0,068 | 0,851 | 0,725 | 1,924 | 0,055 |
| R = 0,851; $R^2$ = 0,725; Aangepaste $R^2$ = 0,717; F(6, 202) = 88,674; p < 0,000 | | | | | | |

Die kombinasie van veranderlikes in bostaande tabel verklaar sowat 71% van die variansie in die sterkte van etniese identifikasie. Kollektiewe selfkonsep is die belangrikste voorspeller van etniese identifikasie, terwyl die mate waartoe respondente met die begrip "Afrikaner" identifiseer, uiteraard ook 'n belangrike bydrae lewer. Verder is die telling op die lidmaatskap-subskaal van die kollektiewe selfkonsepskaal ook in die model ingetrek. Indien individue dus sou oordeel dat hulle goeie lede van

die groep is, voorspel dit ook sterk identifikasie met die groep. Individue wat van konfrontasie as hanteringstrategie gebruik maak, het ook sterker met hul etniese groep geïdentifiseer. 'n Hoë mate van bedreiging ten opsigte van die eiesoortige voortbestaan het gepaard gegaan met laer etniese identifikasie. Die totale bedreigingskaal het 'n negatiewe produk-moment korrelasie met etniese identifikasie getoon, maar 'n positiewe beta koëffisiënt getoon. Die bydrae van dié veranderlike tot die variansie in die sterkte van etniese identifikasie was egter bykans weglaatbaar.

### 7.6.3 Politieke konserwatisme

Tabel 7.28 toon die resultate van die regressieontledings ten opsigte van politieke konserwatisme aan.

**TABEL 7.28 Resultate van stapsgewyse meervoudige regressieontleding met politieke konserwatisme as afhanklike veranderlike**

| Voorspeller | Beta | Std Fout | R | $R^2$ | t | p |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Polver. | -0,461 | 0,068 | 0,577 | 0,332 | -6,827 | 0,000 |
| KSK 1 | 0,219 | 0,072 | 0,607 | 0,368 | 3,046 | 0,002 |
| Mobiliteit | -0,143 | 0,060 | 0,616 | 0,380 | -2,382 | 0,018 |
| Bedr: Wels | 0,170 | 0,065 | 0,625 | 0,391 | 2,624 | 0,009 |
| KSK 3 | 0,159 | 0,066 | 0,636 | 0,404 | 2,405 | 0,017 |
| Iden | -0,147 | 0,069 | 0,646 | 0,417 | -2,126 | 0,034 |
| $R = 0,646$; $R^2 = 0,417$; Aangepaste $R^2 = 0,400$; $F(6, 202) = 24,086$; $p < 0,000$ | | | | | | |

Bostaande tabel toon dat dié kombinasie van veranderlikes 40% van die variansie ten opsigte van politieke konserwatisme verklaar het. Die belangrikste voorspeller was die houding teenoor politieke verandering. 'n Negatiewe houding teenoor politieke verandering het naamlik gepaard gegaan met groter politieke konserwatisme. Indien respondente van mening was dat hulle goeie lede van die Afrikaner as groep is,

verteenwoordig deur 'n hoë telling op die lidmaatskap-subskaal van die kollektiewe selfkonsepskaal, was hulle ook polities meer konserwatief. Mobiliteit, 'n bedreiging vir welstand, openbare kollektiewe selfkonsep en die mate van identifikasie met die begrip "Afrikaner" is ook in die voorspellingsmodel ingesluit. 'n Bedreiging vir welstand het saamgehang met groter politieke konserwatisme, terwyl die oorweging om te emigreer (mobiliteit) meer liberale houdings sou voorspel. Dit is interessant dat 'n positiewe persepsie van ander groepe se beoordeling van die binnegroep ook groter politieke konserwatisme voorspel het. Politieke konserwatisme het korrelasies van medium effekgrootte getoon met die meeste van die hanteringstrategieë, maar slegs mobiliteit as hanteringstrategie is in die voorspellingsmodel ingesluit.

### 7.6.4 Waargenome verandering in status

Tabel 7.29 reflekteer die resultate van die regressieontleding met die waargenome verandering in status van die Afrikaner as afhanklike veranderlike.

**TABEL 7.29 Resultate van stapsgewyse meervoudige regressieontleding met waargenome verandering in status as afhanklike veranderlike**

| Voorspeller | Beta | Std Fout | R | $R^2$ | t | p |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Legitimiteit | 0,319 | 0,063 | 0,415 | 0,172 | 5,072 | 0,000 |
| Mag | 0,279 | 0,060 | 0,505 | 0,255 | 4,651 | 0,000 |
| Bedreiging | -0,206 | 0,059 | 0,532 | 0,283 | -3,460 | 0,001 |
| Kwalifikasie | -0,183 | 0,061 | 0,554 | 0,307 | -3,022 | 0,003 |
| Polkons | -0,133 | 0,062 | 0,568 | 0,323 | -2,159 | 0,032 |
| R = 0,568; $R^2$ = 0,433; Aangepaste $R^2$ = 0,323; F(5,203) = 19,344; p < 0,000 | | | | | | |

Uit tabel 7.29 blyk dit dat die persepsie van 'n verlaging in die status van die groep saamgehang het met 'n persepsie van onlegitimiteit van die politieke bestel. 'n

Verandering in mag is ook geassosieer met 'n verandering in status. Hierdie twee veranderlikes was die vernaamste voorspellers van die afhanklike veranderlike. Die ervaring van bedreiging sou verder 'n ervaring van verlaging in status voorspel, so ook hoër opvoedkundige kwalifikasies en 'n hoë mate van politieke konserwatisme. Die bydraes van hierdie veranderlikes was egter relatief klein. Bostaande veranderlikes was gesamentlik verantwoordelik vir 32,3% van die variansie in die waargenome verandering in die status van die groep.

### 7.6.5 Waargenome verandering in mag

Die voorspelling van die waargenome verandering in mag van die Afrikaner was ietwat problematies, soos blyk uit tabel 7.30.

**TABEL 7.30 Resultate van stapsgewyse meervoudige regressieontleding met waargenome verandering in mag as afhanklike veranderlike**

| Voorspeller | Beta | Std Fout | R | $R^2$ | t | p |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Status | 0,345 | 0,065 | 0,369 | 0,136 | 5,327 | 0,000 |
| Aanvaarding | 0,153 | 0,065 | 0,399 | 0,159 | 2,367 | 0,0019 |
| R = 0,399; $R^2$ = 0,159; Aangepaste $R^2$=0,150; F(2,206) = 19,490; p < 0,000 | | | | | | |

Die waargenome verandering in status van die Afrikaner en die gebruik van aanvaarding as hanteringstrategie is ingesluit in die voorspelling van 'n persepsie van 'n verandering in die mag van die Afrikaner. Slegs 15% van die variansie in dié veranderlike kon egter deur die twee veranderlikes verklaar word. In terme van Cohen (1988:414) se kriterium vir praktiese betekenisvolheid word daar dus nie genoeg variansie deur die betrokke model verklaar nie.

### 7.6.6 Waargenome legitimiteit van die politieke bestel

In tabel 7.31 word die kombinasie van veranderlikes wat die waargenome legitimiteit van die politieke bestel die beste voorspel, aangetoon.

**TABEL 7.31 Resultate van stapsgewyse meervoudige regressieontleding met waargenome legitimiteit van die politieke bestel as afhanklike veranderlike**

| Voorspeller | Beta | Std Fout | R | $R^2$ | t | p |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Stabiliteit | 0,423 | 0,062 | 0,594 | 0,353 | 6,856 | 0,000 |
| Status | 0,198 | 0,058 | 0,631 | 0,398 | 3,426 | 0,001 |
| Aanvaarding | 0,224 | 0,064 | 0,648 | 0,420 | 3,487 | 0,001 |
| Bedreiging | -0,129 | 0,061 | 0,658 | 0,433 | -2,109 | 0,036 |
| $R = 0,658$; $R^2 = 0,433$; Aangepaste $R^2 = 0,422$; $F(4,204) = 38,901$; $p < 0,000$ | | | | | | |

Bostaande tabel toon dat die variansie in die waargenome legitimiteit van die politieke bestel in die eerste plek beïnvloed is deur die waargenome stabiliteit van die bestel. Die waargenome verandering in die status van die groep het ook 'n bydrae gelewer. Hoe laer die status van die groep beoordeel is relatief tot die status vóór die 1994-verkiesing, hoe minder legitiem is die politieke bestel beoordeel. Aanvaarding as hanteringstrategie het saamgehang met 'n groter mate van legitimiteit. Die ervaring van bedreiging het ook 'n geringe bydrae gelewer tot die persepsie van legitimiteit. Hierdie kombinasie van veranderlikes is gesamentlik verantwoordelik vir 42,2% van die variansie in die afhanklike veranderlike. Dit is insiggewend dat die houding teenoor politieke verandering nie in die voorspellingsmodel ingesluit is nie. Die variansie wat daardeur verklaar sou word, oorvleuel moontlik met die variansie wat verklaar word deur die veranderlikes wat reeds in die model ingesluit is.

### 7.6.7 Waargenome stabiliteit van die politieke bestel

Die voorspellingsmodel van die waargenome stabiliteit van die politieke bestel ten tye van die studie word in tabel 7.31 gerapporteer.

**TABEL 7.32 Resultate van stapsgewyse meervoudige regressieontleding met waargenome stabiliteit van die politieke bestel as afhanklike veranderlike**

| Voorspeller | Beta | Std Fout | R | $R^2$ | t | p |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Legitimiteit | 0,386 | 0,056 | 0,594 | 0,352 | 6,873 | 0,000 |
| Polver | 0,386 | 0,062 | 0,683 | 0,466 | 6,211 | 0,000 |
| Mobiliteit | -0,109 | 0,053 | 0,695 | 0,483 | -2,061 | 0,041 |
| Mag | 0,099 | 0,051 | 0,702 | 0,492 | 1,951 | 0,052 |
| KSK 4 | 0,156 | 0,066 | 0,705 | 0,497 | 2,379 | 0,018 |
| KSK 1 | -0,150 | 0,065 | 0,714 | 0,510 | -2,287 | 0,023 |
| $R = 0,714$; $R^2 = 0,510$; Aangepaste $R^2 = 0,496$; $F(6,202) = 35,046$; $p < 0,000$ | | | | | | |

Soos verwag kon word, was die waargenome legitimiteit van die politieke bestel die belangrikste voorspeller van die persepsie van stabiliteit van die bestel. Die houding teenoor politieke verandering het ook 'n belangrike bydrae gelewer tot die waargenome stabiliteit van die politieke bestel. Individue wat van mening was dat hulle goeie lede van die Afrikaner as groep is, was meer geneig om die bestel as onstabiel te beoordeel. 'n Verlies aan mag, 'n intensie om te emigreer en die sentraliteit van Afrikaneridentiteit in die identiteitstruktuur het ook geringe bydraes gelewer. Hierdie kombinasie van veranderlikes kon 49,6% van die variansie in die betrokke veranderlike verklaar.

## 7.6.8 Persoonlike selfkonsep

Soos reeds bespreek in afdeling 7.4.4, is kontrasgroepe geskep om ontledings ten opsigte van die persoonlike selfkonsep te doen. Daar is egter ook voortgegaan met die ontleding daarvan as kontinue veranderlike.

**TABEL 7.33** **Resultate van stapsgewyse meervoudige regressieontleding met persoonlike selfkonsep as afhanklike veranderlike**

| Voorspeller | Beta | Std Fout | R | $R^2$ | t | p |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Bedr | -0,227 | 0,067 | 0,309 | 0,096 | -3,346 | 0,001 |
| KSK 1 | 0,361 | 0,077 | 0,367 | 0,135 | 4,666 | 0,000 |
| Iden | -0,233 | 0,076 | 0,422 | 0,178 | -3,081 | 0,002 |
| Kwal | 0,148 | 0,063 | 0,446 | 0,198 | 2,323 | 0,021 |
| $R = 0{,}446$; $R^2 = 0{,}198$; Aangepaste $R^2 = 0{,}183$; $F(4, 211) = 13{,}076$; $p < 0{,}000$ | | | | | | |

Tabel 7.33 toon dat geen noemenswaardige variansie in persoonlike selfkonsep deur die veranderlikes wat in die voorspellingsmodel ingesluit is, verklaar word nie. Die verklaring hiervoor mag lê in die lae variansie wat reeds ten opsigte van dié skaal gerapporteer is. Die ontleding van die skaal by wyse van subgroepe mag dus meer sinvol blyk te wees. Die veranderlikes wat wel in bostaande model ingesluit is, bevestig egter die resultate van die ontleding in terme van subgroepe (kyk tabel 7.24). Die veranderlikes opvoedkundige kwalifikasie, etniese identifikasie, kollektiewe selfkonsep en 'n bedreiging vir welstand is deur laasgenoemde ontleding uitgewys as verbandhoudend tot persoonlike selfkonsep. 'n Positiewe evaluering van die individu se lidmaatskap van die eie groep, hoër opvoedkundige kwalifikasies, laer etniese identifikasie en die afwesigheid van die ervaring van 'n bedreiging het gepaard gegaan met 'n hoë telling op die persoonlike selfkonsepskaal .

### 7.6.9 Kollektiewe selfkonsep

Die veranderlikes wat in tabel 7.34 aangedui word is ingesluit in die voorspellingsmodel van die totaaltelling op die kollektiewe selfkonsepskaal.

**TABEL 7.34 Resultate van stapsgewyse meervoudige regressieontleding met kollektiewe selfkonsep as afhanklike veranderlike**

| Voorspeller | Beta | Std Fout | R | $R^2$ | t | p |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Bedr: EV | -0,338 | 0,060 | 0,768 | 0,590 | -5,629 | 0,000 |
| Etnid | 0,412 | 0,056 | 0,831 | 0,691 | 7,382 | 0,000 |
| Ouderdom | 0,099 | 0,039 | 0,839 | 0,704 | 2,573 | 0,010 |
| Bemin. | 0,123 | 0,046 | 0,844 | 0,712 | 2,666 | 0,008 |
| Bedr: Wels | -0,096 | 0,042 | 0,848 | 0,719 | -2,306 | 0,022 |
| Vermyding | -0,085 | 0,040 | 0,851 | 0,725 | -2,125 | 0,035 |
| R = 0,851; $R^2$ = 0,725; Aangepaste $R^2$ = 0,716; F(6, 202) = 88,610; $p < 0{,}000$ | | | | | | |

Die veranderlikes wat as voorspellers in die voorspellingsmodel van kollektiewe selfkonsep ingetrek is, het gesamentlik 71,6 % van die variansie in die kollektiewe selfkonsepskaal verklaar. 'n Bedreiging vir eiesoortige voortbestaan en die sterkte van etniese identifikasie het die vernaamste bydraes gelewer. Individue wat sterk met die etniese groep identifiseer, en nie 'n bedreiging vir die eiesoortige voortbestaan van hul identiteit as Afrikaners ervaar nie, het 'n meer positiewe kollektiewe selfkonsep openbaar. Verder was ouer individue geneig om 'n meer positiewe kollektiewe selfkonsep te hê. Die gebruik van bemindmaking as strategie het ook saamgehang met 'n positiewe kollektiewe selfkonsep, terwyl die gebruik van vermyding 'n negatiewe kollektiewe selfkonsep sou voorspel. 'n Bedreiging vir welstand het 'n positiewe produk-moment-korrelasie met kollektiewe selfkonsep getoon maar in die

regressieontleding 'n negatiewe beta-koëffisiënt getoon. Hierdie bevinding is dus moeilik interpreteerbaar.

### 7.6.9.1 Lidmaatskap-subskaal

Die subskale van die kollektiewe selfkonsepskaal is vervolgens as afhanklike veranderlikes in die regressieontledings gebruik. Die resultate van hierdie ontledings word in tabel 7.35 - 7.39 gerapporteer.

**TABEL 7.35 Resultate van stapsgewyse meervoudige regressieontleding met die lidmaatskap-subskaal van die kollektiewe selfkonsepskaal as afhanklike veranderlike**

| Voorspeller | Beta | Std Fout | R | $R^2$ | t | p |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Etnid | 0,457 | 0,056 | 0,744 | 0,554 | 8,209 | 0,000 |
| Aanvaarding | -0,177 | 0,060 | 0,783 | 0,613 | -2,952 | 0,004 |
| Bemin. | 0,170 | 0,051 | 0,797 | 0,636 | 3,315 | 0,001 |
| Ouderdom | 0,145 | 0,042 | 0,808 | 0,652 | 3,427 | 0,001 |
| Vermyding | -0,143 | 0,045 | 0,818 | 0,669 | -3,180 | 0,002 |
| $R = 0{,}818$; $R^2 = 0{,}669$; Aangepaste $R^2 = 0{,}661$; $F(5,203) = 81{,}991$; $p < 0{,}000$ | | | | | | |

Die lidmaatskap-subskaal van die kollektiewe selfkonsepskaal verwys na individue se oordeel oor hoe 'n goeie lid van die betrokke groep hulle is. Bostaande kombinasie van veranderlikes was gesamentlik verantwoordelik vir 66,1% van die variansie in die betrokke subskaal. Veral etniese identiteit het 'n groot bydrae gelewer en positief gekorreleer met die subskaal. Individue wat 'n hoë telling op die lidmaatskap-subskaal openbaar, was ook meer geneig om van bemindmaking, eerder as aanvaarding en vermyding as hanteringstrategieë gebruik te maak. Die telling op die subskaal het verder geneig om toe te neem met ouderdom.

### 7.6.9.2 Private subskaal

Die private subskaal van die kollektiewe selfkonsepskaal verwys na 'n persoonlike evaluering van die binnegroep.

**TABEL 7.36** **Resultate van stapsgewyse meervoudige regressieontleding met die private subskaal van die kollektiewe selfkonsepskaal as afhanklike veranderlike**

| Voorspeller | Beta | Std Fout | R | $R^2$ | t | p |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Etnid | 0,437 | 0,072 | 0,631 | 0,399 | 6,096 | 0,000 |
| Bedr: EV | -0,246 | 0,072 | 0,660 | 0,436 | -3,414 | 0,001 |
| Ouderdom | 0,119 | 0,053 | 0,670 | 0,449 | 2,221 | 0,027 |
| R = 0,670; $R^2$ = 0,449; Aangepaste $R^2$ = 0,441; F(3,205) = 55,694; p < 0,000 | | | | | | |

Bostaande veranderlikes kon 41,1% van die variansie in dié subskaaltelling verklaar. 'n Sterk etniese identifikasie en 'n afwesigheid van die ervaring vir 'n bedreiging vir eiesoortige voortbestaan van identiteit was die vernaamste voorspellers van 'n hoë telling op hierdie subskaal. Die telling het ook matig toegeneem met ouderdom.

### 7.6.9.3 Openbare subskaal

Die openbare subskaal van die kollektiewe selfkonsepskaal het betrekking op 'n evaluering van ander groepe se persepsies van die binnegroep.

**TABEL 7.37** **Resultate van stapsgewyse meervoudige regressieontleding met die openbare subskaal van die kollektiewe selfkonsepskaal as afhanklike veranderlike**

| Voorspeller | Beta | Std Fout | R | $R^2$ | t | p |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Bedr: EV | -0,439 | 0,095 | 0,644 | 0,414 | -4,613 | 0,000 |
| Bedreiging | -0,290 | 0,088 | 0,682 | 0,465 | -3,299 | 0,001 |
| Inkomste | 0,101 | 0,050 | 0,691 | 0,477 | 2,001 | 0,047 |
| Polver | 0,169 | 0,066 | 0,697 | 0,486 | 2,552 | 0,011 |
| Polkons | 0,127 | 0,063 | 0,704 | 0,496 | 2,030 | 0,044 |
| $R = 0{,}704$; $R^2 = 0{,}496$; Aangepaste $R^2 = 0{,}483$; $F(5,203) = 39{,}924$; $p < 0{,}000$ | | | | | | |

Tellings op hierdie subskaal is veral voorspel deur die ervaring van bedreiging, en spesifiek 'n bedreiging vir eiesoortige voortbestaan. Dit blyk uit tabel 7.37 dat, hoe groter hul persepsie van bedreiging, hoe meer was respondente geneig om ander groepe se persepsie van die binnegroep as negatief te evalueer. Ander veranderlikes wat matige bydraes gelewer het, was inkomste, die houding teenoor politieke verandering en politieke konserwatisme.

### 7.6.9.4 Identiteit-subskaal

Die laaste subskaal van die kollektiewe selfkonsepskaal is die identiteit-subskaal, wat 'n aanduiding gee van hoe 'n belangrike deel van 'n individu se identiteit die betrokke groeplidmaatskap is.

**TABEL 7.38** **Resultate van stapsgewyse meervoudige regressieontleding met die identiteit-subskaal van die kollektiewe selfkonsepskaal as afhanklike veranderlike**

| Voorspeller | Beta | Std Fout | R | $R^2$ | t | p |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Etnid | 0,310 | 0,080 | 0,613 | 0,376 | 3,860 | 0,001 |
| Bedr: EV | -0,221 | 0,075 | 0,650 | 0,422 | -2,949 | 0,004 |
| Mobiliteit | -0,161 | 0,057 | 0,665 | 0,443 | -2,846 | 0,005 |
| Konfrontasie | 0,170 | 0,065 | 0,679 | 0,461 | 2,608 | 0,010 |
| R = 0,679; $R^2$ = 0,461; Aangepaste $R^2$ = 0,450; F(4,204) = 43,562; p < 0,000 | | | | | | |

Bostaande kombinasie van veranderlikes was verantwoordelik vir 45% van die variansie in dié veranderlike. 'n Sterk etniese identifikasie, asook die afwesigheid van die ervaring van 'n bedreiging vir die eiesoortige voortbestaan van identiteit het gepaard gegaan met 'n hoë telling op hierdie subskaal. 'n Hoë tellings op hierdie subskaal het verder verband gehou met 'n lae telling op die mobiliteitsubskaal en 'n hoë telling op die konfrontasiesubskaal.

## 7.6.10 Bedreiging

Die totaaltelling op die bedreigingskaal is vervolgens as afhanklike veranderlike in die regressieontledings gebruik. Die resultate van hierdie ontleding word in tabel 7.39 gerapporteer.

**TABEL 7.39** **Resultate van stapsgewyse meervoudige regressieontleding met bedreiging as afhanklike veranderlike**

| Voorspeller | Beta | Std Fout | R | $R^2$ | t | p |
|---|---|---|---|---|---|---|
| KSK 3 | -0,365 | 0,071 | 0,640 | 0,409 | -5,151 | 0,000 |
| Mobiliteit | 0,186 | 0,051 | 0,681 | 0,463 | 3,625 | 0,000 |
| Legitimiteit | -0,173 | 0,052 | 0,695 | 0,483 | -3,305 | 0,001 |
| Aanvaarding | 0,268 | 0,072 | 0,721 | 0,519 | 3,703 | 0,000 |
| Konfrontasie | 0,200 | 0,067 | 0,733 | 0,537 | 3,000 | 0,003 |
| KSK | -0,202 | 0,088 | 0,740 | 0,548 | -2,290 | 0,023 |
| Polkul | -0,107 | 0,049 | 0,747 | 0,559 | -2,179 | 0,031 |
| R = 0,747; $R^2$ = 0,559; Aangepaste $R^2$=0,543; F(7, 201) = 36,354; p < 0,000 | | | | | | |

Altesaam 54,3% van die variansie in die totaaltelling van die bedreigingskaal kon deur die bostaande kombinasie van veranderlikes verklaar word. Dit was veral die telling op die openbare subskaal van die kollektiewe selfkonsepskaal wat 'n bydrae gelewer het. Hoe meer negatief individue die persepsie van ander groepe ten opsigte van die Afrikaner beoordeel het, hoe meer bedreig het hulle gevoel. Kollektiewe selfkonsep as geheel het ook negatief verband gehou met die ervaring van bedreiging. Die gebruik van mobiliteit, aanvaarding en konfrontasie as hanteringstrategieë het voorts die ervaring van bedreiging voorspel. Individue wat 'n polities-gebaseerde identiteit verkies het, het meer bedreig gevoel as dié met 'n kultureel-gebaseerde identiteit. Die ervaring van die politieke bestel as onlegitiem het ook die ervaring van bedreiging voorspel.

### 7.6.10.1 Bedreiging vir eiesoortige voortbestaan

Die resultate van die regressieontleding met die bedreiging vir die eiesoortige voortbestaan van die groep as afhanklike veranderlike, word in tabel 7.40 weergegee.

**TABEL 7.40** **Resultate van stapsgewyse meervoudige regressieontleding met bedreiging vir eiesoortige voortbestaan as afhanklike veranderlike**

| Voorspeller | Beta | Std Fout | R | $R^2$ | t | p |
|---|---|---|---|---|---|---|
| KSK | -0,147 | 0,084 | 0,768 | 0,590 | -1,762 | 0,079 |
| Aanvaarding | 0,190 | 0,061 | 0,786 | 0,618 | 3,143 | 0,002 |
| KSK 3 | -0,296 | 0,057 | 0,808 | 0,652 | -5,231 | 0,000 |
| Etnid | -0,212 | 0,065 | 0,821 | 0,675 | -3,256 | 0,001 |
| Mobiliteit | 0,107 | 0,042 | 0,828 | 0,685 | 2,559 | 0,011 |
| Aktief | -0,162 | 0,058 | 0,832 | 0,693 | -2,768 | 0,006 |
| Legitimiteit | -0,114 | 0,042 | 0,837 | 0,702 | -2,719 | 0,007 |
| PSK | 0,084 | 0,039 | 0,842 | 0,709 | 2,180 | 0,030 |
| $R = 0{,}842$; $R^2 = 0{,}709$; Aangepaste $R^2 = 0{,}697$; $F(8, 200) = 60{,}863$; $p < 0{,}000$ | | | | | | |

Tabel 7.40 toon dat 'n totaal van 69,7% van die variansie in dié subskaal van die bedreigingskaal deur bostaande kombinasie van veranderlikes verklaar kon word. 'n Positiewe kollektiewe selfkonsep, asook 'n positiewe persepsie van ander groepe se beoordeling van die binnegroep, het verband gehou met 'n lae telling ten opsigte van die bedreiging vir eiesoortige voortbestaan. Die gebruik van aanvaarding, mobiliteit en aktiewe hantering was ook beduidende voorspellers van 'n bedreiging vir eiesoortige voortbestaan. 'n Hoë mate van bedreiging het naamlik gepaard gegaan met aanvaarding en mobiliteit, eerder as aktiewe strategieë.

### 7.6.10.2 Bedreiging vir welstand

Die tweede subskaal van die bedreigingskaal verwys na 'n bedreiging vir die individu se welstand as groeplid. Die telling op hierdie subskaal dui aan of individue Afrikanerwees in Suid-Afrika as oorwegend positief of negatief beleef.

**TABEL 7.41** **Resultate van stapsgewyse meervoudige regressieontleding met bedreiging vir welstand as afhanklike veranderlike**

| Voorspeller | Beta | Std Fout | R | $R^2$ | t | p |
|---|---|---|---|---|---|---|
| KSK 3 | -0,347 | 0,061 | 0,420 | 0,176 | -5,704 | 0,000 |
| Konfrontasie | 0,362 | 0,075 | 0,541 | 0,292 | 4,843 | 0,001 |
| Mobiliteit | 0,223 | 0,059 | 0,583 | 0,340 | 3,752 | 0,000 |
| Polkons | 0,181 | 0,064 | 0,605 | 0,365 | 2,824 | 0,005 |
| Aanvaarding | 0,224 | 0,078 | 0,618 | 0,382 | 2,873 | 0,004 |
| Legitimiteit | -0,169 | 0,060 | 0,636 | 0,405 | -2,795 | 0,006 |
| $R = 0{,}636$; $R^2 = 0{,}405$; Aangepaste $R^2 = 0{,}387$; $F(6, 202) = 22{,}884$; $p < 0{,}000$ | | | | | | |

Die persepsie van ander groepe se beoordeling van die binnegroep was ook die vernaamste voorspeller van 'n bedreiging vir welstand, soos blyk uit tabel 7.41. Die gebruik van konfrontasie, mobiliteit en aanvaarding as hanteringstrategieë het ook positief verband gehou met 'n bedreiging vir welstand. Hoe meer onlegitiem die politieke bestel beoordeel is, hoe groter was die bedreiging vir welstand. Politieke konserwatisme het ook bygedra tot die persepsie van 'n bedreiging vir welstand. Hierdie veranderlikes het gesamentlik 38,7% van die variansie in die subskaal verklaar.

## 7.6.11 Hanteringstrategieë

### 7.6.11.1 Aktiewe hantering

Die eerste subskaal van die hanteringskaal verwys na aktiewe optrede in reaksie op bedreiging, hetsy deur konfrontasie of die bemindmaking van die groep. Die resultate van die regressieontleding met hierdie subskaal as afhanklike veranderlike word in tabel 7.42 geapporteer.

**TABEL 7.42** **Resultate van stapsgewyse meervoudige regressieontleding met aktiewe hantering as afhanklike veranderlike**

| Voorspeller | Beta | Std Fout | R | $R^2$ | t | p |
|---|---|---|---|---|---|---|
| KSK 1 | 0,325 | 0,061 | 0,669 | 0,448 | 5,303 | 0,000 |
| Polver | -0,201 | 0,055 | 0,718 | 0,516 | -3,672 | 0,000 |
| Bedr: EV | -0,560 | 0,092 | 0,755 | 0,570 | -6,091 | 0,000 |
| Bedreiging | 0,282 | 0,078 | 0,772 | 0,596 | 3,598 | 0,000 |
| $R = 0,772$; $R^2 = 0,596$; Aangepaste $R^2 = 0,588$; $F(4, 205) = 75,589$; $p < 0,000$ | | | | | | |

Tabel 7.42 toon dat die vernaamste voorspellers van aktiewe hanteringstrategieë die lidmaatskap-subskaal van die kollektiewe selfkonsepskaal, die houding teenoor politieke verandering en die ervaring van bedreiging, veral 'n bedreiging vir eiesoortige voortbestaan was. Saam voorspel dié veranderlikes 58,8% van die variansie in die afhanklike veranderlike. Individue wat hulself as "goeie Afrikaners" beskou, was meer geneig om van aktiewe strategieë gebruik te maak. 'n Negatiewe houding teenoor politieke veranderinge hou verband met 'n groter gebruik van dié strategieë, en hoe meer bedreig individue ten opsigte van die eiesoortige voortbestaan van hul identiteit gevoel het, hoe minder sou hulle van aktiewe strategieë gebruik maak.

### 7.6.11.2 Bemindmaking

Bemindmaking is een manier om bedreiging aktief te hanteer. Die vernaamste voorspellers van die gebruik van hierdie strategie word in tabel 7.43 gerapporteer.

**TABEL 7.43** **Resultate van stapsgewyse meervoudige regressieontleding met bemindmaking as afhanklike veranderlike**

| Voorspeller | Beta | Std Fout | R | $R^2$ | t | p |
|---|---|---|---|---|---|---|
| KSK 1 | 0,409 | 0,069 | 0,591 | 0,350 | 5,912 | 0,000 |
| Bedr: EV | -0,290 | 0,069 | 0,633 | 0,401 | -4,193 | 0,000 |
| R = 0,633; $R^2$ = 0,401; Aangepaste $R^2$=0,395; F(2,208) = 69,637; p < 0,000 | | | | | | |

Slegs twee veranderlikes het beduidende bydraes gelewer in die voorspelling van die gebruik van bemindmaking as hanteringstrategie. 'n Hoë telling op die lidmaatskap-subskaal en lae mate van bedreiging vir eiesoortige voortbestaan het die gebruik van dié strategie voorspel. Altesaam 39,5% van die variansie in dié subskaal kon deur die twee veranderlikes verklaar word. Bemindmaking het beduidende produk-moment-korrelasies met 'n aantal veranderlikes getoon wat nie in die model ingesluit is nie. Dit wil voorkom of daar 'n mate van kolineariteit bestaan tussen hierdie veranderlikes en dié wat in die voorspellingsmodel ingesluit is.

### 7.6.11.3 Konfrontasie

Individue kan egter ook kies om konfrontasie as aktiewe hanteringstrategie te gebruik. Heelwat meer veranderlikes is in die voorspellingsmodel van hierdie aktiewe strategie ingesluit, soos blyk uit tabel 7.44.

**TABEL 7.44** **Resultate van stapsgewyse meervoudige regressieontleding met konfrontasie as afhanklike veranderlike**

| Voorspeller | Beta | Std Fout | R | $R^2$ | t | p |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Polver | -0,352 | 0,055 | 0,656 | 0,431 | -6,323 | 0,000 |
| Etnid | 0,212 | 0,074 | 0,736 | 0,542 | 2,862 | 0,005 |
| Bedr: Wels | 0,489 | 0,118 | 0,753 | 0,566 | 4,153 | 0,000 |
| Bedreiging | -0,363 | 0,124 | 0,766 | 0,587 | -2,916 | 0,004 |
| Iden. | 0,134 | 0,061 | 0,772 | 0,597 | 2,213 | 0,028 |
| R = 0,772; $R^2$ = 0,597; Aangepaste $R^2$=0,587; F(5,205) = 60,656; p < 0,000 | | | | | | |

Die veranderlikes wat ingesluit is in die voorspellingsmodel van konfrontasie as hanteringstrategie het gesamentlik 58,7% van variansie in dié subskaal voorspel. 'n Negatiewe houding teenoor politieke verandering en sterk etniese identifikasie was veral voorspellers van die gebruik van konfrontasie. Hierbenewens sou die ervaring van 'n bedreiging vir welstand die gebruik van konfrontasie verhoog.

### 7.6.11.4 Aanvaarding

Individue kan egter ook kies om meer passief op bedreiging te reageer en die veranderinge as onvermydelik te aanvaar. In tabel 7.45 word die resultate van die regressieontleding met aanvaarding as afhanklike veranderlike gerapporteer.

**TABEL 7.45** **Resultate van stapsgewyse meervoudige regressieontleding met aanvaarding as afhanklike veranderlike**

| Voorspeller | Beta | Std Fout | R | $R^2$ | t | p |
|---|---|---|---|---|---|---|
| KSK 1 | -0,289 | 0,057 | 0,671 | 0,450 | -5,064 | 0,000 |
| Polver | 0,324 | 0,052 | 0,759 | 0,579 | 6,228 | 0,000 |
| Bedr: EV | 0,318 | 0,054 | 0,794 | 0,630 | 5,921 | 0,000 |
| Legitimiteit | 0,133 | 0,047 | 0,802 | 0,644 | 2,820 | 0,005 |
| $R = 0{,}802$; $R^2 = 0{,}644$; Aangepaste $R^2 = 0{,}637$; $F(4, 206) = 93{,}155$; $p < 0{,}000$ | | | | | | |

Vier veranderlikes was beduidend in die voorspelling van die gebruik van aanvaarding as hanteringstrategie. Hierdie veranderlikes het gesamentlik 63,7% van die variansie in die subskaal verklaar, soos blyk uit tabel 7.45. 'n Negatiewe evaluering van die self as groeplid, 'n positiewe houding teenoor politieke verandering en die ervaring van 'n bedreiging vir eiesoortige voortbestaan het die gebruik van aanvaarding voorspel. Die beoordeling van die politieke bestel as oorwegend legitiem het ook tot 'n mindere mate 'n bydrae gelewer tot variansie in die skaal.

## 7.6.11.5 Vermyding

In tabel 7.46 word die resultate van die regressieontleding met vermyding as afhanklike veranderlike weergegee.

**TABEL 7.46** **Resultate van stapsgewyse meervoudige regressieontleding met vermyding as afhanklike veranderlike**

| Voorspeller | Beta | Std Fout | R | $R^2$ | t | p |
|---|---|---|---|---|---|---|
| KSK 1 | -0,348 | 0,068 | 0,430 | 0,185 | -5,098 | 0,000 |
| Kwalifikasie | -0,214 | 0,062 | 0,464 | 0,215 | -3,458 | 0,001 |
| Polver | 0,205 | 0,070 | 0,496 | 0,246 | 2,928 | 0,004 |
| $R = 0{,}496$; $R^2 = 0{,}246$; Aangepaste $R^2 = 0{,}235$; $F(3,208) = 22{,}646$; $p < 0{,}000$ | | | | | | |

Hoe meer positief individue hulself as groeplede beoordeel het, hoe minder sou hulle van vermyding as strategie gebruik maak. 'n Positiewe houding teenoor politieke verandering het positief verband gehou met die gebruik van vermyding, terwyl laer opvoedkundige kwalifikasies ook die gebruik van die strategie sou voorspel. Bostaande kombinasie van veranderlikes het 23,5% van die variansie in die skaal verklaar. Dit voldoen dus nie aan Cohen se kriterium van praktíese betekenisvolheid nie.

### 7.6.11.6 Mobiliteit

Die resultate van die regressieontleding met mobiliteit as afhanklike veranderlike word in tabel 7.47 gerapporteer.

**TABEL 7.47** **Resultate van stapsgewyse meervoudige regressieontleding met mobiliteit as afhanklike veranderlike**

| Voorspeller | Beta | Std Fout | R | $R^2$ | t | p |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Bedreiging | 0,379 | 0,064 | 0,416 | 0,173 | 5,871 | 0,000 |
| Kwalifikasie | 0,185 | 0,061 | 0,484 | 0,234 | 3,049 | 0,002 |
| KSK 4 | -0,274 | 0,074 | 0,520 | 0,270 | -3,699 | 0,000 |
| Ouderdom | -0,221 | 0,063 | 0,537 | 0,289 | -3,531 | 0,001 |
| Inkomste | 0,179 | 0,061 | 0,559 | 0,312 | -2,910 | 0,004 |
| KSK 1 | 0,184 | 0,077 | 0,575 | 0,331 | 2,391 | 0,018 |
| R = 0,575; $R^2$ = 0,331; Aangepaste $R^2$ = 0,311; F(6,205) = 16,893; p < 0,000 | | | | | | |

Altesaam 31,1% van variansie in die mobiliteitskaal kon deur bostaande kombinasie van veranderlikes verklaar word. Die vernaamste voorspeller van mobiliteit was die ervaring van bedreiging. 'n Hoë mate van bedreiging het tot hoër tellings op die mobiliteitskaal gelei. Hierdie is die enigste strategie waar die totaaltelling van bedreiging so 'n groot bydrae tot die variansie gelewer het, terwyl die subskale van bedreiging nie afsonderlik in die model ingesluit is nie. Indien Afrikaner-identiteit nie besonder sentraal gestaan het in die identiteitstruktuur van individue nie, was die kanse ook groter dat hulle van mobiliteit gebruik wou maak. Individue wat jonger is, hoër kwalifikasies het en in die hoër inkomstegroepe val, sal ook meer geneig wees om emigrasie te oorweeg.

## 7.6.12 Houding teenoor politieke verandering

Die voorspellingsmodel van die houding teenoor politieke veranderinge wat deur regressieontleding uitgewys is, word in tabel 7.48 gerapporteer.

**TABEL 7.48** **Resultate van stapsgewyse meervoudige regressieontleding met die houding teenoor politieke veranderinge as afhanklike veranderlike**

| Voorspeller | Beta | Std Fout | R | $R^2$ | t | p |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Konfrontasie | -0,256 | 0,056 | 0,664 | 0,441 | -4,569 | 0,000 |
| Stabiliteit | 0,283 | 0,045 | 0,745 | 0,555 | 6,261 | 0,000 |
| Polkons | -0,278 | 0,047 | 0,789 | 0,622 | -5,884 | 0,000 |
| Aanvaarding | 0,289 | 0,057 | 0,807 | 0,651 | 5,022 | 0,000 |
| KSK 3 | 0,139 | 0,044 | 0,817 | 0,667 | 3,160 | 0,002 |
| $R = 0{,}817$; $R^2 = 0{,}667$; Aangepaste $R^2 = 0{,}659$; $F = (5, 203) = 81{,}335$; $p < 0{,}000$ | | | | | | |

'n Totaal van 65,9% van die variansie in die houding teenoor politieke verandering kon deur bostaande veranderlikes verklaar word. Die gebruik van konfrontasie en 'n hoë mate van politieke konserwatisme het verband gehou met 'n negatiewe houding teenoor politieke verandering. Die beoordeling van die politieke bestel as meer stabiel en die gebruik van aanvaarding het op hul beurt verband gehou met 'n positiewe houding teenoor politieke verandering.

## 7.7 DISKRIMINANTONTLEDING

Die voorspellers van die veranderlikes politieke versus kulturele identifikasie, selfkategorisering as Afrikaner aldan nie, en persoonlike selfkonsep is deur middel van diskriminantontleding ondersoek. Die resultate van dié ontledings word vervolgens gerapporteer.

### 7.7.1 Politieke versus kulturele identiteit

Tabel 7.49 reflekteer die resultate van die diskriminantontleding met 'n polities-gebaseerde versus 'n kultureel-gebaseerde etniese identiteit as afhanklike veranderlike.

**TABEL 7.49** **Resultate van diskriminantontleding met politieke versus kulturele identiteit as afhanklike veranderlike**

| Voorspeller | Lambda | F-waarde | p |
|---|---|---|---|
| Konfrontasie | 0,937 | 14,019 | 0,000 |
| Kwalifikasie | 0,902 | 11,124 | 0,006 |
| Bedr: Welstand | 0,879 | 9,361 | 0,022 |

Bostaande tabel toon dat die gebruik van konfrontasie as hanteringstrategie, laer opvoedkundige kwalifikasies en die ervaring van 'n bedreiging vir welstand as groeplid die vernaamste voorspellers in die keuse van 'n polities-gebaseerde, teenoor 'n kultureel-gebaseerde etniese identiteit is.

### 7.7.2 Selfkategorisering

Slegs twee voorspellers het voldoende vlakke van beduidendheid bereik om in die voorspellingsmodel van hierdie veranderlike ingesluit te word, soos blyk uit tabel 7.50.

**TABEL 7.50** **Resultate van diskriminantontleding met selfkategorisering as Afrikaner as afhanklike veranderlike**

| Voorspeller | Lambda | F-waarde | p |
|---|---|---|---|
| KSK 4 | 0,927 | 2,212 | 0,000 |
| KSK 1 | 0,883 | 6,677 | 0,006 |

Beide voorspellers is subskale van die kollektiewe selfkonsepskaal. Die insluiting van die vierde subskaal van die kollektiewe selfkonsepskaal, die identiteitskaal, maak veral sin daarin dat dit dieselfde onderliggende dimensie verteenwoordig, naamlik die sentraliteit van die betrokke identiteit in die individue se identiteitstruktuur. Die lidmaatskap-subskaal van die kollektiewe selfkonsepskaal verwys na die individu se beoordeling van hoe 'n goeie lid van die groep hulle is. Hoe meer sentraal die groep dus in die individu se identiteitstruktuur staan, en hoe meer positief individue hulself as groeplede beoordeel, hoe groter was die waarskynlikheid dat hulle hulself as Afrikaners sou kategoriseer.

### 7.7.3 Persoonlike selfkonsep

Soos reeds bespreek, is respondente in kontrasgroepe verdeel wat persoonlike selfkonsep betref. Die resultate van diskriminantontleding met hierdie digotome veranderlike as afhanklike veranderlike word in tabel 7.51 gerapporteer.

**TABEL 7.51 Resultate van diskriminantontleding met persoonlike selfkonsep as afhanklike veranderlike**

| Voorspeller | Lambda | F-waarde | p |
|---|---|---|---|
| KSK 1 | 0,919 | 9,413 | 0,000 |
| Kwalifikasie | 0,863 | 8,090 | 0,001 |
| Bedr: Wels | 0,839 | 6,466 | 0,047 |
| Bedreiging | 0,805 | 5,994 | 0,014 |
| Bemindmaking | 0,787 | 5,310 | 0,090 |

Die lidmaatskap-subskaal van die kollektiewe selfkonsepskaal was die vernaamste voorspeller van die lidmaatskap van een van die kontrasgroepe van persoonlike selfkonsep. 'n Positiewe evaluering van die self as groeplid het naamlik gepaard gegaan met 'n positiewe persoonlike selfkonsep. Dit is insiggewend dat

opvoedkundige kwalifikasie ook 'n beduidende voorspeller van persoonlike selfkonsep was. Hierdie bevinding word bevestig deur die resultate van die t-toetse wat onder "verskille tussen subgroepe" ten opsigte van selfkonsep gerapporteer word, waar individue met laer opvoedkundige kwalifikasies 'n meer negatiewe persoonlike selfkonsep openbaar (kyk tabel 7.24). Die ervaring van bedreiging, en veral 'n bedreiging vir welstand, voorspel ook 'n negatiewe persoonlike selfkonsep.

## 7.8 ROETEONTLEDINGS

Die doel van die roeteontledings in die onderhawige studie was om modelle daar te stel wat die keuse van hanteringstrategieë die beste voorspel. Die onderskeie hanteringstrategieë is dus as afhanklike veranderlikes beskou. Die keuse van veranderlikes om in die modelle in te sluit, is gebaseer op teoretiese oorwegings en die resultate van die regressieontledings en korrelasies soos hierbo beskryf. Geen latente veranderlikes benewens die metingsfoute by die endogene veranderlikes is in die modelle ingesluit nie. Die resultate van die roeteontledings word vervolgens gerapporteer.

### 7.8.1 Aktiewe Hantering

Die kovariansiematriks wat as invoer gebruik is in die geval van aktiewe hantering, word in tabel 7.52 gerapporteer, terwyl die parameterskattings van die roetekoëffisiënte en passingsindekse van die model in tabel 7.53 en 7.54 onderskeidelik weergegee word.

**TABEL 7.52** **Kovariansiematriks vir roetemodel - Aktiewe hantering**

| | Polkons | Polkul | Etnid | KSK | Bedr:EV | Aktief | Polver |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Polkons** | 5,537 | | | | | | |
| **Polkul** | -0,155 | 0,146 | | | | | |
| **Etnid** | 8,039 | -0,215 | 71,902 | | | | |
| **KSK** | 13,662 | -0,473 | 98,436 | 241,272 | | | |
| **Bedr:EV** | -5,323 | 0,029 | -39,780 | -82,563 | 46,528 | | |
| **Aktief** | 10,498 | -0,688 | 60,712 | 108,267 | -46,035 | 115,205 | |
| **Polver** | -25,905 | 1,746 | -84,958 | -110,759 | 45,998 | -112,623 | 367,410 |


**TABEL 7.53** **Parameterskattings van roetekoëffisiënte - Aktiewe hantering**

| Roete | Parameter Skatting | Standaard Fout | t-waarde | p |
|---|---|---|---|---|
| Bedr:EV → Polkul | 0,001 | 0,004 | 0,167 | 0,867 |
| Polkul → Polver | 7.263 | 2,473 | 2,937 | 0,003 |
| Bedr:EV →Polkons | -0,114 | 0,022 | -5,285 | 0,000 |
| Bedr:EV → KSK | -1,774 | 0,095 | -18,692 | 0,000 |
| Bedr:EV → Etnid | -0,855 | 0,060 | -14,243 | 0,000 |
| Polkons → Polver | -3,332 | 0,412 | -8,083 | 0,000 |
| KSK → Aktief | 0,357 | 0,033 | 10,806 | 0,000 |
| Etnid → Polver | -0,787 | 0,114 | -6,883 | 0,000 |
| Polver → Aktief | -0,199 | 0,028 | -7,127 | 0,000 |

**TABEL 7.54** **Passingindekse vir roetemodel - Aktiewe hantering**

| Indeks | Waarde | 90% -Vertrouensinterval |
| --- | --- | --- |
| "Bentler Bonett Non-Normed Fit" Indeks | 0,786 | |
| "Bentler Comparative Fit" Indeks | 0,878 | |
| "Population Gamma" Indeks | 0,899 | 0,863 - 0,929 |
| "Adjusted Population Gamma" Indeks | 0,763 | 0,681 - 0,833 |

Met die uitsondering van die roete vanaf bedreiging vir eiesoortige voortbestaan na 'n politieke versus kulturele identiteit, was die t-waardes van al die roetekoëffisiënte betekenisvol, soos blyk uit tabel 7.53 . Laasgenoemde veranderlike is 'n digotome veranderlike. Die model toon egter 'n beter passingsindeks mét die veranderlike as daarsonder, en die veranderlike is dus behou. Die tekens van die parameterskattings stem ooreen met dié van die kovariansies in tabel 7.52. In hierdie model is die bedreiging vir eiesoortige voortbestaan as eksogene veranderlike beskou en die res as endogene veranderlikes. Dit blyk uit tabel 7.54 dat die gekose model die data besonder goed pas. In figuur 7.1 word 'n skematiese voorstelling van die roetediagram gegee.




**FIGUUR 7.1** **Roetediagram - Aktiewe hantering**

Figuur 7.1 toon dat die afwesigheid van die ervaring van 'n bedreiging vir die eiesoortige voortbestaan van die groep aanleiding gee tot politieke konserwatisme, sterk etniese identifikasie, 'n polities-gebaseerde identiteit en 'n positiewe kollektiewe selfkonsep. Eersgenoemde drie veranderlikes lei tot 'n oorwegend negatiewe houding teenoor politieke verandering, wat aanleiding gee tot die gebruik van aktiewe hanteringstrategieë. 'n Positiewe kollektiewe selfkonsep lei ook tot aktiewe hantering, maar word nie deur die houding teenoor politieke verandering bemiddel nie. Die waargenome legitimiteit van die politieke bestel is aanvanklik ook as veranderlike in die model ingevoer, maar het telkens die model verswak.

### 7.8.2 Bemindmaking

Daar kan op grond van die teoretiese oorvleueling van bemindmaking en aktiewe hantering verwag word dat die roetemodelle vir dié twee veranderlikes tot 'n groot mate sal ooreenstem. Die kovariansiematriks (tabel 7.55), parameterskattings van die roetekoëffisiënte (tabel 7.56) en passingsindekse (tabel 7.57) vir die roetemodel wat bemindmaking voorspel word vervolgens gerapporteer.

**TABEL 7.55 Kovariansiematriks vir roetemodel - Bemindmaking**

| | Polkons | Polkul | Etnid | PSK | KSK 3 | Bedr: EV | Bemin | Polver |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Polkons** | 5,715 | | | | | | | |
| **Polkul** | -0,161 | 0,145 | | | | | | |
| **Etnid** | 8,084 | -0,212 | 71,647 | | | | | |
| **PSK** | 1,759 | -0,081 | 11,501 | 50,215 | | | | |
| **KSK 3** | 13,661 | -0,471 | 97,735 | 33,387 | 239,251 | | | |
| **Bedr: EV** | -5,425 | 0,033 | -39,529 | -13,400 | -81,924 | 46,219 | | |
| **Bemin** | 4,603 | -0,180 | 27,453 | 10,162 | 55,441 | -23,515 | 37,487 | |
| **Polver** | -26,047 | 1,727 | -85,425 | -5,736 | -110,311 | 45,907 | -41,987 | 368,104 |


**TABEL 7.56** **Parameterskattings van roetekoëffisiënte - Bemindmaking**

| Roete | Parameter Skatting | Standaard Fout | t-waarde | p |
|---|---|---|---|---|
| Bedr:EV ➜ PSK | -0,290 | 0,66 | -4,372 | 0,000 |
| Bedr:EV ➜ Polkul | 0,001 | 0,004 | 0,192 | 0,848 |
| Polkul ➜ Polver | 7,176 | 2,480 | 2,894 | 0,004 |
| Bedr:EV ➜Polkons | -0,117 | 0,022 | -5,347 | 0,000 |
| Bedr:EV ➜ KSK 3 | -0,469 | 0,038 | -12,477 | 0,000 |
| Bedr:EV ➜ Etnid | -0,855 | 0,060 | -14,272 | 0,000 |
| Polkons ➜ Polver | -3,212 | 0,405 | -7,921 | 0,000 |
| KSK 3 ➜ Bemin | 0,363 | 0,073 | 4,974 | 0,000 |
| Etnid ➜ Polver | -0,809 | 0,115 | -7,061 | 0,000 |
| Polver ➜ Bemin | -0,109 | 0,020 | -5,580 | 0,000 |
| PSK ➜ Bemin | 0,135 | 0,050 | 2,687 | 0,007 |

**TABEL 7.57** **Passingindekse vir roetemodel - Bemindmaking**

| Indeks | Waarde | 90% -Vertrouensinterval |
|---|---|---|
| "Bentler Bonett Non-Normed Fit" Indeks | 0,806 | |
| "Bentler Comparative Fit" Indeks | 0,882 | |
| "Population Gamma" Indeks | 0,938 | 0,909 - 0,961 |
| "Adjusted Population Gamma" Indeks | 0,868 | 0,807 - 0,918 |

Tabel 7.56 toon dat die verkreë t-waardes oorwegend betekenisvol is, met die uitsondering van die roete vanaf 'n bedreiging vir eiesoortige voortbestaan na politieke versus kulturele identiteit. Die veranderlike is egter ingesluit om redes soos hierbo beskryf. Die tekens van die t-waardes stem ooreen met dié van die kovariansies, soos in tabel 7.55 gerapporteer. Die gekose roetemodel het 'n uitstekende passing met die data getoon (kyk tabel 7.57).




**FIGUUR 7.2** **Roetediagram - Bemindmaking**

Soos blyk uit figuur 7.2, is die model wat die gebruik van bemindmaking voorspel, identies aan dié van aktiewe hantering, behalwe vir die byvoeging van persoonlike selfkonsep as endogene veranderlike en die gebruik van die openbare subskaal van kollektiewe selfkonsep in plaas van die totaaltelling vir kollektiewe selfkonsep in die geval van bemindmaking. Laasgenoemde impliseer dat 'n positiewe persepsie van buitegroepe se beoordeling van die binnegroep die gebruik van bemindmaking bevorder. Die insluiting van die waargenome legitimiteit van die politieke bestel het ook in dié geval telkens die model verswak en is dus uitgelaat.

## 7.8.3 Konfrontasie

In Tabel 7.58, 7.59 en 7.60 word die kovariansiematriks, parameterskattings van die roetekoëffisiënte en passingsindekse ten opsigte van die model wat die gebruik van konfrontasie voorspel, gerapporteer.

**TABEL 7.58 Kovariansiematriks vir roetemodel - Konfrontasie**

| | Polkons | Polkul | Etnid | KSK | Bedr: EV | Bedr: Wels | Konfr | Polver |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Polkons | 5,554 | | | | | | | |
| Polkul | 0,166 | 0,148 | | | | | | |
| Etnid | 8,060 | -0,229 | 71,664 | | | | | |
| KSK | 13,650 | -0,484 | 98,069 | 240,266 | | | | |
| Bedr: EV | -5,250 | 0,015 | -39,536 | -82,141 | 46,384 | | | |
| Bedr: Wels | 3,881 | -0,728 | 0,338 | 29,297 | 17,850 | 65,300 | | |
| Konfr | 4,802 | -0,394 | 23,064 | 33,580 | -13,823 | 9,576 | 18,734 | |
| Polver | -26,171 | 1,841 | -85,109 | -110,721 | 45,334 | -44,519 | -54,789 | 369,320 |

**TABEL 7.59** **Parameterskattings van roetekoëffisiënte - Konfrontasie**


| Roete | Parameter Skatting | Standaard Fout | t-waarde | p |
|---|---|---|---|---|
| Bedr:EV → Polkul | 0,000 | 0,004 | 0,089 | 0,929 |
| Polkul → Polver | 7,463 | 2,445 | 3,053 | 0,002 |
| Bedr:EV →Polkons | -0,113 | 0,022 | -5,215 | 0,000 |
| Bedr:EV → KSK | -1,771 | 0,095 | -18,663 | 0,000 |
| Bedr:EV → Etnid | -0,852 | 0,060 | -14,195 | 0,000 |
| Polkons → Polver | -3,347 | 0,410 | -8,169 | 0,000 |
| KSK → Konfr | 0,109 | 0,013 | 8,393 | 0,000 |
| Etnid → Polver | -0,787 | 0,114 | -6,902 | 0,000 |
| Polver → Konfr | -0,100 | 0,011 | -9,187 | 0,000 |
| Bedr:Wels → Konfr | 0,127 | 0,024 | 5,354 | 0,000 |

**TABEL 7.60** **Passingsindekse vir roetemodel - Konfrontasie**

| Indeks | Waarde | 90% -Vertrouensinterval |
|---|---|---|
| "Bentler Bonett Non-Normed Fit" Indeks | 0,660 | |
| "Bentler Comparative Fit" Indeks | 0,781 | |
| "Population Gamma" Indeks | 0,834 | 0,798 - 0,867 |
| "Adjusted Population Gamma" Indeks | 0,667 | 0,595 - 0,743 |

Soos in die geval van bemindmaking, kan daar ook ten opsigte van konfrontasie verwag word dat die voorspellingsmodel tot 'n groot mate sal ooreenstem met dié van aktiewe hantering as geheel. Die kern van die twee modelle het dan ook ooreengestem. Die enigste verskil tussen die modelle wat konfrontasie en aktiewe hantering onderskeidelik voorspel is dus die ervaring van 'n bedreiging vir welstand, wat as addisionele eksogene veranderlike ingesluit is. Die t-waardes van die roetekoëffisiënte vir die

voorspelling van konfrontasie was betekenisvol, soos in tabel 7.59 gerapporteer. Die insluiting van die waargenome stabiliteit, asook die legitimiteit van die politieke bestel, beide gesamentlik en afsonderlik, het die model egter telkens verswak. Die passing van die model en die data is bevredigend, soos blyk uit tabel 7.60. Die roetediagram word in figuur 7.3 weergegee.




**FIGUUR 7.3** **Roetediagram - Konfrontasie**

## 7.8.4 Aanvaarding

Die kovariansiematriks, parameterskattings van die roetekoëffisiënte en passingsindekse ten opsigte van die roetemodel van aanvaarding word vervolgens in tabel 7.61, 7.62 en 7.63 gerapporteer, terwyl die roetediagram in figuur 7.4 verskyn.

**TABEL 7.61 Kovariansiematriks vir roetemodel - Aanvaarding**


| | Polkons | Etnid | PSK | KSK | Bedr:EV | Aanv | Polver |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Polkons** | 5,722 | | | | | | |
| **Etnid** | 8,065 | 71,384 | | | | | |
| **PSK** | 2,059 | 11,815 | 49,765 | | | | |
| **KSK** | 13,497 | 98,335 | 33,515 | 239,641 | | | |
| **Bedr:EV** | -5,099 | -38,921 | -12,902 | -81,559 | 46,102 | | |
| **Aanv** | -6,667 | -36,476 | -11,345 | -67,054 | 28,789 | 53,059 | |
| **Polver** | -25,986 | -86,358 | -6,798 | -115,295 | 48,051 | 81,422 | 376,018 |

**TABEL 7.62 Parameterskattings van roetekoëffisiënte - Aanvaarding**

| Roete | Parameter Skatting | Standaard Fout | t-waarde | p |
|---|---|---|---|---|
| Bedr:EV → Polkons | -0,111 | 0,022 | -5,080 | 0,000 |
| Polkons → Polver | -4,542 | 0,437 | -10,390 | 0,000 |
| Bedr:EV → PSK | -0,280 | 0,065 | -4,297 | 0,000 |
| PSK → KSK | 0,216 | 0,081 | 2,688 | 0,007 |
| Etnid → KSK | 0,760 | 0,088 | 8,623 | 0,000 |
| Bedr:EV → Etnid | -0,844 | 0,060 | -14,888 | 0,000 |
| Bedr:EV → KSK | -1,067 | 0,112 | 9,528 | 0,000 |
| Polver → Aanv | 0,153 | 0,014 | 11,056 | 0,000 |
| KSK → Aanv | -0,206 | 0,017 | -11,850 | 0,000 |

**TABEL 7.63** **Passingsindekse vir roetemodel - Aanvaarding**

| Indeks | Waarde | 90% -Vertrouensinterval |
|---|---|---|
| "Bentler Bonett Non-Normed Fit" Indeks | 0,847 | |
| "Bentler Comparative Fit" Indeks | 0,913 | |
| "Population Gamma" Indeks | 0,927 | 0,896 - 0,953 |
| "Adjusted Population Gamma" Indeks | 0,831 | 0,757 - 0,890 |




**FIGUUR 7.4** **Roetediagram - Aanvaarding**

Tabel 7.63 toon dat die gekose model 'n uitstekende passing met die data vertoon. Alle t-waardes van die roetekoëffiënte was beduidend, soos blyk uit tabel 7.65.

Figuur 7.4 toon dat 'n bedreiging vir eiesoortige voortbestaan, soos in die geval van meer aktiewe strategieë, as 'n eksogene veranderlike beskou is. Die ervaring van 'n bedreiging op hierdie vlak lei tot 'n meer negatiewe kollektiewe selfkonsep, asook tot laer etniese identifikasie en 'n meer negatiewe persoonlike selfkonsep. Laasgenoemde twee veranderlikes lei via kollektiewe selfkonsep tot die gebruik van aanvaarding. Laastens hou die ervaring van 'n bedreiging ook verband met polities liberale houdings, wat op hul beurt lei tot 'n positiewe houding teenoor politieke verandering. Hierdie veranderlike lei dan tot aanvaarding as hanteringstrategie. Dit is weereens opvallend dat die insluiting van die waargenome legitimiteit en stabiliteit van die politieke bestel telkens die model verswak het.

## 7.8.5 Vermyding

In die onderstaande tabelle word die gegewens ten opsigte van die roetemodelle vir die voorspelling van vermyding gerapporteer. Die kovariansiematriks verskyn in tabel 7.64, terwyl die parameterskattings van die roetekoëffisiënte en die passingsindekse van die model in tabelle 7.65 en 7.66 onderskeidelik gerapporteer word.

**TABEL 7.64 Kovariansiematriks vir roetemodel - Vermyding**

| | Etnid | PSK | KSK | Vermy | Polver |
|---|---|---|---|---|---|
| **Etnid** | 71,742 | | | | |
| **PSK** | 10,715 | 49,837 | | | |
| **KSK** | 100,238 | 30,894 | 243,770 | | |
| **Vermy** | -18,835 | -7,332 | -36,792 | 38,478 | |
| **Polver** | -88,084 | -4,862 | -120,606 | 38,595 | 379,836 |

**TABEL 7.65** **Parameterskattings van roetekoëffisiënte - Vermyding**


| Roete | Parameter Skatting | Standaard Fout | t-waarde | p |
|---|---|---|---|---|
| Etnid ➔ KSK | 1,384 | 0,076 | 17,824 | 0,000 |
| PSK ➔ KSK | 0,330 | 0,091 | 3,938 | 0,000 |
| Etnid ➔ Polver | -1,228 | 0,126 | -9,774 | 0,000 |
| KSK ➔ Vermy | -0,119 | 0,026 | -4,619 | 0,000 |
| Polver ➔ Vermy | 0,064 | 0,020 | 3,137 | 0,002 |

**TABEL 7.66** **Passingsindekse vir roetemodel - Vermyding**

| Indeks | Waarde | 90% -Vertrouensinterval |
|---|---|---|
| "Bentler Bonett Non-Normed Fit" Indeks | 0,963 | |
| "Bentler Comparative Fit" Indeks | 0,981 | |
| "Population Gamma" Indeks | 0,989 | 0,967 - 1,000 |
| "Adjusted Population Gamma" Indeks | 0,968 | 0,902 - 0,999 |

Aanvaarding en vermyding is beide "passiewe" strategieë en daar kan dus verwag word dat die roetemodelle van die twee strategieë sal ooreenstem. Die roetemodel wat vermyding voorspel, het egter minder veranderlikes bevat as dié van aanvaarding. Politieke konserwatisme en die ervaring van bedreiging vir eiesoortige voortbestaan is nie in die model van vermyding ingesluit nie. Vermyding is trouens die enigste strategie waar die persepsie van bedreiging nie in die roetemodelle ingesluit is nie.

Tabel 7.65 toon dat al die roetekoëffisiënte beduidende t-waardes gelewer het, terwyl die gekose model ook 'n baie goeie passing met die data getoon het (kyk tabel 7.66).




**FIGUUR 7.5 Roetediagram - Vermyding**

Die roetediagram in figuur 7.5 toon dat lae etniese identifikasie en 'n negatiewe persoonlike selfkonsep lei tot 'n negatiewe kollektiewe selfkonsep. Lae etniese identifikasie lei ook tot 'n positiewe houding teenoor politieke verandering. 'n Negatiewe kollektiewe selfkonsep en 'n positiewe houding teenoor politieke verandering lei op hul beurt tot die gebruik van vermyding as hanteringstrategie.

### 7.8.6 Mobiliteit

Die roetemodel wat die keuse van mobiliteit as hanteringstrategie voorspel, word vervolgens bespreek. Die kovariansiematriks, parameterskattings van die

roetekoëffisiënte en passingsindekse vir dié model volg in tabel 7.67, 7.68 en 7.69 onderskeidelik.

**TABEL 7.67 Kovariansiematriks vir roetemodel - Mobiliteit**

| | Oud (1) | Ink (2) | Etnid (3) | PSK (4) | KSK (5) | Bedr: EV (6) | Bedr: Wels (7) | Mob (8) | Polver (9) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 277,905 | | | | | | | | |
| 2 | 8,491 | 5,960 | | | | | | | |
| 3 | 24,660 | -1,711 | 72,457 | | | | | | |
| 4 | 15,733 | 0,265 | 10,651 | 49,940 | | | | | |
| 5 | 72,641 | -1,866 | 101,661 | 31,527 | 246,067 | | | | |
| 6 | -22,585 | 1,235 | -40,307 | -11,872 | -84,621 | 47,539 | | | |
| 7 | -9,799 | -0,765 | 0,940 | -13,631 | -26,916 | 17,202 | 64,312 | | |
| 8 | -12,446 | 1,530 | -7,970 | -4,925 | -20,189 | 9,037 | 8,703 | 11,988 | |
| 9 | -18,584 | 7,302 | -89,565 | -5,494 | -121,563 | 50,383 | -42,766 | 9,544 | 383,751 |


**TABEL 7.68 Parameterskattings van roetekoëffisiënte - Mobiliteit**

| Roete | Parameter Skatting | Standaard Fout | t-waarde | p |
|---|---|---|---|---|
| Oud → Mob | -0,046 | 0,012 | -3,695 | 0,000 |
| PSK → Bedr:EV | -0,238 | 0,061 | -3,868 | 0,000 |
| Bedr:Wels → Polver | -0,665 | 0,153 | -4,355 | 0,000 |
| Polver → Etnid | -0,122 | 0,017 | -7,232 | 0,000 |
| Bedr:EV → KSK | -1,780 | 0,092 | -19,340 | 0,000 |
| KSK → Etnid | 0,353 | 0,021 | 16,830 | 0,000 |
| Etnid → Mob | -0,087 | 0,026 | -3,303 | 0,001 |
| Ink → Mob | 0,297 | 0,085 | 3,488 | 0,000 |

**TABEL 7.69 Passingsindekse vir roetemodel - Mobiliteit**

| Indeks | Waarde | 90% - Vertrouensinterval |
|---|---|---|
| "Bentler Bonett Non-Normed Fit" Indeks | 0,670 | |
| "Bentler Comparative Fit" Indeks | 0,743 | |
| "Population Gamma" Indeks | 0,865 | 0,832 - 0,894 |
| "Adjusted Population Gamma" Indeks | 0,782 | 0,730 - 0,830 |

Tabel 7.68 toon dat al die roetekoëffisiënte beduidende t-waardes gelewer het, terwyl tabel 7.69 toon dat die gekose model 'n bevredigende passing met die data toon. Mobiliteit is die enigste strategie waar die ervaring van bedreiging vir eiesoortige voortbestaan en welstand beide lei tot 'n *verhoogde* gebruik van die strategie.




**FIGUUR 7.6 Roetediagram - Mobiliteit**

Soos blyk uit figuur 7.6, lei die ervaring van 'n bedreiging vir welstand tot die oorweging van mobiliteit via 'n negatiewe houding teenoor politieke veranderinge en laer etniese identifikasie. 'n Negatiewe persoonlike selfkonsep verhoog die ervaring van 'n bedreiging vir eiesoortige voortbestaan. Laasgenoemde lei tot 'n negatiewe kollektiewe selfkonsep, wat via lae etniese identifikasie die gebruik van mobiliteit verhoog. Hierbenewens lei inkomste en ouderdom as eksogene veranderlikes afsonderlik tot die oorweging van mobiliteit as strategie.

## 7.9 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die resultate van die onderhawige studie gerapporteer. Die psigometriese eienskappe van die skale, gemiddelde tellings op die skale, interkorrelasies tussen veranderlikes en meervoudige regressieontledings is gerapporteer. Hierbenewens is die resultate van roeteontledings met die onderskeie hanteringstrategieë as afhanklike veranderlikes, weergegee. Die implikasies van hierdie resultate sal in die volgende hoofstuk bespreek word.

# HOOFSTUK 8

# BESPREKING EN GEVOLGTREKKINGS

## 8.1 INLEIDENDE OPMERKINGS

Hierdie hoofstuk behels die bespreking van en gevolgtrekkings ten opsigte van die resultate wat in die vorige hoofstuk gerapporteer is. Daar sal ten opsigte van elke veranderlike kortliks 'n opsomming van die empiriese bevindinge gegee word, waarna die bevindinge bespreek en geïnterpreteer sal word in die lig van die teoretiese agtergrond en verwagtinge wat deur vorige bevindinge geskep is.

## 8.2 SKALE

### 8.2.1 Opsomming van bevindinge

Die saamgestelde meetinstrument wat in die onderhawige studie gebruik is, sluit bestaande, bewese skale in, asook skale wat vir die doeleindes van dié studie ontwikkel is. Al die instrumente is aan faktorontleding, itemontleding en Cronbach se alfakoëffisiëntontleding onderwerp. Die verskillende skale en subskale het oor die algemeen bevredigende tot hoë vlakke van interne konsekwentheid behaal. Die bestaande skale verwys na die metings van die sterkte van etniese identifikasie van Brown *et al.* (1986), persoonlike selfkonsep (Rosenberg, 1965), kollektiewe selfkonsep (Luhtanen & Crocker, 1992) en die houding teenoor politieke veranderinge (Malan *et al.*, 1994). Alfakoëffisiëntontledings het getoon dat hierdie skale genoegsame betroubaarheid demonstreer om onveranderd in verdere ontledings gebruik te word. Die alfakoëffisiënte van hierdie skale het gewissel tussen 0,841 en 0,962. Met die uitsondering van die Kollektiewe Selfkonsepskaal, het faktorontleding getoon dat dieselfde faktorstruktuur as dié wat deur ander navorsers gevind is, na vore gekom het. Weens die hoë interne konsekwentheid van die totale skale is besluit om hierdie skale

as unidimensionele skale te beskou. Die subskale van die kollektiewe selfkonsepskaal het genoegsame betroubaarheid getoon om ook afsonderlik in ontledings gebruik te word.

Twee skale is vir die doeleindes van hierdie studie ontwikkel, waarvan een die ervaring van bedreiging vir die identiteit van die groep meet en die ander die keuse van hanteringstrategieë in reaksie op 'n waargenome bedreiging. Hierdie skale is ontwikkel op grond van teoretiese dimensies soos deur die SIT (Tajfel, 1978a; 1981) en Breakwell (1986) se teorie van bedreigde identiteite gesuggereer. Op grond van die item- en faktorontleding is die skale ietwat gewysig. Die hergroepering van items op grond van dié ontledings het insiggewende dimensies na vore gebring wat ook teoretiese sin maak. Die bedreigingskaal is gereduseer tot twee dimensies, naamlik 'n bedreiging vir die eiesoortige voortbestaan van die groep, wat verwys na die ervaring dat die Afrikaner nie as 'n onderskeibare groep in die samelewing sou bly voortbestaan nie, en 'n bedreiging vir welstand, wat verwys na 'n negatiewe ervaring van Afrikanerwees in die post-Apartheid bedeling. Die oorspronklike teoretiese subskale is dus nie in alle opsigte bevestig nie en dit wil voorkom of veral die dimensies van onderskeibaarheid en kontinuïteit baie verweef is in die betrokke steekproef.

Uit die hanteringskaal het vyf onderskeibare hanteringstrategieë gekristalliseer, naamlik bemindmaking, konfrontasie, vermyding, aanvaarding en mobiliteit. Hierdie skale het tot 'n groot mate die beoogde teoretiese dimensies weerspieël. Bemindmaking verwys na die aktiewe bevordering van 'n positiewe beeld van die groep, terwyl konfrontasie 'n uitdaging van die *status quo* en opstand teen die sosio-politieke verandering behels. Vermyding impliseer dat individue die sosio-politieke verandering uit hul lewe probeer uitsluit, terwyl aanvaarding die gelate aanvaarding van die veranderinge as synde buite die individu se beheer behels.

Daar het egter ook 'n hoër orde klassifikasie na vore gekom, naamlik dié van aktiewe, teenoor meer passiewe strategieë. Dit wil dus voorkom of daar benewens die fyner onderskeide wat gemaak kan word ten opsigte van hanteringstrategieë, ook 'n basiese oriëntasie by individue is ten gunste van aktiewe of passiewe hantering. Twee

hanteringstrategieë wat op die oog af uiteenlopend mag voorkom, byvoorbeeld konfrontasie en bemindmaking, het dus 'n gemeenskaplike basis in die onderliggende aktiewe optrede wat dit behels.

Alfakoëffisiënte vir die finale subskale van die bedreiging- en hanteringskale het gewissel tussen 0,637 en 0,864, wat as bevredigend beskou kan word. Addisionele validering en verfyning van hierdie skale behoort egter deur verdere studies verskaf kan word.

## 8.3 BIOGRAFIESE BESONDERHEDE

### 8.3.1 Opsomming van bevindinge

Die biografiese profiel van die steekproef het tot 'n bevredigende mate ooreengestem met die profiel van die algemene bevolking soos blyk uit die jongste sensusgegewens wat ten tye van die steekproeftrekking beskikbaar was. Daar kan dus wat biografiese besonderhede betref met vertroue beweer word dat die steekproef tot 'n bevredigende mate verteenwoordigend van die populasie van die studie was.

In die interkorrelasiematriks is dit opvallend dat die biografiese veranderlikes geen noemenswaardige verband getoon het met die ander veranderlikes in die studie nie. 'n Uitsondering is die matig positiewe korrelasie van kollektiewe selfkonsep met ouderdom. 'n Ander tendens in die interkorrelasiematriks ten opsigte van biografiese veranderlikes is dat opvoedkundige kwalifikasie negatiewe korrelasies getoon het met al die hanteringstrategieë. Alhoewel nie een van die korrelasies 'n noemenswaardige effekgrootte gehad het nie, dui dit tog op 'n tendens vir individue met hoër opvoedkundige kwalifikasies om oor die algemeen tot 'n mindere mate van hanteringstrategieë gebruik te maak.

In die regressieontledings het biografiese veranderlikes in die voorspelling van enkele afhanklike veranderlikes gefigureer. So was inkomste, kwalifikasie en ouderdom van die voorspellers wat opgeneem is in die voorspellingsmodel van mobiliteit as hanteringstrategie. Respondente met laer opvoedkundige kwalifikasies was ook meer geneig om 'n verlaging in die status van die groep te ervaar. Biografiese eienskappe hou dus met enkele uitsonderings nie beduidend verband met die ander veranderlikes in die studie nie. Daar was byvoorbeeld bykans geen beduidende verskille tussen mans en vrouens wat enige van die veranderlikes betref nie.

### 8.3.2 Teoretiese bespreking

Die verband tussen kollektiewe selfkonsep en ouderdom blyk nie uit vorige bevindinge nie. Dit kan moontlik aan historiese faktore toegeskryf word. Driedger (1976:133) beweer dat positiewe historiese en kulturele ervarings verband hou met 'n positiewe en goed gevormde selfkonsep. Waar ouer persone vir 'n langer periode blootgestel was aan die bloeitydperk van Afrikaner nasionalisme, status en mag, is jonger persone in meer resente tye gekonfronteer met die aftakeling van Apartheid en die stigma wat as gevolg daarvan aan die groep gekoppel was. Dit mag bydra tot hul meer negatiewe kollektiewe selfkonsep ten opsigte van die groep.

Alhoewel die korrelasies geen noemenswaardige effekgrootte gehad het nie, blyk die negatiewe korrelasie tussen opvoedkundige kwalifikasie en die meerderheid van die hanteringstrategieë teenstrydig te wees met die bevindinge van Milburn en Watman (1981:31), asook Breakwell (1986:178) dat die gebruik van 'n wye reeks hanteringstrategieë saamhang met die kognitiewe kapasiteit van die individu. Individue met hoër opvoedkundige kwalifikasies was egter spesifiek minder geneig om van aktiewe strategieë gebruik te maak. Ellemers *et al.* (1988:497) het gevind dat binnegroepidentifikasie sterker is by individue met 'n lae groep- en persoonlike status as individue met lae groepstatus en hoë persoonlike status. Hulle verklaar die bevinding op grond van die aanname dat individue met 'n hoë mate van persoonlike vaardighede (wat oor die algemeen hoog aangeslaan word) minder afhanklik is van hul groep vir die verkryging van 'n positiewe persoonlike identiteit. Individue met 'n

mindere mate van persoonlike vermoëns mag egter tot 'n groter mate van positiewe groeplidmaatskappe afhanklik wees vir 'n positiewe identiteit. Indien dié groepe se status dus verlaag, het dit groter implikasies vir hul ervaring van persoonlike status. Hierdie faktore mag 'n rol speel in die groter gebruik van passiewe hanteringstrategieë deur individue met hoër opvoedkundige kwalifikasies. Individue met laer opvoedkundige kwalifikasies sal waarskynlik meer geneig wees om aktief op te tree wanneer die groeplidmaatskappe wat belangrik is vir hul sin van eiewaarde bedreig word. Dit werp ook lig op die verband tussen opvoedkundige kwalifikasie en die ervaring van 'n verlaging in status van die groep.

Dit maak verder logies sin dat emigrasie tot 'n groter mate 'n opsie is vir jonger individue met hoër kwalifikasies en 'n hoër inkomste, aangesien hulle meer geleenthede oorsee kan ontgin.

## 8.4 SELFKATEGORISERING

### 8.4.1 Opsomming van bevindinge

In respondente se selfkategorisering in terme van hul belangrikste identiteite het 'n etniese, sowel as 'n rasidentiteit redelik sterk figureer. 'n Oorkoepelende Suid-Afrikaanse identiteit was egter heelwat minder prominent. Individue wat wel 'n Suid-Afrikaanse identiteit benoem het, het nie 'n etniese identiteit benoem nie, en andersom. 'n Ander identiteitsgroep wat sterk gefigureer het was dié van "Christen". Die groep is ook dikwels in die hoogste prioriteitsposisie benoem. Die benoeming van 'n etniese identiteit het verband gehou met sterker etniese identifikasie, 'n positiewe kollektiewe selfkonsep, veral ten opsigte van die sentraliteit van die identiteit in hul identiteitstruktuur en die mate waartoe hulle hulself as goeie lede van die groep evalueer, 'n kleiner bedreiging vir die eiesoortige voortbestaan van die groep, en die gebruik van aktiewe hanteringstrategieë.

### 8.4.2 Teoretiese bespreking

Deaux (1993:6) is van mening dat die posisie van 'n bepaalde identiteit binne die totale struktuur meer as net 'n beskrywing is. 'n Spesifieke posisie mag belangrike affektiewe en gedragsimplikasies inhou. Dit wil voorkom of dit in hierdie studie wel die geval is, aangesien die benoeming van Afrikaneridentiteit as sentrale identiteit (ongeag die prioriteit daarvan), verband gehou het met 'n aantal ander veranderlikes, by name 'n positiewe kollektiewe selfkonsep, 'n kleiner bedreiging vir eiesoortige voortbestaan, en die gebruik van aktiewe hanteringstrategieë.

Adam (1995:468) het voorspel dat ras en etnisiteit ná die oorgangsperiode hul belangrikheid in die identiteitstruktuur van witmense sou verloor. Die relatiewe prominensie van 'n rasidentiteit tesame met 'n etniese identiteit in die selfkategoriseringsdata is in teenstelling met hierdie voorspelling, sowel as met die bevindinge van Bornman (1995:312) wat gevind het dat slegs 'n klein persentasie van witmense in haar studie hulself in terme van 'n wit rasidentiteit beskryf het of 'n wit rasidentiteit as hul belangrikste identiteit benoem het. Etniese identiteit het egter ook in haar studie sterk na vore gekom. Die redes vir die diskrepansie tussen die twee studies in terme van die benoeming van 'n rasidentiteit kan op verskeie vlakke lê. In die eerste plek kan die tydsverloop tussen die studies 'n rol speel. Waar Bornman se studie midde in die oorgangsfase uitgevoer is, is die onderhawige studie later, na die verloop van meer sosio-strukturele veranderinge uitgevoer. Dit is dus moontlik dat die verskil in sosiale konteks 'n rol speel in die hoër prominensie van 'n rasidentiteit in hierdie studie. Verder moet in ag geneem word dat Bornman se studie 'n steekproef uit 'n groter geografiese area betrek het, terwyl die onderhawige studie een stedelike gebied gedek het. Streeksverskille in die prominensie van 'n rasidentiteit mag dus ook 'n rol speel.

Die relatief lae prominensie van 'n oorkoepelende Suid-Afrikaanse identiteit bevestig die bevindinge van Uys (1997:70) dat sterk etniese identifikasie negatief verband hou met die identifikasie met 'n groter Suid-Afrikaanse identiteit. Etniese identiteit en 'n Suid-Afrikaanse identiteit was ook in haar studie bykans wedersyds uitsluitend. Sowat

'n derde van die wit Afrikaanssprekende respondente in Bornman (1995: 261) se studie het hulself in terme van 'n Suid-Afrikaanse identiteit beskryf, alhoewel dié identiteit steeds ondergeskik was aan etniese identiteit. Dit wil dus voorkom of bevindinge akkumuleer dat 'n oorkoepelende Suid-Afrikaanse identiteit nog nie sterk gevestig is onder wit Afrikaanssprekendes nie. Verdere navorsing sal uitwys of hierdie identifikasie oor tyd sal versterk relatief tot etniese identifikasie.

Ten opsigte van die Christelike geloof bevestig die prominensie van dié lidmaatskap in hierdie studie die bevindinge van Bornman (1995:269). Afrikaanssprekende witmense is die enigste etniese groep in haar studie wat sterk klem gelê het op geloof as onderskeidende kenmerk van hul etniese groep. Geloof is ook tradisioneel 'n belangrike element van Afrikanerskap en selfs van die Apartheidsbeleid. Manzo en McGowan (1992:7) het byvoorbeeld gevind dat die meerderheid Afrikaner respondente in hul studie van mening was dat die verdeling van mense in verskillende nasionale groepe die wil van God is. In terme van waardesisteme is daar bevind dat Afrikaners tot 'n groot mate binne 'n waardestelsel funksioneer waarbinne tradisie, 'n almagtige, bonatuurlike krag, en hiërargiese strukture die leidende motiverende faktore is (Mostert, 1996:16). Hierdie identiteit figureer dus nog steeds sterk in Afrikanergeledere.

Die verband tussen selfkategorisering in terme van 'n etniese identiteit en identifikasie met die groep maak logies sin. Individue behoort sterker te identifiseer met groepe wat sentraal in hul identiteitstruktuur staan. Die beduidende verband tussen selfkategorisering en die identiteit-subskaal van die kollektiewe selfkonsepskaal bied konseptuele ondersteuning vir die feit dat beide skale die sentraliteit van Afrikaneridentiteit in die identiteitstruktuur meet. Volgens Crocker en Luhtanen (1989:617) sal individue wat hulself as goeie lede van'n bepaalde groep beskou, hierdie groepe ook as meer sentraal tot hulle selfdefinisie sien. Hierdie verband is bevestig deur die verband tussen selfkategorisering as Afrikaner en die lidmaatskap-subskaal van die kollektiewe selfkonsepskaal.

Die verband tussen selfkategorisering en die ervaring van 'n bedreiging vir eiesoortige voorbestaan, asook die gebruik van aktiewe hantering is soortgelyk aan dié wat tussen

etniese identifikasie en die betrokke veranderlikes gevind is. Teoretiese verklarings hiervoor word dus onder afdeling 8.5.2 bespreek.

## 8.5 STERKTE VAN ETNIESE IDENTIFIKASIE

### 8.5.1 Opsomming van bevindinge

Identifikasie met die Afrikaner as groep is gemeet deur twee skale van etniese identifikasie, naamlik die skaal van Brown *et al.* (1986:276), en die enkelitemveranderlike ten opsigte van die mate waartoe respondente hulself met die begrip "Afrikaner" vereenselwig. Tellings op beide hierdie skale toon dat etniese identifikasie oor die algemeen sterk is, en beduidend verband hou met 'n aantal ander veranderlikes. Die vernaamste hiervan is 'n positiewe evaluering van die etniese groep, in die vorm van 'n positiewe kollektiewe selfkonsep. Kollektiewe selfkonsep was dan ook die vernaamste voorspeller van etniese identifikasie.

Die ervaring van 'n bedreiging vir eiesoortige voortbestaan was die volgende belangrikste voorspeller van etniese identifikasie. Individue wat bedreig voel ten opsigte van die eiesoortige voortbestaan van hul identiteit, het minder sterk met die etniese groep geïdentifiseer. Die rigting van oorsaaklikheid van hierdie verband behoort deur die roeteontledings uitgewys te word. Daar was egter geen verband tussen etniese identifikasie en 'n bedreiging vir welstand as Afrikaner nie.

'n Sterk etniese identifikasie het individue klaarblyklik aangespoor om van meer aktiewe hanteringstrategieë gebruik te maak, teenoor meer passiewe strategieë. Konfrontasie as aktiewe strategie, en aanvaarding as meer passiewe strategie is spesifiek aangedui as betekenisvolle voorspellers van etniese identifikasie, waar konfrontasie sterk etniese identifikasie voorspel het en aanvaarding laer etniese identifikasie.

Benewens bostaande bevindinge het etniese identifikasie ook 'n sterk negatiewe korrelasie getoon met die houding teenoor politieke verandering, wat impliseer dat

sterker etniese identifikasie met meer negatiewe houdings teenoor die politieke verandering in die land gepaard gegaan het. Daar was ook 'n positiewe korrelasie tussen etniese identifikasie en politieke konserwatisme.

### 8.5.2 Teoretiese bespreking

Sterk etniese identifikasie is histories 'n kenmerk van die Afrikaner as groep (Bornman, 1995:318; Duckitt, 1991:187; Morsbach & Morsbach, 1967:322) en dié bevinding is dus nie vreemd nie. Smith (1991:184) en Giliomee (1992a:342) beweer dat etniese identiteit, benewens die kontinue aard daarvan, ook 'n situasionele karakter het. Wanneer bepaalde situasies behoeftes by die individu skep, sal identiteite wat aan hierdie behoeftes voldoen, na vore tree. Bornman (1995:320) noem byvoorbeeld die konteks van haar studie as een van die vernaamste bydraende faktore tot die prominensie van etnisiteit wat sy gevind het. Dit wil voorkom of etniese identiteit ook ten tye van hierdie studie relatief prominent in die identiteitstruktuur van respondente gestaan het. Daar mag dus faktore wees wat hierdie sterk etniese identifikasie ook in 'n nuwe politieke bedeling in stand hou.

Verskeie teoretici lig sodanige faktore uit, beide eie aan die groep en die sosiale konteks, wat etniese identifikasie kan versterk. So was die omgewingsfaktore wat deur Lau (1989:222) geïdentifiseer word, almal tot 'n mindere of meerdere mate ten tye van die studie teenwoordig. Die hipotese van eendersheid, naamlik dat individue redelik duidelik as lede van hul groep geïdentifiseer kan word, geld ten opsigte van Afrikaners wat binne die definisie van die begrip in die onderhawige studie hoofsaaklik aan hul velkleur en taalgebruik uitgeken kan word. Die hipotese van prominensie kan ook 'n rol speel. In die tyd waarin die studie uitgevoer is, het die Waarheids- en Versoeningskommissie byvoorbeeld die groep se prominensie verhoog deur menseregteskendings uit die Apartheidsera te onthul. Die groep is dus ten tye van die studie in die media as 'n redelik gestigmatiseerde groep voorgehou. Sosiale digtheid, wat verband hou met die politieke verteenwoordiging wat die sosiale groep op plaaslike vlak geniet, is beïnvloed deur munisipale verkiesings wat sowat 'n jaar voor die studie plaasgevind het. Die verteenwoordiging van die groep het in sowel die plaaslike as

nasionale regering afgeneem in 'n nuwe politieke bedeling, en die sosiale digtheid van die groep in Lau se terme het dus verlaag. Dit kan ook bydra tot sterker etniese identifikasie. Lau redeneer dat, in omstandighede van hoë sosiale digtheid daar genoeg lede van die binnegroep teenwoordig is sodat die kognitiewe prominensie van die groep verminder, terwyl die omgekeerde in omstandighede van lae sosiale digtheid gebeur.

Nog 'n faktor wat die sterkte van etniese identifikasie kan beïnvloed, is die sosiale mobiliteit van die groep. Volgens Gurin, Miller en Gurin (1980:30) vind sterker etniese identifikasie plaas by groepe waarvan die sosiale mobiliteit geblokkeer is, asook groepe met hoë intragroepkontak en lae intergroepkontak. Die verband tussen etniese identifikasie en intergroepkontak is ten opsigte van die Afrikaner deur Bornman (1995:331) bevestig. Afrikaners in haar studie was die groep met die minste intergroepkontak en die sterkste etniese identifikasie. Afrikaners se sosiale mobiliteit is tot 'n groot mate geblokkeer, onder andere vanweë die sigbaarheid van hul groeplidmaatskap en die stigma van Apartheid. Die beleid van regstellende aksie het ook hul beroepsmobiliteit tot 'n groot mate beperk. In terme van Driedger (1976:133) se tipologie is Afrikaners 'n groep met 'n hoë mate van historiese institusionele voltooidheid, wat impliseer dat hulle tot 'n groot mate beheer oor hul eie skole, kerke, kulturele instellings gehad het. Al hierdie faktore mag bydra tot sterk etniese identifikasie.

Uys (1997:70) het bevind dat die belangrikste voorspellers van etniese identifikasie in haar studie die mate van toekomssekerheid en die belang wat aan kultuurbehoud geheg word was. In Uys se studie is daar 'n negatiewe korrelasie tussen etniese identifikasie en toekomssekerheid gevind, wat impliseer dat individue wat seker voel van hulle toekoms, minder geneig is om met die etniese groep te identifiseer (1997:67). In 'n sekere sin is die omgekeerde in die onderhawige studie gevind, naamlik dat individue wat 'n bedreiging vir die eiesoortige voortbestaan van hul identiteit ervaar, en dus by implikasie onseker is van die toekoms van die groep, minder met die etniese groep geïdentifiseer het. Indien die houding teenoor politieke verandering egter as 'n aanduiding van toekomssekerheid gesien word, word Uys se bevindinge wel ondersteun. 'n Negatiewe houding teenoor politieke verandering het gepaard gegaan

met sterker etniese identifikasie. Dit mag wees dat die indeks van bedreiging vir eiesoortige voortbestaan in hierdie studie nie ekwivalent is aan die konstruk van toekomssekerheid soos deur Uys gemeet nie.

In Bornman (1995:301) se studie was opvoedkundige kwalifikasie een van die vernaamste voorspellers van etniese identifikasie. Hoër opvoedkundige kwalifikasies het gepaard gegaan met laer etniese identifikasie. In hierdie studie was dit egter nie die geval nie. Opvoedkundige kwalifikasie was nie een van die voorspellers van etniese identifikasie nie en die korrelasies tussen opvoedkundige kwalifikasie en die skale van etniese identiteit was slegs -0,12 en -0,16 onderskeidelik. Alhoewel die rigting van die korrelasies dus ooreenstem, was die verband nie besonder sterk nie.

Die sterk verband tussen etniese identifikasie en kollektiewe selfkonsep is ook verstaanbaar in die lig van die teoretiese verwagting dat individue sterker sal identifiseer met groepe waarvan hulle die identiteitseienskappe geïnternaliseer het, wat vir hulle betekenisvol is, en wat deel uitmaak van hulle sosiale identiteit. Dit is in ooreenstemming met die bevindinge van Robbins (1992:80), asook met een van die sentrale hipoteses van die SIT, naamlik dat individue graag aan groepe wil behoort wat positief bydra tot hulle selfkonsep. Dit is dus te verwagte dat individue dié groepe waarmee hulle sterk identifiseer, ook positief sal evalueer.

Teenstrydige bevindinge ten opsigte van die verband tussen etniese identifikasie en bedreiging is in die verlede gerapporteer. Aan die een kant is bevind dat identifikasie met 'n groep versterk word deur die persepsie van bedreiging (Christian *et al.*, 1976:283; Grant, 1992:350; Lee & Ottati, 1995:610). Ook Bornman (1995:300) het gevind dat persepsies dat die binnegroep in 'n nuwe politieke bedeling bedreig sou word, beduidend met sterker etniese identifikasie verband hou, terwyl Uys (1997: 90) en Bornman 'n positiewe korrelasie gevind het tussen etniese identifikasie en die ervaring van relatiewe deprivasie. Die bevindinge van Phinney *et al.* (1993:470), Smith (1991:184) en Branscombe *et al.* (1993:382) suggereer egter die teenoorgestelde. Branscombe *et al.* verklaar dit soos volg. Wanneer 'n groep bedreig word, mag individue wat sterk met die groep identifiseer, dit moeilik vind om hulself van die groep

te distansieer, aangesien die identiteit sentraal in hulle identiteitstruktuur figureer. Selfs al impliseer die bedreiging 'n potensiële verlies aan eiewaarde, reageer hulle deur hul groeplidmaatskap te herbevestig.

Die verskil tussen dié twee bevindinge mag ook lê in die sterkte van die reeds bestaande etniese identifikasie. Waar etniese identifikasie nie baie sterk is nie, mag bedreiging dit versterk, aangesien bedreiging tot groter groepkohesie lei. Wanneer etniese identifikasie egter reeds sterk is, kan dit individue buffer teen die ervaring van bedreiging, sodat hulle minder bedreig voel. Dit wil voorkom of laasgenoemde by die Afrikaner die geval is, waar daar 'n negatiewe korrelasie tussen etniese identifikasie en die ervaring van bedreiging gevind is.

By nadere ondersoek blyk dit dat dit veral die eiesoortige voortbestaanskaal van die bedreigingskaal is wat negatief met die tellings ten opsigte van etniese identifikasie korreleer. Dit blyk dat individue wat sterk met die groep identifiseer, nie ervaar dat die groep se voortbestaan bedreig word nie. Sterker etniese identifisering in Bornman (1995:300) se studie het verband gehou met 'n groter bereidwilligheid om die kultuur en identiteit van die binnegroep te beskerm. Individue wat sterk met die etniese groep identifiseer is dus gemotiveerd om die groep te laat voortbestaan, en sal dus nie maklik 'n bedreiging vir die eiesoortige voortbestaan van die groepidentiteit erken nie. Hierdie tendens is ook deur Ellemers *et al.* (1995:622) bevestig: "Committed group members close ranks and show greater group loyalty when their identity is threatened".

In Uys se studie (1997:90) het individue wat sterk met die groep identifiseer ook hul huidige situasie meer negatief geëvalueer relatief tot voorheen. Hierdie aanduiding van progressiewe relatiewe deprivasie kan waarskynlik as ekwivalent aan die ervaring van 'n bedreiging vir welstand beskou word. Die sterkte van etniese identifikasie het egter in die onderhawige studie geen verband getoon met die bedreiging vir welstand nie. Die gebrek aan 'n korrelasie, tesame met die hoë gemiddelde telling op die bedreiging vir welstand skaal impliseer dat Afrikaner-wees in die nuwe politieke bedeling deurgaans as redelik negatief beleef is, ongeag hoe sterk 'n individu met dié groep identifiseer.

Die sterkte van identifikasie met die etniese groep het in hierdie studie ook verband gehou met die keuse van hanteringstrategieë in reaksie op 'n waargenome bedreiging. Individue wat nie sterk met die groep identifiseer nie, was meer geneig om die situasie gelate te aanvaar of te vermy, terwyl sterk identifikasie individue skynbaar noop om aktief op te tree ten einde die waargenome bedreiging te hanteer. Hierdie verband word verder in afdeling 8.13.2 bespreek.

Die verband tussen sterk etniese identifikasie, 'n negatiewe houding teenoor politieke verandering en groter politieke konserwatisme maak sin daarin dat meer konserwatiewe groepe ook oor die algemeen sterker etniese sentimente openbaar en oorwegend gekant was teen die politieke verandering in die land.

Samevattend kan gesê word dat, benewens die tradisionele sterk etniese identifikasie van Afrikaners, die meeste faktore wat etniese identifikasie versterk ook in die groep en in die sosiale konteks teenwoordig was ten tye van die studie, wat die sterk etniese identifikasie verder ondersteun. Sterk etniese identifikasie het verband gehou met 'n positiewe kollektiewe selfkonsep, negatiewe houdings teenoor politieke verandering, en politieke konserwatisme. Die verband tussen etniese identifikasie en bedreiging is egter nie simplisties nie en sal verdere ondersoek verg. Sterk etniese identifikasie het in hierdie studie verband gehou met 'n oortuiging dat die eiesoortige voortbestaan van die groep nie bedreig word nie, terwyl daar geen verband met die bedreiging vir welstand is nie. Dit wil dus voorkom of bepaalde dimensies van bedreiging differensieel met etniese identifikasie verband hou.

## 8.6 POLITIEKE KONSERWATISME

### 8.6.1 Opsomming van bevindinge

By wyse van 'n subjektiewe beoordeling op 'n skaal vanaf polities regs na links, het respondente hul mate van politieke konserwatisme aangedui. Dit was duidelik dat die

steekproef hulself oorwegend regs op die skaal geposisioneer het. Individue wat hulself as polities meer konserwatief beoordeel het, het sterker met hul etniese groep geïdentifiseer, 'n positiewe kollektiewe selfkonsep gehad, en die groep as 'n meer sentrale deel van hul identiteitstruktuur beskou. Hulle het ook 'n groter bedreiging vir hul welstand as groeplede ervaar en 'n negatiewe houding teenoor die politieke veranderinge in die land gehuldig. Politieke konserwatisme het verder saamgehang met die beoordeling van die politieke bestel as onlegitiem en onstabiel. Die vernaamste voorspellers van politieke konserwatisme was die houding teenoor politieke veranderinge en die mate waartoe individue van mening was dat hulle goeie lede van die Afrikaner as groep is.

### 8.6.2 Teoretiese bespreking

Die groot mate van politieke konserwatisme onder die steekproef is opmerklik. Die bevinding kan moontlik verband hou met die geografiese gebied of die tydsraamwerk waarbinne die studie uitgevoer is. Pretoria is tradisioneel bekend as 'n meer konserwatiewe stad (Humphries *et al.*, 1990:20; Munro, 1995:21), relatief tot byvoorbeeld Kaapstad. Die verlies aan politieke mag wat die algemene verkiesing sowat twee jaar vantevore vir die groep teweeg gebring het, mag ook bydra tot 'n meer regse posisionering relatief tot die regering van die dag. Die bevinding moet egter ook gesien word teen die agtergrond van die veranderlike ter sprake. Konserwatisme as persoonlikheidseienskap gaan gepaard met 'n groter ekstremiteit van houdings oor die algemeen (Chueng & Kwok, 1996: 334; Peterson, Doty & Winter: 1993:174). Individue wat van nature konserwatief is, sal dus geneig wees om, ook wat hul subjektiewe politieke posisionering betref, 'n meer ekstreme posisie in te neem as individue wat minder konserwatief is. Meer liberale individue sal op hul beurt 'n minder ekstreme telling op die skaal kies. Hierdie verskynsel mag bydra tot die skeefheid van die verspreiding van tellings op dié skaal.

Die verband tussen politieke konserwatisme en die houding teenoor politieke veranderinge is te wagte. Meer konserwatiewe Afrikaners het oor die algemeen nie saamgestem met die sosio-politieke veranderinge wat die oorgang na 'n nuwe politieke

bedeling sou beteken waarin hulle politieke mag drasties verminder sou word nie. Hulle sou dus ook meer negatiewe houdings teenoor dié veranderinge huldig.

Ten opsigte van kollektiewe selfkonsep het meer konserwatiewe respondente hulself as goeie lede van die Afrikaner as groep geëvalueer. Politieke konserwatisme binne Afrikanergeledere gaan gepaard met 'n strewe na die behoud van die Afrikaner as groep, hul kultuur, tradisies en waardes. Dit maak gevolglik sin dat individue wat hierna streef, ook die groep positief sal evalueer en sterk met die groep sal identifiseer, wat die verband met kollektiewe selfkonsep en etniese identifikasie verklaar.

Dit maak verder sin dat meer konserwatiewe individue die politieke bestel as minder legitiem en stabiel beoordeel het as meer liberale respondente, aangesien eersgenoemde groep meer gekant was teen die oorgang na 'n nuwe politieke bedeling. Individue wat polities meer konserwatief is, was meer geneig om van aktiewe strategieë gebruik te maak, en veral van konfrontasie, terwyl meer liberale individue meer van aanvaarding gebruik sou maak. Die weiering om aan onderhandelinge oor politieke verandering deel te neem, asook die gedeeltelike boikot van die 1994-verkiesing, is tekenend van konfrontasiepolitiek. Die paramilitêre beeld van veral vér-regse organisasies blyk verteenwoordigend te wees van die gebruik van konfrontasie as hanteringstrategie. Die verband was dus te wagte.

'n Hoë mate van politieke konserwatisme het dus gepaard gegaan met negatiewe houdings teenoor die sosio-politieke veranderinge in die land, 'n positiewe kollektiewe selfkonsep en sterk etniese identifikasie. Konserwatisme het ook saamgehang met persepsies van onlegitimiteit en onstabiliteit van die politieke bestel, en die gebruik van meer aktiewe hanteringstrategieë, en veral konfrontasie.

## 8.7 WAARGENOME VERANDERING IN STATUS EN MAG

### 8.7.1 Opsomming van bevindinge

Dit is duidelik dat die respondente oorwegend ervaar het dat beide die status en mag van die Afrikaner as groep in die nuwe politieke bedeling laer is as vóór die 1994-verkiesing. Daar was 'n matige korrelasie van 0,36 tussen die twee veranderlikes, wat suggereer dat, alhoewel die twee aspekte met mekaar verband hou, daar tog 'n onderskeid in hul beoordeling gemaak word. Alhoewel die veranderlikes nie besonder sterk met ander veranderlikes in die ondersoek verband gehou het nie, het die ervaring van 'n verandering in status oor die algemeen sterker korrelasies met ander veranderlikes getoon as 'n waargenome verandering in mag. Die waargenome verlaging in status het byvoorbeeld tot 'n groter mate verband gehou met respondente se beoordeling van die stabiliteit en legitimiteit van die politieke bestel. In die meervoudige regressieontleding kon daar nie 'n sinvolle model saamgestel word wat genoegsame variansie in die ervaring van 'n verandering in mag voorspel nie, terwyl die waargenome legitimiteit van die politieke bedeling die vernaamste voorspeller van 'n verandering in status was. Hierbenewens het die ervaring van bedreiging, hoër opvoedkundige kwalifikasies en 'n hoë mate van politieke konserwatisme die ervaring van 'n verlaging in status voorspel.

### 8.7.2 Teoretiese bespreking

Die ervaring van 'n verlaging in die status en mag van die Afrikaner as groep in die samelewing relatief tot die vorige politieke bedeling bevestig dat sosio-politieke verandering 'n impak het op individue se subjektiewe ervaring van hul groep se posisie in die sosiale matriks. In die lig van die Afrikaner se rol in die politieke arena vóór en ná die 1994-verkiesing was die ervaring van 'n verlaging in die status en mag van die Afrikaner as groep te wagte. Hierdie bevinding dui ook op 'n ervaring van progressiewe relatiewe deprivasie (Anon., 1997; Ehlers *et al.,* 1996; Manzo & McGowan, 1992:10; Research Surveys, 1998).

Volgens die SIT word sosiale identiteit bevorder deur lidmaatskap van 'n hoë status groep, terwyl lidmaatskap van 'n lae status groep 'n onbevredigende sosiale identiteit tot gevolg kan hê (Turner & Brown, 1978:204). Individue sal dus hul lidmaatskap van 'n hoë status groep ten toon stel, maar lidmaatskap van 'n lae status groep probeer vermy (Ellemers, Spears & Doosje, 1995:622; Robbins, 1992:43; Sachdev & Bourhis, 1991:16). Bevindinge toon dat binnegroepidentifikasie ook oor die algemeen sterker is in hoë status groepe as in lae status groepe. Dit wil egter voorkom of die teenoorgestelde patroon in die huidige studie gevind is. Alhoewel respondente 'n verlaging in die status van die groep ervaar het, het hulle steeds sterk met die groep geïdentifiseer. Daar moet egter in gedagte gehou word dat slegs die *verandering* in status van voor tot na die 1994-verkiesing gemeet is, en nie die subjektiewe beoordeling van die status van die groep relatief tot ander groepe in die samelewing nie. Dit is dus moontlik dat, alhoewel respondente 'n verlaging in groepstatus ervaar het, hulle nie die Afrikaner noodwendig as 'n lae status groep beskou nie.

Die SIT (Tajfel, 1978a), sowel as Breakwell (1986) se teorie, suggereer dat 'n verlaging in die mag en status van 'n groep in die samelewing aanleiding kan gee tot 'n waargenome bedreiging. Alhoewel daar nie besonder sterk korrelasies is tussen die waargenome verandering in status en mag en die ervaring van bedreiging nie, is die ervaring van bedreiging ingesluit in die model wat die waargenome verandering in status die beste voorspel.

Volgens Turner en Brown (1978:203) postuleer die SIT dat individue waarskynlik tevrede sal wees met die heersende sosiale ordeningsisteem, tot dié mate dat die statushiërargie daarbinne impliseer dat groeplidmaatskap positief geëvalueer word. Verder is 'n lae groepstatus meer aanvaarbaar wanneer die toewysingsprosedure tot dié groep as legitiem gesien word (Ellemers *et al.*, 1992:123). Die verband tussen die ervaring van 'n verlaging in status en mag van die groep en die beoordeling van die politieke sisteem as oorwegend onlegitiem en onstabiel blyk dus teen hierdie agtergrond te verstane te wees en blyk die aannames van die SIT te ondersteun. Die verband tussen die persepsies van legitimiteit en stabiliteit en die ervaring van die status van die groep word veral duidelik wanneer die noue historiese verbintenis tussen die

Afrikaner en die staat in ag geneem word. Weens hierdie verbintenis, wat vroeër bespreek is, is dit te wagte dat politieke veranderinge en die gepaardgaande verlies aan politieke beheer sou impakteer op die Afrikaner se siening van hulself binne die status- en magshiërargieë van die samelewing. Die feit dat die beoordeling van die status en mag van die groep nie sterk verband gehou het met die sterkte van etniese identifikasie nie, is in ooreenstemming met die bevindinge van Grant (1992:368) dat magsverskille nie sterk met etniese identifikasie verband hou nie.

Dit is tog opvallend dat, ten spyte van die evaluering van 'n verlaging in status van die groep in die samelewing, die kollektiewe selfkonsep van die steekproef steeds oorwegend positief was. Daar was ook bykans geen korrelasie tussen die ervaring van 'n verlaging in status en kollektiewe selfkonsep nie. Die ervaring van 'n verlaging in status van die groep het dus nie gepaard gegaan met 'n negatiewe evaluering van die groep nie. Die verklaring lê moontlik in die relatief lae telling wat op die openbare subskaal van die kollektiewe selfkonsepskaal behaal is. Die groep sien hulle verlaagde status moontlik as 'n funksie van die siening wat ander groepe oor hulle huldig, maar internaliseer nie noodwendig dié siening in hul evaluering van hul eie groep nie.

Respondente het dus beleef dat die status van die Afrikaner as groep verlaag het in die post-Apartheid politieke bedeling. Hierdie persepsie is verhoog deur die ervaring van 'n bedreiging vir hul identiteit, hoër opvoedkundige kwalifikasies en die beoordeling van die politieke bestel as onlegitiem en onstabiel.

## 8.8 STABILITEIT EN LEGITIMITEIT VAN DIE POLITIEKE BESTEL

### 8.8.1 Opsomming van bevindinge

Die post-Apartheid politieke bedeling is as oorwegend onlegitiem en onstabiel beoordeel, alhoewel dit ietwat meer legitimiteit as stabiliteit geniet het. Daar was ook 'n sterk korrelasie tussen die twee beoordelings.

Die interkorrelasiematriks toon dat individue wat die politieke bestel as besonder onlegitiem en onstabiel beoordeel het, meer van konfrontasie as hanteringstrategie gebruik sou maak en minder van aanvaarding. Persepsies van onlegitimiteit en onstabiliteit het ook gepaard gegaan met 'n negatiewe houding teenoor politieke verandering en groter politieke konserwatisme. Individue wat voel dat die status van hul groep in 'n nuwe politieke bedeling verlaag het, het die stelsel veral as onlegitiem ervaar. Individue wat van mening is dat hulle "goeie" Afrikaners is, het op hul beurt die stelsel as besonder onstabiel beoordeel. Bedreiging het ook 'n rol gespeel in die voorspelling van die waargenome legitimiteit en stabiliteit van die politieke bedeling, met persepsies van onlegitimiteit en onstabiliteit van die politieke bestel wat gepaard gegaan het met die ervaring van 'n bedreiging vir welstand.

### 8.8.2 Teoretiese bespreking

Die persepsie van die politieke bedeling as relatief onlegitiem en onstabiel is nie vreemd in die lig van vorige bevindings nie. 'n RGN-opname ten opsigte van kontemporêre sosio-politieke vraagstukke het getoon dat witmense minder geneig was om die Regering van Nasionale Eenheid (RNE) as legitiem te ervaar as ander rassegroepe (Ehlers *et al.*, 1996:8). Binne dié groep het Afrikaanssprekendes as geheel die RNE ook as minder legitiem ervaar as Engelssprekendes. Verdere ontledings het getoon dat ondersteuners van regse politieke partye die minste legitimiteit aan die RNE heg. Hierdie bevinding word ondersteun deur die verband van die twee veranderlikes ter sprake met politieke konserwatisme in die onderhawige studie.

Die beoordeling van die legitimiteit en stabiliteit van die heersende statushiërargieë in die samelewing hou binne die SIT veral verband met die reaksie op 'n bedreigde identiteit. Kortliks laat onstabiele en onlegitieme sisteme binne dié teorie die grootste ruimte vir kognitiewe alternatiewe, sodat individue hulself 'n ander statushiërargie as die heersende kan voorstel. Aangesien 'n onstabiele en onlegitieme sisteem ruimte laat vir kognitiewe alternatiewe tot die huidige status- en magsverhoudings, sal individue daadwerklik optree om hierdie verhoudings te verander of uit te daag, eerder as om dit passief te aanvaar (De la Rey, 1991:46; Kelly, 1993:68). Dit verklaar moontlik die

verband tussen persepsies van onlegitimiteit en onstabiliteit en aktiewe hantering, en spesifiek konfrontasie, asook die negering van aanvaarding as hanteringstrategie.

Die insluiting van bedreiging as voorspellerveranderlike is in ooreenstemming met die bevindinge van Grant en Brown (1995:197) wat bevind het dat 'n bedreiging vir identiteit een van die belangrikste voorspellers van persepsies van onstabiliteit en onlegitimiteit in die samelewing is. Persepsies van onlegitimiteit en onstabiliteit van die politieke bestel het dus saamgehang met die gebruik van konfrontasie as hanteringstrategie, 'n negatiewe houding teenoor politieke verandering en 'n bedreiging vir hul welstand as groeplede.

## 8.9 POLITIEKE VERSUS KULTURELE IDENTITEIT

### 8.9.1 Opsomming van bevindinge

Die meerderheid respondente in die studie het hulself op 'n kulturele, eerder as politieke basis met die Afrikaner vereenselwig. Die minderheid respondente wat wel op 'n politieke basis met die Afrikaner assosieer, was geneig om polities meer konserwatief te wees, 'n negatiewe houding teenoor politieke verandering te huldig, en die politieke bestel as oorwegend onlegitiem en onstabiel te beoordeel. Hulle het verder laer opvoedkundige kwalifikasies gehad, en sou eerder van aktiewe strategieë, en veral konfrontasie, gebruik maak, relatief tot aanvaarding. Individue wat op 'n kulturele basis met die groep assosieer, ervaar die politieke veranderinge op hul beurt as meer positief en aanvaar die gegewe politieke situasie meer geredelik. Hulle stry dus nie teen die politieke verandering deur middel van konfrontasie nie, maar verskuif eerder hul lojaliteite na die kulturele terrein.

Die hanteringstrategie van konfrontasie, asook laer opvoedkundige kwalifikasies, was van die vernaamste voorspellers van 'n politieke identiteit. Hierbenewens is 'n

bedreiging vir welstand as groeplid ook as voorspeller ingesluit, waar die ervaring van sodanige bedreiging 'n politieke identifikasie met die groep voorspel.

### 8.9.2 Teoretiese bespreking

Afrikanerskap is histories feitlik onlosmaaklik verweef met 'n politieke identiteit. Dit is in die lig hiervan dus opvallend dat die meerderheid van die steekproef hulself ten tye van die studie eerder op kulturele vlak met die Afrikaner geassosieer het. Dit mag wees dat daar in die post-Apartheid bedeling 'n dissosiasie van die politieke terrein plaasgevind het, aangesien Afrikaners nie meer 'n sentrale posisie in die regering beklee nie. Afrikaners wend hulle gevolglik tot 'n meer kultureel-gebaseerde identiteit, aangesien 'n polities-gebaseerde identiteit nie meer moontlik is of 'n positiewe waardekonnotasie inhou nie. Respondente kon dus weens die afname in politieke mag van die groep terugtrek na die kulturele sfeer en hulself eerder op hierdie basis met die groep assosieer.

Dit wil verder voorkom of die onderskeid tussen 'n politieke en kulturele identiteit 'n sinvolle onderskeid is om te maak, aangesien dit beduidend verband hou met van die ander veranderlikes in die studie. Dit maak sin dat individue wat 'n politieke affiliasie verkies, polities meer konserwatief is. Diegene wat polities meer liberaal is, het waarskynlik tot 'n groter mate saamgestem met die politieke veranderinge as diegene wat meer konserwatief is en het hulself moontlik voorberei op die implikasies daarvan deur die kulturele dimensie van hul etniese identiteit te beklemtoon.

Respondente met 'n polities-gebaseerde identiteit het ook meer bedreig gevoel as respondente met 'n meer kultureel-gebaseerde identiteit. Indien die basis van 'n identiteit polities van aard is, en die groep nie meer 'n sterk politieke rol speel nie, is dit waarskynlik dat individue hierdie identiteit as bedreigd sal ervaar. Dit volg dat sodanige individue ook die huidige politieke bestel as minder legitiem en stabiel ervaar as diegene met 'n kultureel-gebaseerde identiteit, en ook 'n meer negatiewe houding teenoor sosio-politieke verandering toon. Hul politieke platform het tot 'n groot mate

verkrummel. 'n Polities-gebaseerde identiteit het dus 'n onsekere identiteit geword wat verband hou met persepsies van bedreiging (Duckitt, 1991:198).

Respondente met 'n polities-gebaseerde identiteit het verder beduidend laer opvoedkundige kwalifikasies gehad. Die verklaring hiervoor mag wees dat hierdie individue nie sekuriteit in hul persoonlike opvoedkundige kwalifikasies het nie en dus in die meer "openbare" politieke identiteit sekuriteit vind, in ooreenstemming met Ellemers *et al.* (1988:497) se bevindinge.

Rodriguez en Gurin (1990:241) het bevind dat die onderskeid tussen 'n politieke en kulturele identiteit verband hou met die keuse van politieke hervormingstrategieë, in dié sin dat individue wat 'n kulturele identiteit beklemtoon, meer ten gunste van reformatoriese politieke verandering is, terwyl dié met 'n meer sosio-politieke agenda meer radikale politieke doelwitte voorstaan. Laasgenoemde strategie sou geassosieer kon word met meer rewolusionêre, teenoor meer "kreatiewe" of passiewe hanteringstrategieë. Die groter gebruik van konfrontasie as hanteringstrategie deur diegene wat 'n politieke identifikasie verkies is dus in ooreenstemming met teoretiese verwagtinge.

Afrikaners se assosiasie met hul etniese groep in hierdie studie was dus oorwegend kultureel van aard. Veranderlikes wat met die keuse van 'n politieke affiliasie verband gehou het, is politieke konserwatisme, 'n voorkeur vir konfrontasie as hanteringstrategie, 'n negatiewe houding teenoor politieke verandering en laer opvoedkundige kwalifikasies.

## 8.10 PERSOONLIKE SELFKONSEP

### 8.10.1 Opsomming van bevindinge

Soos reeds bespreek, was die persoonlike selfkonsep van respondente oor die algemeen positief. Kontrasgroepe is gevolglik geskep om die verband daarvan met

ander veranderlikes op 'n meer sinvolle wyse te ondersoek. 'n Diskriminantontleding is uitgevoer om te bepaal welke veranderlikes die klassifikasie van respondente in terme van 'n "hoë" of "lae" selfkonsep voorspel. Hierdie ontledings vergelyk dus net die boonste en onderste 30% van die steekproef in terme van hul tellings op die persoonlike selfkonsepskaal. Hierbenewens is die interkorrelasies van persoonlike selfkonsep as kontinue veranderlike met ander veranderlikes bepaal en 'n meervoudige stapsgewyse regressieontleding uitgevoer. Laasgenoemde ontledings betrek dus die hele steekproef.

Ontledings by wyse van hierdie metodes lewer tot 'n groot mate ooreenstemmende resultate. Dit toon dat 'n negatiewe persoonlike selfkonsep gepaard gaan met 'n negatiewe kollektiewe selfkonsep, veral ten opsigte van die evaluering van die self as groeplid, en laer etniese identifikasie. Diegene met 'n negatiewe persoonlike selfkonsep voel meer bedreig, en is meer geneig om van passiewe hanteringstrategieë gebruik te maak. Die opvoedkundige kwalifikasies van respondente met 'n negatiewe persoonlike selfkonsep was ook oor die algemeen laer as dié van die kontrasgroep. Die enigste verskil tussen die ontledings wat kontrasgroepe betrek en dié waarin die hele steekproef gebruik is, is dat bedreiging, en spesifiek 'n bedreiging vir welstand, sterker figureer in eersgenoemde ontledings.

## 8.10.2 Teoretiese bespreking

Die oorwegend positiewe selfkonsep van respondente is in ooreenstemming met vorige bevindinge (Crocker *et al.*, 1987:909; Robbins, 1992:113). Barnes *et al.* (1988:513), sowel as Robbins (1992:122), het bevind dat persoonlike identiteit individue kan beskerm teen die bedreiging van sosiale evaluering. Wanneer individue negatiewe terugvoer uit die omgewing omtrent hul groepe ontvang, maak hulle staat op hul persoonlike identiteit vir positiewe terugvoer. Persoonlike selfkonsep kan dus 'n buffer vorm teen die bedreiging van sosiale evaluering. Ook Phinney *et al.* (1993:470) beweer dat individue met 'n positiewe selfkonsep minder vatbaar sal wees vir bedreigings vir enige area van hul selfkonsep, insluitend etniese identiteit. 'n Negatiewe persoonlike selfkonsep, daarenteen, lei tot 'n laer toleransie vir bedreiging in die algemeen

(Breakwell, 1986:51). Milburn en Watman (1985:116) noem ook die individu se vermoë om eiewaarde te handhaaf as bemiddelende veranderlike in die ervaring van bedreiging. Indien individue 'n sterk en positiewe persoonlike identiteit het, behoort 'n bedreiging vir hul sosiale identiteit minder ernstig waargeneem te word as wanneer hulle meer op hul sosiale identiteit staatmaak vir positiewe selfagting. Dit wil voorkom of dit ook in hierdie studie die geval is, waar individue met 'n positiewe persoonlike selfkonsep minder bedreig gevoel het. Die groter bedreiging vir die welstand as Afrikaners wat deur respondente met 'n negatiewe persoonlike selfkonsep ervaar is, mag impliseer dat 'n negatiewe ervaring van groeplidmaatskap verband hou met negatiewe selfbeoordeling.

'n Negatiewe persoonlike selfkonsep het gepaard gegaan met laer etniese identifikasie. Verkuyten (1990:293) het ook 'n matige positiewe korrelasie tussen persoonlike selfkonsep en etniese identifikasie gevind, terwyl White en Burke (1987:325) geen verband tussen die twee veranderlikes gevind het nie. Phinney (1990:508) kom op grond van 'n oorsig oor navorsing tot die slotsom dat daar geen definitiewe konklusie omtrent die verband tussen etniese identifikasie en selfkonsep gemaak kan word nie. Die resultate in die onderhawige studie mag verband hou met kollektiewe selfkonsep en die ervaring van bedreiging. Individue wat 'n negatiewe selfbeoordeling handhaaf, identifiseer moontlik ook minder met 'n groep wat hulle negatief evalueer en waarvan die identiteit bedreig word.

Smith (1991:182) beweer dat dit een van die funksies van die etniese groep is om te dien as die individu se verwysingspunt ten opsigte van status en selfkonsep. Wanneer individue hul etniese groep as 'n positiewe verwysingsgroep beskou, lei dit tot 'n positiewe selfkonsep, en omgekeerd. Volgens Hogg en Turner (1987:331) word persoonlike selfkonsep buite die minimale groep tot 'n groot mate bepaal deur die relatiewe status van groepe. Hierdie bevinding, sowel as dié van Luhtanen en Crocker (1992:306), suggereer 'n positiewe korrelasie tussen persoonlike en kollektiewe selfkonsep. Die verband is dan ook in hierdie studie gevind ten opsigte van die totaaltelling op die kollektiewe selfkonsepskaal, asook die lidmaatskap- en private subskale. Die verband was egter nie beduidend ten opsigte van die openbare- en

identiteitsubskale nie. Individue met 'n positiewe selfkonsep het dus hul groep, asook hulself as groeplede, meer positief geëvalueer. Hul persoonlike selfkonsep het egter nie beduidend verband gehou met hul persepsie van die evaluering deur buitegroepe, of die sentraliteit van die identiteit in hul identiteitstruktuur nie.

Volgens Breakwell (1986:154) kan verwag word dat individue met 'n positiewe selfkonsep meer konstruktief op verandering sal reageer en tot 'n groter mate in staat sal wees om hanteringstrategieë, hetsy op die vlak van kognitiewe rekonstruksie of sosiale aksie, te vind. Luhtanen en Crocker (1991:221) wys ook daarop dat individue en groepe met 'n positiewe persoonlike en kollektiewe selfkonsep aktief poog om die belange van die binnegroep te beskerm wanneer daar sprake is van 'n bedreiging. Hierdie verband blyk uit die groter gebruik van aktiewe strategieë deur individue met 'n positiewe selfkonsep en stem ooreen met die bevindinge van Robbins (1992:67). Individue met 'n positiewe persoonlike selfkonsep mag ook meer selfvertroue hê om die aktiewe strategieë te gebruik, waar individue wat minder seker van hulself is, meer passiewe strategieë sou verkies.

'n Positiewe persoonlike selfkonsep het dus in hierdie studie verband gehou met die gebruik van aktiewe hanteringstrategieë, 'n positiewe kollektiewe selfkonsep, sterk etniese identifikasie en 'n kleiner ervaring van bedreiging, veral vir welstand as groeplid. Die resultate skyn dus die aanames van die SIT te bevestig dat 'n negatiewe evaluering van groeplidmaatskap negatief impakteer op die persoonlike selfkonsep van die individu. Ten opsigte van die verhouding tussen persoonlike en sosiale identiteit sou dit 'n komplimenterende en kompenserende verhouding suggereer.

## 8.11 KOLLEKTIEWE SELFKONSEP

### 8.11.1 Opsomming van bevindinge

Respondente in die onderhawige studie het 'n oorwegend positiewe kollektiewe selfkonsep openbaar. Hulle het veral die Afrikaner as groep, asook hul lidmaatskap van

dié groep positief geëvalueer. Hulle het egter nie ander groepe se beoordeling van die binnegroep as besonder positief beleef nie.

'n Positiewe globale kollektiewe selfkonsep het verband gehou met meer aktiewe hanteringstrategieë, en veral met bemindmaking. Die sterkte van etniese identifikasie was verder een van die vernaamste voorspellers van kollektiewe selfkonsep. 'n Sterk identifikasie met die etniese groep het dus saamgehang met 'n positiewe evaluering van die groep. 'n Ander voorspeller wat 'n groot bydrae lewer tot die variansie in kollektiewe selfkonsep is 'n bedreiging vir die eiesoortige voortbestaan van identiteit. Individue met 'n positiewe kollektiewe selfkonsep het naamlik tot 'n mindere mate 'n bedreiging vir die eiesoortige voortbestaan van hul identiteit ervaar.

Ten opsigte van die verband tussen die subskale van kollektiewe selfkonsep en ander veranderlikes kan daar opsommenderwys gesê word dat die lidmaatskap, private en identiteit subskale tot 'n groot mate met dieselfde veranderlikes verband gehou het, terwyl die openbare subskaal 'n ander patroon gevolg het. Die openbare subskaal was die enigste subskaal wat beduidend verband gehou het met 'n bedreiging vir welstand. Dit het egter heelwat swakker korrelasies getoon met hanteringstrategieë, relatief tot die ander subskale.

### 8.11.2 Teoretiese bespreking

Die positiewe kollektiewe selfkonsep van die steekproef ten opsigte van die Afrikaner bevestig vorige bevindinge ten opsigte van Afrikaners se positiewe evaluering van hul eie groep (MacCrone, 1947:89; Morsbach & Morsbach, 1967:290; Morsbach, 1973:320; Nieuwoudt & Plug, 1983:168). Dit wil dus voorkom of hierdie positiewe evaluering ook in die nuwe politieke bedeling voortduur.

Die onderskeid tussen die openbare subskaal en die ander subskale van die kollektiewe selfkonsepskaal sluit aan by bevindinge ten opsigte van die verskil tussen die auto- en heterostereotipes van die Afrikaner (Edelstein,1974, soos aangehaal deur Foster,

1991:495; Horowitz, 1991:69; MacCrone, 1947:89; Morsbach & Morsbach, 1967:290; Morsbach, 1973:320; Nieuwoudt & Plug, 1983:168). Terwyl Afrikaners histories hul eie groep baie positief geëvalueer het, het ander groepe hulle baie negatief geëvalueer. Dit wil voorkom of Afrikaners bewus geword het van hierdie negatiewe evaluerings, wat waarskynlik ook beklemtoon is deur resente verskuiwings op politieke terrein, waaronder die waargenome onwerkbaarheid van die beleid van Apartheid. Die bewustheid van dié evaluerings blyk uit hul relatief laer telling op die openbare subskaal van die kollektiewe selfkonsepskaal. Dié negatiewe evaluerings is egter klaarblyklik nie geïnternaliseer nie, en hul eie evaluering van die binnegroep is steeds oorwegend positief.

'n Positiewe kollektiewe selfkonsep het oor die algemeen verband gehou met meer aktiewe hanteringstrategieë, en veral bemindmaking. Die korrelasie van kollektiewe selfkonsep met bemindmaking maak logies sin daarin dat individue wat 'n positiewe beeld van hul eie groep huldig, graag hierdie positiewe beeld aan ander sou wou voorhou en bevorder. Dit bevestig ook die bevindinge van Luhtanen en Crocker (1991:221), asook Robbins (1992:123) dat individue en groepe met 'n positiewe persoonlike en kollektiewe selfkonsep aktief poog om die belange van die binnegroep te beskerm wanneer daar sprake is van 'n bedreiging.

Crocker en Luhtanen (1990:61) beweer dat, net soos persoonlike selfkonsep die mate waartoe individue reageer op 'n bedreiging vir hul persoonlike identiteit bemiddel, so bemiddel kollektiewe selfkonsep die mate waartoe individue reageer op 'n bedreigde identiteit op groepvlak. Ten opsigte van die verband met die bedreiging vir die eiesoortige voortbestaan van identiteit, maak dit ook sin dat individue 'n behoefte sal hê dat groepe wat hulle positief evalueer, ook moet bly voortbestaan. Hulle sal dus nie maklik 'n bedreiging vir die eiesoortige voortbestaan van die groep erken nie.

Soos in afdeling 8.3.2 hierbo bespreek, is die positiewe verband van kollektiewe selfkonsep met ouderdom waarskynlik te wyte aan die feit dat ouer persone vir 'n langer tydperk gefunksioneer het in 'n situasie waar die Afrikaner 'n groot mate van status en mag geniet het, terwyl jonger mense met die negatiewe nadraai van Apartheid en die skeppers daarvan gekonfronteer is.

Die evaluering van die eie groep en die waargenome evaluering van die eie groep deur ander groepe het oor die algemeen differensieel geïmpakteer op die ander veranderlikes in die studie. So het die waargenome evaluering deur ander groepe sterker verband gehou met die persepsie van 'n bedreiging vir welstand, en minder met die keuse van hanteringstrategieë, relatief tot die ander subskale van die kollektiewe selfkonsepskaal. Respondente se persepsie van 'n bedreiging vir hul welstand as groeplede het dus verband gehou met hoe ander groepe die binnegroep beoordeel. Hierdie beoordeling het egter nie 'n noemenswaardige invloed op die keuse van hanteringstrategieë nie.

Ruttenberg *et al.* (1996:209) het bevind dat individue wat 'n lae openbare kollektiewe selfkonsep openbaar, groter betrokkenheid by die etniese groep toon. In hierdie studie het 'n openbare kollektiewe selfkonsep egter positief verband gehou met etniese identifikasie, alhoewel die korrelasie heelwat laer was as in die geval van die ander subskale van kollektiewe selfkonsep.

Samevattend kan gesê word dat kollektiewe selfkonsep 'n sinvolle veranderlike is om in te sluit in 'n model wat poog om 'n bedreiging vir identiteit en die hantering van sodanige bedreiging te verklaar. Individue wat 'n positiewe kollektiewe selfkonsep het, identifiseer sterker met hul etniese groep, ervaar minder van 'n bedreiging vir die eiesoortige voortbestaan van die groep en is meer geneig om aktief op te tree in reaksie op bedreiging, veral deur die aktiewe bevordering van die belange van die binnegroep. Indien beoordeling deur ander groepe ten opsigte van die binnegroep as negatief waargeneem word, word die ervaring van 'n bedreiging vir welstand verhoog.

## 8.12 BEDREIGING

### 8.12.1 Opsomming van bevindinge

Die skaal wat 'n bedreiging vir Afrikaneridentiteit meet, is aanvanklik ontwikkel om 'n bedreiging ten opsigte van Breakwell (1986) se drie identiteitsbeginsels van eiewaarde, kontinuïteit en onderskeibaarheid te meet, asook bedreiging met verwysing na praktiese aangeleenthede. Soos in die vorige hoofstuk uiteengesit, is die subskale ná faktor- en

itemontleding gereduseer tot 'n bedreiging vir die eiesoortige voortbestaan van die groep en die welstand as groeplid. Eersgenoemde verwys na die oortuiging dat die groep nie as onderskeibare entiteit sal voortbestaan nie, terwyl laasgenoemde slaan op negatiewe ervarings van Afrikanerwees in 'n nuwe politieke bedeling. Dit wil dus voorkom of die ervaring van bedreiging op bepaalde dimensies redelik verweef was in die steekproef. Die beoogde teoretiese dimensies is nie in alle opsigte bevestig nie, en veral die dimensies van kontinuïteit en onderskeibaarheid kon nie duidelik in die steekproef onderskei word nie. Hierdie bevinding is op sigself betekenisvol, aangesien dit suggereer dat kontinuïteit en onderskeibaarheid van identiteit vir Afrikaners in die steekproef bykans ekwivalent blyk te wees. Die voortbestaan van die groep is dus gekoppel aan die vermoë om 'n unieke en onderskeibare identiteit te behou.

Soos voorheen genoem, moet die totaaltelling van die bedreigingskaal met omsigtigheid geïnterpreteer word, weens die soms teenstrydige bydraes van die subskale tot dié telling. Om hierdie rede word daar hoofsaaklik gefokus op die subskale van bedreiging in die formulering van gevolgtrekkings. Wanneer die subskale afsonderlik beskou word, is dit duidelik dat respondente tot 'n groot mate 'n bedreiging vir welstand ervaar het, met ander woorde dat dit 'n negatiewe ervaring is om 'n Afrikaner te wees in die post-Apartheid politieke bedeling. Hierdie bevinding, tesame met die feit dat bedreiging vir welstand oor die algemeen nie baie sterk met ander veranderlikes korreleer nie, laat die suggestie dat die bedreiging vir welstand 'n bykans "universele" verskynsel in die steekproef is, ongeag die prestasie ten opsigte van ander veranderlikes. Die enigste uitsonderings is die negatiewe korrelasie van die bedreiging vir welstand subskaal met die openbare subskaal van die kollektiewe selfkonsepskaal, asook met konfrontasie en mobiliteit as hanteringstrategieë. Die vernaamste voorspellers van 'n bedreiging vir die welstand as groeplid is dan ook hierdie drie veranderlikes. Die korrelasie met die openbare subskaal impliseer dat die ervaring van 'n bedreiging vir welstand nóú saamhang met die persepsie van die beoordeling deur ander groepe ten opsigte van die binnegroep. Die ervaring van 'n bedreiging vir welstand hou verder positief verband met die oorweging van mobiliteit en konfrontasie as hanteringstrategieë. Die waargenome legitimiteit van die politieke bestel is ook in die voorspellingsmodel van bedreiging vir welstand ingesluit, waar persepsies van onlegitimiteit saamhang met 'n verhoogde ervaring van bedreiging vir welstand.

In teenstelling met die bedreiging vir welstand, was respondente se gemiddelde telling op die eiesoortige voortbestaanskaal redelik laag. Respondente het dus oor die algemeen sterk gevoel dat die Afrikaner as onderskeibare sosiale groep sal voortbestaan. Die ervaring van 'n bedreiging vir eiesoortige voortbestaan het verband gehou met meer passiewe hanteringstrategieë, veral aanvaarding en mobiliteit. Indien individue dus gevoel het dat die groep wel as onderskeibare entiteit sal voortbestaan, het dit hulle aangespoor om aktief op te tree om dit te verseker. Die ervaring van 'n bedreiging vir eiesoortige voortbestaan het ook gepaard gegaan met laer etniese identifikasie en 'n meer negatiewe kollektiewe selfkonsep.

## 8.12.2 Teoretiese bespreking

Op grond van navorsing in die verlede (o.a. Bornman, 1995; Gagiano, 1986:20; Hugo, 1988:569; Manzo & McGowan, 1992:17) was die verwagting dat Afrikaners veral in 'n nuwe politieke bedeling 'n bedreiging vir hul identiteit sou ervaar. Daar is slegs gedeeltelik aan hierdie verwagting voldoen, daarin dat 'n bedreiging veral op die dimensie van welstand ervaar is, maar heelwat minder ten opsigte van die eiesoortige voortbestaan van die groep. In terme van Breakwell se identiteitsbeginsels sou dit dui op 'n groter bedreiging vir eiewaarde, relatief tot kontinuïteit en onderskeibaarheid. Dit is egter moontlik dat die differensiële ervaring van bedreiging op die dimensies van eiesoortige voortbestaan en welstand insigself 'n hanteringstrategie is. Breakwell (1986:97) verwys hierna as die hersiening van die prominensie van identiteitsbeginsels, wanneer een beginsel opgeoffer word ter wille van ander beginsels. In hierdie geval sou individue hul positiewe ervaring van groeplidmaatskap opoffer ter wille van die eiesoortige voortbestaan van die groep. Hulle aanvaar dus, in Breakwell se terminologie, dat die groeplidmaatskap nie langer aan die beginsel van eiewaarde voldoen nie, verlaag die prominensie van hierdie beginsel, en lê eerder klem op die beginsels van kontinuïteit en onderskeibaarheid. Breakwell noem dat, wanneer die beginsel van eiewaarde spesifiek bedreig word, individue hul aandag kan fokus op 'n ander identiteitselement en die waarde daarvan verhoog. Indien kontinuïteit vir individue byvoorbeeld belangriker is as eiewaarde, sal hulle liewer in 'n groep met 'n lae status bly, al het dit negatiewe implikasies vir hul eiewaarde, net om nie die

ontwrigting van hul identiteitstruktuur te moet hanteer nie. Dit mag een van die redes wees vir die verskil in gemiddelde tellings op die subskale van bedreiging.

Breakwell (1986:48) maak verder 'n onderskeid tussen 'n bedreiging vir die inhoud van identiteit aan die een kant, en die evaluering van identiteit aan die ander. 'n Bedreiging vir die inhoud van identiteit impliseer dat die inhoud wat aan die betrokke identiteit gekoppel is, verander. 'n Bedreiging vir evaluering sou beteken dat 'n identiteit wat voorheen 'n positiewe evaluering geniet het, ná bepaalde sosiale veranderinge 'n negatiewe evaluering het. Die waarde van die betrokke identiteit word dus bevraagteken. Sodanige ervaring konstitueer 'n potensieel fundamentele bedreiging vir identiteit, mits die individu die legitimiteit van hierdie nuwe waardekonnotasies aanvaar (Breakwell, 1983:14). Die etiket "Afrikaner" was byvoorbeeld gedurende die grootste deel van die Apartheidsera 'n pluspunt in die arbeidsmark, terwyl regstellende aksie in die nuwe bedeling daaraan 'n negatiewe konnotasie sou kon gee. Sosiale posisies hou dikwels bedreiging in omdat dit 'n byvoeging tot die inhoud van identiteit verg wat die beginsel van eiewaarde verbreek en so 'n bedreiging vir die evaluering van identiteit konstitueer. Dit is veral die geval by etniese minderheidsgroepe, waar lede dikwels die negatiewe stereotipes uit die sosiale konteks internaliseer. Dit wil voorkom of individue in die huidige studie dus tot 'n groter mate 'n bedreiging vir die evaluering as vir die inhoud van hul identiteit ervaar, aangesien hulle tot 'n groter mate ervaar dat hulle groeplidmaatskap nie positief bydra tot hulle welstand nie. Die inhoud van die identiteit is dus onveranderd, maar die waardekonnotasies daarvan het verander.

Sommige skrywers verwys ook na die onderskeid tussen 'n simboliese en materiële bedreiging (Breakwell, 1983:15; Grant 1992:350; Branscombe *et al.*, 1993). Bornman (1995:340) het bevind dat die bedreiging van hul identiteit (simboliese bedreiging) vir Afrikaners in haar studie belangriker was as die bedreiging van ekonomiese hulpbronne of politieke of sosiale status (materiële bedreiging). In Hofmeyr (1990:108) se studie het 'n groot deel van Afrikaners by navraag oor die faktore wat hulle sou kon beweeg om die land te verlaat, 'n afname in persoonlike sekuriteit vir hulself en hul familie genoem, gevolg deur 'n bedreiging vir hul sosiale en kulturele lewenswyse en 'n afname in lewenstandaard. Manzo en McGowan kom op grond hiervan tot die gevolgtrekking dat vrese omtrent sekuriteit en kulturele oorwegings vir Afrikaners

minstens net so swaar weeg as materiële oorwegings. Manzo en McGowan (1992:12) se studie toon 'n duidelike hiërargiese ordening van die faktore wat deur Afrikaners as bedreigend beskou is. Hoe groter en meer direk die impak van 'n aksie of organisasie op die persoonlike veiligheid van individu een hul eiendom kon wees, hoe meer bedreigend is dit deur die Afrikanerelite geëvalueer.

Wanneer die subskale van die bedreigingskaal ontleed word, is dit duidelik dat die eiesoortige voortbestaanskaal tot 'n groot mate 'n simboliese bedreiging verteenwoordig. Dit verwys na aspekte soos die voortbestaan van Afrikaans, die onderskeibare identiteit van die groep en trots in die groep. Die welstandskaal, daarenteen, kan tot 'n mate gesien word as verteenwoordigend van materiële bedreiging. Dit verwys na aspekte soos diskriminasie, regstellende aksie, finansies, sekuriteit en die praktiese implikasies en evaluering van Afrikanerwees in Suid-Afrika. Die groter mate van bedreiging wat deur respondente ten opsigte van laasgenoemde subskaal ervaar is, suggereer dat Afrikaners ten tye van die studie tot 'n groter mate 'n materiële bedreiging as 'n simboliese bedreiging ervaar het. Dit was egter nie die doel van die studie om dié aspekte eksplisiet te ondersoek nie. Dit beteken verder ook nie dat die een vorm van bedreiging noodwendig minder belangrik geag word nie, en mag trouens juis dui op die belangrikheid van 'n simboliese bedreiging vir die groep, aangesien hulle daarop aandring dat die groep wel 'n eiesoortige voortbestaan sal kan handhaaf. Dat hulle wel 'n materiële bedreiging ervaar, is egter duidelik.

Daar is verskeie veranderlikes wat die persepsie van bedreiging kan beïnvloed. Milburn en Watman (1981:115), asook Lazarus en Folkman (1984:171) beweer dat 'n gevoel van beheer oor die situasie 'n belangrike bemiddelende veranderlike in die persepsie van bedreiging is en dat onvoorspelbare of onbeheerbare bedreigings as besonder negatief beleef word. 'n Waargenome verlies aan beheer kan lei tot passiwiteit, apatie en angs (Milburn & Watman, 1981:36). 'n Bedreiging afkomstig van 'n lae status bron word verder ook meer negatief beleef. Wanneer individue egter selfvertroue of vertroue in die persone in beheer van die situasie het, sal die persepsie van bedreiging verminder (Milburn & Watman, 1981:108). Wanneer die response van respondente op bepaalde items van die houding teenoor politieke veranderinge in ag geneem word, blyk dit dat respondente die politieke verandering as oorwegend buite hul beheer ervaar het. Die

beoordeling van die politieke bestel as oorwegend onlegitiem en onstabiel suggereer verder dat hulle nie oormatige vertroue in die huidige heersers het nie. In hierdie studie het respondente wat 'n positiewe houding teenoor die politieke veranderinge huldig, 'n groter bedreiging vir die eiesoortige voortbestaan van identiteit ervaar, maar minder van 'n bedreiging vir hul welstand as Afrikaners ervaar. Dit wil dus voorkom of die persepsie van onbeheerbaarheid van bedreiging verband gehou het met 'n groter bedreiging vir welstand, maar 'n kleiner bedreiging vir eiesoortige voortbestaan.

Die verband van 'n bedreiging vir welstand met die openbare kollektiewe selfkonsep, asook die beoordeling van legitimiteit en stabiliteit van die politieke bestel kom hier ter sprake. Dit wil voorkom of die waarde wat aan die groep geheg word, tot 'n groter mate gekoppel word aan eksterne faktore, soos die persepsie van ander groepe oor die binnegroep en die onbeheerbaarheid van politieke verandering. Eiesoortige voortbestaan van identiteit, aan die ander kant, word nie so sterk aan faktore buite die groep gekoppel nie, maar hou verband met individuele attribute soos etniese identifikasie en kollektiewe selfkonsep. Dit is waarskynlik om hierdie rede dat respondente ook nie besonder bedreig voel ten opsigte van die eiesoortige voortbestaan van hul identiteit nie, ten spyte van die ervaring van 'n verlaging in groepstatus, negatiewe beoordeling deur buitegroepe en sosio-politieke verandering rondom die groep. Hulle mag van mening wees dat die beheer oor die eiesoortige voortbestaan van die groep se identiteit eerder binne die groep lê.

Milburn en Watman (1981:31) noem ook vorige ervaring as bemiddelende veranderlike in die persepsie van bedreiging, in dié sin dat vorige ervaring van die suksesvolle hantering van bedreiging die persepsie van bedreiging kan verminder. Vorige ervaring van bedreiging mag ook een van die redes wees vir die diskrepansie tussen die ervaring van 'n bedreiging vir eiesoortige voortbestaan en welstand wat in hierdie studie gevind is. Waar die Afrikaner in die verlede al bedreig gevoel het ten opsigte van hul voortbestaan (byvoorbeeld die taalstryd en die stryd teen Britse oorheersing), en dit vir hulle nodig was om hul identiteit en die voortbestaan daarvan statutêr te beskerm deur dit van invloede van buite te beskerm, was hulle welstand, wat die huidige generasie betref, oënskynlik nog nie so direk bedreig soos in die nuwe politieke bedeling nie. Hulle kon veral sedert 1948 'n hoë mate van eiewaarde as groep handhaaf deur hul

beheer oor die vernaamste hulpbronne in die land en die politieke mag om hul weergawe van die ideale samelewing af te dwing. Om 'n bedreiging vir welstand te ervaar, is dus 'n nuwe ervaring relatief tot die bedreiging vir eiesoortige voortbestaan.

Dit blyk uit bostaande dat respondente oor die algemeen gevoel het dat die Afrikaner as onderskeibare groep sal voortbestaan, maar dat hulle Afrikanerwees in 'n post-Apartheid bedeling oorwegend negatief ervaar het. Laasgenoemde persepsie was deurgaans teenwoordig en het nie besonder sterk verband gehou met ander veranderlikes nie, met die uitsondering van 'n negatiewe persepsie van ander groepe se beoordeling van die groep, en die gebruik van konfrontasie en mobiliteit as hanteringstrategieë. Diegene wat wel gevoel het dat die eiesoortige voortbestaan van die groep se identiteit bedreig word, het tipies 'n meer negatiewe kollektiewe selfkonsep openbaar, minder sterk met die groep geïdentifiseer en hul gewend tot meer passiewe hanteringstrategieë. 'n Oortuiging dat die groep wel sal voortbestaan, het gepaard gegaan met sterker etniese identifikasie, 'n positiewe kollektiewe selfkonsep en die gebruik van aktiewe hanteringstrategieë.

## 8.13 HANTERINGSTRATEGIEË

### 8.13.1 Opsomming van bevindinge

Die skaal wat ontwikkel is om die gebruik van bepaalde hanteringstrategieë te meet, het die beoogde teoretiese dimensies tot 'n groot mate weerspieël. Faktorontleding van die skaal het egter ook interessante dimensies bygevoeg. Ná faktor- en itemontleding is 'n aantal subskale onderskei wat oor die algemeen 'n hoë interne konsekwentheid getoon het. Daar kon twee hoofstrome van hanteringstrategieë binne die skaal onderskei word, naamlik aktiewe en meer passiewe strategieë. Aktiewe hantering het ook 'n afsonderlike faktor gevorm, wat bestaan het uit konfrontasie en bemindmaking. Aanvaarding en vermyding kan as die meer passiewe strategieë gereken word. Mobiliteit in die vorm van emigrasie het as 'n verdere hanteringstrategie na vore getree, wat ook as 'n meer passiewe strategie beskou kan word. Die feit dat die aktiewe en passiewe strategieë deurgaans met bykans dieselfde veranderlikes

gekorreleer het, maar konstant in teenoorgestelde rigtings, bied verdere ondersteuning vir die konseptuele onderskeid tussen die twee benaderings. Daar was dan ook negatiewe korrelasies van -0,70 en -0,30 tussen aktiewe hantering as geheel, en aanvaarding en vermyding onderskeidelik. Ten opsigte van hierdie breë indeling was die steekproef geneig om meer van die aktiewe strategieë en minder van die passiewe strategieë gebruik te maak.

Wat die aktiewe strategieë betref, is die profiel van individue wat hierdie strategieë gebruik kortliks soos volg. Hulle is polities meer konserwatief, identifiseer sterk met die etniese groep, en is meer geneig om hul etniese groep as 'n sentrale identiteitsgroep te benoem. Hulle openbaar verder 'n positiewe kollektiewe selfkonsep, 'n negatiewe houding teenoor politieke verandering en verkies 'n polities-gebaseerde etniese identiteit. Hulle beskou die politieke bestel as redelik onlegitiem en ervaar nie 'n besondere bedreiging vir die eiesoortige voortbestaan van hul identiteit nie. Die vernaamste voorspellers van aktiewe hantering was die positiewe evaluering van die individu as groeplid, 'n negatiewe houding teenoor politieke verandering en die afwesigheid van 'n bedreiging vir die eiesoortige voortbestaan van die groep. Deur middel van roeteontledings is bostaande veranderlikes in 'n geïntegreerde model ingesluit. Hierdie ontledings het getoon dat die afwesigheid van 'n persepsie van bedreiging ten opsigte van die eiesoortige voortbestaan van die groep aanleiding gee tot politieke konserwatisme, sterk etniese identifikasie, 'n voorkeur vir 'n polities-gebaseerde etniese identiteit en 'n positiewe kollektiewe selfkonsep. Eersgenoemde drie veranderlikes gee op hul beurt aanleiding tot 'n negatiewe houding teenoor politieke verandering, wat, saam met 'n positiewe kollektiewe selfkonsep, lei tot die gebruik van aktiewe strategieë (kyk figuur 7.1).

Tog is daar ook verskille tussen die aktiewe strategieë wat hul verband met ander veranderlikes betref. Ten opsigte van die bedreigingskaal, het beide konfrontasie en bemindmaking sterk negatief met die ervaring van 'n bedreiging vir eiesoortige voortbestaan gekorreleer. Konfrontasie het egter positief met die ervaring van 'n bedreiging vir welstand gekorreleer, terwyl daar bykans geen korrelasie van hierdie subskaal met bemindmaking was nie. Konfrontasie is trouens een van die enigste strategieë wat redelike sterk korrelasies toon met beide subskale van die

bedreigingskaal, maar die korrelasies is in die teenoorgestelde rigting. Individue wat ervaar het dat hul groeplidmaatskap negatiewe implikasies vir hul welstand het, maar oortuig was dat die groep op 'n eiesoortige wyse sou voortbestaan, sou dus meer geneig wees om van konfrontasie as strategie gebruik te maak.

Konfrontasie het verder sterker verband gehou met die beoordeling van die stabiliteit van die politieke bestel as bemindmaking. Individue met 'n polities-gebaseerde etniese identiteit sou ook tot 'n groter mate van konfrontasie gebruik maak as van bemindmaking. 'n Verdere verskil tussen die twee strategieë lê in die korrelasies met die openbare subskaal van die kollektiewe selfkonsepskaal. Alhoewel beide strategieë sterk met die ander drie subskale van kollektiewe selfkonsep gekorreleer het, het bemindmaking 'n korrelasiekoëffisiënt van 0,34 met die openbare subskaal getoon, terwyl die korrelasiekoëffisiënt met konfrontasie slegs 0,12 was. Hoe meer positief hul persepsie van ander groepe se beoordeling van die binnegroep was, hoe meer sou respondente dus van bemindmaking, relatief tot konfrontasie gebruik maak.

Die kern van die roetemodelle van konfrontasie en bemindmaking stem ooreen met dié van aktiewe strategieë as geheel. Dit is te wagte op grond van die oorvleueling van die strategieë. In die roetemodel met bemindmaking as afhanklike veranderlike, is die totaaltelling op die kollektiewe selfkonsepskaal slegs vervang met die telling op die openbare subskaal, en persoonlike selfkonsep is as addisionele veranderlike ingesluit (kyk figuur 7.2). Die roetemodel met konfrontasie as afhanklike veranderlike is identies aan dié van aktiewe strategieë as geheel, behalwe vir die byvoeging van 'n bedreiging vir welstand, wat 'n direkte roete na konfrontasie lewer (kyk figuur 7.3).

Wat aanvaarding en vermyding betref, is die profiel van individue wat hierdie meer passiewe strategieë verkies, die inverse van bostaande. Hulle het naamlik laer etniese identifikasie getoon, was polities meer liberaal en het die politieke bestel as meer legitiem en stabiel beoordeel. Hoe meer positief die sosio-politieke veranderinge beoordeel is, hoe meer is daar van aanvaarding en vermyding gebruik gemaak. Beide hierdie strategieë, maar veral aanvaarding, het sterk negatief gekorreleer met kollektiewe selfkonsep. Aanvaarding het verder sterk verband gehou met bedreiging as geheel, maar veral met die ervaring van 'n bedreiging vir eiesoortige voortbestaan,

terwyl vermyding nie beduidend met enige van die subskale van bedreiging gekorreleer het nie.

Roeteontledings van dié meer passiewe strategieë het meer verskil as in die geval van die aktiewe strategieë. Wat aanvaarding betref, het die roetemodel getoon dat die ervaring van 'n bedreiging vir eiesoortige voortbestaan aanleiding gegee tot laer etniese identifikasie, 'n negatiewe persoonlike selfkonsep, 'n meer liberale politieke oriëntasie en 'n negatiewe kollektiewe selfkonsep. Tot op hierdie vlak stem dit grootliks ooreen met die roetemodelle van die aktiewe strategieë. Etniese identifikasie en persoonlike selfkonsep dra egter in die geval van aanvaarding via die kollektiewe selfkonsep by tot aanvaarding, en nie via die houding teenoor politieke verandering soos in die aktiewe strategieë nie. 'n Meer liberale politieke oriëntasie lei tot 'n positiewe houding teenoor politieke verandering wat aanleiding gee tot die gebruik van aanvaarding (kyk figuur 7.5).

Die roetemodel vir vermyding is die enigste waar die persepsie van bedreiging nie figureer nie. Lae etniese identifikasie en 'n negatiewe persoonlike selfkonsep lei in hierdie geval tot 'n meer negatiewe kollektiewe selfkonsep, wat lei tot die gebruik van vermyding. Laer etniese identifikasie lei ook tot 'n positiewe houding teenoor politieke verandering, wat 'n direkte roete na vermyding toon (kyk figuur 7.4).

Ten opsigte van mobiliteit was individue wat emigrasie sou oorweeg, tipies jonger, hoër gekwalifiseerd, en in die hoër inkomstekategorieë. Die roetemodel vir die voorspelling van mobiliteit is dan ook die enigste waarin biografiese veranderlikes, naamlik inkomste en ouderdom, voorkom. Laasgenoemde veranderlikes het egter elk 'n onafhanklike roete na mobiliteit gevolg, en is nie deur ander veranderlikes bemiddel nie. Verder openbaar hulle 'n meer negatiewe kollektiewe selfkonsep, veral ten opsigte van die sentraliteit van die groep in die identiteitstruktuur. Hulle ervaar ook tot 'n groot mate 'n bedreiging vir hul identiteit as Afrikaners, beide ten opsigte van eiesoortige voortbestaan en welstand. Mobiliteit is, naas konfrontasie, die enigste strategie waar 'n bedreiging vir welstand én eiesoortige voortbestaan as veranderlikes ingesluit is. Dit is egter die enigste strategie waar 'n ervaring van bedreiging op beide dimensies tot 'n *verhoogde* gebruik van die betrokke strategie lei. Die twee dimensies van bedreiging

het as't ware elk hul eie roete na mobiliteit gevolg. Die ervaring van 'n bedreiging vir welstand veroorsaak die oorweging van mobiliteit via 'n negatiewe houding teenoor politieke veranderinge en laer etniese identifikasie. 'n Negatiewe persoonlike selfkonsep verhoog die ervaring van 'n bedreiging vir eiesoortige voortbestaan. Laasgenoemde lei tot 'n negatiewe kollektiewe selfkonsep, wat via lae etniese identifikasie die gebruik van mobiliteit verhoog (kyk figuur 7.6).

### 8.13.2 Teoretiese bespreking

Soos in hoofstuk 5 bespreek, is daar verskeie veranderlikes wat die keuse van hanteringstrategieë beïnvloed. Die tipe bedreiging, die sosiale konteks, die bestaande identiteitstruktuur, die kognitiewe kapasiteit van die individu, en die persepsies van legitimiteit en stabiliteit van statushiërargieë word veral genoem as bemiddelende veranderlikes van die reaksie op 'n onbevredigende sosiale identiteit.

#### 8.13.2.1 Aard van bedreiging

Die persepsie van bedreiging het 'n rol gespeel in al die hanteringstrategieë wat hierbo bespreek is. Dit is dus duidelik 'n belangrike veranderlike in die keuse van hanteringstrategieë. Ten opsigte van die aard van die bedreiging as bemiddelende veranderlike beweer Breakwell dat persepsies van 'n interne, korttermyn, en onstabiele bedreiging sal lei tot klem op kognitiewe en affektiewe strategieë, byvoorbeeld kognitiewe rekonstruksie, terwyl 'n eksterne, langtermyn en stabiele bedreiging meer strategieë van sosiale verandering sou ontlok, byvoorbeeld konfrontasie of sosiale kompetisie (1986:157). Indien hierdie dimensies op die Afrikaner van toepassing gemaak word, is dit waarskynlik dat die tipe bedreiging waarmee die groep gekonfronteer word, hoofsaaklik as ekstern, langtermyn en relatief stabiel beoordeel sal word. Die potensiële bedreiging wat sosio-politieke verandering inhou, kan as 'n oorwegend eksterne bedreiging beskou word, aangesien die sosiale matriks rondom die individu verander. Dit is ook duidelik dat die nuwe sosio-politieke orde 'n nuwe era in die Suid-Afrikaanse politiek ingelei het en nie maklik omgekeer sou kon word nie. Daar kan dus verwag word dat 'n bedreiging wat hieruit voortspruit ook as langtermyn en

relatief stabiel beskou sou word. Hierdie attribusiepatroon sou dui op 'n groter gebruik van sosiale veranderingstrategieë.

In terme van Milburn en Watman se klassifikasie van bedreigings op die dimensies van gevaar en beheer, is daar verwag dat Afrikaners nie 'n groot mate van beheer oor die waargenome bedreiging sou ervaar nie. Hul persepsie van die mate van gepaardgaande gevaar sou bepaal of hulle meer passief of aktief reageer op die waargenome bedreiging. 'n Persepsie van lae gevaar sou tot apatie of vervreemding as hanteringstrategie lei, terwyl 'n persepsie van höë gevaar tot paniek aanleiding sou gee. Die groter gebruik van aktiewe hanteringstrategieë deur die steekproef sou suggereer dat hulle die bedreiging as meer ekstern, langtermyn en stabiel ervaar, asook dat hulle 'n lae mate van beheer oor en groot mate van gevaar in die bedreiging ervaar.

Die verband tussen die ervaring van bedreiging en die keuse van hanteringstrategieë is egter nie simplisties nie, en die onderskeie dimensies van bedreiging het in die onderhawige studie differensieel met die keuse van hanteringstrategieë verband gehou. Die ervaring van 'n bedreiging vir eiesoortige voortbestaan het deurgaans negatief met aktiewe strategieë en positief met passiewe strategieë verband gehou. Die ervaring van 'n bedreiging vir eiesoortige voortbestaan het individue dus meer passief laat reageer, terwyl 'n oortuiging dat die groep sal voortbestaan hulle aangespoor het tot aktiewe optrede.

Die bedreiging vir welstand het nie so sterk met die keuse van hanteringstrategieë verband gehou nie. Dit het wel matige korrelasies getoon met konfrontasie en mobiliteit, waar 'n bedreiging vir die individu se welstand as groeplid die gebruik van hierdie strategieë verhoog het.

Die enigste hanteringstrategie wat egter sterk positiewe korrelasies met *beide* die subskale van bedreiging getoon het, was mobiliteit. Hierdie bevinding is in ooreenstemming met vorige navorsing, wat toon dat die vernaamste redes wat individue sou kon beweeg om die land te verlaat, 'n afname in persoonlike sekuriteit vir hulself en hul familie, 'n bedreiging vir hul sosiale en kulturele lewenswyse, en 'n afname in lewenstandaard is (Manzo & McGowan, 1992:17). Hierdie bevindinge sou

suggereer dat die ervaring van 'n bedreiging vir beide die simboliese en materiële aspekte van identiteit verband hou met die intensie om te emigreer, wat dan ook in hierdie studie gevind is.

Die roeteontledings bevestig die belangrikheid van die persepsie van bedreiging as bemiddelende veranderlike in die keuse van hanteringstrategieë. Veral die bedreiging vir eiesoortige voortbestaan is in vyf van die ses roetemodelle ingesluit, en het telkens die ander veranderlikes in die model voorafgegaan. Die ervaring van 'n bedreiging vir eiesoortige voortbestaan blyk dus 'n besonder belangrike bemiddelende veranderlike in die keuse van hanteringstrategieë te wees. Die roeteontledings bevestig verder die verwagtinge ten opsigte van 'n bedreiging vir welstand wat deur die korrelasies en regressieontledings geskep is, deurdat 'n bedreiging vir welstand in die modelle van konfrontasie en mobiliteit voorkom, terwyl dit in geen ander model figureer nie. In die lig van die hoë vlak van bedreiging vir welstand wat die steekproef ervaar het, is hierdie bevinding kommerwekkend, aangesien dit die gebruik van konfrontasie kan verhoog. Die protespotensiaal onder die respondente blyk dus redelik hoog te wees. Die ervaring van 'n bedreiging vir welstand kan voorts die toenemende emigrasie van Afrikaners tot gevolg hê. Dit moet egter genoem word dat mobiliteit steeds een van die hanteringstrategieë is wat die minste deur respondente oorweeg word.

Vermyding is die enigste hanteringstrategie waarin die ervaring van bedreiging nie in die voorspellingsmodel figureer nie. Dit kan moontlik verklaar word deur die feit dat vermyding 'n afsluiting van die buitewêreld behels sover dit politieke veranderinge betref. Individue kompartementaliseer dus hul ervarings om ook potensiële bedreiging uit te sluit. Al is aanvaarding ook 'n meer passiewe strategie, behels dit dat die politieke veranderinge wel toegelaat word om die bewuste binne te dring, en dat die keuse van reaksie daarop een van aanvaarding is. Die potensiële bedreiging word dus in hierdie geval gekonfronteer, en hoe groter die bedreiging vir eiesoortige voortbestaan is, hoe meer word daar van hierdie strategie gebruik gemaak.

#### 8.13.2.2 Bestaande identiteitstruktuur

Aspekte van die bestaande identiteitstruktuur is 'n volgende bemiddelende veranderlike van hanteringstrategieë wat deur die literatuur gesuggereer word. 'n Aantal veranderlikes wat in die studie gemeet is, kan as aspekte van die bestaande identiteitstruktuur van individue beskou word. Die sterkte van etniese identifikasie, die sentraliteit van die betrokke identiteit in die identiteitstruktuur, persoonlike en kollektiewe selfkonsep, en die keuse van 'n kulturele of polities-gebaseerde etniese identiteit behoort teoreties verband te hou met die keuse van hanteringstrategieë.

Daar is voorspel dat individue met 'n positiewe selfkonsep en sterk etniese identifikasie aktief sal poog om die belange van die binnegroep te beskerm wanneer daar sprake is van 'n bedreiging (Bornman, 1995:275; Chavira & Phinney, 1991:226; Luhtanen & Crocker, 1991: 221; Robbins, 1992:123). Die positiewe verband van kollektiewe selfkonsep en etniese identifikasie met aktiewe hanteringstrategieë in die onderhawige studie bevestig hierdie voorspellings. Kollektiewe selfkonsep figureer trouens prominent in ál die roetemodelle vir die voorspelling van hanteringstrategieë. Dit gee feitlik sonder uitsondering direk aanleiding tot die keuse van 'n bepaalde strategie en word nie deur ander veranderlikes bemiddel nie. Die openbare subskaal van die kollektiewe selfkonsepskaal is spesifiek in die roetemodel vir die voorspelling van bemindmaking ingesluit. Waar 'n positiewe globale kollektiewe selfkonsep dus aanleiding gee tot die gebruik van meer aktiewe strategieë, is die spesifieke aktiewe strategie wat verkies word, veral 'n funksie van die openbare kollektiewe selfkonsep. Individue wat dus 'n positiewe persepsie van ander groepe se beoordeling van die eie groep huldig, sal meer geneig wees om van 'n "positiewe" aktiewe strategie in die vorm van bemindmaking gebruik te maak. Dit kan wees dat 'n positiewe persepsie van buitegroepe se beoordeling van die binnegroep die indruk skep dat buitegroepe ook meer ontvanklik sal wees vir die positiewe bevordering van die groep se belange.

Die sterkte van etniese identifikasie is ook 'n gemeenskaplike element van al die roetemodelle, met sterker etniese identifikasie wat die gebruik van aktiewe strategieë verhoog. Die bevindinge van Ellemers *et al.* (1995:617) word ook bevestig, naamlik

dat individue met sterk identifikasie met 'n groep meer geneig sal wees om van groepstrategieë gebruik te maak in reaksie op bedreiging, terwyl lae etniese identifikasie saamhang met meer individuele strategieë, soos mobiliteit. Veral konfrontasie as aktiewe strategie verwys hoofsaaklik na groepoptrede, en toon 'n sterk positiewe verband met etniese identifikasie, terwyl 'n lae etniese identifikasie die oorweging van mobiliteit as strategie verhoog.

Persoonlike selfkonsep toon minder sterk korrelasies met hanteringstrategieë. Daar was egter wel 'n neiging vir individue met 'n positiewe persoonlike selfkonsep om van aktiewe strategieë, en veral bemindmaking gebruik te maak, en minder van vermyding, aanvaarding en mobiliteit. Hierdie bevinding is dus ook in ooreenstemming met teoretiese verwagtinge. Sterk identifikasie met die groep, 'n positiewe persoonlike selfkonsep en 'n positiewe evaluering van die groep spoor individue dus aan om aktief op te tree om die belange van die binnegroep te beskerm.

Daar is voorts verwag dat die onderskeid tussen 'n politieke en kulturele identiteit (Rodriguez & Gurin, 1990:241), as 'n aspek van die bestaande identiteitstruktuur, ook 'n rol sou speel in die keuse van hanteringstrategieë. Dit was dan ook die geval, en individue wat 'n meer polities-gebaseerde etniese identiteit verkies, het, relatief tot aanvaarding, meer van aktiewe strategieë, en veral van konfrontasie, gebruik gemaak. Die keuse tussen 'n kulturele en polities-gebaseerde etniese identiteit het dienooreenkomstig in die roetemodelle van die aktiewe strategieë gefigureer. Dit is egter nie ingesluit in die modelle wat die gebruik van meer passiewe strategieë voorspel nie. Dit wil dus voorkom of veral die keuse van 'n polities-gebaseerde etniese identiteit die gebruik van aktiewe strategieë bevorder, maar dat 'n meer kultureel-gebaseerde identiteit nie noodwendig tot groter gebruik van passiewe strategieë lei nie.

Milburn en Watman (1981:37) het gevind dat hoe belangriker die aspek van gedrag wat bedreig word vir die individu is, hoe groter sal die omvang van die reaksie daarop wees. Die sentraliteit van die bepaalde identiteit in die identiteitstruktuur behoort dus ook 'n invloed te hê op die keuse van hanteringstrategieë. Individue wat die Afrikaner as een van hul sentrale identiteitsgroepe in hierdie studie benoem het, het tot 'n groter mate van aktiewe hantering gebruik gemaak. Dit wil dus voorkom of die bedreiging

van prominente identiteite individue aanspoor om aktief op te tree in reaksie daarop. Op soortgelyke wyse is mobiliteit as meer passiewe strategie oorweeg deur individue vir wie die etniese groep minder sentraal staan in hul identiteitstruktuur.

#### 8.13.2.3 Sosiale konteks

Breakwell meld verder dat die sosiale konteks bepaalde hanteringstrategieë mag fasiliteer of beperk. Konfrontasie as strategie veronderstel byvoorbeeld die teenwoordigheid van ondersteuningsgroepe of sosiale bewegings, of die potensiaal vir die skep daarvan ten einde effektief te wees. Wanneer groepstrategieë, eerder as individuele strategieë oorweeg word, moet die individu op die groep se ondersteuning kan reken (Breakwell, 1986: 152). Die items wat konfrontasie as strategie in hierdie studie meet, verwys hoofsaaklik na groepoptrede, soos mobilisering teen die *status quo*, protesaksies, en die feit dat Afrikaners as groep moet saamstaan. Die feit dat hierdie strategie deur 'n groot deel van respondente verkies is, sou suggereer dat die sosiale konteks wel sodanige hanteringstrategieë fasiliteer, of dat hulle voorsien dat só 'n sosiale konteks geskep kan word.

#### 8.13.2.4 Kognitiewe kapasiteit

Kognitiewe kapasiteit as bemiddelende veranderlike kan op een van twee maniere geïnterpreteer word. Eerstens kan dit verwys na die intellektuele vermoëns van die individu. Die enigste aanduiding hiervan in die onderhawige studie is die opvoedkundige kwalifikasies van respondente. Soos reeds genoem, het opvoedkundige kwalifikasie negatiewe korrelasies getoon met al die hanteringstrategieë, met die uitsondering van aanvaarding en mobiliteit. Dit dui op 'n tendens vir individue met hoër opvoedkundige kwalifikasies om oor die algemeen tot 'n mindere mate van veral aktiewe hanteringstrategieë gebruik te maak. Milburn en Watman (1981:31), asook Breakwell (1986:178), het bevind dat die gebruik van 'n wye reeks hanteringstrategieë saamhang met die kognitiewe kapasiteit van die individu. Indien opvoedkundige kwalifikasies as 'n aanduiding van kognitiewe kapasiteit gesien kan word, is hierdie tendens nie in die onderhawige studie bevestig nie. Opvoedkundige kwalifikasie is ook

in geen roeteontleding ingesluit nie. Die insluiting daarvan in die model wat mobiliteit voorspel, soos deur die regressieontledings en korrelasies uitgewys, het telkens die model verswak.

'n Tweede, meer komplekse interpretasie van "kognitiewe kapasiteit" word deur Breakwell verskaf, wat beginsels uit die attribusieteorie gebruik om die rol van kognitiewe kapasiteit in die keuse van hanteringstrategieë te verduidelik (1986:154). Volgens haar sal individue wat geneig is tot interne, stabiele en globale attribusies minder geneig wees om 'n verskeidenheid van hanteringstrategieë te gebruik en meer geneig wees om passief te wees in reaksie op bedreiging. Individue wat eksterne attribusies maak, sal op hul beurt meer van interpersoonlike en intergroepstrategieë gebruik maak. Die attribusies van respondente ten opsigte van die oorsake van bedreiging is nie eksplisiet in hierdie studie gemeet nie. Afleidings kan egter ten opsigte van bepaalde dimensies gemaak word.

Dit wil in hierdie studie voorkom of respondente hoofsaaklik eksterne attribusies ten opsigte van die oorsake van bedreiging maak. Dit blyk uit die verband van die ervaring van bedreiging met die persepsie van ander groepe ten opsigte van die binnegroep, die stabiliteit en legitimiteit van die politieke bestel, en die beoordeling van die sosio-politieke veranderinge. Hierdie bevinding word ondersteun deur die oorwegend eksterne lokus van kontrole wat histories aan die Afrikaner toegedig word (Booysen & Kotzé, 1985; Gagiano, 1986:7; Mostert, 1996:16; Uys, 1997:65). Teoreties behoort hierdie eksterne attribusies verband te hou met 'n groter gebruik van aktiewe, teenoor passiewe strategieë, wat dan ook in die studie gevind is.

Hoogs spesifieke attribusies sal daartoe lei dat daar ook op 'n meer beperkte aantal strategieë gefokus sal word (Breakwell, 1986:156). Milburn en Watman (1981:37) het in ooreenstemming hiermee gevind dat, hoe groter die proporsie van gedrag is wat deur die bedreiging geraak word, hoe groter sal die omvang van die reaksie daarop wees. In die lig van die hoë vlak van 'n waargenome bedreiging vir welstand in die onderhawige studie, wil dit voorkom of die attribusies ten opsigte van bedreiging 'n wye reeks lewensterreine raak. In ooreenstemming hiermee het respondente van 'n wye reeks hanteringstrategieë gebruik gemaak.

### 8.13.2.5 Persepsies van die politieke bestel

Binne die SIT word die keuse van hanteringstrategieë hoofsaaklik bepaal deur persepsies van die deurdringbaarheid van groepgrense en die stabiliteit en legitimiteit van statushiërargieë in die samelewing. Wanneer daar geen kognitiewe alternatiewe tot die situasie denkbaar is nie, (met ander woorde 'n relatief stabiele statushiërargie) sal individue meer geneig wees om van individualistiese strategieë soos sosiale mobiliteit gebruik te maak. Wanneer die statushiërargie egter as onstabiel waargeneem word, is die ruimte vir kognitiewe alternatiewe groter en sal individue meer van sosiale veranderingstrategieë gebruik maak (De la Rey, 1991:46). Die beoordeling van die legitimiteit en stabiliteit van die politieke bedeling in hierdie studie het veral verband gehou met aanvaarding en konfrontasie as hanteringstrategieë. Hoe meer onstabiel en onlegitiem die bestel beoordeel is, hoe meer sou individue van konfrontasie, eerder as aanvaarding gebruik maak. Konfrontasie kan as 'n sosiale veranderingstrategie getipeer word. Die voorkeur vir die gebruik van aktiewe strategieë en spesifiek konfrontasie wanneer die bestel as onlegitiem en onstabiel gesien word, blyk dus in ooreenstemming met die voorspellings van die SIT te wees.

Hierdie bevindinge ten opsigte van die persepsie van legitimiteit en die gebruik van konfrontasie is insiggewend in die lig van die bevindinge van Gagiano, wat 'n lae protespotensiaal onder Afrikaanssprekende studente in die middel tagtigerjare gevind het. Hierdie potensiaal dui op 'n bereidwilligheid om by protesaksies teen die regering betrokke te raak. Hy stel as verklaring hiervoor voor dat protespolitiek op daardie stadium geassosieer is met 'n aanval op die legitimiteit van die Afrikaner-beheerde staat en as 'n bedreiging vir die beleidsrigtings wat hulle hoog aangeslaan het, vertolk is. Die persepsie van die legitimiteit van die sisteem het in sy studie die beste verklaring gebied vir variansie in die protespotensiaal van studente. Studente wat linksgesind was, het deurgaans 'n hoër protespotensiaal getoon as dié wat die regering ondersteun het. Diegene in wie se oë die sisteem lae legitimiteit geniet het, het ook 'n hoër protespotensiaal getoon (Gagiano, 1986:13). Dit wil voorkom asof die bordjies verhang is in 'n nuwe politieke bedeling en dat daar 'n hoër protespotensiaal onder

Afrikaners bestaan. Dit hang egter steeds saam met die beoordeling van die legitimiteit van die politieke sisteem, wat intussen verander het.

In teenstelling met bostaande bevindinge, het die insluiting van die persepsies van legitimiteit en stabiliteit van die politieke bestel in die roeteontledings egter telkens die modelle verswak. Dit mag wees dat hierdie beoordelings wel verteenwoordig is in die insluiting van die houding teenoor politieke veranderinge in die roetemodelle, en dat die byvoeging van hierdie veranderlikes dus oorbodig is.

Benewens die beoordeling van die legitimiteit van die politieke sisteem, het twee veranderlikes wat betrekking het op die persepsies van die politieke bestel, betekenisvol met die keuse van hanteringstrategieë verband gehou , naamlik individue se houding teenoor die politieke veranderinge en hul politieke konserwatisme. Individue wat 'n negatiewe houding teenoor die politieke veranderinge huldig en polities meer konserwatief is, sou tot 'n groter mate van konfrontasie, en tot 'n mindere mate van bemindmaking as aktiewe strategieë gebruik maak, terwyl hulle nie van aanvaarding gebruik sou maak nie. Hulle het waarskynlik nie saamgestem met die oorgang na 'n post-Apartheid politieke bedeling nie, en kom dus vanuit 'n agtergrond van protes teen veranderinge wat die groep raak. Dit wil voorkom of hulle hierdie styl voortsit in die nuwe politieke bedeling. Die houding teenoor politieke veranderinge en politieke konserwatisme het ook prominent gefigureer in die roeteontledings. In die meeste modelle het die vlak van waargenome bedreiging gelei tot 'n bepaalde posisie op die links-regs kontinuum van politieke oriëntasie, wat weer gelei het tot die houding teenoor politieke veranderinge. Dit is opvallend dat die houding teenoor politieke verandering telkens die hanteringstrategie in die modelle voorafgaan, en dat baie van die ander veranderlikes via hierdie veranderlike die keuse van hanteringstrategieë beïnvloed.

Die keuse van hanteringstrategieë in die onderhawige studie het dus verband gehou met die faktore wat deur Breakwell (1986) uitgelig word, naamlik die aard van die bedreiging, die sosiale konteks, die bestaande identiteitstruktuur en die kognitiewe kapasiteit van die individu. Verder is daar ook 'n mate van ondersteuning gevind vir die rol van persepsies van legitimiteit en stabiliteit, soos deur die SIT voorspel. Hierdie

studie skep egter ook nuwe suggesties wat die verband tussen dié bemiddelende veranderlikes van hanteringstrategieë betref.

### 8.13.2.6 Roetemodelle

By wyse van roeteontleding is gepoog om bostaande bemiddelende veranderlikes van hanteringstrategieë in sinvolle teoretiese modelle te integreer. Die posisie van bepaalde bemiddelende veranderlikes in die roetemodelle is reeds in die bostaande bespreking aangedui. Die roeteontledings regverdig egter kortliks verdere kommentaar. Indien dié ontledings as geheel beskou word, is daar 'n aantal tendense wat na vore kom.

Die eerste is die ooreenstemming in veranderlikes wat in die roetemodelle van die onderskeie hanteringstrategieë ingesluit is. 'n Bedreiging vir die eiesoortige voortbestaan van die groep, die sterkte van etniese identifikasie, kollektiewe selfkonsep, en die houding teenoor politieke verandering is in bykans elke model ingesluit. Dit is duidelik dat hierdie veranderlikes, in bepaalde kombinasies, 'n belangrike rol speel in die keuse van hanteringstrategieë.

Die plasing van die bedreiging vir eiesoortige voortbestaan in die roetemodelle verdien ook melding. Die feit dat dit oorwegend die ander veranderlikes in die modelle voorafgaan, suggereer dat dit 'n oorsaak, eerder as 'n gevolg van individuele attribute soos die sterkte van etniese identifikasie, kollektiewe selfkonsep, politieke konserwatisme en die houding teenoor politieke veranderinge is. Dit wil voorkom of die persepsie van bedreiging steeds 'n sentrale kenmerk van die Afrikanerpsige is, soos deur navorsers in die verlede bevind is (Manzo, McGowan & Van Wyk,1990:39; Hugo, 1988: 585; Nieuwoudt & Plug, 1983:168; Stones, 1994:851; Van Jaarsveld, 1978:29).

Die keuse tussen 'n kulturele en polities-gebaseerde etniese identiteit het veral in die modelle van die aktiewe strategieë gefigureer. Dit wil dus voorkom of veral die keuse van 'n polities-gebaseerde etniese identiteit die gebruik van aktiewe strategieë

bevorder, maar dat 'n meer kultureel-gebaseerde identiteit nie noodwendig tot groter gebruik van passiewe strategieë lei nie.

Soos reeds genoem, is die posisie van die houding teenoor politieke verandering in die roetemodelle ook opvallend. Dit gaan telkens die hanteringstrategie in die modelle direk vooraf. Dit blyk dat ander veranderlikes die keuse van hanteringstrategieë beïnvloed via hierdie veranderlike. 'n Opvallende uitsondering is egter dat die roete vanaf kollektiewe selfkonsep nooit via die houding teenoor politieke verandering loop nie. Kollektiewe selfkonsep het in vyf uit die ses modelle 'n direkte roete na die betrokke strategie gevolg. Dit blyk dus dat kollektiewe selfkonsep nie die houding teenoor politieke veranderinge in die besonder beïnvloed nie, maar dat dit wel 'n belangrike voorspeller van die keuse van hanteringstrategieë is.

Die roeteontledings laat 'n aantal belangrike suggesties ten opsigte van die oorsaaklike verband tussen veranderlikes wat in die onderhawige studie gemeet is, en die voorspelling van hanteringstrategieë. Daar is egter ook bepaalde roetes wat moeilik verklaarbaar is en verdere ondersoek sal verg. Dit is byvoorbeeld vreemd dat etniese identifikasie en persoonlike selfkonsep in die geval van aanvaarding en vermyding via kollektiewe selfkonsep lei tot die betrokke strategie, terwyl dit nie by die meer aktiewe strategieë die geval is nie. Die afwesigheid van persepsies van legitimiteit en stabiliteit van die politieke bestel in die roetemodelle verg ook verdere ondersoek.

## 8.14 HOUDING TEENOOR POLITIEKE VERANDERING

### 8.14.1 Opsomming van bevindinge

Dit was duidelik dat respondente oor die algemeen 'n redelik negatiewe houding gehuldig het teenoor die sosio-politieke verandering wat in die land plaasgevind het. 'n Negatiewe houding het verband gehou met sterk etniese identifikasie, politieke konserwatisme en die beoordeling van die politieke sisteem as oorwegend onstabiel en onlegitiem. Dit is insiggewend dat die veranderlike verder positief verband gehou het

met 'n bedreiging vir eiesoortige voortbestaan, maar negatief met 'n bedreiging vir welstand. Individue wat 'n bedreiging vir welstand beleef het, het dus 'n negatiewe houding teenoor politieke verandering gehuldig terwyl 'n bedreiging vir eiesoortige voortbestaan met positiewe houdings gepaard gegaan het.

Individue met 'n positiewe houding teenoor politieke verandering het oor die algemeen meer van passiewe as aktiewe hanteringstrategieë gebruik gemaak. Die vernaamste veranderlikes wat 'n negatiewe houding teenoor politieke verandering voorspel het, is dan ook die gebruik van konfrontasie en die beoordeling van die politieke sisteem as onstabiel. Die gebruik van aanvaarding en die persepsie van ander groepe se beoordeling van die binnegroep as positief het gepaard gegaan met positiewe houdings teenoor politieke verandering.

### 8.14.2 Teoretiese bespreking

In die lig van die negatiewe verwagtinge wat Afrikaners in studies soos dié van Manzo en McGowan (1992), Hugo (1988), Bornman (1995) en die RGN (Ehlers *et al.,* 1996), ten opsigte van die nuwe bedeling gekoester het, was hul oorwegend negatiewe houding teenoor politieke verandering in die onderhawige studie te wagte. Malan *et al.* (1994:8) het bevind dat 'n negatiewe houding teenoor sosio-politieke verandering geassosieer word met groter steun op die verwysingsgroep, terwyl Bornman (1995) ook gevind het dat negatiewe houdings oor die algemeen gepaard gaan met sterker etniese identifikasie. Dié verband is ook in die hierdie studie bevestig.

Die positiewe korrelasie tussen die ervaring van 'n bedreiging vir eiesoortige voortbestaan en houding teenoor politieke verandering is op die oog af vreemd. Anders gestel impliseer dit dat individue wat van mening is dat die Afrikaner as groep nie sal voortbestaan nie, meer positiewe houdings teenoor politieke verandering huldig. Dit kan waarskynlik verklaar word aan die hand van die feit dat individue wat reeds aanvaar het dat eiesoortige voortbestaan as beginsel opgehef gaan word in 'n nuwe politieke bedeling, ook meer positief gesind is daarteenoor as individue wat graag eiesoortige voortbestaan wil behou en voorsien dat dit nie gaan gebeur nie. Die positiewe verband

van die gebruik van aanvaarding as strategie met 'n positiewe houding teenoor politieke verandering ondersteun hierdie verklaring. Die negatiewe korrelasie van die houding teenoor politieke verandering met die ervaring van 'n bedreiging vir welstand maak logiese sin, daarin dat individue vir wie dit 'n negatiewe ervaring is om 'n Afrikaner te wees in die nuwe politieke bedeling, ook meer negatiewe houdings teenoor die veranderinge wat gelei het tot dié bedeling sal huldig.

Malan *et al.* (1994:8) het ook gevind dat 'n negatiewe houding teenoor sosio-politieke verandering geassosieer word met 'n hoër vlak van rassisme. Die beleidsrigtings van meer regse politieke bewegings (selfbeskikking vir die Afrikaner, 'n volkstaat) kan waarskynlik geassosieer word met hoër vlakke van rassisme in vergelyking met meer liberale denkrigtings. Die verband wat in hierdie studie gevind is tussen politieke konserwatisme en die houding teenoor politieke verandering ondersteun dus hierdie bevinding.

Die gebruik van konfrontasie en die beoordeling van die politieke sisteem as onstabiel was die vernaamste voorspellers van 'n negatiewe houding teenoor politieke veranderinge. Dit is ook te verstane dat individue wat die politieke bestel as onlegitiem en onstabiel beoordeel, oorwegend negatiewe houdings teenoor die veranderinge wat gelei het tot dié bestel sal huldig. Hulle mag dus ook pogings aanwend om die *status quo* uit te daag en konfrontasie gebruik. Hierteenoor sal individue wat positiewe houdings teenoor politieke verandering huldig, op logiese gronde tot 'n groter mate die veranderinge aanvaar. Dit maak verder sin dat die persepsie van ander groepe se beoordeling van die binnegroep ook met positiewe houdings teenoor die politieke veranderinge gepaard gegaan het. 'n Positiewe openbare selfkonsep sou waarskynlik daartoe lei dat individue nie *mala fide* intensies aan buitegroepe toeskryf nie, en glo dat die politieke veranderinge 'n positiewe stap is.

Die houding wat individue huldig teenoor sosio-politieke veranderinge blyk dus 'n belangrike veranderlike te wees in hul persepsies van bedreiging en keuse van hanteringstrategieë.

## 8.15 OORVLEUELING VAN SELF- EN GROEPEIENSKAPPE

### 8.15.1 Opsomming van bevindinge

Soos reeds genoem, het die skaal in hierdie geval min gediskrimineer tussen respondente en is gevolglik vir die grootste deel van ontledings buite rekening gelaat. Die gemiddelde verskiltelling op hierdie skaal toon dat respondente bykans geen onderskeid getref het tussen die beoordeling van hulself en hul groep ten opsigte van 'n aantal stereotipes nie. Die verskiltelling het wel matig negatief gekorreleer met etniese identiteit, kollektiewe selfkonsep en die lidmaatskap-subskaal van die kollektiewe selfkonsepskaal. Daar is egter genoegsame eienskappe vanuit die meting in die loodsstudie verkry om in die hoofstudie te gebruik, wat lig werp op die autostereotipes van die Afrikaner.

### 8.15.2 Teoretiese bespreking

Aangesien 'n lae verskiltelling dui op 'n groot mate van oorvleueling van self- en groepeienskappe, is bogenoemde korrelasies in die verwagte rigting, naamlik dat 'n lae verskiltelling saamgaan met sterker etniese identifikasie en 'n meer positiewe selfkonsep. Hierdie bevinding is ook in ooreenstemming met dié van Simon en Hamilton (1994:699), naamlik dat selfkategorisering as groeplid saamhang met die wysiging van selfpersepsies in ooreenstemming met die stereotipes van die groep. Dit wil voorkom of dit in ook hierdie studie die geval is.

Daar kan verskeie redes wees vir die lae variansie in die skaal. Baie respondente het konstant die uiterste skaalpunte gekies sonder om werklik te diskrimineer tussen items. Hierdie meting was ook die laaste skaal in die saamgestelde meetinstrument, wat sou kon beteken dat faktore soos uitputting en 'n gebrek aan motivering 'n rol gespeel het. Die feit dat die twee differensiaalskale twee opeenvolgende metings was, mag respondente se motivering vir veral die tweede differensiaal beïnvloed het, aangesien hulle dadelik sou besef het dat dieselfde terme beoordeel word. Daar word dus voorgestel dat hierdie tipe metings liefs geskei word, sodat elkeen afsonderlik

beoordeel word. Die matige korrelasies tussen die verskiltelling en 'n aantal veranderlikes in die verwagte rigting, sou suggereer dat daar tog meriete in sodanige meting is, maar dat die formaat en plasing daarvan aangespreek moet word.

Die eienskappe van die Afrikaner wat met die hoogste frekwensie in die loodsstudie benoem is, regverdig kortliks kommentaar. Die beeld van die "tipiese" Afrikaner wat hieruit na vore kom, is iemand wat sterk bande met die kultuur en geloof van die groep het. Aan die positiewe kant word eienskappe soos eerlikheid, lojaliteit, betroubaarheid en hardwerkendheid beklemtoon. Aan die ander kant word daar ook toegegee dat hulle hardkoppig, dwarstrekkerig en onbeskof kan wees. 'n Dimensie van superioriteit, snobisme en arrogansie kon ook onderskei word. Sekere van hierdie eienskappe is deur verskeie sinonieme verwoord. Dit geld veral arrogansie, hardkoppigheid, onbeskoftheid en dwarstrekkerigheid.

Die eerste opvallende kenmerk van dié autostereotipes is dat beide positiewe en negatiewe eienskappe benoem is. Hierdie verskynsel ondersteun die bevindinge van Zavalloni (1975:210), White en Burke (1987:316) en Phinney (1990:504) dat individue ewe geredelik beide positiewe en negatiewe eienskappe van hulle groepe kan benoem. Daar is in totaal meer negatiewe eienskappe as positiewe eienskappe aan die groep toegedig. In Bornman se studie het groepe egter deurgaans meer positiewe as negatiewe eienskappe as onderskeidende kenmerke van hul etniese groep benoem (1995:268). Daar moet egter onthou word dat die beoordeling van die negatiewe en positiewe aard van die eienskappe hoofsaaklik *ex post facto* deur die navorser gedoen is. Sommige eienskappe mag ander konnotasies vir die respondente hê as vir die navorser. 'n Eienskap soos "trots" het byvoorbeeld potensieel beide positiewe en negatiewe konnotasies. Dit is verder opvallend dat teenoorstaande eienskappe ook dikwels voorgekom het, byvoorbeeld eensgesind en verdeeld, of onbeskof en vriendelik. Daar is duidelik nie net verskillende nie, maar ook teenoorstaande persepsies binne die groep ten opsigte van die kenmerkende eienskappe van die groep.

Dit is verder insiggewend dat ses van die sewe stereotipes wat Macrone (1947:98) gevind het die mees prominente heterostereotipes is wat deur swartmense ten opsigte van wit Afrikaanssprekendes gehuldig word, ook deur laasgenoemde groep bykans 50

jaar later in die onderhawige studie benoem is. Dit wil voorkom of die evaluering deur ander groepe oor tyd deel geword het van die Afrikaner se selfbeskouing. Die eienskappe toon ook ooreenkomste met dié wat in Bornman se studie deur wit Afrikaanssprekendes as onderskeidende kenmerke van hul etniese groep genoem is, byvoorbeeld trots, kultuurgebonde, eensgesind, veglustig en gelowig (Bornman, 1995: 267). Gebondenheid aan kultuur en geloof is ook as essensiële kenmerke van die Afrikaner in Louw-Potgieter en Giles (1987:286) se studie beklemtoon.

Die struktuur van die meting van die oorvleueling tussen self- en groepeienskappe verg dus verdere aandag. Dit blyk egter dat dit tog 'n potensieel sinvolle aanduiding van identifikasie met die groep kan wees. Die benoeming van terme wat respondente met die Afrikaner assosieer, lewer ook 'n bydrae tot die begrip van die autostereotipes van die groep.

## 8.16 SAMEVATTING

In hierdie studie is aspekte rakende die sosiale identiteit van 'n stedelike groep Afrikaanssprekende witmense in die post-Apartheid politieke bedeling ondersoek. Daar is gevind dat die steekproef oorwegend sterk identifiseer met die Afrikaner as groep en dat hul etniese identiteit redelik sentraal in hul identiteitstruktuur figureer. Hulle het 'n positiewe kollektiewe selfkonsep ten opsigte van die groep handhaaf, maar was van mening dat ander groepe in die land hul groep meer negatief beoordeel. Hulle het die post-Apartheid politieke bedeling as oorwegend onlegitiem en onstabiel beoordeel, en 'n verlaging in beide die status en mag van die Afrikaner as groep in die samelewing ervaar, relatief tot vóór die algemene verkiesing in 1994. Die meerderheid het negatiewe houdings teenoor die sosio-politieke veranderinge in die land openbaar, en hulself eerder op kulturele as op politieke terrein met die Afrikaner vereenselwig. Die persoonlike selfkonsep van die respondente was oorwegend positief.

Die doel van die studie was hoofsaaklik om te bepaal tot watter mate die groep 'n bedreiging vir hul sosiale identiteit ervaar, watter hanteringstrategieë hulle gebruik in reaksie op 'n waargenome bedreiging, en watter veranderlikes hul persepsie van

bedreiging en keuse van hanteringstrategieë bemiddel. Veranderlikes wat ingesluit is as moontlike voorspellers van bedreiging en hantering sluit in selfkategorisering as Afrikaner aldan nie, die mate van politieke konserwatisme, die waargenome stabiliteit en legitimiteit van die post-Apartheid politieke bedeling, 'n polities- versus 'n kultureel-gebaseerde etniese identiteit, die ervaring van 'n verandering in die status en mag van die groep, persoonlike selfkonsep, kollektiewe selfkonsep, die sterkte van etniese identifikasie en die houding teenoor sosio-politieke veranderinge.

Bevindinge het getoon dat bedreiging op verskillende vlakke deur die steekproef ervaar word. 'n Bedreiging vir die eiesoortige voortbestaan van die groep verwys na persepsies dat die groep nie as onderskeibare groep sal voortbestaan nie. 'n Bedreiging vir welstand as groeplid impliseer dat Afrikanerwees in die post-Apartheid politieke bedeling negatief bydra tot die individu se eiewaarde. Bevindinge toon dat die steekproef tot 'n groter mate 'n bedreiging vir laasgenoemde dimensie ervaar het. Persepsies van bedreiging op hierdie dimensie is versterk deur 'n negatiewe persepsie van ander groepe se beoordeling van die binnegroep, persepsies van onlegitimiteit van die politieke bedeling, die ervaring van 'n verlaging in status van die groep, en die gebruik van konfrontasie as hanteringstrategie. Hulle het egter tot 'n mindere mate 'n bedreiging vir die eiesoortige voortbestaan van die groep ervaar. Die ervaring van 'n bedreiging op hierdie dimensie het gepaard gegaan met laer etniese identifikasie, 'n negatiewe kollektiewe selfkonsep en die gebruik van mobiliteit en aanvaarding as hanteringstrategieë. Dit wil voorkom of negatiewe ervarings van Afrikanerskap in die post-Apartheid bedeling tot 'n groter mate verband hou met faktore ekstern tot die individu, terwyl 'n bedreiging vir eiesoortige voortbestaan verband hou met individuele attribute. Aangesien eksterne faktore tot 'n groter mate buite die beheer van individue is, mag dit een van die redes wees waarom hulle 'n hoër vlak van bedreiging vir welstand ervaar.

Wat hanteringstrategieë betref, het die strategieë van bemindmaking, konfrontasie, vermyding, aanvaarding en mobiliteit in die studie na vore gekom. Hierbenewens is 'n onderliggende dimensie van 'n aktiewe, teenoor 'n passiewe benadering tot hantering ook onderskei. Bemindmaking en konfrontasie is verteenwoordigend van meer aktiewe strategieë, terwyl aanvaarding en vermyding as meer passiewe strategieë beskou kan

word. Die gebruik van aktiewe hanteringstrategieë is versterk deur politieke konserwatisme, sterk etniese identifikasie, die sentraliteit van etniese identiteit in die identiteitstruktuur, 'n positiewe kollektiewe selfkonsep, 'n negatiewe houding teenoor politieke verandering, persepsies van onlegitimiteit en 'n oortuiging dat die groep wel as onderskeibare entiteit sal voortbestaan. Die profiel van individue wat geneig is tot meer passiewe hanteringstrategieë, is die inverse van bostaande.

Hulle het 'n laer etniese identifikasie getoon, was polities meer liberaal en het die politieke bestel as meer legitiem en stabiel beoordeel. Hoe meer positief die sosio-politieke veranderinge beoordeel is, hoe meer is daar van aanvaarding en vermyding gebruik gemaak.

Respondente het oor die algemeen tot 'n groter mate van aktiewe as van passiewe strategieë gebruik gemaak. Benewens bostaande faktore, is die gebruik van konfrontasie as aktiewe strategie, relatief tot bemindmaking, bevorder deur die ervaring van 'n bedreiging vir welstand en persepsies van onstabiliteit van die politieke bedeling. Bemindmaking het weer sterker verband gehou met persepsies van ander groepe se beoordeling van die binnegroep as konfrontasie. Wat die passiewe strategieë betref, sou 'n groter ervaring van bedreiging, en veral 'n bedreiging vir die eiesoortige voortbestaan van die groep, die gebruik van aanvaarding, relatief tot vermyding fasiliteer. Dit wil voorkom of die ervaring van bedreiging vir die eiesoortige voortbestaan van die groep 'n bykans verlammende effek op individue het wat hanteringstrategieë betref, terwyl 'n bedreiging vir welstand lei tot die geneigdheid om die *status quo* uit te daag by wyse van konfrontasie. Die vernaamste bemiddelende veranderlikes van die keuse van hanteringstrategieë wat in die studie geïdentifiseer is, is 'n persepsie van bedreiging, veral 'n bedreiging vir die eiesoortige voortbestaan van die groep, die sterkte van etniese identifikasie, kollektiewe selfkonsep, en die houding teenoor politieke verandering

Die hanteringstrategieë wat in die onderhawige studie gemeet is, het voortgespruit uit 'n kombinasie van die SIT (Tajfel, 1978a; 1981) en Breakwell (1983; 1986) se teorie van identiteit, bedreiging en hantering. Dit wil voorkom of hierdie sintese 'n sinvolle aantal onderskeibare hanteringstrategieë na vore bring. Die strategie van

bemindmaking, wat eksperimenteel in die studie ingesluit is, blyk ook sinvol te wees. Benewens die fyner onderskeide ten opsigte van hanteringstrategieë, is die dimensies van aktiewe versus passiewe hantering in die studie geïdentifiseer. Dit is egter insiggewend dat kognitiewe rekonstruksie, wat deur beide Tajfel en Breakwell genoem word as 'n reaksie op 'n bedreigde identiteit, nie as 'n afsonderlike strategie in die studie geïdentifiseer kon word nie. Dit wil eerder voorkom of alle hanteringstrategieë 'n element van kognitiewe rekonstruksie bevat.

Ten opsigte van die SIT bevestig hierdie studie 'n aantal aannames van dié teorie. Die eerste hiervan is dat individue skynbaar daarna streef om die groepe waarmee hulle identifiseer, positief te evalueer. Dit blyk uit die sterk verband tussen identifikasie met die Afrikaner as groep en kollektiewe selfkonsep ten opsigte van dié groep. Verder het persepsies van legitimiteit en stabiliteit van die politieke bestel verband gehou met respondente se persepsie van bedreiging. Persepsies van onstabiliteit en onlegitimiteit het veral verband gehou met negatiewe ervarings van Afrikanerwees in Suid-Afrika. Persepsies van onstabiliteit en onlegitimiteit het ook, in ooreenstemming met die voorspelling van die SIT, verband gehou met 'n voorkeur vir strategieë van sosiale verandering. Wat die verhouding tussen persoonlike en sosiale identiteit betref, suggereer die bevindinge van dié studie dat die twee aspekte van die selfkonsep komplimentêr tot mekaar staan. Dit wil voorkom of persoonlike selfkonsep individue beskerm het teen die bedreiging van sosiale evaluering, terwyl individue met laer selfevaluering meer op hul groeplidmaatskappe staatgemaak het vir positiewe evaluering.

## 8.17 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING

Aangesien die onderhawige studie 'n verkennende veldstudie is, laat dit ruimte vir verdere eksplorasie van die onderwerp. 'n Aantal aspekte van die onderhawige studie regverdig verdere ondersoek.

Die beperkinge wat die geografiese afbakening in die onderhawige studie op die eksterne geldigheid van die bevindinge plaas, word deeglik besef. Dit is moontlik, en trouens waarskynlik, dat geografiese gebied een van die moderatorveranderlikes van bevindinge in dié studie mag wees. Aangesien dit egter nie prakties moontlik was om ander streke in die studie in te sluit nie, sal verdere, vergelykende navorsing hieroor nodig wees. Dit is ook noodsaaklik dat navorsing onder ander etniese groepe in Suid-Afrika gedoen word ten einde te bepaal of die patrone van bedreiging en hantering verskil van dié van Afrikaners.

Dit is verder waarskynlik dat die ervaring van bedreiging en die keuse van hanteringstrategieë van individue oor tyd verander. Alhoewel aktiewe strategieë tot 'n groter mate deur respondente ten tye van die onderhawige studie verkies is, merk Dr Tom de Beer, voorsitter van die Afrikanerbond, in Julie 1998 op dat hy 'n passiwiteit en apatie onder Afrikaners bespeur, en spoor lede van die organisasie aan tot daadwerklike optrede om die belange van die Afrikaner te bevorder (1998:5). Verdere navorsing sal dus nodig wees om te bepaal hoe hierdie aspekte in die toekoms verander, byvoorbeeld ná 'n volgende verkiesing. Dit is ook moontlik dat daar nuwe hanteringstrategieë oor tyd ontwikkel, en dat die model wat in die onderhawige studie voorgehou is, aangepas moet word om hierdie strategieë in te sluit. Die voorspelling van die keuse van hanteringstrategieë behoort ook verder verfyn te word. Dit is moontlik dat veranderlikes wat nie eksplisiet in hierdie studie gemeet is nie, ook 'n rol speel in die keuse van hanteringstrategieë. Verder leen sommige hanteringstrategieë, soos deur Breakwell (1986) geïdentifiseer, hul nie tot meting by wyse van selfrapportering nie. Ander navorsingsmetodes sal dus gebruik moet word om 'n meer inklusiewe model van strategieë daar te stel.

Een van die aspekte van die SIT wat buite die fokus van die onderhawige studie geval het, is diskriminasie teen buitegroepe en bevoordeling van die binnegroep. Bepaalde afleidings ten opsigte hiervan kan wel gemaak word, maar eksplisiete meting van hierdie veranderlikes is nodig ten einde die verband daarvan met aspekte rondom bedreiging en hantering te bepaal.

Daar word voorts telkens in die meting van houdings uitgewys dat 'n verbale intensie nie *noodwendig* tot die gepaardgaande gedrag lei nie. So is dit byvoorbeeld duidelik dat sommige respondente in die studie die intensie te kenne gee om van konfrontasie gebruik te maak, terwyl dit nie noodwendig in die praktyk neerslag vind nie. Daar is dus nog baie ruimte vir navorsing oor die onderwerp. Die dinamiese aard van die Suid-Afrikaanse samelewing maak trouens enige meting daarbinne slegs 'n gedragsgreep wat die tydsgees van die oomblik reflekteer.

# Bibliografie


ABRAHAMSON, M. 1983. Social research methods. Englewood Cliffs, N.J. : Prentice-Hall.

ABRAMS, D. & HOGG, M.A. 1988. Comments on the motivational status of self-esteem in social identity and intergroup discrimination. *European journal of social psychology,* 18(4):317-334.

ABRAMS, D. 1992. Processes of social identification. (*In* Breakwell, G.M., *ed.* Social psychology of identity and the self concept. London : Surrey University Press. p. 57-100.)

ABRAMS, D. & EMLER, N. 1992. Self-denial as a paradox of regional and social identity : findings from a study of 16- and 18-year-olds. *European journal of social psychology,* 22:279-295.

ADAM, H. 1986. Variations of ethnicity : Afrikaner and black nationalism in South Africa. (*In* Paranjpe, A.C., *ed.* Ethnic identities and prejudices: perspectives from the third world. Leiden : Brill. p. 37-48.)

ADAM, H. 1990. Cohesion and coercion. (*In* Giliomee, H. & Gagiano, J., *eds.* The elusive search for peace: South Africa, Israel and Northern Ireland. Cape Town : Oxford University Press.)

ADAM, H. 1995. The politics of identity: comparing South Africa. *Ethnic and racial studies,* 18 (3):457-475.

ADAM, H. & GILIOMEE, H. 1979. Ethnic power mobilized: can SA change? New Haven, Ct : Yale University Press.

ALBA, R.D. & CHAMLIN, M.B. 1983. A preliminary examination of ethnic identification among whites. *American sociological review,* 48:240-247, April.

ALTEMEYER, B. 1981. Right wing authoritarianism. Winnipeg : University of Manitoba Press.

AMANCIO, L. 1989. Social differentiation between "dominant" and "dominated" groups. *European journal of social sychology,* 19:1-10.

AMRIKHAM, 1990. A factor analitically derived measure of coping: the coping strategy indicator. *Journal of personality and social psychology,* 59(5):1066-1074.

ANON. 1996. "Probeer Afrikaans met groter vreugde uitleef." Beeld:2, Mei 16.

ANON. 1997. Wat glo Afrikaanse mense? De Kat, 12(11):52-56, Mei.

APPELGRYN, A.E.M. 1991. Social comparison and relative deprivation: perceived justice and intergroup attitudes. (*In* Foster, D. & Louw-Potgieter, J., *eds*. Social psychology in South Africa. Johannesburg : Lexicon. p. 237-271.)

BABAD, E.Y., BIRNBAUM, M. & BENNE, K.D. 1983. The social self: group influences on personal identity. Beverley Hills, Calif. : Sage.

BARNES, B.D., MASON, E., LEARY, M., LAURENT, J., GRIEBEL, C. & BERGMAN, A. 1988. Reactions to social vs self-evaluation: moderating effects of personal and social identity orientations. *Journal of research in personality,* 22:513-524.

BEINART, W. 1994. Twentieth century South Africa. Oxford, N.Y. : Oxford University Press.

BENTLER, P.M. & BONETT, D.G. 1980. Significance tests and goodness of fit in the analysis of covariance structures. *Psychological bulletin,* 88(3):588-606.

BILLIG, M. 1976. Social psychology and intergroup relations: European monographs in social psychology. London : Academic Press.

BLOOM, L. 1994. Ethnic Identity: a psychoanalytic critique. *Psychology in society,* 19:18-30.

BOOYSEN, S. & KOTZÉ, H. 1985. The political socialization of isolation: a case study of the Afrikaner student youth. *Politikon,* 12(2):23-46.

BOOYSEN, S. 1989. The legacy of ideological control: the Afrikaner youth's manipulated political consciousness. *Politikon,* 16(1):7-25.

BORNEWASSER, M. & BOBER, J. 1986. Individual, social group and intergroup behaviour: some conceptual remarks in the social identity theory. *European journal of social psychology,* 17:267-276.

BORNMAN, E. 1988. Tussengroepverhoudinge met spesifieke verwysing na die werksituasie. Pretoria : UNISA. (Verhandeling - M.A.)

BORNMAN, E. 1995. Etnisiteit in 'n oorgansperiode: 'n sosiaal-sielkundige studie. Pretoria : UNISA. (Proefskrif - PhD)

BRANSCOMBE, N.R. & WANN, D.N. 1994. Collective self-esteem consequences of outgroup derogation when a valued social identity is on trial. *European journal of social psychology,* 24:641-657.

BRANSCOMBE, N. R., WANN, D. L., NOEL, J. G., & COLEMAN, J. 1993. In-group or out-group extremity: importance of the threatened social identity. *Personality and social psychology bulletin*, 19(4):381-388.

BREAKWELL, G.M., *ed.* 1983. Threatened identities. New York : Wiley.

BREAKWELL, G.M. 1986. Coping with threatened identities. London : Methuen.

BREAKWELL, G.M., *ed.* 1992. Social psychology of identity and the self concept. London : Surrey University Press.

BREWER, M.B. 1991. The social self: on being the same and different at the same time. *Personality and social psychology bulletin,* 17(5):475-482.

BRITS, J.P. 1994. Op die vooraand van Apartheid: die rassevraagstuk en die blanke politiek in Suid-Afrika, 1939-1948. Pretoria: UNISA.

BRITTAN, A. 1973. *Meanings and situations.* London : Routledge & Kegan Paul.

BROWN, R.J., CONDOR, S., MATHEWS, A, WADE, G. & WILLIAMS, J.A. 1986. Explaining intergroup differentiation in an industrial organization. *Journal of occupational psychology,* 59:273-286.

BURNS, R.B. 1979. The self concept: in theory, measurement, development and behaviour. London : Longman.

CADDICK, B. 1982. Percieved illegitimacy and intergroup relations. (*In* Tajfel, H. *ed.* Social identity and intergroup relations. Cambridge : Cambridge University Press. p. 137-154.)

CAMPBELL, C.M. 1995. The social identity of township youth: an extension of social identity theory (Part 1). *South African journal of psychology,* 25(3):150-159.

CARTER, R.T. 1990. The relationship between racism and racial identity among white Americans: an exploratory investlgation. *Journal of counselling and develpoment,* 69:46-69.

CHAVIRA, V. & PHINNEY, J. 1991. Adolescents' ethnic identity, self-esteem and strategies for dealing with ethnicity and minority status. *Hispanic journal of behavioural sciences,* 13:226-227.

CHEEK, J.M. & BRIGGS, S.R. 1982. Self-consciousness and aspects of identity. *Journal of research in personality,* 16:401-408.

CHUENG, C. & KWOK, S. 1996. Conservative orientation as a determinant of hopelessness. *The journal of social psychology,* 136(3):333-347.

CHRISTIAN, J., GADFIELD, N.J., GILES, H. & TAYLOR, D.M. 1976. The multidimensional and dynamic nature of ethnic identity. *International journal of psychology,* 11(4):281-291.

CLOETE, E. 1992 . Afrikaner Identity: culture, tradition and gender. *Agenda,* 13: 42-56.

COHEN, J. 1988. Statistical power analysis for the behavioural sciences. 2nd ed. London : Lawrence Erlbaum.

CROCKER, J. & LUHTANEN, R. 1990. Collective self-esteem and ingroup bias. *Journal of personality and social psychology,* 58(1): 60-67.

CROCKER, J. & MAJOR, B. 1989. Social stigma and self-esteem: the self-protective properties of stigma. *Psychological review,* 96(4):608-630.

CROCKER, J., THOMPSON, L.L., MCGRAW, K.M. & INGERMAN, C. 1987. Downward comparison, prejudice, and evaluation of others: effects of self-esteem and threat. *Journal of personality and social psychology,* 52(5):907-916.

DEAUX, K. 1991. Social Identities: thoughts on structure and change. (*In* Curtis, R.C., *ed.* The relational self: theoretical convergences in psychoanalysis and social psychology. New York : Guilford Press. p. 77-93.)

DEAUX, K. 1992. Personalizing identity and socializing self. (*In* Breakwell, G.M., *ed.* Social psychology of identity and the self concept. London : Surrey University Press. p. 9-34.)

DEAUX, K. 1993. Reconstructing social identity. *Personality and social psychology bulletin,* 19(1):4-12.

DE BEER, T. 1998. Draers van 'n ideaal. (Voorsittersrede gelewer op 4 Julie 1998 tydens die Bondsraad van die Afrikanerbond.) Hartebeespoortdam. (Ongepubliseer)

DE LA REY, C. 1991. Intergroup relations: theories and positions. (*In* Foster, D. & Louw-Potgieter, J., *eds.* Social psychology in South Africa. Johannesburg : Lexicon. p.27-56.)

DE VILLIERS, M. 1987. *White tribe dreaming.* New York : Penguin.

DE VOS, G.A. 1980. Ethnic adaptation and minority status. *Journal of cross-cultural psychology,* 11(1):101-124.

DRIEDGER, L. 1976. Ethnic self-identity: a comparison of ingroup evaluations. *Sociometry,* 39(2):131-141.

DUCKITT, J.H. 1983. Culture, class, personality and authoritarianism among white South Africans. *The journal of social psychology,* 121:191-199.

DUCKITT, J.H. 1990. A social psychological investigation of racial prejudice among white South Africans. Johannesburg : University of the Witwatersrand (Dissertation - PhD.)

DUCKITT, J.H. 1991. Prejudice and racism. (*In* Foster, D. & Louw-Potgieter, J., *eds*. Social Psychology in South Africa. Johannesburg : Lexicon Publishers. p. 171-206.)

DUCKITT, J.H. 1993. Right-wing authoritarianism among white South African Students: its measurement and correlates. *The journal of social psycholgy,* 133:553-563.

DU PLESSIS, T. 1996. Dit gaan beter, dankie. *Insig*:12, Des.

DU PREEZ, P. 1980. The politics of identity. Oxford : Blackwell.

EHLERS, D, HIRSCHFELD, I & SCHUTTE, C. 1996. Perceptions of current sociopolitical issues in South Africa. Pretoria : HSRC, Centre for Sociopolitical Analysis.

ELLEMERS, N., DOOSJE. B., VAN KNIPPENBERG, A. & WILKE, H. 1992. Status protection in high status minority groups. *European journal of social psychology,* 22:123-140.

ELLEMERS, N., SPEARS, R. & DOOSJE, B. 1995. Sticking together or falling apart: in-group identification as a psychological determinant of group commitment versus individual mobility. *Journal of personality and social psychology,* 72(3):617-626.

ELLEMERS, N., VAN KNIPPENBERG, A., DE VRIES, N. & WILKE, H. 1988. Social identification and permeability of group boundaries. *European Journal of Social Psychology,* 18:497-513.

ELLEMERS, N., WILKE, H. & VAN KNIPPENBERG, A. 1993. Effects of the legitimacy of low group status or individual status on individual and collective status enhancement strategies. *Journal of personality and social psychology*, 64(5):766-778.

ELLEMERS, N. 1993. The influence of socio-structural variables on identity management strategies. (*In* Stroebe, W. & Hewstone, M., *eds*. European Review of Social Psychology. 4th ed. Baffins Lane : Wiley, p. 27-58.)

ERIKSON, E. H. 1968. Identity, psychosocial. (*In* The International encyclopedia of the social sciences, 8:61-65) New York : MacMillan

ESTERHUYSE, W. 1996. 'n Nuwe Afrikaanse kultuurorganisasie? *Finansies en Tegniek*:18, Okt. 4.

ETHIER, K. & DEAUX, K. 1990. Hispanics in Ivy: assessing identity and perceived threat. *Sex roles,* 22(7/8):427-440.

EVANS, G. 1993. Class, powerlessness and political polarization. *European journal of social psychology,* 23:495-512.

FEATHER, N.T. 1979. Value correlates of conservatism. *Journal of personality and social psychology*, 57(9):1617-1630.

FERGUSON, G.A. 1981. *Statistical analysis in psychology and education.* Johannesburg : McGraw-Hill.

FESTINGER, L. 1954. A theory of social comparison processes. Human relations, 7:117-140.

FITZGERALD, T.K. 1974. Social and cultural identity. *Southern Anthropological Society Proceeding,* 8:1-4.

FOSTER, D. & LOUW-POTGIETER, J. *eds*.1991. Social Psychology in South Africa. Johannesburg : Lexicon.

FOSTER, D. A note on attitude measurement. (*In* Foster, D. & Louw-Potgieter, *J., eds.* Social psychology in South Africa. Johannesburg : Lexicon. p. 487-505.)

FOTHERINGHAM, A.S. & KNUDSEN, D.C. 1987. Goodness-of-fit statistics. Norwich : Geo Books. (Concepts and techniques in modern geography, no 46.)

GAGIANO, J.I.K. 1986. Meanwhile back on the "boereplaas". *Politikon,* 13(2):3-21.

GARZA, R.T. & HERRINGER, L.G. 1987. Social identity: a multidimensional approach. *Journal of social psychology,* 127(3), 299-308.

GILES, H., TAYLOR, D.M., LAMBERT, W.E. & ALBERT, G. 1976. Dimensions of ethnic identity: an example from Northern Maine. *The journal of social psychology,* 100:11-19.

GILIOMEE, H. 1992a. Broedertwis: intra-Afrikaner conflicts in the transition from apartheid. *African affairs,* 91:339-364.

GILIOMEE, H. 1992b. The last trek ? Afrikaners in the transition to democracy. *South Africa international*, 22(3):111-120.

GILIOMEE, H. & SCHLEMMER, L., *eds*. 1989. Negotiating South Africa's future. Johannesburg : Southern Books.

GLASER, D. 1958. Dynamics of ethnic identification. *American sociological review,* 23(1):31-40.

GLEASON, P. 1983. Identifying Identity: a semantic history. *The journal of American history,* 69(4):910-931.

GRANT, P. R. 1992. Ethnocentrism between groups of unequal power in response to perceived threat to social identity and valued resources. *Canadian journal of behavioural science*, 24(3):348-370.

GRANT, P. R. 1993. Ethnocentrism in reponse to a threat to social identity. *Journal of social behavior and personality*, 8(6):143-154.

GRANT, P.R. & BROWN, R. 1995. From ethnocentrism to collective protest: responses to relative deprivation and threats to social identity. *Social psychology quarterly*, 58(3):195-211.

GREYLING, C. 1992. From hyper-imperialist to super-Afrikaner: the developments within a white theology. *Journal for the study of religion,* 5(2):47- 63, September.

GRÜNCZEISZ, A. 1996. Attitudes towards authority in a society in transformation: analyzing group-leader "transitional space". (Paper delivered at the 8th World congress of the International Family Therapy Association, 4-10 July.) Athens, Greece.

GURIN, P., MILLER, A.H. & GURIN, G. 1980. Stratum identification and consciousness. *Social psychology*, 43:30-47.

HARRISON, D. 1981. The white tribe of Africa. London: British Broadcating Corporation.

HEAVEN, P.C.L. 1983. Individual vs intergroup explanations of prejudice among Afrikaners. *The journal of social psychology,* 121:201-210.

HELMS, J.E. & CARTER, R.T. 1990. Development of the white racial identity attitude scale. (*In* Helms, J.E., *ed.* Black and white racial identity attitudes: theory, research and practice. Westport, CT : Praeger. p. 67-80.)

HOFMEYR, J. 1990. The impact of sanctions on South Africa. Part II: Whites' political attitudes. Washington, DC. : Investor Responsibility Research Centre.

HOGG, M.A. & ABRAMS, D. 1988. Social identifications: a social psychology of intergroup processes. London: Routledge.

HOGG, M.A. & TURNER, J.C. 1987. Intergroup behaviour, self-stereotyping and the salience of social categories. *British journal of social psychology,* 26:325-340.

HOROWITZ, D.L. 1985. Ethnic groups in conflict. Berkeley, Calif. : University of California Press.

HOROWITZ, D.L. 1991. A democratic South Africa ? Constitutional engineering in a divided society. Cape Town: Oxford University Press.

HUGO, P. 1988. Towards darkness and death: racial demonology in South Africa. *Journal of modern African studies,* 26(4):567-590.

HUMPRIES, R., SCHLEMMER, L. & STACK, L. 1990. White politics: constraint or opportunity? *Politikon,* 17(1):11-27.

JACKSON, N. 1997. Mense positief oor nuwe Afrikaans-groep. *Beeld*:4, Mei 12.

JACOBSON-WIDDING, A., *ed*. 1983. Identity: personal and socio-cultural. Stockholm : Almoqvist & Wiksell.

JAMMINE, A. 1997. Wat hou ekonomie vir vanjaar in ? *Finansies en tegniek*:16, Jan. 10.

JOHNSON, R.A. & WICHERN, D.W. 1988. Applied multivariate statistical analysis. 2nd ed. London : Prentice-Hall.

KAWAKAMI, K. & DION, K.L. 1993. The impact of salient self-identities on relative deprivation and action intentions. *European journal of social psychology,* 23:525-540.

KEEFE, S.E. 1992. Ethnic identity: the domain of perceptions of and attachment to ethnic groups and cultures. *Human organization,* 51(1):35-43.

KELLY, C. 1993. Group identification, intergroup perceptions and collective action (*In* Stroebe, W. & Hewstone, M., eds. European review of social psychology. 4th ed. Baffins Lane : Wiley, p. 58-83.)

KITZINGER, C. & STAINTON-ROGERS, R. 1985. A Q-methodological study of lesbian identities. *European journal of social psychology,* 15:167-187.

KOCH, J. 1994. Group identification in political context. *Political psychology,* 15(4):687-698.

LAY, C.H. 1992a. Athens' failed bid for the Olympic Games: the role of ego-involvement and affect on the collective self-esteem of Greek-Canadians. *European Journal of Social Psychology,* 22:375-385.

LAY, C.H. 1992b. If personal self-esteem predicts personal enhancement, will collective self-esteem predict collective enhancement ? *Journal of social behavior and personality,* 7(1):189-200.

LAU, R.R. 1989. Individual and contextual influences on group identification. *Social psychology quarterly,* 52(3):220-231.

LAZARUS, R.S. & FOLKMAN, S. 1984. Stress, appraisal and coping. New York : Springer.

LEACH, G. 1989. The Afrikaners: their last Great Trek. Johannesburg : Southern.

LEE, Y.T. & OTTATI, V. 1995. Perceived in-group homogeneity as a function of group membership salience and stereotype threat. *Personality and social psychology bulletin,* 21(6):610-619.

LEGUM, C. & LEGUM, M. 1964. South Africa: crisis for the West. London : Pall Mall.

LE MAY, G.H.L. 1995. The Afrikaners: an historical interpretation. Cambridge : Blackwell.

LEUVENNINK, J. 1996. Nuwe hoop vir vertroue in SA. *Finansies en tegniek* :19, Okt. 4.

LIAN, K.F. 1982. Identity in minority group relations. *Ethnic and racial studies,* 5(1):42-52.

LIEBKIND, K. 1983. Identity in multiple group allegiance. (*In* Jacobson-Widding, A. *ed.* Identity: personal and socio-cultural. Stockholm : Almoqvist & Wiksell. p. 187-204.)

LIEBKIND, K. 1992. Ethnic identity: challenging the boundaries of social psychology. (*In* Breakwell, G.M., *ed.* Social psychology of identity and the self concept. London : Surrey University Press. p. 147-186.)

LOUW, J. & FOSTER, D. 1991. Historical perspective: psychology and group relations in South Africa. (*In* Foster, D. & Louw-Potgieter, J., eds. Social psychology in South Africa. Johannesburg : Lexicon. p. 57-92.)

LOUW, P.E. 1994. Shifting patterns of political discourse in the new South Africa. *Communicatio,* 20(1):26-43.

LOUW-POTGIETER, J. 1988. Afrikaner dissidents: a social psychological study of identity and dissent. Clevedon : Multilingual Matters Ltd.

LOUW-POTGIETER, J. & GILES, H. 1987. Afrikaner identity: Diversity among the right. *Journal of multilingual and multicultural development,* 8(3):283-292.

LUHTANEN, R. & CROCKER, J. 1991. Self-esteem and intergroup comparisons: toward a theory of collective self-esteem. (*In* Suls, J. & Wills, T.A. *eds. Social comparison: contemporary theory and research.* Hillsdale, NJ : Lawrence Erlbaum. p. 211-234.)

LUHTANEN, R. & CROCKER, J. 1992. A collective self-esteem scale : Self-Evaluation of one's social identity. *Personality and social psychology bulletin,* 18(3):302-318.

LYMAN, S.M. & DOUGLAS, W.A. 1973. Ethnicity: strategies of collective and individual impression management. *Social research,* 40(2):344-365.

MACRONE, I.D. 1947. Reaction to domination in a coloured-caste society: a preliminary study of the race attitudes of a dominated group. *The journal of social psychology,* 26:69-98.

MALAN, J., BOTHA, K. & DU PREEZ, J-P. 1994. Mediating variables in the appraisal of socio-political stressors. (Paper delivered at the 23rd International congress of applied psychology) Madrid, Spain.

MANZO, K. & MCGOWAN, P. 1992. Afrikaner fears and the politics of despair: understanding change in South Africa. *International studies quarterly,* 36:1-24.

MANZO, K., MCGOWAN, P. & VAN WYK, K. 1990. Noodsaaklike vereistes vir 'n onderhandelde skikking in Suid-Afrika: vrese en verwagtinge van die Afrikanerelite. *Politikon,* 17(2):23-41.

MARCIA, J. E. 1966. Development and validation of ego identity status. *Journal of personality and social psychology*, 3(5):551-558.

MARTINEZ, R. & DUKES, R.L. 1991. Ethnic and gender differences in self-esteem. *Youth and society,* 22(3):318-338.

MATTES, R. 1994. Survey unpacks April '94. *Democracy in action,* 8(7):12-14.

MILBURN, T.W. & WATMAN, K.H. 1981. On the nature of threat: a social psychological analysis. New York : Preager.

MILLER, R. 1987. Methodology: a focus for change. *(In* Mauer, K.F. & Retief, A.I., *eds*. Psychology in context: cross cultural research trends in South Africa. Pretoria: HSRC. p. 183-204.)

MILLWARD, L.J. 1995. Contextualising social identity in consideration of what it means to be a nurse. *European journal of social psychology,* 25:303-324.

MORSBACH, H. & MORSBACH, G. 1967. Attitudes of South Africans towards various national and racial groups. *International journal of psychology,* 2(4):289-297.

MORSBACH, G. 1973. Auto- and heterostereotypes in two South African groups. *Journal of behavioural science,* 1(5):319-325.

MOSCOVICI, S. & PAICHELER, G. 1978. Social comparison and social recognition: two complementary processes of identification. *(In* Tajfel, H., *ed*. Differentiation between social groups. London : Academic Press. p. 251-268.)

MOSTERT, C.W. 1996. Afrikanerbond waardesisteem en veranderingsdiagnose verslag. Johannesburg, Oktober.

MUNRO, W.A. 1995. Revisiting tradition, reconstructing identity? Afrikaner Nationalism and Political Transition in South Africa. *Politikon,* 22(2):5-33, Dec.

MURRAY, M.J. 1994. The revolution deferred: the painful birth of post-Apartheid South Africa. London : Verso.

MYNHARDT, J.C. 1980. Prejudice among Afrikaans- and English speaking South African students. *The journal of social psychology,* 110:9-17.

NAUDÉ, B. 1995. Was die Afrikaners bloot blindelingse navolgers?: ter slagting gelei. *Insig*:8-15, Feb.

NICHOLSON, R.B. 1994. Ethnic nationalism and religious exclusivism. *Politikon,* 21(2):49-63.

NIEUWOUDT, J.M. & PLUG, C. 1983. South African ethnic attitudes: 1973 to 1978. *The journal of social psychology,* 121:163-171.

OHLSON, T. & STEDMAN, S.J. 1994. The new is not yet born: conflict resolution in Southern Africa. Washington, D.C. : The Brookings Institution.

ORPEN, C. 1972. A cross-cultural investigation of the relationship between conservatism and personality. *The journal of psychology,* 81:297-300.

PETERSON, B.E., DOTY, R.M. & WINTER D.G. 1993. Authoritarianism and attitudes toward contemporary social issues. *Personality and social psychology bulletin,* 19, 2:174-184.

PHINNEY, J. S. 1989. Stages of ethnic identity development in minority group adolescents. *Journal of early adolescence*, 9,1-2:34-49.

PHINNEY, J.S. 1990. Ethnic identity in adolescents and adults: rewiew of research. *Psychological bulletin,* 108, 3:499-514.

PHINNEY, J.S. 1992. The multigroup ethnic identity measure: a new scale for use with diverse groups. *Journal of adolescent research,* 7, 2:156-176.

PHINNEY, J.S. , CHAVIRA, V.C. & TATE, J.D. 1993. The effect of ethnic threat on self-concept and own-group ratings. *The journal of social psychology,* 133(4):469-478.

PLUG, C., MEYER, W.F., LOUW, D.A. & GOUWS, L.A. 1993. Psigologie woordeboek. 2de uitg. Johannesburg : Lexicon.

PORTER, J.R. & WASHINGTON, R.E. 1993. Minority identity and self-esteem. *Annual review of sociology,* 139:139-61.

POSEL, D. 1991. The making of Apartheid 1948-1961: conflict and compromise. Oxford : Clarendon.

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1985. Die Suid-Afrikaanse samelewing: Werklikhede en toekomsmoontlikhede (RGN-ondersoek na tussengroepverhoudinge). Pretoria.

RAY, J.J. 1980. Racism and authoritarianism among white South Africans. *Journal of social psychology,* 110:29-37.

RESEARCH SURVEYS. 1998. *Research into issues in South Africa.* Rou data aan outeur beskikbaar gestel.

REX, J., *ed*. 1981. Apartheid and social research. Paris : Unesco.

WELSH, D. 1981. Social Research in a divided society: the case of South Africa. (*In* Rex, J., *ed*. Apartheid and social research. Paris : Unesco. p. 27-44.)

RGN
*kyk*

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

RHOODIE, N.J. 1985. Moderne etniese problematiek. Pretoria : RGN. (Geleentheidpublikasie nr. 24.)

RHOODIE, N.J. & COUPER, M.P. 1986. 'n Vergelykende ontleding van drie Afrikaner-dominante gemeenskappe se persepsies van wit-swart-verhoudinge in Suid Afrika. Pretoria: RGN. (Geleentheidpublikasie nr. 33.)

ROBBINS, E.M. 1992. Social identity versus personal identity: an investigation into the interaction of group and personal status with collective and personal self-esteem on ingroup favouritism. Cape Town : UCT. (Thesis - M.A.)

